

**DIE MUSIEK VAN DIE GRIEKWAS**

deur

Annette Marié Cloete

Vol. I



Proefskrif ingelewer vir die graad  
Doktor in die Wysbegeerte  
aan die  
Universiteit van Stellenbosch

Promotor : dr. P.E.O.F. Loeb van Zuilenburg  
Stellenbosch

OKTOBER 1986

## INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
VOORWOORD .....	(ix)
ERKENNINGS .....	(x)
HOOFSTUK 1	
1.0 INLEIDING EN AGTERGROND .....	1
1.1 'n Musieketnologiese ondersoek van die musiek van die Griekwas .....	1
1.2 Beskrywing van voorgestelde navorsing .....	3
1.2.1 Omlyning van die probleem: Doelstelling .....	3
1.2.2 Die hipotese .....	5
1.2.3 Afbakening van die studiegebied .....	6
1.3 Metode van die ondersoek .....	8
1.3.1 Inleiding .....	8
1.3.2 Veldwerkprobleme .....	11
1.3.3 Die veldondersoek self .....	13
1.4 Griekwa-identiteit .....	25
1.4.1 Afkoms .....	26
1.4.2 Grondgebied .....	28
1.4.3 Bestuursopvattings en -instellings .....	28
1.4.4 Die taal van die Griekwas .....	29
1.4.5 Die godsdiens van die Griekwas .....	31
1.4.6 Eiesoortige feesdae .....	35
1.4.7 Die Griekwas se sang, veral hulle voorliefde vir koor- sang .....	37
1.4.8 Geskiedenis en geskiedbeskouing .....	38
1.4.9 Die Griekwas het eie groepsimbole of volkseembleme ..	40
(i) Die volkslied .....	40
(ii) Die groepsembleem .....	40
(iii) Die vlag .....	40
(iv) Tradisionele kleredrag .....	41
HOOFSTUK 2	
2.0 DIE HERKOMS, GESKIEDENIS EN STAATKUNDIGE ONT- WIKKELING VAN DIE GRIEKWAS .....	43
2.1 Inleiding .....	43
2.1.1 Bevolkingstal .....	43
2.2 Die vroeë herkoms van die Griekwas .....	44
2.2.1 Die vroegste sendingbearbeiding onder die Hottentotte	45

	<b>Bladsy</b>
2.2.2 Adam Kok I, die eerste Griekwaleier . . . . .	46
2.2.3 Die ontdekking van Klaarwater en Cornelius Kok I se oorname as Kaptein . . . . .	47
2.2.4 Die eerste sendelinge en die Griekwas . . . . .	47
2.2.5 Die Baster-Hottentotte aanvaar die benaming “Griekwa”	48
2.2.6 Cornelius Kok I oorhandig die kapteinskap aan sy seun Adam Kok II . . . . .	48
2.2.7 Die instelling van die kies van hoofde van die Griekwas	48
2.2.8 Die koms van Andries Waterboer . . . . .	49
2.2.9 Die eerste Griekwaskole . . . . .	49
2.3 Die verbreking van Griekwa-eenheid en die skeiding van die weë . . . . .	50
2.3.1 Die sendelinge op Philippolis en die vestiging van die Griekwas aldaar . . . . .	50
2.3.2 Die grondlegging van ’n Griekwastaat . . . . .	51
2.3.3 Die Griekwas se verhouding met die Boesmans en ander volkstamme . . . . .	52
2.3.4 Die koms van die Blanke Trekboere . . . . .	53
2.3.5 Adam Kok III word leier van die Griekwas in Philippolis . . . . .	54
2.3.6 Toenemende besitname van grond in Transgariëp deur die Boere . . . . .	54
2.3.7 Die Napierverdrag . . . . .	55
2.3.8 Die Maitlandverdrag en die verdeling van Griekwa- gebied in vervreembare en onvervreembare gedeeltes	56
2.3.9 Die Smithverdrag en die verlies van die vervreembare grond deur die Griekwas . . . . .	58
2.3.10 Die Oranjerivier-Soewereiniteit en groter materiële voorspoed vir die Griekwas . . . . .	59
2.3.11 Die Bloemfonteinkonvensie . . . . .	59
2.3.12 Die Griekwas begin hulle grond verkoop en oorweeg om te trek . . . . .	60
2.4 Die Griekwa-afvaardiging na Niemandslan en die Groot Trek . . . . .	61
2.4.1 Probleme op die trek . . . . .	62
2.4.2 Die vestiging van die Griekwavolk in Niemandslan . . .	64
2.4.3 Die Griekwas word weer grondeienaars . . . . .	65
2.4.4 Die Griekwagemeenskap toon weer tekens van herstel en Kokstad neem vorm aan . . . . .	67
2.4.5 Die anneksasie van Griekwalan-Oos . . . . .	68

	<b>Bladsy</b>
2.4.6 Die dood van Adam Kok III .....	69
2.4.7 Die Griekwarebellie .....	70
2.4.8 Die verval van die Griekwagemeenskap .....	70
2.5 “Die dood van ’n nasie” .....	71
2.5.1 Oorsprong en geboorte van A.A.S. le Fleur I .....	71
2.5.2 Die “Veertig Jaars Verdraggeld” .....	72
2.5.3 Die omstandighede wat tot die inhegtenisname van A.A.S. le Fleur I gelei het .....	74
2.5.4 A.A.S. le Fleur I word vrygelaat uit die gevangenis .....	75
2.5.5 Organisering van die Kaapse Kleurling tot “eenheid, volklikheid en nasielike eer” .....	75
2.5.6 Die Griekwatrek van 1917 .....	76
2.5.7 Die Griekwatreksaak .....	77
2.5.8 Die stigting van die Griekwa Nasionale Kerk en die Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika: die Griekwas kry ’n eie koerant .....	78
2.5.9 Die Leliesfonteintrek van 1922 .....	79
2.5.10 Die trek na Robberg by Plettenbergbaai, tussen 1926 en 1928 .....	80
2.6 Elemente wat die kultuurvorming van die Griekwas beïnvloed het .....	82
2.6.1 Die invloed van die Boerevolksdom .....	82
2.6.2 Die invloed van die kultuurkring van die Nie-Blanke element in die samestelling van die Griekwa .....	83
2.6.3 Die invloed van die latere “beskaafde” Blanke kultuur	86
2.6.4 Die invloed van die sendelinge .....	86
2.7 Samevatting .....	89
2.7.1 Griekwageskiedenis .....	89
2.7.2 Griekwakultuurvorming .....	90
<b>HOOFSTUK 3</b>	
3.0 DIE GEWYDE MUSIEK VAN DIE GRIEKWAS .....	92
3.1 Inleiding .....	92
3.1.1 Die kore van die Griekwas .....	94
3.1.2 Die karakter van die Griekwas se sang .....	97
3.1.3 Die gesangboeke van die Griekwas .....	100
3.2 Die gewyde musiek van die Griekwas van Griekwa- land-Wes .....	105

**Bladsy**

3.3	Die gewyde musiek van die Griekwas van Philippolis en Kokstad . . . . .	109
3.4	Die gewyde musiek van die Griekwas van Krantzhoek	113
3.4.1	Die Griekwas se Nasionale Volkslied. . . . .	116
3.4.2	Die tipiese Griekwaliedere van die Le Fleur-Griekwas	119
	(i) “Die Griekwavolk opwaarts beur” . . . . .	122
	(ii) “God het belowe” . . . . .	124
	(iii) “Waar is tog my rus?” . . . . .	126
	(iv) “Deur die lyding van die Hoof” . . . . .	128
	(v) “Ons dank u, Hoof” . . . . .	132
	(vi) “Loof die Vader, Hy is goed” . . . . .	133
3.4.3	Die liedfamilies van Krantzhoek . . . . .	136
	(i) “Juig Aarde, Juig” . . . . .	136
	(ii) “Daar is maar één uit aller tal” . . . . .	140
	(iii) Ander liedfamilies . . . . .	141
3.4.4	Die spesiale of “heilige” liedere . . . . .	142
	(i) Die Opwekkings lied . . . . .	142
	(ii) Die Danklied . . . . .	143
	(iii) Die Geloofslied . . . . .	143
	(iv) Die Verlossingslied . . . . .	144
	(v) Die Offeringslied . . . . .	144
3.4.5	Die koortjies . . . . .	147
3.4.6	Liedere waarvan die oorsprong opgespoor kon word . .	148
3.4.7	Enkele “losstaande” liedere . . . . .	163
3.4.8	Langer, gewyde koorwerke . . . . .	164
3.5	Samevatting . . . . .	165
<b>HOOFSTUK 4</b>		
4.0	<b>DIE SEKULÊRE MUSIEK VAN DIE GRIEKWAS . . . . .</b>	<b>167</b>
4.1	Inleiding . . . . .	167
4.2	Die sekulêre musiek van die Griekwas van Griekwaland-Wes . . . . .	168
4.2.1	Die stap- en sakedans . . . . .	173
4.2.2	Die liedere van Klaas van der Westhuizen . . . . .	177
4.2.3	Die liedere van Piet Louw . . . . .	181
4.2.4	Die liedere van Peter Marais . . . . .	187
4.2.5	Patriotiese liedere . . . . .	189

## Bladsy

4.2.6	Enkele “losstaande” liedere . . . . .	189
4.3	Die sekulêre musiek van die Griekwas van Philippolis en Kokstad . . . . .	191
4.3.1	Philippolis . . . . .	191
4.3.2	Sangspeletjies . . . . .	194
4.3.3	Liedere oorgeneem uit aangrensende kulture . . . . .	195
4.3.4	Enkele “losstaande” liedere . . . . .	197
4.4	Die sekulêre musiek van die Griekwas van Krantzhoeck . . . . .	199
4.4.1	Engelse liefdesliedjies . . . . .	199
4.4.2	Afrikaanse liefdesliedjies . . . . .	204
4.4.3	Erotiese liedere met suggestiewe taalgebruik . . . . .	206
4.4.4	“Mamma”-liedjies . . . . .	209
4.4.5	Sportliedjies . . . . .	211
4.4.6	Patriotiese liedere . . . . .	213
4.4.7	Kinder- of wiegelielidjies . . . . .	214
4.4.8	Enkele “losstaande” liedere . . . . .	214
4.5	Samevatting . . . . .	215
<b>HOOFSTUK 5</b>		
5.0	<b>MUSIEKETNOLOGIESE WAARDERING VAN DIE GRIEKWALIED</b> . . . . .	217
5.1	Definisies van die volkslied en verwante terme . . . . .	217
5.2	Die volkslied as literêre soort . . . . .	222
5.3	Die volkslied as musikale soort . . . . .	223
5.4	Karakteristieke eienskappe van die volkslied, met spesiale verwysing na die volksliedere van die Griekwas . . . . .	226
5.4.1	Volksliedere word op gehoor aangeleer en mondeling deurgegeef van geslag tot geslag . . . . .	227
5.4.2	Gewyde liedere kan as religieuse volksliedere beskou word en in besondere mate vir die Griekwa . . . . .	228
5.4.3	Volksliedere word in die volksmond dikwels tot iets nuuts omskep . . . . .	229
5.4.4	Volksliedere kan in die volksmond “versing” word totdat dit betekenisloos word . . . . .	230
5.4.5	Volksliedere openbaar soms ’n mistieke element . . . . .	232
5.4.6	Die volkslied is nie hoogdrawend nie, maar eenvoudig . . . . .	233
5.4.7	Die volkslied het soms ’n sosio-politieke funksie . . . . .	235
5.4.8	Volksliedere maak soms van onkonvensionele toonlere soos die pentatoniese toonleer en dié van die ou kerkmodus gebruik, maar is oorwegend in die majeur- of ioniese modus . . . . .	236

	<b>Bladys</b>	
5.4.9	Daar vind wisselwerking plaas tussen die volksliedere van kulture wat langs mekaar bestaan . . . . .	237
5.4.10	Daar vind min of geen modulasies in die volkslied plaas	239
5.4.11	Improviasie speel 'n rol by die ontstaan van die volkslied . . . . .	240
5.4.12	Die volkslied is in die geval van die Griekwas, nie altyd suiwer melodies, soos wat elders aanvaar word nie . . . .	241
5.4.13	Volksliedere binne een groep vertoon baie verskille, sowel wat vorm as inhoud betref . . . . .	242
5.4.14	Kunsmusiek en volksmusiek beïnvloed mekaar . . . . .	243
5.4.15	Soms kom daar suggestiewe of growwe taalgebruik in die volkslied voor . . . . .	244
5.4.16	Die vertolking van die volkslied is dikwels volkome vry en nie maatstreefgebonde nie . . . . .	244
5.4.17	Daar kom betekenislose woorde in die volkslied voor	245
5.4.18	Die volkslied het 'n beperkte omvang . . . . .	245
	(i) Krantzhoek . . . . .	246
	(ii) Griekwaland-Wes . . . . .	246
	(iii) Griekwaland-Oos . . . . .	246
5.5	Samevatting . . . . .	247
<b>HOOFSTUK 6</b>		
6.0	GEVOLGTREKKINGS EN NAVORSINGSAAANBEVELINGS . .	250
	BIBLIOGRAFIE . . . . .	255
	NAAM- EN SAAKREGISTER . . . . .	264
<b>BYLAES</b>		
	Bylae 1 – Volume 2, Alfabetiese lys van notevoorbeelde	
	Bylae 2 – Volume 2, plate 1 en 2	

**FIGURE**

	<b>Bladsy</b>
1. Griekwa konsentrasies in Suid-Afrika .....	7
2. Die studiegebied: Campbell, Douglas, Griekwastad, Kimberley, Kokstad, Krantzhoek en Vredendal .....	9
3. Griekwalaer en -fort, 1869 .....	33
4. Griekwa Nasionale Independente Kerk, Kokstad .....	34
5. Grenslyn tussen M.A. Oberholster en Adam Kok (1840) en Maitlandverdrag (1945) .....	57
6. Roete van Griekwatrek vanaf Philippolis na Kokstad .....	63
7. Boesman en gôra .....	85
8. Endpunte van Hottentotgôra met stemknop .....	85
9. Boesmanviole uit: 1 blik, 2 vel, 3 karton en hout .....	87
10. Kontoere van Griekwa Nasionale Volkslied en "God save the Queen" .....	117
11. Nama-Hottentot rietfluite met stemstok .....	172
12. Omvang van liedere in die drie Griekwagebiede .....	247



**MUSIEKVOORBEELDE****Bladsy**

1.	“The Guiding Star” .....	114
2.	“My Rita” .....	115
3.	“Jesus naam, wat lieflik woord” .....	131
4.	“Come, Ye Happy Children” .....	145
5.	“Come Believing” .....	149
6.	“Like as a Father” .....	151
7.	“I Have Set Watchmen” .....	152
8.	“Come, Ye Children” .....	154
9.	“Lead me to the Rock” .....	156
10.	“Hear my Cry, O Lord” .....	159
11.	“Hear my Cry, O God” .....	162
12.	“Solank as die rietjie” .....	178
13.	“ ’n Ding is ’n lekker ding” .....	183
14.	“Ek wil huistoe gaan” .....	184
15.	Uit: “She’ll be coming round the mountain” .....	185
16.	Uit: “Daar oorkant die spruit” .....	192
17.	Uit: “Eina my ma” .....	193
18.	Uit: “Mamma ‘k wil ’n man hê” .....	196
19.	Uit: “Wat maak oom Kalie daar” .....	196
20.	Uit: “Kom ek met die slee” .....	196
21.	“Die rooidag die breek” .....	200
22.	“Ek verlang na my meisie” .....	205
23.	“Hier sit ek onder die hoogte” .....	210
24.	Uit: “My trane die rol oor jou, Bokkie” .....	212
25.	Uit: “We are marching to Pretoria” .....	212
26.	Uit: “Daar kom die Alibama” .....	212
27.	Gesang op Clementine-melodie .....	213

## VOORWOORD

Die werk in hierdie proefskrif is in die Departement Musiek, Universiteit van Stellenbosch, vanaf Julie 1984 tot Augustus 1986, onder leiding van dr P.E.O.F. Loeb van Zuilenburg uitgevoer.

Die studie is die oorspronklike werk van die outeur en is nie in hierdie of 'n ander vorm by enige ander Universiteit ingedien nie.

Ten einde die bespreking van liedere in volume I te kan volg, moet die getranskribeerde notevoorbeelde van die musiek in volume II gelyktydig gevolg word.

Verwysings na ander studies en ondersoeke word in die proefskrif erken.

## ERKENNINGS

Hierdie werkstuk is die resultaat van vyf jaar se navorsing oor en veldwerk onder die Griekwas. Indien hierdie proefskrif nuwe lig werp op die musikale en kulturele bedrywighede van die Griekwas en dit 'n bydrae lewer tot die onderlinge begrip en waardering tussen die verskillende bevolkingsgroepe van ons land, is hierdie poging en die tyd daaraan bestee, die moeite werd.

Die verwysingstelsel wat in hierdie studie gebruik word, is die Harvardmetode.

My hartlike dank gaan aan die volgende persone en instansies:

- dr P.E.O.F. Loeb van Zuilenburg as studieleier vir sy akademiese voorligting, wetenskaplike leiding en persoonlike belangstelling; sy aandrang op konsekwensie, helderheid en eenvoud in ontwikkelingsgang en segswyse was 'n dissipline op sigself;
- die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, vir geldelike bystand ten opsigte van die koste van hierdie navorsing;
- dr R.K. Belcher, vir sy visie om die navorser te wys op die behoefte, betekenisvolheid en praktiese waarde van 'n studie van hierdie aard en vir waardevolle wenke;
- die Volkspresident van die Krantzhoek- en verwante Griekwas, mnr Eric M.S. le Fleur, wat sy mense tot samewerking in hierdie navorsing aangespoor het en ander Griekwas van Krantzhoek:
  - mevrou D.E. Jones, die huidige Volksmoeder, vir agtergrondmateriaal en geskiedkundige feite,
  - meneer en mevrou E. Keet, wat saam met die Griekwa Nasionale Koor bykans al die "Juig Aarde"-wysies van die Krantzhoekgebied verskaf het, asook talle andere liedere,
  - eerwaarde Gert Gahl (sedertdien oorlede) en meneer John van Wyk, wat baie van die organisasiewerk vir die onderhoude en sangopnames behartig het;

- Opperhoof D.J. Kanyiles van Ritchie, vir sy opregte belangstelling en samewerking in sy gebied, en vir die vriendelike uitnodiging om 'n Griekwasaamtrek by te woon;
- meneer T. Paulsen, wat deure oopgemaak het in die Kokstadgebied wat andersins moontlik geslote sou gebly het en ander Griekwas van Kokstad:
  - mevrou E. de Bruin, wat verantwoordelik was vir 'n groot gedeelte van die sangopnames,
  - meneer en mevrou Lionel Fortuin, vir gasvryheid betoon aan huis en vir vervoer na “Bultfontein”,
  - meneer en mevrou Andrew Marais van “Bultfontein” vir die byeenbring van volksgenote vir sangopnames en gasvryheid betoon;
- meneer Hendrik en mevrou Gio van Eck van “Wildspan” by Campbell, vir daadwerklike bystand in die vorm van 'n bandopname met Griekwamusiek wat persoonlik gemaak en aan die navorser gestuur is, vir insiggewende agtergrondmateriaal aangaande die kultuur van die Griekwas van daardie omgewing en vir 'n besondere mate van gasvryheid betoon;
- professor S.J. Pretorius, vir boeiende vertellings aangaande sy kontak met die Griekwas tydens sy kinderjare op Postmasburg en vir die sing van liedere wat hy by hulle geleer het;
- professor Christo van Rensburg, vir die beskikbaarstelling van vyf bande met materiaal wat met vrug in hierdie studie gebruik is;
- meneer E. du Pisani van die Nasionale Museum in Bloemfontein, vir die reël van onderhoude met sleutelpersone wat tot hulp was in hierdie studie;
- Fiona Barbour, wat aanbeveel het dat 'n eksemplaar van die Presidentraadsverslag van 1983 bekom word, wat handel oor die behoeftes en eise van die Griekwas en wat een van die nuttigste werke was wat vir hierdie studie geraadpleeg is;
- meneer Peter Marais, vir die beskikbaarstelling van sy komposisie “Turn back the tide”;
- professor S. Paxinos, vir die aanbeveel van nuttige leesstof aangaande die musieketnologie, en ander wenke;

- mejuffrou J. Grobbelaar, vir die beskikbaarstelling van haar referaat oor 'n sosio-demografiese ondersoek in die Kokstadgebied;
- meneer en mevrou Louis Hager van “Thornhill” naby Griekwastad, vir die hartlike ontvangs van volslae vreemdelinge en vir stimulerende gedagtewisseling aangaande hierdie studie en die Griekwas in die algemeen;
- meneer Andrew Tracey, musieketnoloog van Grahamstad, vir 'n insiggewende lesing oor Hottentot- en Boesmaninstrumente;
- eerwaarde D. Peters van Eersterust, vir die leen van andersins onbekombare gesangeboeke;
- mevrou Kate Cloete van Vredendal, wat interessante gegewens aangaande die Griekwa-gemeenskap aldaar verstrek het;
- meneer J.F. Scheepers (stadsklerk) en meneer J. van de Graaf (kurator van die Transgariemuseum) vir die uitwys van historiese geboue wat met die Griekwas verband hou en vir die byeenbring van 'n aantal Griekwas by Bergmanshoogte, Philippolis;
- vir taalkundige hulp in verband met liedere wat in vreemde tale gesing is:
  - meneer W. Haacke, verbonde aan die Akademie van Windhoek, vir die neerskryf en vertaling van Namawoorde: hy wys op die swak omstandighede waaronder sommige van die opnames gemaak is en wat die taak aansienlik bemoeilik het aangesien onduidelike uitspraak soms meer as een moontlikheid tot gevolg het;
  - mevrou Nancy Mashishi van Mamelodi, vir die neerskryf en verduideliking van liedere wat in Tswana gesing is;
  - mevrou Moeketsi van die Universiteit van Suid-Afrika, vir die neerskryf en verduideliking van die woorde van “Basoetoliedjie”;
  - mevrou Elke Gärtner van die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, wat behulpsaam was met die korrekte vertaling van enkele gedagtes uit die Duits in Afrikaans;

- die platemaatskappy E.M.I.-Musiek S.A. (Edms) Bpk, vir tegniese hulp en die maak van die plate in die stofomslag van volume II;
- my man, Louis, vir die onbaatsugtige wyse waarop hy my daadwerklik bygestaan het dwarsdeur die jare waarin hierdie studie gedoen is; dikwels is sy eie belange op die agtergrond geskuif deurdat hy sy kantoor in die hande van assistente gelaat het om my kruis en dwars oor die land heen tydens veldwerk te vergesel; by bykans alle veldwerk was hy 'n stille luisteraar en waar nodig, ook helper.

Sonder die wyse waarop my man en gesin my geestelik gedra en ondersteun het tydens hierdie studie, sou dié werk slegs 'n droom gebly het.

## HOOFSTUK 1

### 1.0 INLEIDING EN AGTERGROND

#### 1.1 'n Musiek-etnologiese ondersoek na die musiek van die Griekwas

Om die musiek van die Griekwas sinvol te kan ondersoek, behoort dit vanuit 'n musiek-etnologiese standpunt beskou te word. Apel (1976 : 298) definieer:

*Ethnomusicology is an approach to the study of any music, not only in terms of itself, but also in relation to its cultural context.*

1.1.1 Apel sê ook dat die term tans twee breë toepassings het, naamlik:

- (i) die studie van alle musiek wat buite die Europese kunstradisie bestaan, insluitende oorblyfsels van vroeëre vorms van daardie tradisie in Europa en elders;
- (ii) die studie van alle musiekvariëteite wat in 'n enkele area of streek aangetref word, dit wil sê alle musiek wat deur die mense van 'n gegewe streek gebruik word.

1.1.2 Vir die musiek-etnoloog Bruno Nettl (1964 : 7) het die term egter drie breë toepassings, naamlik:

- (i) die studie van die musiek van die ongeletterde volkere wat 'n eenvoudige leefwyse het en nie kan lees of skryf nie;
- (ii) die studie van die komplekse style van die Oosterse kulture, Arabië en die hoë kulture van Noord-Afrika. Hulle besit 'n ontwikkelde musiekstyl met musiekteorie en -notasie asook professionele musici en wat vergelykbaar is met die kunsmusiek van die Westerse beskawing;
- (iii) die studie van volksmusiek, wat musiek is wat in mondelinge oorlewering gevind kan word in streke wat deur hoë kulture oorheers word. Dit sal dus in Westerse en Oosterse beskawings albei aangetref word en word van die musiek van ongeletterde gemeenskappe onderskei deurdat dit naby ontwikkelde musiek, waardeur dit beïnvloed word en waarmee dit materiaal uitruil, bestaan. Hoewel dit verwant is aan Westerse kunsmusiek verskil dit ook sodanig daarvan dat dit onder musiek-etnologie geklassifiseer kan word.

Die musieketnoloog Jaap Kunst (1955 : 1) is van mening dat dit die doel van musiek-etnologie is om die tradisionele musiek en -instrumente van alle kulturele strata van die mensdom te ondersoek vanaf die sogenaamde primitiewe nasies tot die beskaafde nasies. Vanselfsprekend sou dit dan die Griekwolk ook behels.

Waar musiek 'n groot rol speel in die filosofie en seremoniële lewe van 'n volk, is dit wenslik om die musikale gedrag van die volk te bestudeer ten einde iets omtrent sy besondere kultuur te wete te kom. Kunst (1955 : 1) is van mening dat die mate waarin die musiek van 'n volk karakteriseer word deur sy interpretatiewe styl, slegs begryp kan word as persoonlik daarna geluister word.

Die musikale gedrag van 'n volk sê baie omtrent sy kultuur, want 'n volk se musiekstyl gaan hand aan hand met sy tradisies en kultuur.

Dit is nodig om eers die kulturele agtergrond en musiekkonteks van 'n volk te bestudeer om die musiekstyl van die volk te kan begryp want daar is 'n nou verwantskap tussen die soort kultuur van 'n volk en sy musiekstyl. In hierdie verband sê Nettl (1964 : 199):

*The idea that a people's musical style is determined by its level of development has had a tremendous impact on ethnomusicological research and writing.*

Die vooraanstaande Amerikaanse musieketnoloog Mantle Hood (1971 : 300) het gesê dat die musikale konsensus van 'n volk in konstante interaksie is met die kulturele konsensus en die sosiale konsensus, waaronder verstaan word dat die musikale konsensus die interaksie is van musiekvoordraers met al die faktore wat betrokke is by die musiekmaakproses. Die kulturele konsensus is weer die somtotaal van enige groep wat betrokke is by die prosesse wat buite-musikale kulturele gebeurtenisse versinnebeeld, byvoorbeeld dansers en storievertellers. Verder bestaan die sosiale konsensus uit groepe met spesiale belange soos die ekonomiese segment van die gemeenskap, die georganiseerde kerk, die militêre, die plaaslike en nasionale regering, hoë politieke amptenare en die hierargie van sosiale status. Die drie konsensusse is onderworpe aan 'n verskeidenheid van interne en eksterne kragte.

Selfs in die eenvoudigste kultuur vorm musiek 'n essensiële deel van die lewe van die mens. Daarom is dit nie slegs belangrik om die struktuur van 'n volk se musiek te bestudeer nie, maar ook om vas te stel watter plek die musiek in die kultuur en lewe van 'n volk inneem, met ander woorde die kulturele konteks daarvan moet begryp word.



Hoewel die lede van 'n volk in staat is om enige musiekstyl aan te leer by blootstelling daaraan, besit elke volk tog 'n eie, natuurlike musiekstyl waarvan hy hou. Mense wat naby of langs mekaar woon, beïnvloed egter ook mekaar en waar 'n volk rondbeweeg is daar groter kontak met ander bevolkingsgroepe sodat die moontlikheid van musikale verandering of beïnvloeding vergroot. Dit is dus moontlik dat 'n nomadiese volk vinniger sodanige veranderinge kan ondergaan as een wat staties in dieselfde streek bly woon. So 'n nomadiese volk mag ook uiteindelik 'n wyer verskeidenheid van musiekstyle openbaar. In hierdie verband het Nettl (1964 : 232) gesê:

*Among the many things which cause musical styles to change is the contact among peoples and cultures and the movement of populations which is one cause of such contact.*

Genoemde feite het as stimulus gedien om 'n studie van die musiek van die Griekwas vanuit hulle herkoms en lang trekgeskiedenis waartydens hulle met 'n verskeidenheid musiek-kulture in aanraking gekom het, te benader.

## 1.2 Beskrywing van voorgestelde navorsing

### 1.2.1 Omlyning van die probleem: Doelstelling

Die hoofdoel van hierdie ondersoek is om soveel musiekopnames moontlik van die Griekwa-volk te bekom, dit te analiseer en gevolgtrekkings daaruit te maak ten einde insig te verkry in die volk se kultuur- en musiekontwikkeling. Die Presidentsraadsverslag (1983 : 71) het bevind:

*'n Vlugtige opname van die Griekwas se stoflike kultuurbesit toon dat dit van so 'n aard en omvang is dat, nie net in die Griekwas se belang nie maar ook in algemene belang, daadwerklike pogings aangewend behoort te word om die bewaring en algemene bekendstelling daarvan stelselmatig aan te pak.*

Hier word wel na Griekwageboue, -terreine en -strukture verwys, maar die saak kan deurgetrek word na hulle geestelike kultuurprodukte soos byvoorbeeld hulle musiek en die ont-sluiting en algemene bekendstelling daarvan.

Hiervoor is uitgebreide veldwerk nodig en dit behels die versameling van musiek deur middel van bandopnames en eerstehandse ondervinding van die Griekwas se "menslike" kultuur. Die doel van die veldwerk is dus om 'n verteenwoordigende musiekmonster uit die musiekkultuur te verkry. Aangesien dit uiteraard onmoontlik is om al die musiek van

'n volk te versamel, moet daar staatgemaak word op steekproewe wat met tussenposes in die studiegebied gemaak word. Die musiek word later getranskribeer en geanaliseer en sekere gevolgtrekkings kan daaruit gemaak word. Op dié manier sal bepaal kan word watter rol musiek en -instrumente in die kultuur van die Griekwas speel, en gespeel het.

Aanvanklik was die doel om tydens veldwerk op ouer materiaal te konsentreer omdat uitgegaan word van die standpunt dat hierdie kultuurerfenis saam met die ouer geslag mense aan die uitsterf is en, indien moontlik, bewaar moes word. Hood (1971 : 21) het gewaarsku:

*But the fact remains that our technological age is destroying many of the traditional arts of the world at a much faster rate than the technological means of recording them for posterity can manage.*

Relatief min materiaal is egter so verkry omdat baie daarvan reeds saam met die vorige geslagte uitgestorf het. Gevolglik sou wat oorbly nie 'n juiste beeld gee van die musiek van die Griekwas as geheel nie. Die hele musikale fenomeen in die studiegebied is dus sover moontlik waargeneem om te probeer vasstel in watter mate die kulturele krag in die gemeenskap verander of konstant bly.

'n Verdere doelstelling is om 'n vergelyking te tref tussen die musiekaktiwiteite in die drie hoof-Griekwagebiede ten einde vas te stel hoe hulle lang trekgeskiedenis hulle kultuur- en musiekerfenis beïnvloed het. Voor die twintigste eeu was die Griekwas 'n jagtersvolk met 'n nomadiese lewenswyse en het geweier om hulle op 'n bepaalde plek te vestig. Namate hulle lewensstyl ontwikkel het, het grondbesit egter belangriker geword

*in die Griekwamense se poging om hulleself as 'n groep binne die Suid-Afrikaanse konteks te vestig (Grobbelaar 1983 : 21).*

Die noordwaartstreckende Blanke trekboere het veroorsaak dat die Griekwas telkens hulle plase verloor het en moes trek na nuwe onbewoonde gebiede in hulle soeke na onafhanklikheid, vryheid en voortbestaan. Nogtans het daar altyd reste in die ou gebiede oorgebly. Hoewel hulle reeds vroeg in die geskiedenis deur die Blankes

*as 'n afsonderlike gemeenskap, in die sin van 'n etniese groep of belangegroep erken en aanvaar is (Presidentsraadsverslag 1983 : 20)*

is hulle nie meer 'n verenigde volk nie en is veral gekonsentreer in drie gebiede, naamlik Griekwaland-Wes, Griekwaland-Oos en Suid-Kaapland.

Uit hierdie gegewens kristalliseer daar die volgende sub-probleme vanuit die probleemstelling, naamlik:

- (i) om uit die musiek van die Griekwas insig te verkry in hulle kultuur en musiekontwikkeling;
- (ii) om uit te vind hoe die nomadiese gewoontes en rondtrekkery van die Griekwas hulle kultuur- en musiekerfenis geraak het;
- (iii) om die ou Griekwaliedere wat nog in die volksmond behoue gebly het, vas te lê op papier sodat dit nie heeltemal uitsterf nie; en
- (iv) om vas te stel of daar 'n inter-verwantskap tussen die musiek van die drie hoof-Griekwagroepe bestaan, wat moontlik ook kan meewerk om hulle as 'n eenheid saam te snoer.

### 1.2.2 Die hipotese

Die volgende veronderstellings het as uitgangspunt gedien vir hierdie ondersoek:

- (i) Die Griekwas vorm 'n afsonderlike kulturele eenheid (eenhede).
- (ii) As gevolg van afsondering behoort hulle 'n eie, oorspronklike musiekkultuur te hê en dus behoort 'n mens by hulle egte volksmusiek aan te tref.
- (iii) Dit word veronderstel dat hulle volksmusiek sowel gewyde as sekulêre musiek insluit.
- (iv) Dit word verder veronderstel dat die musiek van die Griekwas nog nie deur enige ander navorser opgeteken is nie. Dit is wel opgeneem deur byvoorbeeld die radio- en televisiediens.
- (v) Beïnvloeding van die Griekwas deur Blanke asook Swart musiekkulture behoort naspeurbaar en insiggewend te wees aangaande die wese van hulle volksmusiek.
- (vi) Daar word aanvaar dat die volksmusiek van die Griekwas, soos dié van ander volkere, besig is om uit te sterf.
- (vii) Daar word ook veronderstel dat die Griekwas sal belangstel om 'n versameling van hulle eie liedere in musieknotasie te besit.

### 1.2.3 Afbakening van die studiegebied

Die studiegebied is die trekroete waarlangs die Griekwas die afgelope eeue sedert Adam Kok I se tyd getrek het. Hy was die eerste Griekwakaptein. Soos hulle verder getrek het, het reste oral agtergebly en verdere versplintering het ook mettertyd plaasgevind. Gevolglik woon hulle verspreid oor die hele Republiek van Suid-Afrika. Die Griekwas vorm nie 'n geografiese eenheid deur dieselfde grondgebied te bewoon nie, maar

*wat grondgebied betref, maak die Griekwas aanspraak daarop dat sekere gedeeltes van Noord-Kaapland (naamlik Griekwaland-Wes), van die Suid-Vrystaat en die Wes-Vrystaat, asook die hele Griekwaland-Oos, tradisionele Griekwagebiede is. Sommige voeg hierby sekere grondgebiede in die Kaapprovinsie waar nou Griekwas gevestig is, veral in die distrikte van Outeniekwa en Vredendal (Presidentsraadsverslag 1983 : 58).*


Hierdie gebiede lê inderdaad langs die trekroete wat die Griekwas gevolg het, waar hulle vir lang tye woonagtig was en grond besit het en wat in hoofstuk 2 beskryf word (kyk fig. 1).

Al die Griekwas woon nie in die Republiek van Suid-Afrika nie. Sommige woon byvoorbeeld in die Transkei. Volgens steekproewe gebaseer op die bevolkingsensussyfers vir 1980, het 65,8% van die Griekwabevolking toe in die Kaapprovinsie gewoon, 12% in Transvaal, 10% in die Oranje-Vrystaat, 8% in Natal en ongeveer 3% in die nasionale state (Presidentsraadsverslag 1983 : 54).

Hoewel die Griekwas as 'n volk beskou kan word, is hulle reeds geruime tyd lank 'n verdeelde volk, waarvoor genoemde Presidentsraadsverslag ook soos volg kommentaar lewer. Die gegewens word kortliks opgesom uit pp. 65–69:

Reeds kort na 1815 was daar verdeeldheid veral ten opsigte van die vraag wie die Kaptein moet wees, en twiste daaroor het veroorsaak dat die groepe apart gaan woon het. Vandag is hulle organisatories verdeeld en bestaan daar organisasies op sowel godsdienstige as politieke terrein, asook ten opsigte van die algemene kultuurlewe, wat gestig is om uiteenlopende belange te bestendig en te bevorder. Daar word soms saamgewerk, maar meesal nie en daar is tans drie onderskeibare groepe:

- (i) Die Griekwas wat georganiseer is in die Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika en wat in 1920 gestig is deur A.A.S. le Fleur I, 'n vroeëre Griekwaleier. Die huidige leier is A.A.S. le Fleur II en meeste van sy volgelinge woon op die



Distrikte met groot Griekwakonsentrasies

**Figuur 1:** Griekwakonsentrasies in Suid-Afrika.

**Bron:** Presidentsraadsverslag (1983 : 203).

Griekwa-nedersetting Krantzhoek, naby Plettenbergbaai. Hierdie raad is ten nouste verbonde met die Griekwa Independentente Kerk wat ook in 1920 gestig is.

- (ii) Nog 'n Griekwagroep is georganiseer in die Griekwa Nasionale Raad van Suid-Afrika wat aanvanklik twee strominge getoon het maar in 1981 saamgesmelt het, met mnr. Eric le Fleur van Knysna as voorsitter en eerw. (ook genoem "Patriarg" en "Griekwa-opperhoof") P.D.J. Kanyiles, wat op Ritchie naby Kimberley woon, as onder-voorsitter.

Hierdie twee groepe besit dieselfde simbole, naamlik vlag, volkslied en sinnebeeld of groepsembleem, wat al drie sterk Griekwa-histories gewortel is.


- (iii) Die Griekwaland-Oos Baanbrekersraad met Kokstad as setel, spits hom toe op Griekwaland-Oos en staan onder leiding van mnre. R.W. Abram (voorsitter) en T.C. Paulsen (sekretaris). Hierdie raad sien homself as die ware opvolger van Kaptein Adam Kok III, wat hulle as die laaste Griekwakaptein beskou, en hulle is nie geneë om saam te werk met die "wegbrekers" nie. Die Baanbrekersraad skakel ten nouste saam met die Griekwa Nasionale Independentente Kerk. Die samestelling van hierdie kerk verskil ook weer aansienlik van dié van die Griekwa Independentente Kerk, sodat die afleiding gemaak word dat die Griekwas ook kerklik verdeeld is.

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat daar drie hoofgroepe onder die Griekwas identifiseer kan word, wat onderskeidelik in Krantzhoek, Griekwaland-Wes en Griekwaland-Oos sentreer. Gevolglik is daar besluit dat die ondersoek na die musiek van die Griekwas die vorm van 'n vergelykende studie tussen dié drie groepe moet aanneem. Die splintergroepe wat ook tydens veldwerk besoek is, word volledigheidshalwe ook op die kaart wat die studiegebied omlin, aangedui (kyk fig. 2).

### 1.3 Metode van ondersoek

#### 1.3.1 Inleiding

Veldwerk behels die versameling van liedere, instrumentale musiek, danse, rituele en gesprekke. Ongeveer vier jaar is aan die veldwerk vir hierdie ondersoek bestee. Aangesien veldwerk nie blindelings aangepak kan word nie, is daar besluit om eers soveel moontlik aangaande die geskiedenis van die Griekwas te wete te kom om hulle so in die regte historiese konteks te kan plaas asook in die toekoms waar te kan neem. Dit het ook gelei tot die besef dat die Griekwas vandag nie in 'n enkele geografiese gebied aangetref word nie maar verspreid woon. Vervolgens was dit moontlik om die studiegebied te identifiseer en te omlin.



**Figuur 2:** Die studiegebied: Campbell, Douglas, Griekwastad, Kimberley, Kokstad, Krantzhoek, Ritchie en Vredendal.

Daarna is 'n Griekwasaamtrek deur bemiddeling van dr. R K Belcher, wat reeds goed met die Griekwas bekend is, bygewoon, ten einde die huidige leiersfigure te ontmoet.\* Deur 'n volle dag te sit en luister na die program kon 'n preliminêre evaluering van die Griekwas, hulle sang en sosiale gewoontes gemaak word. Terselfdertyd kon leiers en volgelinge kennis neem van die voorgenome ondersoek sodat daar geen wantroue sou wees by latere besoeke aan die werklike woongebiede nie. Die Griekwas is gehoorsaam aan hulle leiers en daar is later gevind dat onvoorwaardelike samewerking verleen word op die woord van so 'n leier. Aangesien dit dikwels hulle was wat reëlings getref het vir persoonlike ontmoetings met sleutelpersone wat in hulle betrokke gebiede woonagtig is, was die samewerking van die leiers baie waardevol en eintlik onontbeerlik.

\*Maitlandse Stadsaal: 18 September 1982

Die program tydens die saamtrek het verskeie toesprake behels deur genoemde leiers asook deur politieke figure. Verder het 'n eerwaarde uit eie geledere 'n geestelike boodskap gebring en verskeie kore, afkomstig uit verskillende gebiede, het opgetree. Om latere herkenning en identifikasie tydens veldwerk te vergemaklik, is aan die navorser ook die geleentheid gegee om die gehoor toe te spreek.

Van die Griekwas het luister aan die geleentheid verleen deur hulle opwagting in tradisionele drag te maak. Die Griekwa Nasionale Koor, afkomstig uit Krantzhoek, was ook in amptelike koordrag geklee sodat op dié dag heelwat insig verkry is in die tradisies en kultuur van die Griekwas.

Musiek is 'n universele taal en bring onmiddellik wedersydse begrip en aanvoeling tussen uitvoerder en luisteraar. Dit is nodig om die potensiële sanger of musikant van jou eie liefde vir musiek te oortuig, aangesien die wete dat jy hulle musiek sal geniet, lei tot groter vrymoedigheid. Behalwe die estetiese plesier wat dit aan hom verskaf, moet die veldwerker egter bedag daarop wees om die inligting wat hy op band versamel, op so 'n wyse te verwerk dat dit lei tot volle begrip van die plek wat die betrokke musiek inneem in die lewe van die volk.

Om die Griekwas sover te kry om te sing, was nie moeilik nie. Hulle was oor die algemeen hulpvaardig, insiklik en vriendelik en het dit geniet om na hulle eie stemme te luister wanneer die band teruggespeel word.

By die musiek op band is ook gesprekke met deelnemers gevoer, wat dikwels lig gewerp het op wat gesing is of gesing sou word. Waar woorde nie duidelik was nie, veral in kooropnames, het iemand op aanvraag die woorde "gesê". Waar nodig is die sosiale implikasie van 'n lied of sy woorde ook verduidelik en waar die lied in 'n ander taal was byvoorbeeld Nama of Xhosa, is die inhoud van die teks verduidelik. By gebrek aan kennis aangaande hierdie tale is die woorde by transkripsie weggelaat en vervang met 'n kort verduideliking daarvan onderaan die lied. Later is die hulp van spesialiste op die gebied van Afrikatale ingeroep, wat goedgunstiglik die woorde beluister en neergeskryf het. Sodanige hulp word in die proefskrif erken.

Behalwe in enkele gevalle met ghitaarbegeleiding, is alle sang ongebeleid. Slegs in Kokstad, waar 'n groter mate van affluensie aangetref is, is 'n Griekwa-onderwyseres gevind wat die klavier en orrel bespeel. Die Griekwa Nasionale Independentente Kerk aldaar is dan ook toegerus met twee orrels – die elektriese orrel wat gereeld gebruik word, en 'n pragtige oudheid wat in onbruik geraak het omdat dit nog 'n handapparaat het wat aan 'n blaasbalk herinner, en waarmee die lug geskep word wat nodig is vir die voortbring van klank.

7



Daar is besluit om die Krantzhoekgebied die brandpunt van die ondersoek te maak aangesien daardie groep Griekwas die hele trekgeskiedenis aktief beleef het. Daar is ook 'n lewendige wisselwerking tussen die Griekwas van Krantzhoek, Vredendal, Hawston en elders in die Suid-Kaapland omdat afstande daar nie so groot is as elders tussen groepe nie. Die Griekwas kom graag byeen vir konferensies en sangfeeste. Deur self ook sulke byeenkomste by te woon in die Krantzhoekgebied, kon 'n kykie gekry word in die musikale bedrywighede van 'n groot persentasie van die Griekwawolk.

### 1.3.2 Veldwerkprobleme

Die grootste enkele probleem wat tydens veldwerk ondervind is, het ontstaan as gevolg van die feit dat die Griekwas verspreid woon en dat groot afstande afgelê moes word om hulle te bereik. Herhaalde besoeke is nodig vir deeglike veldwerk, aangesien tyd in die eerste plek benodig word om die vertroude te wen van die medewerkers.

Daar is gevind dat die Griekwas nie op weksdae toeganklik is vir besoek nie, omdat hulle werk en van die mans soms net naweke tuis is. Op Griekwastad was daar gevalle van mans wat in Kimberley werk en dan net een naweek per maand huis toe kom. Almal verkies dan gewoonlik Saterdagdaande of Sondag vir opnames en onderhoude. Dit bemoeilik die veldwerk omdat dit nie sou baat om byvoorbeeld 'n week te probeer vertoef nie. Gevolglik is die veldwerk op naweke toegespits.

Die vinnige ver-Westering en verfyning van die moderne Griekwa het daartoe gelei dat baie van die ou liedjies reeds in vergetelheid weggesink het. 'n Aantal is nog gevind, maar selfs daar het dikwels reeds so 'n groot mate van liriekdisintegrasie plaasgevind dat dit, selfs al kan dit nou bewaar bly, nie baie waardevol sal wees vir gebruik in die toekoms nie. Nogtans word hierdie liedjies vermeld en bespreek in hierdie ondersoek.

Dikwels is groot spyt uitgespreek oor iemand wat glo so graag ou liedjies gesing het, maar onlangs oorlede is. Niemand kon dan van daardie liedjies herroep nie, of kon slegs 'n enkele frase terugbring. Waar wel bejaardes raakgeloop is, was die stemme dikwels 'n probleem. òf die bors is sleg, òf die asem kort, òf die stem weg weens verkoue.

'n Ander probleem het ontstaan uit die Christelike beskouings van die Griekwas. Op Douglas is 'n paar Griekwas gevind wat geweier het om iets anders as kerkliedere te sing omdat hulle nou bekeerd is en nie meer wêreldse liedere sing nie. Soos ook deur 'n navorser bevind is onder die Rehoboth Basters (Strydom, 1983 : 4):

*Hulle is besig om hulle vir die hemel voor te berei en dus nie bereid om wêreldse liedere te sing nie.*

Op sommige plekke was die toestande waaronder opnames gemaak moes word, baie swak. Op Campbell, waar 'n gesin buite in 'n kookskerm gesit en kook het, moes die bandmasjien net daar aangeskakel word, aangesien die besoek van 'n TV-span nog vars in die geheue was.\* Hulle kon nie wag om weer alles omtrent die puberteitseremonie van die dogters te vertel nie en daar is entoesiasties gesels, gelag, gesing en gedans in hulle gretigheid om dié unieke tradisie van die Griekwas aan die navorser oor te dra. Ten spyte van die wonderige dag kon nogtans iets bruikbaar uit dié opname gemaak word. Terselfdertyd was hierdie spesifieke veldwerk baie waardevol aangesien dit feitlik die enigste tradisie van Hottentotte-oorsprong is wat nog lewend onder die Griekwas gevind is. Volgens 'n informant (mnr. H. van Eck, 'n boer van Campbell) is dit ook geleidelik besig om uit te sterf, hoofsaaklik weens armoede. Minstens een skaap of bok word vir die seremonie benodig, en die verarming daar is sodanig dat dit nie meer bygebring kan word nie. Hedendaagse skoolonderrig lei ook daartoe dat die meer verligte jong Griekwadogter haar skaam vir sulke etnisiteit en nie die nut daarvan insien om in so 'n hok te bly sit nie.

'n Meer onlangse probleem het gespruit uit die onrus in die land wat dit onveilig begin maak het om Griekwawoongebiede te besoek. Gelukkig was die veldwerk reeds op 'n gevorderde stadium en het die staking daarvan nie die ondersoek tot stilstand gebring nie.

Een van die interessantste ontdekkings was die "eiegoed" van die Griekwas op Krantzhoek. Hulle noem dit "tipiese Griekwaliedere" en uit die ondersoek blyk dan ook duidelik dat hierdie liedere wel uit eie geleedere voortgekom het. Die gewoonte wat die Griekwas het om dieselfde lied op meer as een wysie te sing, is tot 'n hoogtepunt gevoer in Krantzhoek by die sing van hulle gunstelinglied op 'n groot aantal wysies. Hoewel hulle die versekering gee dat daar nog baie ander wysies is, maar dat hulle dit nie altyd so agtermekaar kan onthou nie, was die verkryging van 60–70 daarvan op band 'n ware vonds. Die belangrikheid van hierdie lied is vervolgens ook histories gesoek en gevind.

Transkripsies was melodies nie baie problematies nie, al het ongebalanseerde koorsang die volg van stemme soms bemoeilik. Ritme was dikwels baie vry en dit sou soms lonend kon wees om die transkripsie sonder maatstrepe te doen. In plaas daarvan is egter op veranderende maatsoorttekens besluit.

---

\*"By die groot Gariep". Gebeeldsend op 11 September 1984.

Om addisionele inligting aangaande die musikale gewoontes van die Griekwas te bekom, is ook van 'n kort vraelys gebruikgemaak. 'n Paar Griekwas was behulpsaam met die invul daarvan van huis tot huis. Aangesien die vraelyste wyer kon uitkring as die musikale voordraers, kon 'n breër spektrum so gedek word.

Daar word beklemtoon dat die gevolgtrekkings waartoe daar in hierdie studie gekom word, gemaak is uit gegewens wat deur middel van steekproewe bekom is. Nogtans het die oortuiging tydens die studie posgevat dat die steekproewe wel as verteenwoordigend beskou kan word van wat op musikale terrein in die Griekwagemeenskappe plaasvind.

### 1.3.3 Die veldondersoek self

1982–09–18. Ter inleiding van die veldwerk is 'n groot Griekwasaamtrek in die Maitlandse stadsaal in Kaapstad bygewoon. Die groot Griekwaleiers soos Volkspresident Eric le Fleur, 'n kleinseun van die Kneg (Krantzhoek-Griekwas) en Opperhoof Daniël Kanyiles (Griekwaland-Wes) het deelgeneem, asook die huidige “Volksmoeder”, mev. D. Jones, enigste oorlewende kind van die Kneg. Daar was ook lede van al die Griekwagroepe, met uitsondering van Kokstad, teenwoordig. Toesprake deur die verskillende leiers, politici, kerkleiers en andere was insiggewend. Die kontak wat hier gemaak is, was baie waardevol vir die daaropvolgende veldwerk.

1982–12–18. Ontmoet mev. D. Jones op Krantzhoek saam met ander “grootmense” of oudstes, soos mnr. Gert Gahl. Hulle was by die daaropvolgende besoeke uiters behulpsaam in verband met organisasie vir onderhoude en sangopnames.

1982–12–19. Verskeie sangopnames word gemaak en persoonlike onderhoude gevoer met mev. Jones en mnr. Gahl. Aspekte aangaande die Griekwatrek vanaf Kokstad na Touwsrivier en later na Knysna word toegelig. Aangesien daar bykans niks hiervan in die literatuur gevind kon word nie, was hierdie gegewens uiters belangrik. Mnr. Gahl het ook die opmerking gemaak dat dié navorsing deur die Griekwas gesien word as 'n soort ereteken – dat God die navorser van ver af gebring het om die geskiedenis van die Griekwas op te teken – omdat die Kneg voorspel het dat daar nog oor sy volk geskryf sou word in die toekoms.

1983–04–11. Ontmoet die Volkspresident, mnr. E.M.S. le Fleur aan huis van mev. Jones op Krantzhoek en word “volklik welkom geheet” met koorsang en gebed: eers word “Want goedertieren is die Heer” uit Psalm 100 ons toegesing, en daarna word seën op die werk wat gedoen word, gevra. Mnr. le Fleur woon op Hornlee by Knysna en het spesiaal

na Krantzhoek gekom vir die onderhoud. Hy verskaf interessante gegewens aangaande die Griekwas se musikale gewoontes en voorliefdes.

1983-04-12. Besoek die skool vir Griekwakinders op Krantzhoek. Die hoof, mnr. Sampson, is besonder hulpvaardig en roep die skoolkinders byeen om te sing, en dit word op band vasgelê. Verskeie ander sangopnames word ook op Krantzhoek gemaak.

1983-04-12. 'n Band met 'n aantal tipiese Griekwaliedere word bekom. Verskeie deelnemers doen mee aan gesprekke op band en gesels oor hierdie spesiale liedere waarin die mistieke 'n rol speel en die geskiedenis van die Griekwas soos 'n fyn draad ingewef is.

1983-07-02. Dr. R.K. Belcher, wat reeds jarelank navorsing doen oor die Griekwas en tans verbonde is aan die Universiteit van Natal, woon die verrigtinge by tydens die Stigtersdagviering by Robberg, waartydens die geboortedag van die Kneg herdenk word. Hy stel later drie bande goedgunstiglik tot my beskikking. Verskeie opnames van Griekwaliedere word so bekom, asook die volkslied.

1983-07-03. Besoek Krantzhoek vir verdere bandopnames. Tydens 'n huisdiens op Kurland word 'n bandopname gemaak, wat die wyse waarop die Griekwa-erwaarde 'n diens lei, toelig. Daar is spontane sangonderbrekings deur die gemeentelede en ook deur die erwaarde self. Die diens toon duidelik die Griekwas se groot voorliefde vir die sogenaamde "koortjies".

1983-07-04. 'n Hele aantal opnames van die gunstelinglied "Juig aarde" word bekom. Dit word uitgevoer deur die Griekwa Nasionale Koor onder leiding van mnr. Ernest Keet.

1983-08-14. Bring saam met dr. R.K. Belcher, wat steeds sy navorsing oor die Griekwas voortsit, 'n besoek aan dr. S.J. Pretorius, digter en emeritus Professor. Hy het in Griekwa-wêreld grootgeword (Postmasburg), en kan baie interessant gesels oor hulle gewoontes, sang- en ghitaarspel en sêgoed. Hy self sing 'n aantal liedjies soos hy dit as kind van 'n Griekwa-speelmaat geleer het, en wat hy nog goed onthou. Drr. Belcher en Pretorius het albei stimulerende menings uitgespreek oor die inhoud van die liedere wat dr. Pretorius gesing het.

1983-12-14. Besoek weer Krantzhoek en verdere sangopnames word gemaak. Die totale aantal "Juig aarde" wysies opgeneem staan reeds op 39. Die sosiale waarde van hierdie lied word besef en daar word ingesien dat meer omtrent hierdie lied nagevors behoort te word. Daar moet ook nagegaan word watter waarde dié lied moontlik in die ander Griekwage-

biede het. Die oorsprong van die gewildheid daarvan moet, indien moontlik, histories nagevors word.

1984–04–20. Woon ’n konferensie van die Griekwa Nasionale Raad by te Hornlee, waar mnr. Eric le Fleur ons namens die Raad en die Griekwa Independent Kerk ’n geseënde en aangename Konferensie toewens. Aangesien ons die toestemming van mnr. le Fleur gevra het om die sangaand by te woon, spoor hy die konferensiegangers aan om baie mooi te sing aangesien hy hom nie vir hulle wil skaam nie! ’n Gesprek met mnr. Kanyiles, wat ook die konferensie bygewoon het, word gevoer ten einde ’n besoek aan sy gebied in Griekwaland-Oos te probeer reël.

1984–04–20. Woon die sangaand by in die gemeenskapsaal te Hornlee. Sangnommers word hoofsaaklik deur die Griekwa Nasionale Koor gelewer, maar baie ander kleiner koortjies, wat eintlik ook uit lede van bogenoemde koor bestaan, word gebruik as afwisseling. Hierdie koortjies bestaan uit 2–8 lede; elk het ’n kleurvolle benaming wat groot pret aan die gehoor verskaf en lei tot entoesiastiese toejuiging. Enkele sekulêre nommers word gelewer, maar die grootste gros van die nommers is geestelik van aard. Die “koopstelsel” word gevolg, wat later tydens die deurwerk van literatuur histories ook toegelig is en dus ’n oorblyfsel is van ’n vroeëre gebruik. Geld word naamlik deur iemand uit die gehoor op die verhoog neergesit, waardeur hy kwalifiseer vir die aanvra van ’n toegif. Die geld styf dan ’n gesamentlike fonds en word vir ’n goeie doel aangewend. Telkens spoor die seremoniemeester die toehoorders aan tot luide handegeklap met die woorde: “klop hulle op!”

Met die samewerking van mnr. le Fleur se seun word al die musiek op band verkry. Aan die einde van die verrigtinge is die navorser en haar eggenoot deur die lede van die Griekwa Nasionale Koor met die kringgroet vereer – dit is ’n gebaar van vriendskap en vertroue. Al singende loop hulle in ’n enkelry van die verhoog af en by ons verby, terwyl elk ons met die hand groet en die vroue ’n ligte kniebuiging uitvoer.

1984–09–10. Gesels telefonies met mej. Grobbelaar wat navorsingswerk oor die Griekwas in die Kokstadgebied gedoen het en tans verbonde is aan die Departement Sosiologie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy het in 1983 ’n lywige referaat gelewer in samewerking met die groot Griekwaprojek wat deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangepak is onder leiding van Prof. Christo van Rensburg. Mej. Grobbelaar belooft om ’n afskrif van haar referaat aan die navorser te pos. Sy gee ook baie nuttige wenke oor veldwerk in die Kokstadgebied en noem die name van sleutelpersone aldaar wat tydens háár veldwerk baie positief en hulpvaardig was. Sy onderneem ook om hulle adresse saam met die referaat te stuur.

1984–09–04. Skryf aan mnr. Kanyiles op Ritchie, waar hy woonagtig is, om sy hulp te vra in verband met 'n voorgenome besoek aan sy gebied, wat baie uitgestrek lê. Die begeerte om aan sleutelpersone aldaar voorgestel te word, asook om 'n diens van sy kerk, die Independent African Orthodox Church, by te woon, word hierin uitgespreek.

1984–09–10. Bel Mev. Annette de Wet van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die navorsingsprojek aldaar oor die Griekwas handel oor die taal van die Griekwas. Volgens haar bestaan dit uit vyf dele wat in twee bundels van twee en drie dele respektiewelik uitgegee word. Dit is in sagteband gedruk en sou teen die einde van September in die Universiteit van Pretoria se biblioteek beskikbaar wees.

1984–10–25. Omdat mnr. Kanyiles nie op 'n skrywe reageer het nie, telefoneer die navorser hom weer en voer 'n gesprek. Volgens hom was die Griekwas op daardie tydstip met “groot politiek” besig – hulle het nie goed gevaar in die Kleurlingverkiesing nie en sing nie op die oomblik nie. Daar sou egter 'n groot Volkskongres in Januarie 1985 plaasvind by “The Craggs” naby Plettenbergbaai, waar hulle die politiek sou bespreek. Afhangende van wat daar gebeur, sou hulle weer sing.

1984–11–24. Onderhoud met mnr. Ernest Keet, koorleier van die Griekwa Nasionale Koor. Hy spreek die begeerte uit om 'n talentkompetisie onder die Griekwas te reël in Februarie 1985, met die navorser as beoordelares. Mnr. Keet het onderneem om op Saterdag 1 Desember 1984, wanneer die vlag van die Griekwas sy vyftigste bestaansjaar vier, bandopnames van die sang te maak. Volgens mev. Jones het haar vader, die Kneg, met die ingebruikneming van die vlag aan hulle gesê watter lieder op die vyftigjarige fees gesing moes word. Die bande is egter nie gemaak nie omdat mnr. Keet se bandmasjien defek geraak het.

1984–12–17. Besoek Philippolis om vas te stel of daar enige Griekwas oorgebly het en of hulle nog ou Griekwa tradisies beoefen. Mnr. Scheepers, die Stadsklerk, was besonder hulpvaardig. Hy het ons aan mnr. J. van de Graaf, kurator van die Transgariemuseum, voorgestel. Mnr. van de Graaf het 'n studie gemaak van die Griekwas se verblyf in dié dorp in die negentiende eeu en het ook insiggewende leesstof aangaande die Griekwas beskikbaar gestel, asook die Griekwahuisies aan die navorser uitgewys.

Die binnekant van die geskiedkundige Blanke N.G. Kerk is ook aan die navorser getoon, met die veelseggende woorde bo die voorfront van die orrel: “Juich aarde, juicht alom den Heer”. Aangesien dié kerk op dieselfde perseel opererig is waarop die Griekwakerk (wat trouens vir 8 jaar deur die Blankes gebruik is nadat die Griekwas daar weggetrek het)

vroeër gestaan het, is afgelei dat dit miskien wel 'n Griekwa-konnotasie het. Daar is immers in hierdie ondersoek vasgestel dat dié lied al vir baie lank van spesiale betekenis is.

Mnr. Scheepers het die navorser na Bergmanshoogte, naby Philippolis, geneem en mnr. G.A. Wilson, voorsitter van die advieskomitee van die Kleurlinggemeenskap, gevra om 'n aantal Griekwas byeen te bring in die kerksaal. Onder andere was daar die bejaarde Dawid Krotz, wat nog Griekwataal (Nama) kon praat. Hoewel die sang nie wou vlot nie, is 'n paar interessante liedere tog op band verkry.

1984–12–24. Ons ontmoet mnr. en mev. Keet in die kerksaal te Krantzhoek. 'n Ontydige sneeuval op onliggende berge en snerpemde koue wind het Griekwas wat belooft het om daar te wees, egter laat wegbly. Vervolgens is die geleentheid benut om onduidelike woorde van die sangaand te Hornlee op te klaar. Hulle het ook saamgeluister na die “Juig aarde” opnames wat ons reeds het en belooft om op 'n ander keer 'n klompie Griekwas bymekaar te bring vir meer opnames, aangesien hulle nie graag alleen sing nie.

Mev. Keet pleit by hierdie geleentheid dat ons hulle moet help soek na die boeke wat vroeër deur die koorleiers gebruik is om liedere aan hulle te leer en wat reeds jare gelede verlore geraak het. Sy het spesiaal Kaap toe gereis daarvoor, maar kon nie die boeke vind nie. Onder andere het hulle in die **Children's Hosannas** belanggestel, asook in die eerste vier bundels van die **Congregational Anthems**. Later, en met groot moeite, het die navorser 'n eksemplaar van die **Children's Hosannas** in die Kleurlingwoonbuurt Eersterust naby Pretoria raakgeloop. Eerwaarde Petersen van die Immanuel Congregational Church was so vriendelik om dit beskikbaar te stel. Dit het die navorser in staat gestel om die boek in sy geheel te fotostateer en in 'n bundel saam te bind, aangesien dit reeds baie oud is en jarelank nie meer gedruk word nie. Die koorleier se vreugde was groot toe dié boek later aan hulle oorhandig is en die dankbaarheid was oorstelpend.

1985–01–05. Besoek mev. Katie Kanyiles in haar woonhuis te Ritchie. Aangesien mnr. Kanyiles in Kimberley werksaam was, kon hy slegs telefonies bereik word. Mev. Kanyiles word as die “volksmoeder” van die Griekwas van Griekwaland-Wes beskou en sy vertel van die begeerte van die Griekwas van haar kontrei om ook hulle koorsang op te bou tot die standaard wat op Krantzhoek aangetref word. Weens die uitgestrektheid van die gebied en hoë reiskoste bly dit egter tot dusver slegs 'n ideaal. Sy doen 'n gebed en spreek die seën uit oor hierdie navorsing.

Gedurende Januarie 1985 het verskeie telefoonoproepe na die Keets in Krantzhoek gevolg in 'n poging om te probeer vasstel wat die reëlins is vir die talentkompetisie. Ongelukkig

het dit nooit materialiseer nie – dit het later geblyk dat weens afstand en vervoerkoste dit nie vir die potensieële deelnemers moontlik sou wees om op 'n sentrale punt bymekaar te kom nie.

1985–02–25. Skryf aan Robert Young van die S.A.U.K. om inligting in te win aangaande 'n program wat deur hom aangebied is en ook om te verneem of toestemming nodig was indien enkele gedagtes moontlik gebruik sou word uit 'n program wat oor die Griekwas gebeeldsind is. Verder is navraag gedoen of die S.A.U.K. enige opnames van Griekwamusiek of -sang besit waartoe moontlike toegang verkry kon word. Geen antwoord is ontvang nie.

1985–02–25. Skryf aan dr. Edith Katzenellenbogen van die Departement Liggaamlike Opvoeding aan die Universiteit van Stellenbosch om moontlike musiekbande te leen, aangesien sy navorsing doen oor die dans en blykbaar oor 'n uitgebreide versameling Afrikaanse volksdansen met liedjies beskik. Ongelukkig het sy geen Griekwamateriaal in haar versameling nie.

1985–02–25. Skryf aan Prof. P. Grobbelaar van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch om moontlike inligting aangaande die musiek van die Griekwas. Dit het ook niks opgelewer nie.

1985–03–04. Spreek dr. Charles Malan by die R.G.N. in verband met die taal van die Griekwas. Hy bied 'n opstel aan van 'n dr. D. Hugo oor dr. S.J. Pretorius se digbundel **Argekrobaat**, waarin 'n aantal gedigte in tipiese “Griekwagrieks” voorkom – dit sou interessante agtergrondmateriaal bied. Hy verwys die navorsers ook na Prof. S. Paxinos.

1985–03–04. Voer 'n onderhoud met Prof. Paxinos by die R.G.N. en stel onder andere vas dat hoewel die musiek van al die ander bevolkingsgroepe in die Afrikaanse Musiekenisiklopedie onder die hoof “Inheemse musiek” bespreek word, die Griekwawolk nie vermeld word nie. Dit verhoog die wetenskaplike waarde van hierdie ondersoek. Prof. Paxinos beveel ook waardevolle leesstof oor veral die musieketnologie aan.

1985–03–08. Ontmoet 'n aantal vroue aan huis van mev. Jones in Krantzhoek. 'n Baie goeie verstandhouding bestaan reeds met die Krantzhoek-Griekwas en hierdie klompie wag die navorsers in op 'n bankie voor die huis. Mev. Jones is reeds baie oud en swak, maar is al een wat sekere van die liederse woorde nog ken.



1985–03–09. Ontmoet vir John van Wyk op Krantzhoek. Hy onderneem om 'n paar Griekwas bymekaar te kry, met iemand om die “kitaar te kom slaan”. Moontlik sal 'n paar ou vroue kom sing en dans. Weens 'n skielike begrafnis materialiseer ook dit nie.

Dieselfde aand kom 'n klompie koorlede egter na mev. Jones se huis en word daarin geslaan om nog 23 “Juig aarde” wysies op te neem. Mnr. Keet vermoed dat daar minstens 100 behoort te wees, maar die navorser besluit om te volstaan by die ca. 65 wat reeds op band is. Toe die aantal opnames van hierdie lied die 60-kerf verby steek en die navorser spontaan begin handeklap, het dit aansteeklik op die groepie sangers ingewerk. Almal was ooglopend in hulle skik met die aand se werk en die navorser is al singende met lampe na die motor geleide gedoen.

Daardie klompie Griekwas was dankbaar vir die belangstelling in hulle musiekkultuur. Elkeen het sy bes gedoen en telkens het iemand nóg 'n wysie uit die geheue opgediep, wat dan op geïnspireerde wyse gesing is.

1985–04–11. Maak 'n oproep na Opperhoof Kanyiles wat op Kimberley werk. Hy gee die versekering dat hy binnekort sal laat weet wat hy kon reël in verband met 'n besoek aan die Griekwas in sy gebied.

1985–04–12. 'n Paar Griekwas wat messelwerk doen op 'n bouerrein in Plettenbergbaai stem in om na werk agter te bly en te sing. Hulle ken 'n hele aantal sekulêre liedjies, onder andere ook sokkerliedjies. Nogtans ondervind ook hulle moeite om nie telkens weer oor te slaan na kerkliedere nie. Selfs op die bouerrein sing hulle gedurig kerkliedere, sodat hulle (volgens die voorman) soms gespot word deur andere wat wonder of hulle aan 'n sekte behoort.

1985–04–13. 'n Aantal vroue van Krantzhoek sing sekulêre liedere, maar slaan gou weer terug na kerkliedere. Mnr. Keet verskaf ghitaarbegeleiding. Hulle sing ook hulle “heilige liedere” soos die Danklied, Herlewingslied, Offeringslied, Geloofslid en Opwekkingslied.

John van Wyk is behulpsaam met die rondneem van vraelyste na Griekwahuse en met die invul daarvan. Hy verkry by die aanddiens die volgende statistieke van die eerwaarde: daar is tans 310 huisgesinne op Krantzhoek en 14 op Kurland (The Crag).

1985–04–18. Skryf aan Eerwaarde Simons, as sleutelpersoon, op Kimberley om hom in kennis te stel van ons voorgenome besoek en vra hom om met moontlike informante en musikante in verbinding te tree, aangesien ons nie langer kan wag vir 'n reaksie van Kanyiles se kant nie.

1985–04–25. Besoek die Nasionale Museum in Bloemfontein en gesels met mnr. E. du Pisani. Hy bied ’n baie nuttige bibliografie aan van boeke wat handel oor die Griekwas en reël vir ons ’n onderhoud met Prof. Christo van Rensburg van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Bloemfontein. Prof. van Rensburg het aan die hoof gestaan van ’n ondersoek na die taal van die Griekwas en het goedgunstiglik vyf bande aan ons beskikbaar gestel waarop onderhoude met Griekwas op Campbell gevoer is. Uiteraard het taalaspekte voorrang geniet op hierdie bande, maar daar kom tog ’n paar liedjies ook voor wat hierdie navorsing tot hulp was.

Op dieselfde dag word ook gesels met mej. Gous, tans verbonde aan U.O.V.S. en vroeër werksaam by die McGregormuseum in Kimberley. Sy het drie jaar gelede ’n uitstalling vir die museum opgestel met onder andere ’n afdeling oor die Griekwas en gee ook waardevolle wenke oor watter boeke om nog oor die onderwerp te lees.

Ten slotte word ook gesels met Prof. P.J. Nienaber, Direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum in Bloemfontein, wat sorteer onder die Vrystaatse Museumdiens. Prof. Nienaber is onder andere ook lid van die Plaaslike Museumstigting van Griekwaland-Oos.

1985–04–26. Besoek die McGregormuseum in Kimberley en gesels eerstens met mev. Macey van die Afrikana-afdeling. Sy bring ’n ongepubliseerde manuskrip van ene K.J. Wilson, getiteld *Godfather of the Griquas*, vir insae. Hoewel baie insiggewend, is die navorser nie toegelaat om enigiets daaruit te fotostateer nie.

Mev. Macey verwys die navorser na Fiona Barbour, van die Bantogalery in die McGregormuseum. Sy beveel aan dat ’n eksemplaar van die Presidentsraadsverslag van 1983 bekom word, wat handel oor die behoeftes en eise van die Griekwas. Daar word ook gesels met Vida Allen, historikus in diens van die McGregormuseum, wat interessante feite meedeel in verband met die sendelingreisigers wat Griekwaland-Wes in die negentiende eeu deurreis en hulle waarnemings te boek gestel het. Sy beveel hierdie leesstof aan en verskaf ook fotostatiese materiaal.

1985–04–27. Besoek mnr. Louis Hager, erkende Griekwakundige, op sy plaas “Thornhill” wat tussen Douglas en Griekwastad geleë is. Hy was onder meer ook behulpsaam met die opstel van die Presidentsraadsverslag en gesels graag oor die vroeëre geskiedenis van dié gebied en oor die moeilike kwessie van Griekwa-identiteit.

1985–04–27. Maak bandopnames van die sang van 'n klompie Griekwas op Douglas, waar nog net 'n handjievul Griekwas woon. Die polisie was ons behulpsaam met die lokalisering van dié Griekwas en die opnames is gemaak aan huis van ouderling Isak Vanel, wat aan die A.G.S.-kerk behoort. Weens sterk geloofsoortuiging sing hulle egter geen sekulêre liedere nie, aangesien hulle nou bekeerd is.

1985–04–28. Besoek mnr. H. van Eck op sy plaas “Wildspan” naby Campbell. Hy maak reeds jarelank 'n studie van die gewoontes van die Griekwas van die omgewing en vertel onder andere breedvoerig wat die puberteitseremonie van die Griekwadogters behels. Hoewel dit ook deur 'n plaaslike Griekwawrou aan die navorser vertel is, was mnr. van Eck se weergawe van groot waarde omdat dit baie duideliker uiteengesit is. Hy toon 'n interessante versameling boeke aan die navorser wat handel oor die historiese agtergrond van die Griekwas wat nog daar woonagtig is.

Mnr. van Eck besit 'n bandopname van liedjies wat 'n ou Griekwa, Klaas Oortjies, nou reeds oorlede, sowat twintig jaar gelede aan hom gesing het. Hoewel 'n nuwe band aan hom beskikbaar gestel is vir die doel en hy belowe het om sy band daarop te kopieër, kon hy nie sy woord gestand doen nie omdat sy band nog van die verouderde tipe is en 'n geskikte apparaat vir die terugspeel daarvan nie gevind kon word nie.

Aangesien die Griekwas van die omgewing goed aan hom bekend is, het hy en sy eggenote, mev. Gio van Eck, persoonlik 'n bandopname gaan maak op die plaas “Downs” en in die sogenaamde Campbell Kroek, waar onder andere Sara Naidoo woonagtig is. Sy is die dogter van Adam Kok IV, wat reeds oorlede is en op Campbell gewoon het. Die navorser het dié band in ca. September 1985 per pos ontvang.

1985–04–28. Vind 'n Griekwagesin op Campbell wat gretiglik instem om te sing, te dans en van die puberteitseremonie te vertel. Hulle wys ou geboue van historiese waarde wat in die omgewing staan, uit.

1985–04–29. Gaan na Griekwastad om 'n leier in die Griekwagemeenskap aldaar, mnr. I. Greef, op te soek. Ongelukkig werk hy tans in Kimberley en kom net een naweek per maand huis toe. Alle pogings om Griekwas daar op te spoor en tot samewerking oor te haal, het misluk.

1985–04–29. Eerwaarde Simons is geruime tyd reeds ernstig siek en pogings om op Kimberley self veldwerk te doen, het nie geslaag nie. Dr. Belcher het egter vroeër in dieselfde gebied veldwerk gedoen waartydens 'n band gemaak is met onder meer 'n lied met

Namawoorde daarop. Daar is ook ander liedere en hy het hierdie band tot beskikking van die navorser gestel. 'n Aantal liedere uit die omgewing van Postmasburg is ook bekom.

1985-05-26. Ontvang 'n amptelike brief van Griekwa-opperhoof D.J. Kanyiles van Ritchie waarin hy die navorser uitnooi na 'n groot Griekwasaamtrek op 14 Desember 1985, asook na 'n groot diens op 24 Desember, wat die "midnight mass" van sy kerk, die Independent African Orthodox Church, behels.

1985-06-14. Besoek Kokstad en voer 'n onderhoud met mnr. T. Paulsen, 'n leidende figuur in die Griekwagemeenskap aldaar. Hy is self van mening dat die navorser nêrens daar geholpe sou geraak het as sy nie eers na hom gekom het nie, aangesien hy "deure sou oopmaak wat andersins geslote sou bly". Hy neem haar terstond na mev. E. de Bruin, koorleidster in die Griekwa Nasionale Independentente Kerk. Sy willig in om 'n aantal geliefde liedere te sing en deel ook heelwat relevante inligting mee tydens 'n onderhoud. Sy onderneem om 'n paar van die ouer mense te nader om die volgende dag by haar huis bymekaar te kom.

1985-06-15. Mnr. Paulsen neem die navorser na die kerkorreliste, Myra Kelton, kleindogter van 'n Blanke Skotsman wat met 'n Griekwavrou getroud was. Sy is onderwyseres aan die plaaslike skool vir Griekwa- en Kleurlingkinders waar sy skoolsang gee en is die enigste Griekwa wat teëgekome is tydens hierdie ondersoek wat die klavier of orrel bespeel. In beide haar huis en dié van mev. de Bruin staan daar 'n klavier. Volgens mej. Kelton is daar baie min ou Griekwaliedjies wat nog bestaan, aangesien die kinders op skool deesdae net F.A.K.-liedjies sing en verder deur die hedendaagse "pop"-musiek beïnvloed is. Sy begelei die skoolsang op die harmonika, of ook die ghitaar as daar een beskikbaar is.

Mej. Kelton speel klavier en begelei die paar vroue wat later by mev. de Bruin aan huis bymekaarkom. 'n Ou Griekwavrou wat volgens hulle nog ou liedjies geken het, is egter tans in die outhuis op Pietermaritzburg en 'n ander is reeds oorlede. Nogtans kom 'n paar sekulêre liedjies te voorskyn, hoewel dit sterk aan die F.A.K.-tipe herinner. Twee eenvoudige volksdansies of -speletjies word ook gesing en verduidelik. Baie gou is egter weer oorgeslaan na die geliefde kerkliedere. Mev. de Bruin bring helparty gesangboeke vir insae en verduidelik hoe die woorde van een boek by die wysies van 'n ander gebruik word.

1985-06-16. Woon die erediens by in die Griekwa Nasionale Independentente Kerk. Die diens word gelei deur die bejaarde ouderling Fortuin, wat dit op bekwame, nederige en ernstige wyse doen. Die kerk- en koorsang word op band opgeneem. Almal besit gesangboeke, wat sedert 1982 Sankey se **Sacred songs and solo's** is. Vroeër was dit die **Evangelies Gesangboek** wat ook op Krantzhoek bekend is, maar dit word nie meer gedruk nie en daar is besluit om na die Sankey oor te gaan.

1985–06–15. Gesels met mev. Pat Owen, kuratrise van die Kokstadmuseum, wat ook heelwat weet omtrent die Griekwas en dié dag 'n beknopte weergawe van die herkoms van die Griekwas deur middel van die **Kokstad** advertiser die lig laat sien het.

1985–06–16. Word uitgenooi na 'n middagmaal saam met mnr. Paulsen aan huis van mnr. en mev. Fortuin, seun van ouderling Fortuin en skoolhoof op Matatiele. Die interessante gesprek werp lig op die huidige lewe van die Griekwas te Kokstad en sekere historiese aspekte word bespreek.

1985–06–16. Ry uit na die plaas “Bultfontein”, een van die min plase wat nog in Griekwabesit is. Die 1472 ha. grond is in besit van die Maraisfamilie, wat tans ongeveer 800 afstammeling behels wat aanspraak kan maak op 'n deel van dié erfporisie. Die Maraisfamilielede van die onmiddellike omgewing sing vir die navorser op band, 'n aantal sekulêre liederen en daarna weer gewyde liederen. Hulle het hulle eie kerk op Bultfontein maar geen orrel nie en sing baie van die liederen op ander wysies as wat dit op Kokstad gesing word, sê hulle.

'n Paar liederen waarvan sommige van die woorde vergete is, is opgediep. Hulle het die oumense wat reeds oorlede is, dié liedjies hoor sing. 'n Interessante toevoeging was 'n Basoetoliedjie. Mnr. Marais het die navorser ook laat luister na 'n band met musiek van die Rehoboth Basters. 'n Voormalige predikantsvrou van die Griekwagemeente op Kokstad en tans van Rehoboth, het die band aan hulle gestuur omdat die Griekwas voel dat hulle en die Basters maar almal van dieselfde “bloedintrek” is. Die plase “Sandfontein” en “Kransdraai” bevat ook Griekwakerke en -gemeentes.

1985–07–15. 'n Onderhoud word gevoer met mnr. Andrew Tracey, musieketnoloog verbonde aan die Rhodes Universiteit op Grahamstad. Hy is die Direkteur van die Internasionale Biblioteek vir Afrikamusiek en kon onderhoudend gesels oor die oer-Hottentot, Koranna en Boesman (as voorsate van die Griekwas) en oor hulle musiekinstrumente. Sy versameling instrumente van Hottentotte- en Boesmanoorsprong sluit mondbooginstrumente, fluite en dromme in. Daar bestaan egter geen tradisionele Griekwa-instrumente nie en hierdie lesing oor hulle vervloë musikale erfenis was baie insiggewend. Mnr. Tracey beveel Percival Kirby se boek oor die musiekinstrumente van die inheemse rasse van Suid-Afrika sterk aan en daarin is dan ook afbeeldings van velviole en -kitare gevind soos vroeër deur die Griekwas gemaak en bespeel is, wat weer op Blanke invloed dui.

1985–08–14. Besoek die Kleurlingdorp Hawston en gesels met mnr. Willem Gahl, leidende Griekwafiguur aldaar, en seun van wyle Gert Gahl van Krantzhoek. Volgens hom

kry die kinders die sang met die moedersmelk van die singende moeder in – hy móét dus kan sing, dit kan nie anders nie. Vandag se kinders sing steeds die ou liedere, maar dit is kerkliedere. Hulle sing op gehoor, aangesien dit net tydmors is om uit boeke te leer. Daar is miskien net een of twee wat 'n boek het en wat doen die ander dan? Hulle luister liever fyn en leer dan almal gelyk die lied. Volgens Willem Gahl (ook reeds bejaard) word die koortjies van liedere makliker onthou as die res van die lied, waarskynlik omdat dit gewoonlik maklik en eenvoudig is, ritmies van aard is, lekker sing en met elke strofe herhaal moet word. Die res van die lied bly dan later vergete, sodat hulle naderhand nie meer weet waar die koortjie vandaan kom nie. Volgens hom raak die Griekwas weens die behuisingsnood al meer verspreid. Hulle woon maar waar hulle 'n plekkie kry, maar kom nog op feesdae en begrafnisse bymekaar. Die Hawston-Griekwas sing die volkslied soos op Krantzhoek en erken vir A.A.S. le Fleur II as leier, soos ook die Griekwas van Vredendal.

1985–12–14. Besoek Griekwastad op uitnodiging van die Griekwa Volksorganisasie van Suid-Afrika, by monde van opperhoof Kanyiles. 'n Groot Griekwasaamtrek is gereël, enersyds as 'n huldeblyk aan die ontslape Griekwaleier, Andries Waterboer, en andersyds as 'n poging tot hereniging van die Griekwawolk as geheel. Verskeie gassprekers is genooi, onder meer die navorser, wat oor die musiek van die Griekwas moes praat. Onderwerpe soos die herkoms en toekoms van die Griekwas, hulle geskiedenis met spesiale verwysing na Kaptein Andries Waterboer en ander aktuele onderwerpe was aan die beurt.

Voer tydens die middagete 'n interessante gesprek met mnr. Peter Marais, leier van die Griekwa Volkskongresparty en lid van die Presidentsraad. Woon die sangaand in die gemeenskapsentrum by en kom diep onder die indruk van die groot invloed wat aangrensende kulture op mekaar kan uitoefen – in hierdie geval die Tswanas van die omgewing op die Griekwas. Kore van relatief verafgeleë plekke soos Douglas en Ritchie het ook opgetree.

1986–04–16. Besoek Vredendal in Wes-Kaapland, waar die hoofkantoor van die Griekwa Nasionale Konferensie gesetel is en A.A.S. le Fleur II, leier van een van die Le Fleur-faksies woonagtig is. Beeswater, 'n naam wat dikwels opduik in die laaste gedeelte van die trekgeskiedenis van die Griekwas, is volgens 'n informant\* 'n paar kilometer suid van Vredendal, met Ratelgat, die ou werf van die Kneg (A.A.S. le Fleur I) weer suid dáárvan. Stephanus (Soon) Cloete, lid van die Uitvoerende Raad en leier van die Griekwagemeenskap aldaar, was nie tuis nie. Mev. Kate Cloete, 'n suster van mev. Keet van Krantzhoek, het egter interessante gewens aangaande die Griekwas van Vredendal verskaf. Volgens

---

\*Mev. Kate Cloete, 'n ontwikkelde vrou en voormalige koorleidster en onderwyseres van Vredendal.

haar is hulle sang soortgelyk aan wat op Krantzhoeck gesing word. Sy sê dat die Griekwas baie hou van sangaande en dat kerklike verdeeldheid op sulke aande oorbrug word. Lede van alle kerkgenootskappe neem deel en almal sing hartlik saam. Hulle het nie 'n kerkorrel nie, maar wel 'n klavier as begeleidingsinstrument. Hulle sing ook "Juig Aarde" en liedere soos "Liefsten Heiland U genade is veel groter dan wij denk" op verskillende wysies. Laasgenoemde lied word ook op Krantzhoeck gesing. Dit is hulle tradisionele gesange.

#### 1.4 Griekwa-Identiteit

Indien 'n ondersoek na die musikale bedrywighede van 'n bevolkingsgroep gedoen moet word, is dit nodig om eers die gemeenskap te identifiseer sodat steekproewe sinvol uitgevoer kan word. Volgens Grobbelaar (1983 : 1) is dit in die geval van die Griekwas nie 'n maklike taak nie:

*'Griekwaskap' is teenwoordig 'n diffuse konsep. Die betekenis wat daaraan geheg word wissel van mens tot mens en daar word positiewe sowel as ernstige negatiewe opvattinge daaraan gehuldig.*

In hierdie ondersoek word aanvaar dat "Griekwa-identiteit" wel bestaan en dat die Griekwas self glo dat hulle 'n volk is. 'n Bejaarde ou Griekwa het dit volgens Jacobs (1942 : 25) só gestel:

*Basie moet nou deeglik die grip kry dat ons Griekwamense nie sommer optelgoed is nie. Ons is 'n nasie, my basie. 'n Opregte nasie moet 'n pedikrie en ons Griekwas is dapper en bryf.*

As 'n volk vorm hulle dan ook 'n kultuurgemeenskap met dieselfde opvattinge en ideale. Hulle verrig hulle geestelike en materiële werksaamhede op 'n wyse wat van ander bevolkingsgroepe verskil en verkry so 'n eie identiteit. In die Presidentsraadsverslag (1983 : 56) word vermeld:

*'n Volk se identiteit word gewoonlik deur die volgende faktore bepaal: afkoms, (biotiese samestelling, bloedverwantskap, voorkoms), omgewing (grondgebied, bodem), landsadministrasie (bestuursopvattinge en -instellings), taal, godsdiens, sedes en gewoontes, geskiedenis en geskiedbeskouing, kultuurprodukte (voedsel, klere, woning, gereedskap, kunsuitings, groeps wysheid), asook instellings en organisasies.*

Hierdie aspekte word nou individueel behandel.

### 1.4.1 Afkoms

Die Griekwas is gebore uit die warrels van die groot volksverhuisings of trekke wat kenmerkend was van die laaste deel van die agtiende eeu en historici is dit eens dat die Griekwas van gemengde bloed is. Pretorius (1963 : 1) lug die volgende mening:

*Die oorsprong van die nie-Blanke volk aan wie eerwaarde Campbell in 1812 die naam Griekwas gegee het, is in die geheel nie maklik te bepaal nie. Feit is egter dat die volk die resultaat is van die vermenging deur die verloop van 'n anderhalf-eeu tussen Blankes, slawe, Hottentotte en Boesmans.*

'n Historikus wat die oorsprong van die Noord-Kaaplandse Griekwas nagevors het, sê onder andere (Nurse, 1975 : 4) dat hoewel Adam Kok die eerste en bekendste van die Griekwa-leiers was, almal wat vandag as Griekwas bekend staan, nie afstammeling van sy mense is nie. Die groep Basters onder leiding van Barend Barends het ook die benaming "Griekwa" aanvaar, en so ook die Bastergroep by Campbell wat later onder leiding van Andries Waterboer sou staan. Waterboer self was van San of Boesman afkoms. Baie van hierdie mense was dus nie ware afstammeling van die groep wat onder leiding van die Koks gestaan het nie en was ook nie nasate van die ≠ Karixurikwa nie. Uit die staanspoor was dit 'n karakteristieke kenmerk van die Griekwagemeenskap om diegene wat by hulle wou aansluit, in hulle midde te verwelkom. Dit skyn ook asof dit vir andere aantreklik voorgekom het om 'n Griekwa te wees.

Hy wys verder daarop dat die Rehoboth Basters afstam van 'n gemeenskap met wie die Griekwas naby die Oranjerivier onderhandel het. Daar het ook 'n geringe mate van lede-uitruiling plaasgevind omdat hulle gemeenskaplike vanne het. Die Basters was volgens hom egter nie gretig om rekrute te verwerf nie, terwyl die Griekwas as 'n patriargale huishouding begin het, wat 'n toevlug geword het vir diegene wat nie op hulle eie 'n bestaan kon voer nie. Hulle doel was nie om 'n nasie te bou nie. Van die moderne Griekwa sê hy op bladsy 13:

*And the modern Griqua are as receptive to those who wish to join them as their ancestors ever were.*

Later sê hy ook dat om 'n Griekwa te wees, moet 'n mens eenvoudig slegs deur die Griekwas as een van hulle aanvaar word, en die maklikste manier waarop dit vandag kan gebeur is om lidmaatskap van een van die Griekwakerke te verkry.



Volgens 'n navorser van die Kokstadgebied (Grobbelaar, 1983 : 2) sentreer Griekwa-identiteit om die Griekwa Nasionale Independentente Kerk:

*Dit het begin duidelik word dat die Griekwa Nasionale Independentente Kerk blykbaar 'n groot rol in die kwessie van 'Griekwaskap' speel.*

In 'n anonieme manuskrip (GM 2 : 18) geskryf deur 'n Griekwa, staan onder andere:

*Le Fleur die Opperhoof organiseer dus die Kaapse Kleurlinge om Griekwas te word, omdat hy glo dat alle Kleurlinge in werklikheid Griekwas van oorsprong is.*

Historici soos Marais (1968 : 35) en Jacobs (1942 : 35) noem dat Korannas byvoorbeeld by die Griekwas op Klarwater aangesluit en in Griekwageledere opgeneem is. Andere soos Nurse (1975 : 13) noem ook dat Boesmans wat reeds daar woonagtig was, in Griekwageledere geabsorbeer is.

Tydens veldwerk het 'n informant gesê:\*

*'n Egte Griekwa moet soos 'n Griekwa lyk en sy van kan terugvoer na ongeveer 1820. Daar was 'n elitegroep onder die Griekwas wat later van Campbell af weggetrek het na Philippolis. Die swakker tipe Griekwa wat oorgebly het, het uitgebaster met die Boesmans en dit het hulle verswak. Dié by Kokstad het ook later met swartes uitgebaster (Pondo's) maar hulle kan hulle stamboom nog terugvoer na 1820. By Campbell is nog baie min regte Griekwas oor. Beskrywings van die egte Griekwa verskil egter.*

Nurse (1978 : 18) kom tot die slotsom dat die Griekwas uit die staanspoor Christelike tradisies opgetree het deur 'n toevlug vir die armes en ontworteldes te wees, ongeag ras of kleur. Hoewel self arm, het hulle die armes bygestaan. As sulks is hulle 'n voorbeeld van Christelike vrygewigheid, veral as hulle met meer gegoede volkere vergelyk word.

Hoewel die afkoms van die Griekwas heterogeen is, openbaar hulle tans die begeerte om 'n bloedgemeenskap te word, met ander woorde om hulle bloed "suiwer" te hou, soos van der Ross dit uitdruk in die artikel "A visit to the proud Griquas" (**Cape Times**, 14 Januarie 1960):

---

\*Mnr. Louis Hager, op sy plaas "Thornhill" tussen Douglas en Griekwastad, tydens 'n onderhoud op 27 April 1985.

*Today they will tolerate no further mixture. A Griqua may not marry an African, Indian, Malay or [even if the law permitted] a White person.*

#### 1.4.2 Grondgebied

Tans bewoon die Griekwas nie een grondgebied nie maar woon verspreid oor die Republiek van Suid-Afrika. Soos die Joodse volk vanouds hunker hulle egter na die historiese grondgebiede waar hulle voorvaders gewoon het. Die volgende is volgens die Presidentsraadsverslag (1983 : 99, 171 en 189) reeds bevind:

*Hulle vra nie 'n Griekwastaat of 'n Griekwatusland nie ... opvallend is die sterk samehorigheidsgevoel onder die Griekwas van Krantzhoek, wat lievers in swak behuisingstoestande dáár bymekaar wil woon as om vir 'n goeie woning in New Horizon aansoek te doen ... die Griekwas verkies waar prakties moontlik afsonderlike woonbuurte waar redelike getalle Griekwas woonagtig is. 'Dit is ons verlange om 'n aparte kol te wees – dit sal ons die geleentheid bied om ons tradisies en kultuur uit te oefen'.*

Hoewel hulle nie 'n enkele tuisland wil hê nie, hunker hulle na grond van hulle eie, wat dié historiese gebiede behels waar die trekke hulle gebring het en waar groepe Griekwas vandag trouens woonagtig is.

#### 1.4.3 Bestuursopvattinge en -instellings

Die Griekwas het vroeër kapteins gehad wat tradisioneel uit leiersfamilies gekom het en wat na Griekwasake omgesien het en wet en orde gehandhaaf het. Ross (1976 : 10) het onder meer gesê dat die Griekwa-kapteinskappe as middel tot politieke outonomie ontwikkel het. Dié Griekwa-kapteinskappe was koalisies van mense en familie-groepe onder leierskap van die Kok- en Waterboerfamilies.

Die regering of kapteinskap wat by Philippolis deur die Griekwas ontwikkel is, het 'n ordelike vorm van regering weerspieël asook 'n redelik goedontwikkelde regsisteem, soos Le Roux (1979 : no. 2/3) dit stel:

*Adam Kok II met uitgebreide magte, het aan die hoof gestaan ... hy is bygestaan deur 'n uitvoerende raad wat uit 'rasegte' Griekwas bestaan het ... die wetgewende mag het uit 'n volksraad van twaalf lede bestaan.*

Adam Kok III het 'n soortgelyke bedeling in Griekwaland-Oos saamgestel. Ross (1976 : 137) het opgemerk dat die Kaptein die simbool was van die Griekwas se onafhanklikheid en met die dood van Adam Kok III is die Griekwas se nasionaliteit saam met hom begrawe.

Sedertdien het die Griekwas nie weer 'n kaptein gehad in dieselfde sin as vroeër nie, maar elke faksie het sy leier of bestuurslede na wie hulle opsien en wat hulle aanspoor tot eenheid.

#### 1.4.4 Die taal van die Griekwas

Die Griekwas se taal is Afrikaans en die reisiger Lichtenstein (1930, uit die oorspronklike Duits vertaal : 316) reeds die volgende gevind nog voordat die Basters die benaming "Griekwa" aangeneem het. Hy het 'n lid van die Kokfamilie só beskryf:

*The Bastard Solomon Kok ... this man had entirely the appearance of a colonist. He was well-made, and spoke the Dutch language tolerably correct, and with tolerable purity. He was the son of one of the oldest and most noted among the Bastard Hottentots, by name of Cornelius Kok.*

Marais (1968 : 12) vertel dit so:

*All bore Afrikaner names and spoke Afrikaans as their mother tongue, and formed the nucleus of the people soon to be called the Griquas.*

In die negentiende eeu het die Griekwas dus oorheersend 'n dialek van Hollands gepraat, water later in Griekwa-Afrikaans verander het. Hierdie Griekwataal verskil egter van die taal waarna vandag ook soms as "Griekwataal" verwys word, veral in Griekwaland-Wes. Dit gaan gepaard met tipiese tongklapgeluide (klik-klak) en is 'n oorblyfsel van die Koranna-, Nama- en Boesmaninvloed. Die Hottentotte-invloed was so sterk dat van die ou Griekwas vandag nog 'n bietjie Hottentots kan praat, maar dit dan "Griekwataal" of Namataal, wat meer korrek is, noem.

Die Afrikaans wat die Griekwas vroeër gepraat het, was nie standaard-Afrikaans nie en hulle het dit ook met 'n ander intonasie en idioom hanteer. Grosskopf (1980 : 3) sê:

*Hul uitspraak en woordeskat was eenaardig en hul gesprekke was altyd deurspek met klemwoorde soos 'hetse', 'aitse' en dergelike meer: 'Hetse, glo my, dat is 'n groot ongeluk – ek wou ge-oor het, maar die slegte koeël het gekort. Aitse, ek het baie spyt'.*

Die man wat van moord aangekla is, verduidelik hier dat hy bo-oor die ander man se kop wou skiet, maar dat die geweer laag geskiet het.

Van Zyl (1947 : 56) haal 'n ou Griekwa aan:

*Aihetsê Here, daat ees toog nie eek wat so staanlê ôrtree het nie; das broer Oerson, daar staanlê hy – piets hóm.*

Tydens 'n onderhoud wat van Zyl (1947 : 144) met 'n ou Namakwalandse vrou gevoer het, was haar antwoord:

*Oens ees maar van dieselfde bloedintrek, want hy wat Daam Kook was, ees oens almal se grootoutjie.*

Taalgebruik soos hierdie is vandag grotendeels uitgesterf onder die Griekwas maar die digter S.J. Pretorius het die andersoortigheid daarvan in 'n digbundel laat vergestalt. Die eerste paar verse van "Oerson" word aangehaal (Pretorius, 1969 : 54):

*Eek hat myn bôrplek hier kom kry  
warie vaal ghys vlerkskraap ôrie vlei  
om van die drôg die drôg gahôr  
van hoeka af al geida ôr  
vaal beulte krys an dwars getrewwel ...*

Die woord "geida" is 'n Hottentotwoord wat "lankal" beteken, terwyl "trewwel" weer duidelik 'n Engelse woord is. Dit toon die invloed van ander tale op die ou Griekwataal. Ofskoon taamlik kunsmatig weens die konsentrasie van Griekwa-uitdrukkings, sinswendinge en woordeskat, toon hierdie gedigte watter soort Afrikaans die Griekwas gepraat het.

Van Zyl (1947 : inleiding) waarsku egter:

*Waar na die Griekwa se 'taal' verwys word, moet die leser steeds in gedagte hou dat dit op die Hollands-Afrikaanse taalvorm betrekking het. 'Oens oertaal het met oense verweetsigsam (kontak met Blankes) verlaur gegaan,' het 'n ou Griekwa eenkeer verduidelik.*

Die moderne Griekwa gebruik 'n baie suiwerder Afrikaans, maar die meeste Griekwas is nog steeds baie positief ingestel teenoor die ou "Griekwataal". In *Die Jongspan*, 18 Mei 1959, word vermeld:

*Daarby kom hul kenmerkende godsdienstige liedere in die Afrikaanse taal, die taal wat hulle so lief het en waarvan hulle dan ook sing: 'Daar is maar een uit aller tale ...'*

Die Griekwas se eie mening oor Afrikaans word deur van der Ross in die **Cape Times** van 14 Januarie 1960 weergegee:

*Their language is Afrikaans, and they claim that not the White people, but they, the mixed people, were responsible for the language-mixing (taalverbastering) which resulted in Afrikaans.*

Die Griekwas is 'n musikale, singende nasie wat van sêgoed en spreekwoorde hou – hulle lééf in die taal. By bekendstelling aan 'n Griekwa Willem Gahl, te Hawston op 14 Augustus 1985, het hierdie eienskap dan ook spontaan na vore getree toe hy sê:

*My naam is Gahl, die alwyn se bitter gal, jou naam is Cloete en ek buig oor jou voete.*

#### 1.4.5 Die godsdien van die Griekwas

Een van die opvallendste kenmerke van die Griekwas is hulle besondere sterk godsdienssin, die resultaat van 'n eeu-lange intensiewe sendingbearbeiding. Omdat hulle so 'n sterk aanvoeling vir die Christelike geloof gehad het, was dit gewoonlik hulle wat die sendelinge genooi het om onder hulle te kom werk. Die sendeling-reisiger Campbell (1815 : 163) het vroeg in die negentiende eeu reeds geskryf:

*After mr. Read had preached, we partook together of the Lord's Supper, at which were present: Griquas, Hottentots, Dutch, English, and Scotch, commemorating the death of Him ... whose gospel is suited to the wants of all tribes of the earth.*

Die skrywer Jacobs (1942 : 14–17) het onder andere gesê:

*Toe die Griekwas in 1821 deur dr. Philip 'ontdek' is, was daar maar 'n greintjie beskawing in hulle gebruike en lewenswyse en hul sogenaamde godsdien het op 'n lae trap gestaan ... die Griekwas het eers in 1824 op die terrein waar Philippolis vandag geleë is, begin saamdrom ... op godsdienstige gebied het hulle vinnig gevorder onder die bearbeiding van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en hulle het 'n kerkie gebou. Dié geboutjie het geestelike*

*vrugte afgewerp en daar het, volgens 'n verslag van die Sendinggenootskap, 'n opvallende ommekeer gekom in die Griekwa se lewenswyse ... hulle het meer beskaafd geraak en die snelgroeiende gemeente het 'n ruimer kerkgebou wat die brandpunt van die Griekwabeskawing sou word, noodsaaklik gemaak.*

Die Griekwa Nasionale Independentente Kerk het reeds in Philippolis sy ontstaan gehad. Toe die Griekwas later na Griekwaland-Oos getrek het, was hulle godsdien reeds diep-gewortel. Die eerste “gebou” wat by Mount Currie deur die Griekwas gebou is, het as kerk diens gedoen. Knoll (1935 : 31) vertel dat die Griekwas se eerste nedersetting ongeveer drie myl noord van die latere Kokstad was en dat hulle dit Mount Currie genoem het. In die middel hiervan het hulle 'n lang, smal, 8 vt. hoë gebou opgerig om as kerk, dagskool, vergadersaal en vesting diens te doen.


Hierdie “Laager” of “Fort” is tussen 1862–69 as kerk gebruik (kyk fig. 3). Die huidige Griekwakerk, die Griekwa Nasionale Independentente Kerkgebou, is in 1877 in gebruik geneem en die Griekwas is vandag steeds kerkvas, sodat daar volgens Marais (1969 : 73) getuig word:

*They are a great church-going people.*

Die Griekwas se godsdien is nie oppervlakkig nie en vorm die grondslag van hulle hele lewe. Tog is hulle kerklik verdeeld en behoort aan 'n verskeidenheid van kerke. In Griekwaland-Wes is daar die Independent African Orthodox Church onder leiding van Biskop Kanyiles. Volgens hom is hierdie kerk, wat in 1924 gestig is, baie soos die Rooms-Katolieke kerk.

In Kokstad is die Griekwa Nasionale Independentente Kerk wat deur Adam Kok III daar heraan gestel is en wat reeds sy eeufees gevier het, van belang (kyk fig. 4). Hierdie kerk is tot nasionale monument verklaar. Op die plase in die omgewing van Kokstad is kleiner gemeentes wat onder die vlerk van die Moederkerk in Kokstad staan. Grobbelaar (1983 : 59) sê:

*Dit is duidelik dat 'Griekwaskap' in die platteland om en in die Griekwa Nasionale Independentente Kerk gesetel is ... godsdien is 'n kernelement van kultuur of etnisiteit ... dit was beslis die geval met betrekking tot 'Griekwaskap' in die verlede. Die Christenskap van die ou Griekwas het vergestaltung gevind in die stigting van hierdie eie kerk.*



**Figuur 3:** Griekwalaer en -fort, 1869.

**Bron:** W. Dower (1902 : 48).



**Figuur 4:**            **Griekwa Nasionale Independentente Kerk, Kokstad**

**Bron:**                **W. Dower (1902 : 16).**



Op Krantzhoek is die Griekwa Independent Kerk wat in 1920 gestig is, die belangrikste. Behalwe al genoemde kerke is daar ook ander kerke waaraan die Griekwas oor die hele Republiek van Suid-Afrika behoort, soos die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Apostoliese Geloofsending, die Lutherse Kerk en die Congregational Church. Die verskillende kerke beïnvloed mekaar onderling, soos die sing van gemeenskaplike liedere deur die Griekwas aandui.

In 'n televisieprogram van die S.A.U.K. wat op 25 Augustus 1984 gebeeldsend is, is 'n onderhoud met 'n Griekwavrou gevoer en het sy bewoë gesê:

*Die Griekwas het baie verloor en word in die laaste jare as niks meer gereken nie. Hulle weet egter met blydschap daar is 'n lewende God en hulle skuil by Hom. Selfs op die plase hou hulle elke Sondag kerk en sê soos die moordenaar aan die Here gesê het toe Hy aan die kruishout gehang het: 'Here, gedenk aan my wanneer U in die paradys kom' ... die grootmense (ou mense) waaronder hulle grootgeword het het nie veel aan tydelike (aardse) plesier gehad nie. Hulle het maar rondom die kerk hulle plesier gekry.*

#### 1.4.6 Eiesoortige feesdae

Baie van die Griekwas se feestelike geleenthede sentreer rondom hulle kerk en godsdiens. Belangrike fees- of nasionale dae vir die sogenaamde Le Fleur-Griekwas van Krantzhoek is byvoorbeeld:

- 3 April: Verlossing van die Kneg (hulle hervormer Andrew Abraham Stockenström le Fleur I) uit die Breekwatergevangenis in 1903. Dit is eintlik 'n biduur wat om 15h00 plaasvind.
- 9 Mei: Roepstem by die klip, 'n biduur ter gedagtenis aan die roeping van die Kneg in 1889.
- 4 Junie: Verjaardagviering van die huidige Volkspresident, Eric le Fleur.
- 2 Julie: Stigtersdag, dit wil sê die geboortedag van die Kneg.
- 10 September: Monumentdag, ter herdenking van die oprigting van hulle nasionale monument te Krantzhoek in 1942.

- 14 Oktober: Moedersdag, ter herdenking van die geboortedag van hulle Kroonmoeder Rachel Susanna Kok, dogter van Adam (Muis) Kok en vrou van die Kneg, in 1878.
- 21 November: Adam le Fleur se dag, ter herdenking van hulle eertydse “Bestuur”, dit wil sê “Eerste Minister”, Adam le Fleur, in 1906. Hy was ’n seun van die Kneg.
- 25 Desember: Kersfees by Robberg, dit wil sê by die graf van die Kneg.
- 30 Desember—
- 1 Januarie: Die “Jaarliks”, ook by die graf van die Kneg.
- 22 Februarie: Oumensfees, ter ere van wyle Tom le Fleur, jongste seun van die Kneg.
- 10 Maart: Hoof Abraham se geboortedag (1898); hy was hulle vorige Leier, die huidige Volkspresident se vader.
- 17 April: Jaarlikse Offerhand, dit wil sê ’n toewydingsdiens.

By die fees van 30 Desember kom die Griekwas in hulle duisende bymekaar om afskeid te neem van die ou jaar en die nuwe binne te gaan. By dié geleentheid word “ ’n gelofte van dank en waardering aan die Almagtige oorgedra vir die bewaring, beskerming en voorsiening van alles wat die Griekwabevolking geniet het gedurende die afgelope jaar”. Die “gelofte” lui: “Om te glo in God, te glo in sy volkseie en te glo in sy volk”. Daarna word, in navolging van die Ou-Testamentiese gebruik, ’n jong skaap geoffer op ’n witgekalkte klip ’n endjie van die Kneg se graf af.

Tydens hierdie feeste word spesiale liedere gesing soos die Volkslied, Danklied, Herlewingslied, Offeringslied, Geloofslid en Opwekkingslied. Die Sondag naaste aan 6 April word ook jaarliks as gedenktag gehuldig vir die stigting van die Griekwa Independentente Kerk op 6 April 1920 in die Maitlandse stadsaal.

Die ander Griekwagroepe het minder feesdae, maar dié van Griekwastad en omgewing kom ook jaarliks by die graf van Andries Waterboer byeen om sy dood te herdenk. Op Kokstad is die “Jaarliks” van die Griekwa Nasionale Independentente Kerk ’n groot geleentheid. Dit vind plaas in die eerste naweek in April en lok Griekwas van heinde en verre. Dit sluit ’n basaar, kerkraadsvergadering, nagmaal, verskeie dienste, doop- en aannemings-

plegtighede en 'n sangfees in. Volgens 'n formant is die Avondmaalstel nog deur Adam Kok III van Philippolis af saamgebring.\*

Hoewel die Griekwas dus kerklik verdeeld is, is godsdiens oor die algemeen 'n kern-element van hulle kultuur. Ver al die eie kerke van die Griekwas het in 'n groot mate die behoud van die gemeenskap verseker. Grobbelaar (1983 : 60) sê onder meer:

*In hul pogings om as 'nie-wit' mense in Suid-Afrika erkenning te verkry, het die destydse Griekwasvolk, net soos byvoorbeeld die Afrikaners, groot belang aan hul kerk geheg. Dit was die simbool van hul 'beskaaftheid' en trots.*

#### 1.4.7 Die Griekwas se sang, veral hulle voorliefde vir koorsang

Die Griekwas is bekend vir hulle koorsang en hulle kore dra baie daartoe by om 'n geleentheid aantreklik te maak. Die Kneg het vroeg in die twintigste eeu sy verstrooide volk deur middel van sang herorganiseer. Die ontstaan van die Griekwakore in 1919 het veral 'n sterk stimulerende uitwerking op hul groeplojaliteit gehad.

Oor Griekwasang sê A.A.S. le Fleur II, kleinseun van die Kneg en opperhoof van een van die Le Fleurfaksies in die **Volksbode** van 24 Julie 1959:

*Ons kan getuig dat die kore die Griekwasvolk na mekaar gesing het met die Lof wat aan hulle gegee was.*

In 'n verslag oor die viering van die Griekwas se veertigste jaar van koorsang, geskryf op 10 Maart 1959 bevestig hy:

*Die koorsangstelsel het 'n metode van organisering geword om 'dooie bene' onder die Griekwas en ander Kleurlinggroepe 'na mekaar toe te sing' en 'een volk tot Sy diensbaarheid te word'.*

Volgens Tommy Carse (**Die Burger**, 18 Mei 1960) het hierdie koorsang

*'n lewendige, innerlike en aantrekklike soetheid besit wat deurdring na die hart en is ook 'n traantrekker asook opwekker en vredeshersteller soos niks anders dit kan doen nie.*

---

\*Mev. E. de Bruin

Hy meen ook dat die Griekwawolkie 'n volk is met hulle eie tradisie en kultuur wat hulle styf vas bewaar soos ook hulle eie manier van sang – gewyde liedere wat besonder baie betekenis het vir hulle en hulle alleen ... hulle wat nog opreg kinderlik glo en bid.

'n Anonieme Griekwaskrywer (GM 1 : 3) het gesê:

*Die Griekwas is innerlik lief vir sang, of in Griekwaïsme, Lof ... wanneer 'n Griekwa op reis gaan, word hy eers op pad gesit also: daar word eers lofsange gesing, dan word gebede opgeoffer vir veiligheid van die reisiger ... op behaling van plek of terugkomste word dieselfde metode van dank gebruik ... vroeë môre word daar Bid-uur gehou en saans afsluit, huislik. Hierdie gewoonte is gevestig uit die Bybel en vername die gelofte van Koning Dawid in Psalm 34 verse 2–5: 'Ek zal den Heere loven te allertijd, mijn lof zal geduriglijk in mijnen mond zijn ...' Gesange wat graag gesing was is onder andere 'Juicht aarde juicht', 'Prijs den Heere met blijde galmen' en die gesang wat later as Volkslied aanvaar is.*

#### 1.4.8 Geskiedenis en geskiedbeskouing

Die Griekwas het 'n gemeenskaplike historiese agtergrond wat ook 'n basiese eenheidsfaktor is. Die groepe wat met elke trek agtergebly het, was egter uiteraard nie so intiem betrokke by die verdere verloop van die Griekwas se geskiedenis nie. Die historiese agtergrond is vir die drie hoofgroepe slegs gemeenskaplik tot by die punt waar die eerste groep onder leiding van Adam Kok II weggebreek het na Philippolis.

Daar is egter ook diegene wat op een of ander stadium in die geskiedenis deur “aan te sluit” Griekwas geword het, byvoorbeeld Korannas, Boesmans, Pondo's en andere. Daar deur het hulle, hoewel hulle historiese agtergrond tot op daardie stadium verskil het, hulle tog vereenselwig met die Griekwas en koester tans dieselfde ideale.

Dit is juis hulle sterk groepsbewustheid en nasietrots wat die Griekwas deur die jare as 'n unieke groep behoue laat bly het. Hulle noem hulself dan ook “die Volk” en beywer hulle vir die “Griekwasaak” en die uitbouing van “Griekwaïsme”.

Die “Griekwasaak” is 'n spesifieke toekomsverwagting van die Griekwas. Dit behels die byeenbring van alle Bruinmense, wat hulle glo eintlik almal Griekwas is, onder die Griekwawlag. Dit beteken ook 'n vereniging van al die los faksies in eie geleedere. As al die Bruinmense eendag almal kan saamtrek en as 'n groot faktor samewerkend kan bydra tot

die welsyn van die land as geheel, het die Griekwas uiteindelik die “môre” bereik waarna hulle reikhalsend uitsien.

Uit hulle geskiedenis het die Griekwas ook verskeie fisiese voorwerpe oorgehou wat hulle bind aan die verlede. In Griekwaland-Wes is daar nog die ou galgboom op Griekwastad waaraan wetsoortreders op uitspraak van Andries Waterboer en sy raad opgehang is. Die dorpie Daniëlskuil het volgens oorlewering sy naam te danke aan ’n diep gat wat vroeër vol slange was, net buite die dorp. Vermeende oortreders is glo in Barend Barends se tyd daarin gegooi en soos Daniël vanouds, was die oortreder die volgende dag onskuldig bevind indien hy nog gelewe het.

Op Philippolis staan nog tipiese Griekwahuisies wat vandag gerestoureer en as nasionale monument verklaar is, soos ook die woonhuis van Adam Kok. Die Transgariemuseum behandel onder andere die Londense Sendinggenootskap en die vestiging van die Boesman en die Griekwas in Philippolis. Die veekrale van Adam Kok is ook gerestoureer en twee van sy kanonne is te sien. In die Nuusblad van die Vrystaatse Museumdiens, Jaargang 8, no. 1 (s.j.) staan onder meer:

*Saam met die Griekwahutte langs die huise en die kanonne van Adam Kok op die koppie in die agtergrond, vorm hierdie geboue ’n geheel en weerspieël en verteenwoordig dit ’n tydperk in die geskiedenis van Philippolis, die Vrystaat en die kultuur van die Afrikaner.*

Kokstad se kerkgebou wat reeds sy eeufeesviering in 1977 beleef het, word elke Sondag vir dienste van die Griekwa Nasionale Independent Kerk gebruik. Die kerk is binne met ’n houtreling van agter na voor in twee verdeel en soos vroeër die gebruik was, mag mans en vrouens nie bymekaar sit nie. Die monument van Adam Kok III staan in die middel van die dorp en die museum huisves heelparty artikels wat die Griekwas aan hulle voorgeskiedenis herinner.

Naby Krantzhoek, op Robberg, is die graf van A.A.S. le Fleur I, ook “die Hervormer” of “die Kneg” genoem. Jong manne kry elk die geleentheid om die graf, wat vir hulle heilig is, te bewaak. Die nasionale monument op Krantzhoek is ook van groot belang vir die Griekwas en herinner aan hulle lyding en strewe. Op die plaas Ratelgat (Rattelgat soos hulle sê) in die Vanrhynsdorpdistrik is ’n stuk grond wat ook vir die Griekwas heilig is omdat die Kneg ’n tyd lank in afsondering daar gewoon en gebid het. ’n Anonieme Griekwaskrywer (GM 2 : 44) sê:

*Die Griekwas glo stellig dat wat hulle hier en op die graf en Rattelgat vra van die Here sal beantwoord word. Of soos die Griekwas wat nog Nama praat dit uitdruk in hulle taal: 'Rattelgat ies die Ilhas (Baarmoeder)'.*

#### 1.4.9 Die Griekwas het eie groepsimbole of volkseembleme

Onder groepsimbole val 'n eie volkslied, 'n eie wapen of sinnebeeld soos hulle sê en 'n eie vlag.

##### (i) Die volkslied

Die volkslied van die Griekwas is in 1924 deur A.A.S. le Fleur I vir die volk aangeneem. Dit mag vandag steeds slegs in die oorspronklike Nederlands gesing word, hoewel daar geleidelik 'n ver-Afrikaansing van die woorde plaasvind (kyk notevoorbeeld 120). Die volkslied mag slegs op amptelike geleenthede en volksfeeste gesing word, soos volksdae en -vierings, huwelike en begrafnisse.

Volgens 'n informant op Kokstad\* erken die Kokstad-Griekwas egter nie die volkslied van die "wegbrekers" nie en gebruik Gesang 7, naamlik "Op berge en in dale", as volkslied (kyk notevoorbeeld 71).

##### (ii) Die groepseembleem

Die Griekwas is 'n taai volkie met 'n sterk wil om te oorleef. Daarom het hulle die kanniedood-aalwyn, wat selde doodgaan, as nasionale embleem gekies. Hierdie blom is vir hulle 'n simbool of sinnebeeld van hulle eie lewe – die volkswording van die Griekwa het in die dorre en onherbergsame dele van die Kaapse Noordweste plaasgevind en dié land het waarskynlik self ook bygedra tot die taaiheid en oorlewingskrag wat deel van die Griekwa se samestelling is.

##### (iii) Die vlag

Die vlag herinner wat kleur-samestelling betref, sterk aan die ou Transvaalse vierkleur en is waarskynlik ook daardeur beïnvloed. Daar is 'n bottelgroen streep vertikaal langs die vlagpaal af, met die kanniedood-embleem in seegroen daarop aangebring. Uit hierdie vertikale streep gaan die horisontale strepe in rooi, wit en blou.

---

\*Mev. E. de Bruin

## (iv) Tradisionele kleredrag

Vir belangrike byeenkomste dra die Griekwas graag spesiale klere wat stam uit hulle geskiedenis en tradisies. Op die groot Griekwasaamtrek in die Maitlandse stadsaal in September 1982 was dit selfs moontlik om van die kleredrag af te lei van watter Griekwa-gebiede die verskillende kongresgangers afkomstig was. So het die Vrystaatse nuusblad “Die Volksblad” byvoorbeeld op 26 April 1960 berig aangaande die kleredrag van die Griekwas van Griekwaland-Wes wat ’n jaarkongres op Boshof bygewoon het:

*Ongeveer 500 afgevaardigdes het die jaarkongres op Boshof bygewoon. Met hierdie byeenkoms is daar gepoog om die tradisie van die Griekwas te herbou ... die oorspronklike kleredrag is weer ingestel en talle kongresgangers was in tradisionele drag geklee ... die vroue het veral mooi gelyk met hul bont mantels van laslappies. Hul mooi valletjies-kappies het hulle soos in die ou dae gedra, met krale van bessies om die hals. Sommige het selfs die tradisionele kortsak gedra. Dit word om die lyf gedra, is van laslappies gemaak en word gebruik om hul snuifblikkies in te bêre. Verder hang daar ’n klein skilpaddoppie om die lyf waarin die vroue hul poeier van gemaalde galklip dra ... die mans dra gedurende feesdae laslappie-onderbaadjies en vere in die hoed.*

As die geskiedenis van die Griekwas nagegaan word, is dit duidelik dat hierdie kleredrag wel tradisioneel was. Die skilpaddoppie met poeier spruit uit die dogters se puberteitseremonie wat selfs vandag nog in Campbell plaasvind en wat later bespreek word. (Kyk 4.2).

Die tipiese Griekwaman was ’n jagter en perderuiter en het ’n groot hoed gedra om hom teen die son te beskerm. In die hoed het gewoonlik ’n veer gepryk. Die mantels en onderbaadjies van laslappies mag oorspronklik uit armoede gespruit het (eie mening) maar is vandag deel van tradisie en kultuur en word met trots as onderskeidingsteken gedra.

Die vroue van Kokstad dra by seremoniële feesgeleenthede ’n soort Voortrekkerdrag, en die Griekwas noem hulself dan inderdaad ook “Bruin Voortrekkers”, soos uit die pen van ’n anonieme Griekwa (GM 2 : 32) op digterlike wyse verskyn:

*Toe die kinders van die verste ‘Bruin’ Voortrekkers,  
Niemandslan se eerste on-dekkers  
Weer ontwaak,  
Uit hulle Nasielike gees ...  
Kon die wêrld dit op hulle gesigte lees ...*

Genoemde drag bestaan uit lang wye rokke, wit voorskote en kunstig-gemaakte wit kappies vol plooitjies, valletjies en kant. Volgens 'n informant neem dit twee dae se harde werk om een kappie te voltooi, omdat hulle met die hand gemaak word. 'n Informant het in Kokstad gesê:

*Die Here het die hande voor die masjiene gemaak.*

Die resultaat herinner aan 'n ryklik versierde Hollandse mussie, van die tipe wat deel uitmaak van die Nederlandse nasionale drag, met "oortjies" wat weerskante ontstaan soos tulpeblare. Dit kan dus moontlik 'n oorblyfsel wees van invloed uit Nederlandse voorvaderlike oord.

Op Krantzhoek (bekend vir die "singende Griekwas") is dit veral die koorlede wat deur spesiale drag onderskei kan word. Die vroue en "koorkinners" is almal netjies in wit rokke geklee en met bande in die kleure van die Griekwaglag oor die linkerskouer en onder die regterarm deur. Mans dra dan bottelgroen dasse met die kanniedood-embleem daarop, wat ook aan die vlag ontleen word. Hierdie drag skyn meer onlangs tradisie te geword het, moontlik na die Griekwaglag en -volkslied sy beslag gekry het.

Hoewel die drie hoof-Griekwagebiede dus nie wat kleredrag betref identiese tradisies by belangrike geleenthede huldig nie, toon hulle tog in hierdie verband ook 'n begeerte om as 'n volk in sy geheel 'n identiteit te skep. Verskille beklemtoon slegs 'n verdere hoofstuk in die Geskiedenis van elke groep en dien om die spesifieke groep op volksbyeenkomste onderling te identifiseer.

## 1.5 Slotsom

Al hierdie identiteitskenmerke soos bespreek, is op die Griekwagvolk van toepassing. Daar-deur word hulle tot 'n eenheid saamgesnoer en kan 'n definisie vir die term "Griekwa" opgestel word, soos vervat in die Presidentsraadsverslag (1983 : 63):

*'n Griekwa is iemand wat die tradisionele Griekwagvolkskenmerke, -waardes en -belange van nature (deur afkoms) besit en dit probeer handhaaf en bevorder, of iemand wat hulle nie van nature besit nie, maar hom/haar volkome daarmee vereenselwig en deur die Griekwas as 'n mede-Griekwa aanvaar word.*

Wanneer die Griekwas aan die omskrywing van die begrippe etnisiteit en identiteit getoets word, word aan die basiese vereistes voldoen.



## HOOFSTUK 2

### 2.0 DIE HERKOMS, GESKIEDENIS EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING VAN DIE GRIEKWAS

#### 2.1 Inleiding

Die Griekwas is 'n klein volk, maar hulle geskiedenis is omvangryk. Daar was dae van ongekende voorspoed en geluk, toe hulle kon spog met 'n eie regering en hulle eie magistrade, vlag, koerant en geld gehad het. Daar was egter ook dae van twis, verset en swaarkry. Vandag bestaan hulle lewe uit hoop en die toekomsverwagting wat onwrikbaar in hulle posgevat het toe 'n sterk leier, A.A.S. le Fleur I (kyk 2.1/34), in hulle midde opgestaan het en weer van hulle 'n nasie gemaak het, sodat hulle kan sing:

*Ons dank u Hoof, ons dank u Hoof,  
Vir u opoffering,  
Om weer van ons 'n nasie maak,  
'n Weggevalde volk ...*

Die Griekwas vind hulle volksidentiteit in hulle verlede en bring hulde aan die man wat weer aan hulle 'n sin vir rigting gegee het. Die huidige opperhoof van die Griekwa Nasionale Konferensie, A.A.S. le Fleur II, het in 'n televisieprogram van die S.A.U.K. wat op 25 September 1984 gebeeldsend is, gesê:

*Die Griekwas sal nie weer die nasie kan wees wat hulle was nie, maar hulle sal graag wees wat die Kneg wou hê hulle moes wees – om daardie eenheid te vorm om die klomp gevare waaraan die Griekwas verbonde is, te kan weerstaan en Suid-Afrika die koelteboom te maak van die wêreld.*

#### 2.1.1 Bevolkingstal

Weens die probleem van Griekwa-identiteit kan daar nie met absolute sekerheid vasgestel word hoeveel Griekwas daar op die oomblik in die Republiek van Suid-Afrika is en presies waar almal woonagtig is nie. Oor die getalle van die Griekwas spekuleer die Presidentsraadsverslag (1983 : 52–53) soos volg:

*Die 5% steekproeftabulasie van die 1980-bevolkingsensus dui daarop dat die getal Griekwas in die RSA toe 20 680 was. In 1980 was die grootste konsentrasie van Griekwas in die landdrostdistrikte Kimberley 4 820, wat 23% is van*

*die totaal; Mount Currie 1 520; Knysna 1 020; Herbert (met Douglas as hoofdorp) 1 000; Postmasburg 900; Bloemfontein 820; Bellville 800; Vredendal 680; die Kaapse Skiereiland 1 740 (ongeveer 8% van die totaal). Op 31 Augustus 1980 was daar egter net 7 153 persone as Griekwas in die Bevolkingsregister opgeneem. Die Griekwaleiers beweer egter dat daar baie meer Griekwas is en dat die lae syfer wat in die bevolkingsensus weerspieël word, verband hou met beweerde probleme wat Griekwas ondervind ten opsigte van registrasie as Griekwa op die Bevolkingsregister. Hieruit volg dat dit huidiglik nie moontlik is om die bevolkingstal van die Griekwas redelik juis vas te pen nie.*

## 2.2 Die vroeë herkoms van die Griekwas

Die oorsprong van die volk wat later die benaming “Griekwa” aangeneem het, is nie maklik te bepaal nie. Van Zyl (1947 : 3) het opgemerk:

*Opvallend is die mate van twyfel wat daar bestaan oor hul herkoms, selfs by diegene wat voorgee dat hulle op hoogte is aangaande die afkoms van die verskillende Suid-Afrikaanse rasse.*

Vrae wat dikwels gestel word, is of hulle ’n inheemse ras is, waar hulle voorvaderlike tuiste was, waarom daar ’n Griekwaland-Wes en ’n Griekwaland-Oos is en waarom die Griekwas beheer verloor het oor die gebiede wat na hulle vernoem is. Dit is wel bekend dat hulle nie ’n suiwer ras is nie, maar tog ’n nasie is wat op ’n stadium “Soewereine regte” besit het en daar is reeds geskryf oor die groei, die aspirasies, die bloeitydperk, die agteruitgang en finale ondergang van die Griekwa Kapteinskappe van Philippolis en Kokstad gedurende die evolusie van Suid-Afrika in die negentiende eeu.

Volgens Halford (s.j. : inleiding) word die nasionaliteit of volkskarakter van ’n volk geskep wanneer ’n gemeenskap op natuurlike wyse versamel en in ’n gemeenskapslewe betrek word deurdat hulle van dieselfde oorsprong is, dieselfde gebied bewoon, dieselfde taal gebruik en dieselfde gewoontes besit en daardeur ’n eenheid vorm. Hy sê verder op bladsy 1 dat die Griekwas afstammeling was van vroeë Boere-grensmanne, van oorblyfsels van Khoisan-stamme (wat jagters, herders en versamelaars van veldkosse was), van ontsnapte slawe van die wyn- en koringplase van die Suidwes-Kaap, van vrye Swartmense van die Kolonie wat nie ’n aanvaarbare plek vir hulleself daarin kon vind nie en van stamme uit Afrika wat deur oorlog of uit vrye keuse van hulle stamme afgesny geraak het. Hulle het ’n gemeenskap gevorm wat begerig was om hul rol in Suid-Afrika te ontdek, of as daar geen rol was nie, om een vir hulself te skep.

Met die koms van die Blanke na die suidpunt van Afrika, het hulle verskeie Hottentotstamme in die onmiddellike omgewing van die Kaap aangetref, terwyl Boesmans ook tussen hulle en meer noord- en ooswaarts gewoon het. Weens die gebrek aan Blanke vroue in so 'n jong kolonie was dit onvermydelik dat daar 'n mate van vermenging sou plaasvind. Dit was nie alleen die geval tussen Blankes en hulle slavinne nie maar ook, volgens Pretorius (1983 : 1):

*deur die verkeer van Blanke matrose, Kompanjie-soldate op die buiteposte, kwaaddoeners en avonturiers met Hottentotvroue op die uithoeke van die Kolonie en veral in die rigting van Saldanabaai onder die Griekwas.*

Die “oudstes onder die Griekwas” het die geskiedenis van hulle herkoms uit “eie oorkondes en oorlewerings” soos volg aan 'n navorser meegedeel, soos vervat in Van Zyl (1947 : 4):

*Sien Seurgoed, die gaboorte van oens volk waas so. Lank, baie lank, nog voor baas Riebeeckgoed se tyd, haad daar skeepse gakoom doer iewers aan die Kaap see kaant (Saldana). Toe die skeepse noe nabie koom, roep hyse kaptein die Hotentote wat met hele se vroemense daar staan lê keek heet ... neet toe die mane die skeepse aan wal haad, begeen die kanone loesbrand. Hootnoot se keend waat nie die groot galoeid keen nie, spaat berg se kaant toe; die matrose vang daar en daan die vroensgoed en maak fees. Noe ja, daar waas die gaboorte van oense nasiegoed. Die keners had groot geword, anner skeepse se matroos wat gakoom het ... heet heele gasien en vir heele geroep Afrikwas, maar oomdat oense meense nie die woord reg koon praat nie, haad hele heleselwers geroep Agrikwas oof soons oens sê, Griekwas.*

Volgens Halford (s.j. : 6) eindig die name van die Hottentotstamme feitlik almal op “kwa”, wat “die mense”, “seuns” of “manne van” beteken.

### 2.2.1 Die vroegste sendingbearbeiding onder die Hottentotte

Die eerste Hollanders aan die Kaap het die verskillende Hottentotstamme geleidelik aan hulle gesag onderwerp. Kolben, 'n Pruisiese sterre- en natuurkundige, het reeds in 1705 sy waarnemings omtrent die Hottentotte neergeskryf, volgens Halford (s.j. : 12):

*They are by no means stupid and have some sense of God and of religion. I have known many of them understand Dutch, French and Portuguese to a degree of perfection ...*

Halford sê ook dat die Morawiese sendeling Schmidt reeds tussen 1739–42 die Hottentotte bearbei het om die Christelike geloof onder hulle te laat posvat.

### 2.2.2 Adam Kok I, die eerste Griekwaleier

Mettertyd het die nakomelinge van die soms wettige en soms buite-egtelike verbindings tussen Blank en Hottentot na die noordgrens van die Kolonie uitgewyk, waar hulle in twee groepe verdeel het : die groep met oorheersend Hottentotbloed en die Basters, met oorwegend Blanke bloed. Onder leiding van respektiewelik Adam Kok I en Barend Barends het die twee groepe later samehang verkry.

Adam Kok I is in 1710 gebore en was volgens Stow (1905 : 322) 'n slaaf van een van die Nederlandse goewerneurs aan die Kaap. Later het hy sy vryheid as gevolg van goeie gedrag verkry en 'n aantal skape plus 'n plaas by Piketberg is aan hom toegeken. Ross (1976 : 14) sê dat Kok in hierdie area met oorblyfsels van die Chariguriqua in aanraking gekom en met die hoofman se dogter getrou het.

Reeds daar het hy sterk leierseienskappe openbaar. Hy was intellektueel die meerdere van die groep en is as leier van die Hottentotte en Basters wat hulle rondom hom geskaar het, aanvaar en is as sulks deur die Hollandse Goewerment aan die Kaap erken. As simbool van sy gesag is 'n ampstaf aan hom gegee, waardeur hy die titel “Kaptein” verkry het. As 'n groep het hierdie mense geen beswaar gehad teen assimilasië met Blankes nie en het ook ander gekleurdes soos Hottentotte (Khoi) wat op Blanke plase grootgeword en die Blanke lewenswyse in 'n groot mate oorgeneem het, verwelkom in hulle geleedere. Die Presidentsraadsverslag (1983 : 20) berig in hierdie verband:

*Aan die ander kant was hulle geslote teenoor inboorlingstamme wat nie aan hulle standarde voldoen het nie. Mettertyd het hulle al hoe meer die Kaaps-Hollandse taalgebruik oorgeneem maar daaraan 'n eie idioom gegee.*

Na 'n aantal jare het Adam Kok I van Piketberg na die Kamiesberge in Klein-Namakwaland verhuis. Hy was egter jagter en swerwer by uitnemendheid en het sy seun Cornelius I daar agtergelaat om te boer en verder getrek tot oor die Grootrivier (Groot Namakwaland) om later weer terug te trek en hom by Pella te vestig, waar 'n aansienlike getal Hottentotte hulle by sy geleedere gevoeg het.

### 2.2.3 Die ontdekking van Klarwater en Cornelius Kok I se oornama as Kaptein

Reeds tydens sy verblyf by die Kamiesberg het Adam Kok I op een van sy jagtogte die fonteine by Klarwater en ander plekke in die huidige Griekwaland-Wes ontdek. Behalwe vir 'n klompie Boesmans, was dié gebied onbewoond.

Teen 1795 het Adam Kok I steeds naby die Grootrivier gewoon. Hy was oud en het besluit om sy kapteinskap aan sy seun Cornelius I, wat baie invloedryk onder al die stamme was, oor te maak. Weens kontak met die sendelinge en koloniste kon Cornelius lees en skryf en was hy ook redelik beskaafd. Sy leefwyse was soortgelyk aan dié van die grensboere en hy het die agting van sy mense afgedwing. Toe hy ook later by die Gariëp of Grootrivier aankom, het die kern van die toekomstige stam uit die Kokfamilie en hulle Hottentotte-aanhangers bestaan. Van tyd tot tyd het groepies Basters by hulle aangesluit en Cornelius het ook rondswerwende Korannas wat sy pad gekruis het, aan hom onderwerp en by sy eie stam ingelyf.

Barend Barends en die Basters het intussen ook geleidelik noordwaarts beweeg en hulle langs die Grootrivier gevestig. Pretorius (1963 : 4) sê:

*Teen die einde van die agtiende eeu het die Kok- en Barendsstamme vir honderde myle langs die loop van die Oranjerivier verspreid gewoon.*

### 2.2.4 Die eerste sendelinge en die Griekwas

Volgens Pretorius (1963 : 4) het twee sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, Anderson en Kramer, in die jaar 1800 onder die Griekwas begin werk. Volgens hulle was die Baster-Hottentotte nog barbaarse swerwers wat nie geskroom het om te roof en te plunder nie. Hulle het vir vyf jaar saam met die Basters rondgeswerf omdat laasgenoemde geweier het om hulle op 'n bepaalde plek te vestig. Tog het hulle volgens Marais (1968 : 33) vir Cornelius Kok oorgehaal om met hulle volgelingen onder leiding van die sendelinge en met die goedkeuring van die Koloniale Regering langs die reeks natuurlike fonteine wat van Prieskasdrif na Daniëlskuil loop, te vestig. Dit het daartoe gelei dat Klarwater hulle hoofsetel geword het. Halford (s.j. : 32) berig dat die bevolking aldaar saamgestel was uit stamme met verskillende tale en gewoontes en sowel afstammelingen van koloniale Boere as die laagste beskawingsvorm soos verteenwoordig in die Boesman, ingesluit het.

### 2.2.5 Die Baster-Hottentotte aanvaar die benaming “Griekwa”

In 1813 het eerwaarde Campbell, sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, tydens ’n besoek aan Klarwater die Basters oorreed om van naam te verander. Hy het aan hulle verduidelik dat hoewel hulle self trots op die benaming “Baster” was omdat dit dui op hulle Blanke herkoms, die woord vir die Hollandse en Engelse oor tot aanstoot was. Campbell (1815 : 252) het neergeskryf:

*The people in this part, being a mixed race, went by the name of Bastards, but having represented to the principle persons the offensiveness of the word to an English or Dutch ear, resolved to assume some other name. On consulting among themselves, they found the majority were descended from a person of the name ‘Griqua’ ... the whole people likewise resolved that henceforth they should be called Griquas, instead of Bastard Hottentots.*

Terselfdertyd sou Klarwater voortaan Griekwastad genoem word. Campbell het ook met die leiers gepraat oor die noodsaaklikheid daarvan dat daar regulasies opgestel word om die inwoners se lewe en eiendom te beskerm.

### 2.2.6 Cornelius Kok I oorhandig die kapteinskap aan sy seun Adam Kok II

Pretorius (1963 : 9) het gesê:

*Die Koks en Barendse het met verloop van tyd die hoofmanskap as ’n prerogatief van hulle families begin beskou, terwyl die Koks selfs ’n mate van opvolgingsreg erken het.*

Die sendelinge het egter nie die stamhoofskappe begryp nie, of geweier om dit te aanvaar. Hulle het ’n enkele hoof vir die gebied beoog. Die ou kapteins het nie van hierdie sendingoorheersing gehou nie en Cornelius Kok I het besluit om sy seun Adam Kok II (ook Dam Kok genoem) volgens Griekwavorreg as kaptein te Klarwater aan te stel en na die Kamiesberge terug te keer met ’n deel van sy volgelinge, terwyl Barend Barends hom met sy volgelinge op Daniëlskuil gaan vestig het.

### 2.2.7 Die instelling van die kies van hoofde van die Griekwas

Die sendelinge het gevoel dat dit nodig geword het om siviele en goedsienstige sake te skei. Hulle het die aanstelling van Adam Kok II deur sy vader geïgnoreer en die Griekwas gevra

om 'n kaptein te kies wat as siviele magistraat moes dien. Adam Kok II is weer eens deur die volk geskies, maar die Koks was onafhanklik van gees en hy was nie so onderdanig as wat die sendelinge hom wou hê nie. Gevolglik het hulle probeer om van hom ontslae te raak. Hy het Griekwastad met 'n aantal van sy mense verlaat en die regering aan sy oom Adam Kok (Kort Adam) oorgelaat.

### 2.2.8 Die koms van Andries Waterboer

Die sendelinge het besef dat hulle eerste keuse van 'n kaptein 'n mislukking was. Stow (1905 : 368) het afgelei dat hulle dus op die uitkyk was na 'n persoon wat die fondament van hulle idee van 'n Utopia onder hulle eie priesterlike leiding kon lê. So 'n leier was Andries Waterboer.

In 1811 (Halford s.j. : 37) het Andries Waterboer, 'n katkiseermeester van gemengde bloed (sommige beweer van suiwer San- of Boesmanoorsprong) by die sendingstasie op Griekwastad opgedaag. Die Griekwas wat nog op Griekwastad oorgebly het, was rustiger en meer geheg aan die sendingstasie en toe hulle aangepor word om 'n nuwe leier te kies, is Andries Waterboer verkies. Volgens Ross (1976 : 17) was Waterboer 'n tipiese verteenwoordiger van die "nuwe soort Griekwa" en nie verwant aan die ou families nie. Hy was ook nie die keuse van die hele Griekwastam nie, maar net van die inwoners van Griekwastad. 'n Hele aantal Griekwas se harte was nog by die afgesette Adam Kok II en hulle het teen Waterboer rebelleer. Hy was egter 'n sterk figuur en het plundersaars gestraf en aan sy gesag onderwerp en ook baie rondswerwende Korannas, Boesmans en Betsjoeanas by sy volk ingetrek en geabsorbeer. Pretorius (1963 : 18) berig:

*Teen 1825 was die posisie in Griekwaland dat die Griekwas hulle nomadiese leefwyse laat vaar het en hulle by Griekwastad, Campbell en Daniëlskuil gevestig het. Die Griekwas het ook meer welvarend geword en begin om handel te dryf met ander gebiede.*

### 2.2.9 Die eerste Griekwaskole

Volgens die Presidentsraadsverslag (1983 : 26) het waarnemers soos volg oor die toename in die algemene ontwikkelingspeil van die Griekwas verslag gedoen:

*Teen 1836 was daar drie skole op Griekwastad: die grootste een was die 'reading and writing school' waarin kinders én grootmense onderrig ontvang het. Dan was daar die 'infant school' wat volgens die Lancaster-stelsel*

*gefunksioneer het. In die derde skool het diegene wat reeds goed kon lees, onderrig ontvang. Al drie skole het gefloreer. In die gevorderde klasse het die onderrig deur middel van Nederlands en Tswana geskied, terwyl die kleinkinderskool Engels as voertaal gebruik het.*

Volgens Ross (1976 : 17) was die Griekwas gretig om die Christelike geloof aan te neem en met die sendelinge te assosieer omdat hulle daardeur die status kon verkry wat hulle verder suid, waar hulle vandaan gekom het, ontsê is. Hy sê verder dat die Griekwas die Christendom teen 'n merkwaardige tempo aanvaar het en dat die Christendom in 'n sin 'n kenteken van Griekwaskap geword het.

### 2.3. Die verbreking van Griekwa-eenheid en die skeiding van die weë

Dam Kok, die patriargale leier van die Griekwas, het 'n swerwer buite Griekwaland geword. Die jagtersinstink was by hom nog sterk – 'n ruwe groep wat as die “Bergenaars” bekend gestaan het, het by hom aangesluit en hulle het saam uit rooftogte 'n bestaan gevoer.

Die ou Griekwa-eenheid is dus uiteindelik in vier dele verdeel: Waterboer was kaptein in Griekwastad, terwyl Cornelius II (broer van Adam Kok II) die kern van die ou Kokfamilie rondom hom by Campbell (vroeër Knoffelvallei) versamel het. Barend Barends was by Daniëlskuil en Adam Kok II was die leier van die Bergenaars. Laasgenoemde het later met sy faksie na Philippolis getrek, waar hulle begerig was om 'n stabiele en agbare lewe te lei.

#### 2.3.1 Die sendelinge op Philippolis en die vestiging van die Griekwas aldaar

As gevolg van die verwaarlosing van die Griekwagemeenskap en die onverskilligheid van kaptene soos Adam Kok II en Barend Barends het die Griekwagemeenskap in wanorde verval. Nadat Adam Kok II besluit het om vir Campbell aan sy broer Cornelius II oor te laat, het hy as leier van die Bergenaars (waarby ook Korannas en ander loslopendes aangesluit het) 'n doellose swerwersbestaan gevoer. Volgens Halford (s.j. : 49) het Dam Kok II die Vaalrivier oorgesteek, waar dr. Philip hom in 1825 in die vallei van die Modderrivier aangetref het. Adam Kok II het sy oog op Philippolis as hoofkwartier gehad en hy het dr. Philip versoek om hom en sy volgelinge toe te laat om daar te gaan woon.

Philippolis is oorspronklik gekies as sendingstasie vir die hawelose Boesmans, wat reeds oral verdryf is. Hoewel dr. Philip dus toestemming aan die Griekwas verleen het om hulle



daar te vestig, was dit op voorwaarde dat hulle sou help om die sendingstasie en die Boesmans te beskerm. Volgens Legassick (1969 : 663) het dr. Philip hierdeur gepoog om in Transoranje 'n Christelike Griekwarepubliek te vestig. 'n Verdere doelstelling was die geleentheid wat hy gesien het om deur so 'n Christelike Griekwarepubliek Suid-Afrika se eerste nie-Blanke elitegroep te skep.

Adam Kok II en sy volgelinge het in 1825 na Philippolis verhuis. Bosch (1962 : 14) het gesê:

*In Januarie 1826 is hy deur die toenmalige goewerneur van die Kaapkolonie, sir Richard Bourke, as hoof van die Philippolis-Griekwas erken. Op 22 Julie 1826 het Clarke die sendingstasie en die grond wat daartoe behoort het, skriftelik aan die Griekwas oorgemaak.*

Legassick (1969 : 664) wys daarop dat die entoesiasme vir Evangelisasie in hierdie tyd afgeneem het in Engeland en gevolglik het die fondse van die sendinggenootskappe afgeneem. Die Londense Sendinggenootskap het sy ondersteuning aan Khoi-instellings onttrek en hulle eerder beywer om selfonderhoudende kerke te skep. Indien dr. Philip die ontwikkeling van 'n Christelike Griekwarepubliek wou laat slaag, sou dit nodig wees vir die verspreiding van geleerheid en Christelikheid, wat "beskawing" beteken het. Hiervoor wou hy plaaslike "agente" gebruik wat bestaan het uit bekeerde inboorlinge.

Op godsdienstige gebied het die Griekwas vinnig gevorder onder die bearbeiding van die sendelinge wat werksaam was op Philippolis. Binne die bestek van 'n kort tydjie het 'n kerkgeboutjie verrys, wat bewys gelever het dat hulle vatbaar was vir die evangelie. Volgens die sendelinge het daar 'n opvallende ommekeer in die Griekwa se lewenswyse gekom. Hy het die voet op 'n hoër sport van beskawing geplaas en die gemeente het so snel aangewas dat 'n ruimer kerkgebou die brandpunt van die Griekwabeskawing op Philippolis geword het.

### 2.3.2 Die grondlegging van 'n Griekwastaat

Nadat Adam Kok II hom op Philippolis gevestig het, het die Bergenaars (wat hoofsaaklik uit Korannas bestaan het en vir wie die aantrekkingskrag van die swerwerslewe steeds te groot was) hom verlaat. Adam Kok het met slegs 'n klein groepie Griekwas en familieleden agtergebly, maar 'n konstante toevloei van nuwe onderdane uit verskillende oorde het sy posisie versterk. Volgens Halford (s.j. : 67) het die Griekwas wat geweier het om vir Waterboer as kaptein te erken, ook na Philippolis gekom, sowel as Basters uit alle dele van die Kolonie.

Kort na die vestiging van die Griekwas op Philippolis is 'n aanvang gemaak met die bestuursorganisasie van die nuwe Griekwastaatjie. Le Roux (1979 : 2/3–4) verduidelik:

*Dit is tot 'n groot mate op die Blanke model geskoei. Adam Kok met uitgebreide magte, het aan die hoof gestaan. Die Koloniale regering het sy hoofmanskap erken ... Adam Kok is bygestaan deur 'n uitvoerende raad wat uit 'rasegte' Griekwas bestaan het. Hierdie raad het ook beheer oor die finansies gehad. Hendrik Hendriks, skoonseun van Adam Kok, was die sekretaris van die uitvoerende raad. Hy was 'n taamlik ontwikkelde Griekwa ... Die wetgewende mag het by 'n Volksraad berus. Dit het uit twaalf lede bestaan, twee uit elke wyk en het twaalf keer per jaar vergader. Die Volksraad het ook as hooggeregshof opgetree. Dit het siviele en kriminele sake wat nie deur die magistrat onderzoek kon word nie, verhoor. Die regbanke was in die hande van die sogenaamde magistrat ... in die wyke was daar veldkornette.*

Die Griekwas se verblyf op Philippolis het in 'n sterk mate permanensie verkry en die steenhuse wat hulle gebou het, getuig daarvan. Die sogenaamde Karoo Griekwaboustyl het ontwikkel en word vandag gesien in die mooi ou huisies langs die strate van Philippolis. Die huis waarin Adam Kok self sou gewoon het, word tans tot sy oorspronklike vorm gerestoureer. Volgens oorlewering was daar in sy voorkamer 'n ingeboude kassie waarin hy 'n spesiale teestel vir sy Blanke besoekers gehou het. Om sy dorpie teen aanvalle te verdedig, het hy rondom op die koppies forte en kanonstellings ingerig, maar dit het hom weinig gehelp toe die Trekboere geleidelik naderkom en hulle daar gaan vestig het.

### 2.3.3 Die Griekwas se verhouding met die Boesmans en ander volkstamme

Pretorius (1963 : 30) berig:

*Die snelle aanwas van die sogenaamde Griekwabevolking het weldra die verspreiding van hierdie gemengde volk oor 'n groot deel van die Boesmangebied onvermydelik gemaak. Een na die ander fontein is in besit geneem.*

Die Boesmans het hulle teen hierdie indringing verset en ook aanvalle op die Griekwas gedoen. Die Griekwas was egter beter gewapen en het die Boesmans stelselmatig uitgewis in plaas van hulle te beskerm, soos dr. Philip van hulle verwag het. Van die oorwonne Boesmans moes ook vir hulle kom werk. Le Roux (1979 : 2/5) het gesê:

*Die Griekwas van Adam Kok II het nie alleen die voortbestaan van die Boesmans bedreig nie, maar het ook 'n bedreiging vir al die inboorlingstamme in die omgewing van Philippolis geword.*

Hulle het gebots met die Betsjoeanas, Korannas en Basoetoes. Philippolis het dus 'n swaartepunt geword van die Griekwas, hoewel hulle nie 'n homogene groep was nie. Die Presidentsraadsverslag (1983 :25) het bevind:

*Daar was die Kokgesindes, onverbonde (gewese) Bergenaars en reste van die Boesmangroep. In 1827 het Adam Kok II se onderdane bestaan uit 60 Griekwasgesinne en ou ingesetenes (soos die Basters van Bethelsdorp wat daar gewoon het, genoem is), asook 150 Tswana-, 20 Koranna- en ongeveer 30 Sothogesinne.*

#### 2.3.4 Die koms van die Blanke Trekboere

Pretorius (1963 : 40) merk op:

*Waar die Griekwas van Adam Kok II so 'n hoë toon teenoor die ander nie-Blanke rasse aangeslaan het, kan dit verwag word dat hulle optrede teenoor die Blanke Trekboere groot wrywing sou meebring.*

Volgens le Roux (1979 : 2/5) het Trekboere reeds voor 1820 oorkant die Oranjerivier in Transgariëp water en weiding vir hulle vee gaan soek. Aanvanklik was daar skynbaar geen wrywing met die Griekwas nie, maar na 1830 het groot getalle Trekboere hulle in die huidige Suid-Vrystaat gaan vestig en teen 1834 het Adam Kok sowel as die sendelinge begin beseft dat die Griekwas hulle grond sou kwytraak as die Kaapse regering hulle nie teen die indringing beskerm nie.

Volgens Halford (s.j. : 83) was daar in 1834 ongeveer 1 500 Boere aan die oorkant van die rivier, waarvan 700 Boere verskeie maande in die distrik van Philippolis deurgebring het. Hy sê dat hulle nie alleen die weiveld en die koringlande van die Griekwas vernietig het nie, maar ook in sommige gevalle hulle huise beset het.

Omdat hulle groot plase besit het, het die Griekwas begin om grond aan die Boere te verhuur. Die Griekwas was arm en het nie die waarde van grond beseft nie en indien hulle die plase goedkoop aan die Boere sou verkoop, sou hulle dit nie weer kon terugkry nie.

Op aanbeveling van die sendeling op Philippolis het Adam Kok II besluit om 'n persoonlike besoek aan Sir Benjamin D'Urban in Kaapstad te bring, aangesien laasgenoemde bereid was om 'n verdrag met hom te sluit. Adam Kok II is egter op hierdie reis oorlede en daarmee was die toekoms van die Griekwas in Transgariëp in die weegskaal.

### 2.3.5 Adam Kok III word leier van die Griekwas in Philippolis

Adam Kok II se seun Abraham het hom eers as leier opgevolg maar was nie 'n goeie leier nie en sy broer Adam Kok III is in 1837 tot kaptein verkies. Hy het egter 'n aanval deur sy broer Abraham gevrees en Waterboer se hulp gevra. Toe die verwagte aanval wel in 1838 plaasvind, het Adam Kok en Waterboer die oorwinning behaal. Adam Kok III se posisie was hierdeur verswak, want hy sou nou van Waterboer se steun afhanklik wees. Gevolglik het hy 'n verdrag van samewerking en vriendskap met Waterboer gesluit om sy posisie te versterk. Hierdie verdrag was 'n poging tot die federasie van die Griekwa-gebiede, maar hoewel dit 'n poging was om die indringing van die Boere te bekamp, het dit misluk omdat sowel Blank as nie-Blank hulle nie daaraan gesteur het nie. Le Roux (1979 : 2/9) het gesê:

*Die Trekboere, aangevul deur die gelede van die Groot Trek, het die territoriale aansprake van Adam Kok III eenvoudig geïgnoreer en die magistrale jurisdiksie wat hy probeer uitoefen het, het hulle verwerp ... sodat wrywing tussen die Griekwas en die Boere toegeneem het.*

### 2.3.6 Toenemende besitname van grond in Transgariëp deur die Boere

Dit het vir die Koloniale regering duidelik begin word dat hulle nie die Trekboere kon keer om hulle permanent noord van die Oranjerivier te gaan vestig nie. Dit was 'n natuurlike uitbreidingsproses wat aangemoedig is deur die klein bevolkingsdigtheid in daardie gebied. Luitenant Andries Stockenström van die Oostelike Provinsie het die Boere egter gewaarsku dat elkeen wat die Transgariëp binnetrek, hom aan die wette en gesag van die Griekwaregering moes onderwerp, omdat hy die aansprake van die Griekwas op die gebied wat hulle bewoon het, erken het. Omdat die Griekwas se regte op die grond deur verhuring van plase erken is, het hy verhuring ook aangemoedig. Le Roux (1979 : 2/9) berig:

*Om sy posisie te verstewig het Adam Kok III op 13 Maart 1838 'n wet uitgevaardig waarvolgens die Griekwas hulle plase aan die Boere kon verhuur, maar nie verkoop of verruil nie. Baie Griekwas het egter toegegee aan die versoeking om kontant of geskenke vir hulle grond te ontvang en hulle grond aan die Boere verkoop.*

Dit het gelei tot toenemende besitname van grond in Transgariep deur die Boere.

Die Boere wat hulle in 1839 in Transgariep bevind het, kan in twee afsonderlike groepe verdeel word. Daar was die Voortrekkers wat die Kaapkolonie om politieke redes verlaat het en anti-Brits was, en die Trekboere wat Britsgesind was en na die koloniale suide vir steun opgesien het.

### 2.3.7 Die Napierverdrag

In 'n poging om vrede tussen die Boere en die Griekwas te handhaaf, het goewerneur Napier in 1843 'n verdrag met Adam Kok III gesluit. Pretorius (1963 : 76) berig:

*Hiervolgens het Adam Kok nou 'n getroue vriend en bondgenoot van die Kolonie geword. Hy moes onderneem om rus en orde in sy gebied te handhaaf en enige poging om die vrede binne sy gebied te verstoor, onderdruk. Verder moes hy onderneem om die koloniale grens van Ramah tot by Bethulie teen enige vyande te beskerm. Hy sou aan die koloniale outoriteite hulp verleen in die vervolging van misdadigers wat oor die grens in sy gebied gevlug het.*

Indien hy hierdie ooreenkoms nakom, sou Adam Kok geldelike vergoeding, gewere en ammunisie van die Britse regering ontvang. Hy was egter nie tevrede met die verdrag nie en wou hê dat sy grense duidelik omskryf word. Dit is gedoen en deur hierdie verdrag met Adam Kok te sluit, het Napier die onafhanklikheid van die Griekwastaat erken. Teen hierdie tyd was daar egter veel meer Blankes as Griekwas woonagtig in die gebied wat Adam Kok vir sy mense geëis het en die Boere het dit vernederend gevind om hulle aan Kok se jurisdiksie te onderwerp, wat noodwendig tot geweldige botsings sou lei.

In 1844 het die Griekwas en die Britsgeinde Boere op 'n vergadering in Philippolis besluit dat die anti-Brits Boere uit Griekwagebied moes padgee. In Maart 1845 het die gespanne toestand tussen die Boere en die Griekwas skielik tot 'n klimaks ontwikkel. Gevoelens het al hoër geloop totdat daar in April 1845 skermutselings tussen Boer en Griekwa begin plaasvind het. Hoewel Adam Kok vir Waterboer gevra het om hom te

hulp te snel, was hulle nie opgewasse teen die oormag van die Boere nie, wat weer versterkings uit die Kolonie aangevra het.

Die Kaapse goewerneur, Sir Peregrine Maitland, het besef dat 'n sentrale gesag waarheen sowel Blank as nie-Blank hulle kon wend, in die Transgariëp nodig was. Ten einde 'n permanente oplossing vir die grondvraagstuk te vind en Adam Kok III op Philippolis in sy moeilike taak van regshandhawing te sterk, het Maitland in 1845 uit Kaapstad na Transgariëp vertrek waar 'n konferensie met Kok en al die inboorlinghoofde gehou is. 'n Wapenstilstand is gereël, maar tog het daar 'n kort geveg plaasgevind tussen die Boere en die Griekwas. Volgens Pretorius (1963 : 91) is een Griekwa en twee Boere hierin gedood en vyftien Boere gevange geneem. Die verbitterde Boere het na Winburg teruggetrek en so het Adam Kok III die eerste rondte teen die Boere gewen en voorlopig die Griekwastaatjie gered.

### 2.3.8 Die Maitlandverdrag en die verdeling van Griekwagebied in vervreembare en onvervreembare gedeeltes


Le Roux (1979 : 2/12) het gesê:

*Beïnvloeding van die sendeling op Philippolis, eerwaarde Thompson, het uiteindelik gelei tot Maitland se ooreenkoms met Adam Kok III op 19 Februarie 1846, waarkragtens Kok se gebied in 'n vervreembare en onvervreembare gedeelte verdeel is, met 'n Britse resident op Philippolis om as sentrale gesag vir die gebied te dien.*

Volgens hierdie verdrag sou Boere binne die onvervreembare gebied hulle grond na verstryking van die huurkontrak moes verlaat, terwyl Boere wat grond in die gebied gekoop het, dit voortaan slegs vir 40 jaar kon huur. Hieroor was die Boere bitter ontevrede en dit het tot verdere botsings met die Griekwas gelei. Deur die verdrag sou daar egter 'n Griekwareservaat geskep word waarin uitsluitlik Griekwas sou woon en die grond nie verkoopbaar sou wees nie, en hiervoor het Maitland die grond suid van die Rietrivier in gedagte gehad. Vir die vervreembare gedeelte, waarin die Boere wel toegelaat sou word om grond te huur, het hy die gebied tussen die Riet- en Modderriviere beoog (kyk fig. 5).

Na twee mislukte aanstellings het kaptein Warden uiteindelik Britse resident op Philippolis geword, maar kort daarna na Bloemfontein verskuif omdat sy posisie daar meer sentraal sou wees. Die geskille tussen die Boere en die Griekwas kon egter nie opgelos word nie en volgens le Roux (1979 : 2/14) het Warden in 1846 met 'n afdeling van sy Kaapse Korps

asook 'n kanon, 100 Griekwas van Adam Kok en 100 Barolongs opgeruk na Winburg om die opstandige Boere 'n les te leer. Die Boere het oorgegee en die eed van getrouheid afgelê.



**Figuur 5** Grenslyn tussen M.A. Oberholster en Adam Kok (1840) en Maitlandverdrag (1845)

**Bron:** Le Roux (1979 : 2/12a).

Die Boere het egter enige poging van Adam Kok om jurisdiksie oor hulle uit te oefen, teengestaan. Maitland se inmenging tussen die Boere en die Griekwas het tot gevolg gehad dat die nie-Blankes aan die een kant, 'n beroep op die Koloniale regering gedoen het om alle Britse onderdane uit hulle gebiede te verwyder. Aan die ander kant het die Boere die gesag van die nie-Blankes ontken en verlang om die Griekwagebied vir hulself in te palm. Le Roux (1979 : 2/14) berig:

*Die Koloniale regering se beleid was dié van geen inmenging. Inmenging sou slegs verdere finansiële verpligtinge op die skouers van die Imperiale regering laai.*

### 2.3.9 Die Smithverdrag en die verlies van die vervreembare grond deur die Griekwas

Sir Harry Smith het Adam Kok III en sy raad in 1848 in Bloemfontein ontmoet, waar hy aan Kok voorgestel het dat hy sy seggenskap oor die onvervreembare gebied kon behou, maar alle seggenskap oor die vervreembare gebied noord van die Rietrivier moes prysgee. Hoewel Kok heftig protesteer het, is hy tot instemming gedwing om 'n verdrag waarin Sir Harry Smith se voorstelle beliggaam word, te onderteken.

Volgens le Roux (1979 : 2/15) het hierdie verdrag belangrike wysigings op die Maitland-verdrag ingehou. Die Boere moes wel die plase wat van Griekwas gehuur is, verlaat by verstryking van die huurtermyn, maar die Griekwas moes dan die Boere vir geboue en ander verbeterings uitbetaal. Indien nie hieraan voldoen word nie, kon die Boer die plaas behou tot die huurgelde gelyk was aan die waardasie van die verbeterings. Uiteraard kon die Griekwas, wat arm was, egter nie vir sulke verbeterings betaal nie. Voortaan sou Adam Kok as hoof ook 'n vaste bedrag van £200 per jaar aan huurgeld ontvang, en die Griekwas wat die grond verhuur, 'n gesamentlike bedrag van £100, wat hulle onder die eienaars moes verdeel. Ten laaste was die bepaling dat die Griekwas wat hulle grond in die onvervreembare gebied vir 40 jaar aan die Boere verhuur het, dit nou in ewigdurende besit aan die betrokke Boere moes afstaan, omdat Sir Harry Smith van mening was dat die Griekwas nog genoeg grond vir hulle eie behoeftes sou oorhou.

Halford (s.j. : 92) sê dat die Boere uitgegaan het van die standpunt 'Possession is nine parts of the law' en dat waardevolle plase waarvoor die Griekwa-eienaars niks ontvang het nie, in Boerehande geval het.

'n Kommissie is aangestel om grondeise te ondersoek en hulle het meeste van die regte wat die Griekwas nog in die vervreembare gebied gehad het, geïgnoreer. Plase wat



byvoorbeeld vir tydperke korter as 40 jaar verhuur was of selfs gladnie verhuur was nie, is ten gunste van die Boere onteien, waarop die Griekwas op vergoeding moes aandring.

### 2.3.10 Die Oranjerivier-Soewereiniteit en groter materiële voorspoed vir die Griekwas

Op 3 Februarie 1848 het Sir Harry Smith die hele gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere (die huidige Oranje-Vrystaat) as die Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer ten einde die interne vraagstukke makliker te kan oplos. Die republikeinsgesinde Boere het in opstand gekom onder Kommandant-generaal Andries Pretorius, maar is op 29 Augustus 1848 deur Sir Harry Smith en met behulp van 250 Griekwas onder leiding van Adam Kok III en Andries Waterboer, by Boomplaas verslaan. Le Roux (1979 : 2/16) sê:

*Die Griekwas het hulle tydens die geveg goed van hulle taak gekwyt en getoon dat hulle waardige bondgenote van die Britse regering was. Die Soewereiniteit is herstel.*

Volgens Ross (1976 : 56) het die Griekwas saamgewerk met die Britte omdat daar geen ander manier was waarop hulle die aspirasies wat hulle as gemeenskap gekoester het, kon bereik nie.

Teen 1850 was skape en wol van groot belang vir die ekonomie van die Oranje-Vrystaat. Die Griekwas het ook deel gehad aan die produksie en voordele van hierdie ekonomiese groei en het gevolglik 'n duidelike ekonomiese bloeitydperk beleef. Volgens Ross (1976 : 76) is hierdie voorspoed tot materiële voordeel ingespan en het baie van die Griekwas eiendomsreg op hulle plase gehad, goeie huise en buitegeboue aangebring, vrugteboorde, tuine, landerye, goeie klip-veekrale en selfs damme besit. Op die plase was troppe perde, beeste en skape en winkeleienaars het die Griekwas as goeie klandisie beskou.

Ten spyte van hierdie materiële voorspoed het hulle politieke posisie al meer agteruitgegaan en dit het begin lyk asof die Griekwa-kapteinskaps van Philippolis hom nie meer as onafhanklike entiteit sou kon handhaaf nie.

### 2.3.11 Die Bloemfonteinkonvensie

Hoewel Kok by twee geleenthede die Engelse teen die Boere help geg het, sê Ross (1976 : 90) dat die Boere met die Engelse bevriend geraak het sodat hulle van ammunisie voorsien is en die Griekwas in die steek gelaat is – hulle is nie meer toegelaat om ammunisie, waarmee hulle hulself moes verdedig, te verkry nie.

Op 23 Februarie 1854 het Sir George Clerk die Bloemfonteinkonvensie met die Boere gesluit, waardeur 'n nuwe staat, naamlik die Republiek van die Oranje-Vrystaat, tot stand gekom het. Hier het Clerk reeds tot 'n geheime ooreenkoms met die Boere geraak, naamlik dat alle gronde wat aan Boere in die onvervreembare gebied verkoop of verhuur was, onmiddellik onder jurisdiksie van die Oranje-Vrystaat geval het. Le Roux (1979 : 2/18) merk op:

*Op hierdie agterbakse wyse is die Maitlandverdrag van 1846 deur Britse agente gekanselleer sonder die medegoedkeuring van Adam Kok III.*

### 2.3.12 Die Griekwas begin hulle grond verkoop en oorweeg dit om te trek

Die geskille tussen Boere en Griekwas het altyd oor grond gegaan. Baie van die Griekwas het hulle grond verkoop al het hulle wette dit verbied, omdat hulle van mening was dat die wette nie staande sou bly teen die druk wat deur die Oranje-Vrystaatse gemeenskap op hulle uitgeoefen is nie. Volgens Ross (1976 : 92) het Kok begin voel dat hy nie alleen teen die verkoop van die plase was nie, maar ook deur 'n deel van sy eie mense verraai is, sodat hy gevoel het hy is omring van vyande. Dit het hom bedruk en moeg gelaat en uit radeloosheid het hy dit selfs begin oorweeg om alles prys te gee en sy land te verlaat. Le Roux (1979 : 2/19) stel dit so:

*Die Griekwas van Adam Kok III het al meer besef dat hulle in Transoranje nie meer 'n bestaan kon maak nie. In 1860 het die Griekwas nog 'n halfmiljoen akker grond daar besit, maar die Vrystaatse Republiek was besig om hulle gebied teen 'n vinnige tempo in te palm. Ten spyte van al hulle vertoë tot die Koloniale regering van Sir George Grey, die Imperiale regering en die Vrystaatse regering, het hulle vraagstukke onopgelos gebly. Onder hierdie omstandighede was daar vir hulle net een uitweg – hulle moes weer trek en hulle grond aan die Vrystaat verkoop.*

Sommige van die Griekwas wou weer terug na Campbell gaan en 'n paar na Namakwaland. Sir George Grey het egter vir Niemandslan (nou Griekwaland-Oos) wat tussen Pondoland en Natal en oos van die Drakensberge geleë was, aanbeveel en meeste van die Griekwas het hiermee ingestem.

Die Vrystaatse Republiek het die “staat binne 'n staat”-situasie onbestaanbaar gevind en daarop aangedring dat die Griekwastaatjie so gou moontlik moes verdwyn. In 1860 is 'n ooreenkoms met President M.W. Pretorius aangegaan waarvolgens die Vrystaatse regering

die oorblywende Griekwagronde moes koop. 'n Griekwalid, ene Harvey, het as agent opgetree en volgens Marais (1968 : 60) is daar 'n akte opgestel waarin Adam Kok III al sy soewereine regte en al sy onvervreembare grond aan die Oranje-Vrystaat seeder het vir £4 000. Volgens Halford (s.j. : 98) het die slim bewoording van hierdie akte gelui dat dit ook die grond wat Adam Kok III van Cornelius Kok II ontvang het, naamlik die Campbell- en Boetsapgronde, insluit. Oënskynlik was dit nie 'n baie belangrike toevoeging nie, maar toe diamante agt jaar later op die walle van die Vaalrivier ontdek is, was dit wel baie betekenisvol. Waterboer het naamlik verklaar dat die diamanthoudende grond binne sy gebied lê, terwyl die Oranje-Vrystaat dit ontken het omdat dit in Adam Kok III se gebied was wat nou aan die regering behoort het.

#### 2.4 Die Griekwa-afvaardiging na Niemandland en die Groot Trek

'n Verkenningsekspedisie onder leiding van Adam Kok III en bestaande uit meer as 100 man het reeds in 1859 na Niemandland gegaan om die moontlikhede van die gebied te ondersoek en 'n geskikte trekroete oor die Drakensberge te vind. Hulle het dit 'n yl-bevolkte landstreek gevind, groen en vrugbaar en waterryk en dit het hulle gunstig beïndruk sodat die afgevaardigdes met nuwe hoop op 'n toekoms vir die Griekwas vervul is.

Adam Kok het eers 'n laaste besoek aan Kaapstad gebring, waar hy deur die Goewerneur oorgehaal is om drie ou skepskanonne te koop, wat hy op skotskarre laat monteer het. Dit sou die Bantoes met vrees vervul en op 'n afstand hou en sou saam op die trek geneem word. (Dieselfde kanonne is vandag steeds in Kokstad te sien). Die Griekwas van Adam Kok, wat die eerste Kleurlinggroep in Suid-Afrika was om 'n outonome, demokratiese staatsvorm te verkry, moes nou Philippolis verlaat en 'n nuwe heenkome vind.

Volgens Ross (1976 : 94) was die Griekwatrek van 1861–2 nie baie groot nie, maar tog skouspelagtig. Verskeie bronne meen dat ongeveer 2 000 Griekwas die trek meegemaak het. Marais (1968 : 60) sê egter dat 3 000 mense getrek het en dat dit volgelingen van Cornelius Kok te Campbell ingesluit het, asook heelwat Swartmense uit verskillende stamme, terwyl groot- en kleinvee meer as 20 000 getel het. Volgens Ross (1976 : 99–100) was die besluit om te trek egter nie eenparig nie. Hy skryf dat minstens een gebly het en saam met die Boere teen Mosoes geveg het in 1865. Ander het weswaarts na Namakwaland gegaan, waar Jan Jonker Afrikaner van die aankomelinge in sy raad gehad het teen 1865. Baie ander het in Griekwaland-Wes aangebly op die plase van die Griekwas wat 35 jaar vroeër die kapteinskap in Philippolis gaan vestig het. Diegene wat die verskuiwing kon bekostig het egter ooswaarts oor die Drakensberge getrek. Voorbereidings vir die trek het egter 'n jaar geneem. Die Griekwas het goeie pryse vir hulle plase gekry,

maar die eerste paaielemente was gewoonlik goedere soos osse, skape en waens en nie baie het sekuriteit gehad vir die latere paaielemente nie. 'n Ooreenkoms moes ook met die Britse goewerment getref word omtrent die presiese grense van die land waarheen hulle wou trek en die status wat die Griekwas daar sou hê.

Sir George Grey het toestemming aan die Griekwas verleen om hulle in Niemandland te gaan vestig mits hulle gaan as Britse onderdane. Volgens Ross (1976 : 101) was dit sy plan om die Griekwas te gebruik om beheer oor die hele Transkei te verkry. Hulle was goed gewapen en kon hulle man staan in skermutselings met die Bantoes. Verder het hy beklemtoon dat hulle volgens Europese beginsels geboer het en die land sou skoonmaak, sodat Blankes mettertyd die grond kon opkoop – die Griekwas kon dan weer trek! Die Griekwas wou egter nie hulle onafhanklikheid in die weegskaal stel deur as Britse onderdane deur Britse gebied te trek nie, en wou ook nie aan andere weidings- en waterregte betaal nie. Gevolglik het hulle besluit om met die ongeveer 300 waens oor die kruin van die Drakensberg te trek (kyk fig. 6).


Mnr. Paulsen\* van Kokstad het in 'n onderhoud (1983) gesê dat Adam Kok nie die erkende roete oor die Drakensberge, naamlik oor Harrismith, wou volg nie omdat hy dit dan as Britse onderdaan sou moes doen. Hy wou onafhanklik bly en het sy eie roete deur Basoetoeland gekies (kyk fig. 6). Daar is nooit óm 'n berg getrek nie maar altyd daaróór en Berg Vyftig (Mount Currie) het sy naam gekry omdat dit die vyftigste berg was waaroor die Griekwas getrek het. Ross (1976 : 94) sê dat die Griekwas ossewaens en donkiekarre gebruik het en self 'n pad oopgekap het oor die hoë bergrug – 'n kordaatstuk wat as 'n merkwaardige ingenieursprestasie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou kan word. Die pas oor Ongeluksnek is 'n getuigskrif vir die Griekwas se kundigheid en uithouvermoë. Tog het hulle deurgedruk, omdat hulle volgens Ross (1976 : 94) 'n plek gesoek het waar hulle nie meer slegs “volk” of “skepsels” sou wees nie, maar weer “mense” kon word.

#### 2.4.1 Probleme op die trek

Tydens die Griekwatrek, wat twee jaar geduur het, het daar 'n strawwe droogte geheers en die Griekwas het geweldige veeverliese gely. Boonop het die Basoetoes strooptogte op hulle uitgevoer en hulle beeste en perde gesteel, terwyl die Boesmans ook hulle tol geëis het. Ross (1976 : 103) vertel dat een groep onder leiding van “Ganga” Jan Pienaar besluit het om die noordelike roete oor die Drakensberge te neem, deur Witsieshoek en

---

\*Voorsitter van die Baanbrekersraad van die Griekwas



Figuur 6 Roete van Griekwatrek vanaf Philippolis na Kokstad

Bron: Dower (1902 : 95).

Natal, wat die hoofgroep 'n aantal nuttige vegsmanne ontnem het. Die res het met behulp van pik, hamer, bore, kruut en lont 'n begaanbare pad oor die berg en deur die gevaarlike pas by Ongeluksnek gemaak. Talle waens is vernietig, sodat die Griekwas in die loop van hulle tweejaar trek 'n verarmde en gedemoraliseerde volk geword het.

Tydens die televisieprogram "Niemandland" wat op 18 September 1984 gebeeldsend is, het mnr. Paulsen van Kokstad die volgende oor die trek gesê:

*Dit is die grootste trek – die Kaptein het met oor die 300 ossewaens getrek, met oor die 20 000 vee en 2 000 burgers, vroue en kinders ... op pad was dit droewig, hartseerlik ... op hierdie trek was dood en siekte, beeste is dood, daar was nie 'n enkele minuut op daardie trek wat die Griekwas nie deur swaarteheid geteister is nie. Sommige wou teruggaan of padgee ... dit spreek groot van Kok as leier – mense wat wou terugdraai van die trek af, het hulle straf*

*verduur op die hardste en strengste. Die straf wat die Kaptein uitgemeet het, was met die sambok ... die waens se wiele was vasgebind, toue en pale was aangesit, die bees was agter vasgemaak en so was die waens toegelaat om meestal af te gly, met al die mannekrag wat nodig is om af te gly. So het wa vir wa Ongeluksnek afgekom. Baie het verongeluk of is dood – daarvandaan die naam Ongeluksnek. Baie waens het gebreek en is agtergelaat. Daar lê vandag nog van daardie stukkende waens en wiele en die Basoetoes het vir jare die yster gebruik.*

#### 2.4.2 Die vestiging van die Griekwakerk in Niemandland

Die laaste Griekwas het Transgariëp in 1862 verlaat. Volgens Pretorius (1963 : 219) het die agent Harvey op 15 Augustus 1862 namens Adam Kok III en onder volle outoriteit, die Griekwagronde aan die Vrystaat afgestaan. Gevolglik het die Griekwawet en die “staat binne ’n staat” in Transgariëp opgehou om te bestaan. Philippolis is as Vrystaatse dorp geproklameer en Harvey het volgens Le Roux (1979 : 2/21) die pastorie en kerk aan die nuwe kerkraad van Philippolis vir R3 961 verkoop.

Voor hulle trek na Niemandland het die Griekwagemeenskap jaarliks vrywillig R1 000 – R1 200 ter bevordering van die sending en onderwys in Transgariëp bygedra en het die sendeling en hoofonderwyser in Philippolis, asook die onderwysers in die res van Transgariëp, self betaal.

Tydens die trek na Niemandland het die Griekwas ’n jaar lank met die toestemming van die Basoetoes by Hangklip oorgestaan waar hulle ’n tydelike kerkie opgerig het. Volgens Ross (1976 : 106) het die Griekwakerk ook effektief funksioneer tydens die trekperiode, hoewel daar nie altyd ’n predikant beskikbaar was nie. In die moeilike dae ná die trek was die kerk ook een van die belangrikste sentripetale kragte wat die Griekwagemeenskap bymekaar gehou het. Aanvanklik het die laer by Mount Currie as kerk diens gedoen. Halford (s.j. 103) sê dat die Trekkers naby Mount Currie tot rus gekom en voorlopige tuistes daar gebou het. In die middel was ’n lang, smal gebou, ongeveer 8 voet hoog, met soomure en grassdak en glaslose vensteropeninge. Dit moes dien as vesting, vergaderplek en dagskool, maar het ook dikwels diens gedoen as kraal vir bokke. Daar is ook hierin aanbid tydens 1862–69, en die gebou is as primitiewe fort versterk met hoekbastione en skietgate en die drie kanonne op geskikte plekke. Daar was ook ’n ondergrondse magasyn wat streng bewaak is. (Kyk ook skets van laager of fort, fig. 3).

Van Zyl (1947 : 170–171) het die volgende oor die Griekwakerk gesê:

*Die Griekwakerk was beroemd in die sendinggeskiedenis en onder andere was Livingstone een van hul baie beroemde sendelinge. Olive Schreiner en haar broer, 'n eerste minister van die Kaapkolonie, was kinders van 'n ~~ou~~ sendeling van die Griekwas. Dit was onder leiding van hierdie manne dat 'n poging aangewend is om by 'n Afrikaanse ras 'n Europese regeringstelsel tot stand te bring. Dit was ongetwyfeld ook aan die invloed van die Blanke sendelinge toe te skryf dat die Griekwas 'n wet aangeneem het wat die verkoop van Griekwaplase aan nie-Griekwaburgers verbied het.*

Halford (s.j. : 111) sê dat hoewel die Griekwas die kerk, pastorie en skool en ander kerkeiendomme in Philippolis verkoop het, hulle slegs sowat £500 kontant ontvang het. Die res was onder verband en sou oorbetal word sodra hulle hulle nuwe tuiste bereik. Halford sê verder dat verskeie faktore soos oneerlike transaksies en manipulasie van agente daartoe bygedra het dat slegs ongeveer £1 340 van die verskuldigde geld, ná litigasie, in 1874 aan die Griekwas betaal is.

In Niemandslan was die Griekwakerk vir sewe jaar herderloos, hoewel Wesleyaanse sendelinge hulle soms besoek het om dienste te hou en noodsaaklike seremonies waar te neem. Eerwaarde Dower het Niemandslan in 1869 besoek en besluit om aan te bly en onder die Griekwas te arbei. Sy voorwaarde was egter dat hulle die bestaande “laager” moes verlaat en 'n nuwe dorp bou (Halford s.j. : 113).

#### 2.4.3 Die Griekwas word weer grondeienaars

Die land waarheen die Griekwas in 1861 sou trek, is soos volg in die Presidentsraadsverslag (1983 : 42) beskryf:

*Niemandslan was destyds 'n dunbevolkte grasvlaktewêreld wat volgens Adam Kok III se raadgewers geskik sou wees vir groot- en kleinvee en vir die kweek van 'n verskeidenheid landbouprodukte soos graan, mielies, groente en vrugte. Daar was ook inheemse houtbosse en 'n oorvloed groot- en kleinwild. Tog was die oorgrote meerderheid van die Griekwas van die begin af negatief ingestel teenoor hul nuwe tuiste en sy potensiaal. Daar was te veel grasvlaktes, 'n te hoë reënval, te koue winters, te groot afstande na die markte, te veel 'parmantige kaffers', ensovoorts. Miskien was dit die werklike rede waarom hulle nie hul gratis verkreeë plase na waarde geskat het nie en dit later so maklik vir 'n appel en 'n ei verkwansel het.*

Volgens van Zyl (1947 : 172) het die Koloniale regering van die Kaap op 1 Augustus 1860 die voorwaardes vir nedersetting van die Griekwas in Niemandslan neergelê:

Kaptein Adam Kok III moes die grond wat aan hulle toegesê is, onder die Griekwas verdeel. Hy moes aangestel word as vrederegter en voortgaan om sy volk volgens hulle bestaande wette en regulasies te beheer. Die eienaars van die plase moes slegs die opmetingskoste van die plase, wat hulle gratis ontvang het, betaal, waarna grondbriewe wat die besitreg van elke plaas aan die besitter waarborg, uitgereik sou word.

Van Zyl sê verder dat daar aanvullend 'n bedrag van ongeveer £5 per plaas betaalbaar was as erfpag. Die ingesamelde geld sou uitsluitlik aan die administrasie en verbetering van die gebied bestee word. Die mening bestaan dat die ontwikkeling vanaf die primitiewe tot die beskaafde alleen deur stadige ontwikkeling onder deskundige leiding sou kon geskied en dat die Griekwas se raadgewers te haastig was. Die Griekwas het nog nie die vermoë en die mag gehad om die Blanke instellings toe te pas nie, maar het tog gepoog om Blanke gebruike na te streef (Van Zyl, 1947 : 173).

Volgens Ross (1976 : 104) het die Griekwas laer getrek op die hange van Mount Currie, 5 km noord van die hedendaagse Kokstad. Hulle het nege jaar daar gebly en die waens is mettertyd deur semi-permanente hutte vervang. Hulle was egter aan droogtegeteisterde gebiede gewoon en het instinkmatig hulle vee na die waterryke valleie geneem, waar siektes egter onder die vee gefloreer en hulle afgemaai het. Die suurveld was ook oneetbaar in die winter, wat baie kouer was as waaraan hulle gewoon was. Hierdie probleme het die kuddes sodanig verklein dat weinig van die Griekwas se vroeë rykdom oorgebly het. Dit het hulle bedruk gelaat sodat baie van hulle hulle toevlug tot drank begin neem het – 'n teken van individuele en sosiale ineenstorting.

Die trek vanaf Mount Currie na Kokstad het in 1872 plaasgevind (Halford s.j. : 116). Erwe is daar gratis aan die Griekwas gebied, met slegs 'n jaarlikse bedrag van 5/- as huurgeld betaalbaar. X

Kaptein Nicolas Waterboer was teen daardie tyd ook in Kokstad, omdat die ontdekking van diamante in Griekwaland-Wes eenklaps van hom 'n belangrike man gemaak het. Halford (s.j. : 116) sê dat fortuinsoekers van oraloor hom aanhoudend lastig geval het sodat hy feitlik nie kon rus of slaap nie. Al die eise en dreigemente van die diamantjagters, asook die verantwoordelikhede wat hy as regent moes dra, het hom laat knak, sodat hy sy land met al die regte daaraan verbonde aan die Hoëkommissaris oorhandig het. Daarna het die gesaghebbendes van die Oranje-Vrystaat en die Transvaalse amptenare hom



so lastig geval oor bakens, grense, konsessies, verkope, traktate en beloftes, dat hy ongemerk oor die berge verdwyn het na Niemandslan. Hy kon mooi houtwerk doen en het sy gereedskap met hom saamgeneem. So het dit gekom dat die Griekwahoof, wie se naam so prominent in die annale van Griekwalan-Wes verskyn, rus van sy sorge gevind het deur die huis van sy skoonvader (Adam Kok III) in Griekwalan-Oos te bou.

#### 2.4.4 Die Griekwagemeenskap toon weer tekens van herstel en Kokstad neem vorm aan

Die mislukking van sy ideale het selfs vir Adam Kok III tydelik sy toevlug tot drank laat neem, sodat hy sy pligte in die hande van sy neef, Adam 'Eta' Kok en die veldkommandant, Isaac Read, gelaat het (Ross 1976 : 105). Alles het egter nie gedisintegreer nie. Handelaars wat die gebied begin binnekom het, het die Griekwas voorsien van goedere wat kenmerkend van beskaafde mense was. Teen 1868 het die Griekwagemeenskap tekens van herstel getoon en het Adam Kok ook sy melankolie oorkom. Hulle regering is herorganiseer en die vee het aan die veld gewoon begin raak, sodat die Griekwas geleidelik meer voorspoedig begin raak het. Hulle was hoër as die Swart stamme waartussen hulle geleef het, sodat die droom van aristokrate bo 'n bediendegemeenskap te wees, vervul is.

Halford (s.j. : 125) sê dat die karakteristieke eienskappe van 'n Griekwa in dié tyd soos volg opgesom is: 'n uitstekende perderuiter, 'n goeie skut, grootgemaak in die onverskrokkenheid van die natuur, verbasend selfversekerd, heerssugtig, hoogmoedig, waardig, trots en met min geldelike of ander aardse middele.

Heelparty geboue is deur die Griekwas op Kokstad opgerig, onder meer Adam Kok III se "paleis", 'n kerkgebou, pastorie, kerkskool, administrasiegebou en 'n aantal private wonings. Teen 1878 was daar nagenoeg 200 huise (Presidentsraadsverslag 1983 : 43). Die indrukwekkende kerkgebou word vandag nog deur die Griekwas as hulle heel waardevolste kleinood beskou.

Op Kokstad het die administrasie die tradisionele Griekwapatroon gevolg, met die kaptein as onbetwisbare hooffiguur. In sy artikel in *African studies* bevestig Ross (1974 : 31) dit wanneer hy sê:

*The constitution of 1870, the most complete statement of Griqua governmental ideals, merely described the Kaptyn as 'the highest power in Griqualan'.*

Die Presidentsraadsverslag (1983 : 43–44) lig die administrasie in Griekwaland-Oos in die tyd van Adam Kok III verder toe:

*'n Griekwawet van 1871 het egter die kapteinskap in 'n erflike hoedanigheid verander. Dan was daar 'n uitvoerende raad van vier lede, later uitgebrei tot agt wat in 1865 ingestel is. Die raad moes toesig hou oor die hele administrasie, belastings invorder en dit bestee, beheer uitoefen oor die handel in wapens en ammunisie en oor paaie, brûe, ensovoorts, as 'n appèlhof dien, en die kaptein oor belangrike staatsake adviseer. Derdens was daar 'n volksraad met twaalf lede, gekies vir 'n tydperk van drie jaar deur alle burgers van 20 jaar en ouer. Die volksraad het beheer uitgeoefen oor finansies en grond. Dan was daar nog die veldkornette. Hollands was die amptelike skryftaal, maar van 1870 af is Engels in toenemende mate gebruik.*

#### 2.4.5 Die anneksasie van Griekwaland-Oos

Behalwe vir die heel behoefdiges het elke Griekwagesin 'n plaas in Griekwaland-Oos ontvang – die Presidentsraadsverslag (1983 : 43) sê dat Adam Kok III tot sy dood 345 plase aan sy mense uitgedeel het – wat hy nie aan 'n Blanke mag verkoop het sonder toestemming van die Griekwas se wetgewende raad nie. Volgens Marais (1968 : 72) is hierdie wet egter in 1874 herroep, wat dit daarna moeilik gemaak het om die Griekwas, wat in wese 'n jagtersvolk was wat gewoon was om rond te trek, op hulle plase te hou.

Weens die onrus in Niemandland en voortdurende petisies deur verskeie Bantoe-opperhoofde om Britse beskerming, het die Kommissaris, Sir Henry Barkly, aanbeveel dat Niemandland onder die direkte gesag van Britse magistrate moes staan. Die aanstelling van Orpen in 1874 as Britse resident wat voortaan aan die hoof van die landsbestuur sou staan, het gelei tot konsternasie onder die Griekwas. Hulle het volgehou dat hulle 'n vry en onafhanklike volk was en wou nie die Britse gesag oor hulle, soos vervat in Sir George Grey se vestigingsvoorwaardes, erken nie. Orpen moes die oë, ore en mondstuk van die omliggende stamme in die Transkei wees en hy was uit die staanspoor bevooroordeeld jeëns die Griekwas (Halford s.j. : 130). Hy was ten gunste van die anneksasie van Niemandland, wat hy as 'n toevlugsoord vir ontevredenes gesien het en sy verslae aan die Regering het direk gelei tot anneksasie in 1874, (hoewel dit eers effektief vanaf 1879 funksioneer het) en wat die Griekwas finaal hulle onafhanklikheid ontnem het.

Volgens Knoll (1935 : 78) was dit moontlik dat die anneksasie van Griekwaland-Oos met die entoesiastiese steun van die Griekwas kon geskied het indien die Britte die gevoelens

en aard van die Griekwas in ag geneem het. Hulle het tyd nodig gehad om die saak te oordink en te bespreek en dit is hulle nie gegun nie. Hulle was baie trots op hulle onafhanklikheid en die tien jaar van selfregering in Griekwaland-Oos het 'n gevoel van eiewaarde by hulle geskep. Dit was dus nie aangenaam om skielik daarvan beroof te word nie – tog kon hulle moontlik met takt en geduld langsamerhand daartoe oorgehaal gewees het.

Halford (s.j. : 130) sê dat daar na die anneksasie vir 'n tyd weinig verskil in die metode van regering in Griekwaland-Oos te bespeur was. Adam Kok III is egter onthef van sy verantwoordelikhede as hoofman maar sou sy titel behou en 'n salaris betaal word. Hy het egter nie meer die reg gehad om plase en dorpsere toe te ken nie.

Stories het die rondte begin doen dat die Griekwas swaar belas gaan word; elke dier of eiendom in hulle besit sou belas word, en uiteindelik sou al die Griekwas in lokasies geplaas word. Die *sensus* wat Orpen gelas het en wat mense, vee, waens, vrugtebome ensovoorts sou insluit, het verder tot die ontevredenheid van die Griekwas bygedra. Die ontstoke Griekwas het hulle plase, dorpsere en selfs hulle regte om sulke eiendomme te bekom, verkoop. Volgens Halford (s.j. : 142) was die helfte van die Griekwaplase drie jaar na die anneksasie reeds verkoop en soms slegs geruil vir 'n wa en osse, 'n sak sout of 'n kis jenever.

Die Griekwas het nie besef dat hulle saam met hulle plase ook hulle reg om die regering van die land te beïnvloed, verkoop het nie. Hierdie reg is deur die Blankes saam met die grond oorgeneem (Knoll 1935 : 85).

#### 2.4.6 Die dood van Adam Kok III

Op 30 Desember 1875 is Adam Kok III dood en daar bestaan vandag meningsverskille of hy op natuurlike of onnatuurlike wyse aan sy einde gekom het. Omdat hy geen kinders van sy eie gehad het nie, kon die kapteinskap ingevolge die besluit van 1871 nie voortgesit word nie. Op sy begrafnis, wat op Nuwejaarsdag gehou is, het sy neef Adam "Eta" Kok hulde aan hom gebring. Volgens Saunders (1979 : 125) het hy gesê dat hulle 'n bekende en geliefde man in daardie graf ter ruste gelê het. Hy was die laaste van sy ras – ná hom sou daar nie weer 'n Gekleurde koning of hoofman in Koloniale Suid-Afrika wees nie ... hulle sou nie weer in die graf van 'n ander hoofman van hulle ras kyk nie. Besef hulle dat hulle nasionaliteit daar begrawe lê? Hy het gevra dat almal huis toe moes gaan om in die geheim en in stilte te gaan treur.

In die geskiedenis van die Griekwas het Adam Kok III 'n leidende rol gespeel. Hy het onder uiters moeilike omstandighede probeer om die Griekwastaatjie in Transgariep in stand te hou. Vanweë magte buite sy beheer sou hy egter nie daarin slaag nie.

#### 2.4.7 Die Griekwarebellie

In 1878 het 'n geskil tussen die owerhede en Adam "Muis" Kok, 'n familielid van Adam Kok III, daartoe gelei dat Adam "Muis" 'n aantal Pondo's oorreed het om sy saak te steun en op te mars na Kokstad. Smith Pommer, 'n onverskrokke Hottentot oorspronklik uit die Katriviervallei wat ná 'n onderdrukte opstand aldaar na Niemandslan gevlug het, het met sy gevolg by die Griekwas aangesluit en die leier van die Griekwa-opstand teen die Kaapse regering geword.

Kaptein Blyth is as Resident na Kokstad gestuur om die onrus te laat bedaar maar volgens Ross (1976 : 130) het sy hooghartigheid die teenoorgestelde uitwerking gehad. Die gefrustreerde Griekwas het hulle toevlug tot gewapende opstand geneem. Die rebellie is egter spoedig deur die Britse troepe onderdruk en in die skermutselings het enkele Griekwas gesneuwel, waaronder die rebelleleier, Smith Pommer, en ook Adam "Muis" Kok getel het. Die res het oorgegee en ongeveer honderd-en-dertig Griekwas is na Kaapstad gestuur om daar op 'n aanklag van hoogverraad verhoor te word. Hulle is egter losgelaat omdat die hof bevind het dat die aangeklaagdes nie verhoor kon word nie omdat hulle moontlik nie Britse onderdane was nie, maar wel burgers van 'n semi-onafhanklike staat waarvoor die Kaapse regering geen jurisdiksie kon uitoefen nie (Dower 1902 : 97–102). Nogtans is hulle by hulle aankoms op Kokstad in die tronk gesit, wat daartoe gelei het dat die Griekwas nog baie jare daarna verbitterd jeëns die Britse owerheid was.

Volgens die Presidentsraadsverslag (1983 : 46) is hierna besluit om Griekwaland-Oos by die Kaapkolonie in te lyf en so alle onsekerheid oor die status van dié gebied uit die weg te ruim. Die inlywing het op 17 September 1879 plaasgevind.

#### 2.4.8 Die verval van die Griekwagemeenskap

Ná hierdie gebeure het die Griekwagemeenskap begin disintegreer omdat die saambindende faktor wat die families bymekaar gehou het, gebaseer was op hulle onafhanklikheid en op die voordele en selfrespek wat dit aan hulle gegee het (Ross 1976 : 132). In die voorafgaande jare het die Griekwas 'n samehorigheidssin ontwikkel uit konflikte met hulle bure, hetsy Boer of Brit, en dit was sterk genoeg om hulle staande te hou gedurende die trek oor die Drakensberge. Dit het hulle ook in staat gestel om Niemandslan suksesvol

te beset, maar verlies van hulle onafhanklikheid as gevolg van die anneksasie het die basis van samehorigheid laat verdwyn en die gemeenskap laat disintegreer. Die Genootskap Vrijstatia Association se Nuusbrief van November 1981 berig soos volg:

*Soos die Voortrekkers het hulle die Drakensberge met wa en osse oorgetrek om 'n ruwe wêreld te gaan tem en vir mens en dier bewoonbaar te maak. Hulle was Christen-pioniers.*

Na die oornam van administrasie in 1874 het die Griekwas die reg verkry om hulle plase te verkoop aan nie-Griekwas, 'n vergunning wat Adam Kok III nie wou maak nie. Veral na die mislukte Griekwarebellie was daar 'n vlaag van grondverkope en teen 1926 was daar nog net 15 plase in Griekwabesit (Presidentsraadsverslag 1983 : 46). Sonder eie grond het die Griekwas in ekonomiese en geestelike ellende verval.

## 2.5 “Die dood van 'n nasie”

Om feitlik gelyktydig hulle onafhanklikheid en hulle regerende kaptein te verloor, was vir die Griekwas 'n swaar slag. Die volgende woorde, geskryf deur 'n anonieme Griekwa (GM 1 : 10) is in 'n ongepubliseerde manuskrip gevind:

*Om te lewe sonder hoop is om te dood sonder God. Kan 'n liggaam sonder kop bestaan? ... Kan 'n volk sonder Godsdienstigheid vorder? ... Nooit ... so gaan ongeveer 13 jaar om, so vind ons die Griekwas 'n wandelende volkie; 'n nasie sonder hoop, 'n klompie mense waarvoor lewe nutteloos voorkom, wat al begint verkaffir, 'n klompie wat lewe net omdat hulle asem haal, wat al drank-sugte word, met wanhoop gevul, hul Godsdien al verlaat en uitheemse gewoontes aankleef ... so vind ons die Griekwas in die jare ongeveer 1890–1894 te Kokstad en omgewing. Asook in die Griekwaland-Wes, het die Waterboers tou opgegooi en selfde omstandigheid vind daar plaas.*

Die Griekwas het hulleself dus as “dood” gesien, sodat die weg voorberei was vir die “volksredder” Andrew Abraham Stockenström le Fleur I, ook genoem “die Hervormer”, “die Hoof, of Opperhoof”, en veral “die Kneg”.

### 2.5.1 Oorsprong en geboorte van A.A.S. le Fleur I

*(Andrew Abraham se vases)*

Abraham le Fleur was 'n Gekleurde wat in 1826 op Uitenhage gebore is en later na Griekwaland-Wes verhuis het: Die Presidentsraadsverslag (1983 : 47) sê:

*Abraham was 'n lid van die kommissie wat in 1859 'Niemandslan' gaan inspekteer het. Hy moes egter eers teen ongeveer 1884 na Griekwaland-Oos getrek het.*

Volgens 'n anonieme Griekwaskrywer was Abraham le Fleur, vader van die Kneg, in sy lewe as lyfwag in diens van Sir Andries Stockenström, Luitenant-Generaal van die Oostelike Provinsie. Sy tweede seun, gebore in 1867, is na beide sy vader en die Goewerneur vernoem, naamlik Andrew Abraham Stockenström le Fleur en die verwagting is gekoester dat hierdie seun 'n besondere rol sou vervul wanneer hy grootword (GM 2 : 9). Hy het 'n redelike goeie opvoeding ontvang en was intelligent. Toe hy reeds as seun besondere insig en wysheid aan die dag lê, het die kaptein van die Pondo's, volgens dieselfde Griekwaskrywer, aan sy seun gesê:

*Sien jy daardie seun? As ek die dag nie meer daar is nie, dan doen jy wat hy vir jou sê ... gaan na hom vir raad.*

As volwassene het hy bekend geraak as 'n goeie spreker en het dikwels 'n veronregte se saak suksesvol bepleit. Omdat hy getroud was met Rachel, 'n dogter van Adam "Muis" Kok (wat verwant was aan Adam Kok III) het hy homself as 'n sterk aanspraakmaker op die opperhoofskap beskou en het hom volkome met die Griekwas vereenselwig. Hieroor berig die Presidentsraadsverslag (1983 : 47) soos volg:

*Hy het veral sterk gevoel oor die grondkwessie en het dit betreur dat die Griekwas hulle 'historiese grond' verloor het. Hy het hoofsaaklik die Britse owerheid daarvoor blameer. Hy wou alles wat verkeerd was, regstel deur die Griekwas deur middel van die kerk te verenig en hulle te bevry. Hul volksidentiteit is sterk beklemtoon.*

### 2.5.2 Die "Veertig Jaars Verdraggeld"

Volgens die Smithverdrag van 1848 moes Adam Kok III vir die tydperk van 40 jaar wat eers in 1888 sou verval steeds £200 per jaar van die Britse regering ontvang as vergoeding vir die huur van die Griekwaplase in die verhuurbare gebied in die Transgariep (nou die Oranje-Vrystaat). Met sy dood in 1875 was daar egter geen amptelike opvolger aan wie hierdie geld betaal kon word nie. Aangesien die Kaapse Hooggeregshof beslis het dat dit slegs aan die amptelike opperhoof van die Griekwas uitbetaal moes word, het die Britse regering die betaling beëindig met Adam Kok III se dood, hoewel die voormalige plaas-eienaars steeds hulle deel ontvang het.

Abraham le Fleur het in 1884 (Storror 1978 : 212) die Griekwas van Griekwaland-Oos begin aanmoedig om hulle regte op te eis. Die owerhede het hom as 'n opstoker beskou en omdat hulle nie daarin kon slaag om hom die swye op te lê nie, het hulle 'n 30-jaar oue onbewese klag van perdediefstal opgediep, hom skuldig verklaar en hom in die tronk opgesluit.

Teen ongeveer 1894 (Presidentsraadsverslag 1983 : 47) het sy seun A.A.S. le Fleur I sý kruistog begin deur hom op sensitiewe sake soos die “Veertig Jaars Verdraggeld” en grondprobleme in Griekwaland-Oos toe te spits. Hy en sy vader het die Griekwas aange- moedig om verdere uitbetalings van die plase aan die oorspronklike eienaars se nakome- linge te eis na verloop van die veertig jaar, dit wil sê na 1888. As alternatief moes die plase aan die Griekwas teruggegee word.

Die verslag sê verder dat die owerhede van mening was dat ook A.A.S. le Fleur I besig was om die Griekwas en Swartes op te stook oor vermeende regte en gepleegde onreg en sy strydkreet was: “Griekwaland-Oos vir die Griekwas en die Swartes”.

Die verdere verloop van hierdie grondkwessie word kortliks opgesom uit die Presidents- raadsverslag (1983 : 50–51):

Generaal J.B.M. Hertzog het, toe hy Minister van Naturellesake was, ná Uniewording in 1910 die Griekwas se eis ondersoek. Die Kabinet het nie met sy bevinding, naamlik dat die eis geregverdig was, saamgestem nie. Gevolglik het hy eers in 1924, toe hy Eerste Minister geword het, voorsiening gemaak vir 'n bedrag van £6 000 om volledig aan die eis te voldoen. Hiervan sou £4 000 in trust gehou word vir die groep as geheel en £2 000 onder die erfgename van die oorspronklike grondeienaars verdeel word. In 1928 is besluit om die £4 000 aan te wend om vir die Griekwas van Griekwaland-Oos grond te koop. Die grond is egter op die naam van die Minister van Naturellesake geregistreer en in trust gehou vir die Griekwagemeenskap. Die plase Eastlands, Dawn en Jager's Hope (met 'n gesamentlike grootte van 495 hektaar) is aangekoop.

Daar het £113 oorgebly, wat tesame met inkomstes uit huur en rente van tyd tot tyd by die Staatskuldkommissaris belê is en in 1936 op aandrang van die Griekwagemeenskappe in Griekwaland-Oos pro rata volgens getalle onder die gemeenskappe verdeel is.

Dawn en Eastland is in erwe opgemeet – 400 eenhede van 4 acres elk. In die Presidents- raadsverslag (1983 : 145) word die volgende bevinding weergegee, met onderstreping soos aangedui:

*Dit is nie heeltemal duidelik hoe die Swartes begin het om bewerkingsregte van die lande te verkry nie ... die gevolg was egter dat Swartes mettertyd die twee plase oorstrom het en teen 1965 was slegs vier van die lande nog in besit van die Griekwas ... vanweë die insluiting van Dawn, Dawn Annexe en Eastlands by Transkei is die Grondwetkomitee van mening dat die staat moontlik 'n morele verpligting teenoor die Griekwas het om vir hulle grond van gelyke landbouwaarde elders te vind aangesien dié grond op kommunale grondslag toegeken is en deur die staat vir die Griekwas in trust gehou is.*

### 2.5.3 Die omstandighede wat tot die inhegtenisname van A.A.S. le Fleur I gelei het

Andrew Abraham Stockenström le Fleur I is in 1879 gearresteer en aangekla weens hoogverraad (Presidentsraadsverslag 1983 : 47). Hoewel hy vrygespreek is, is hy daarna herhaaldelik weens beweerde opstokery aangekla, tot hy in 1898 tot 14 jaar dwangarbeid gevonnissen en na Kaapstad verplaas is. Volgens anonieme Griekwagetuie (GM 2 : 13–14) het die volgende gebeurtenis meegewerk om dit te bewerkstellig: 'n Pondo, ene Ngovolulu, was baie getrou aan die Griekwaleier le Fleur I omdat hy ook die Swartes se saak by die Engelse regering bepleit het. Toe Le Fleur I na sy eerste vrylating weer 'n vergadering byeenbring om " 'n plan te probeer reël vir die Griekwas" is dit as oproer beskou en het die Engelse soldate op die Griekwas geskiet. Ngovolulu was gebelgd hieroor en het die eerste Engelsman wat hy teëgekom het, ene John Kidd, op brutale wyse doodgeslaan. Hierop het 'n aantal Griekwas saam met Le Fleur I gevlug, omdat hulle bevrees was dat hulle leier vir hierdie moord verantwoordelik gehou sou word. 'n Beloning van £500 is dan ook op sy kop geplaas.

Vir 'n aantal maande kon geeneen van Le Fleur I se manne gevang word nie, totdat hy besluit het dat hulle hulle liever moes gaan oorgee. Indien hulle gedood word, sou die groot saak (die Griekwasaak) waarvoor die Griekwas hulle beywer saam met hulle doodgaan. Hulle kon immers voor die Hooggeregshof getuig dat hulle onskuldig was.

Hoewel daar heelwat getuie ten gunste van Le Fleur I was, is hy nogtans tot 14 jaar tronkstraf gevonnissen. Die gevoelens van die Griekwas self word soos volg in 'n Griekwa-manuskrip (GM 2 : 14) verwoord:

*Gedurende die tyd het die mederheid van Griekwas gekant gewees teen hul leier ... alledaags kon gehoor word: 'Ek het dit geweet, daarom het ek nie gevolg nie'.*



Volgens dieselfde getuie was die Griekwas altyd getroue Britse onderdane en het die Kokfamilie vir Le Fleur I oor hierdie saak verwerp. Hulle het sy vrou Rachel aange-  
moedig om haar seuntjie (gebore in 1897) te neem en haar man te verlaat, maar sy het  
getrou aan hom gebly en is in later jare deur die sogenaamde Le Fleur-Griekwas as  
“Volksmoeder” vereer, soos ’n anonieme Griekwa dit uitdruk (GM 2 : 15):

*Sy was ’n moeder vir almal, ’n aanmoediger, ’n hulper, ’n soete sagte hartige  
persoon, ’n voorbeeld vir alle ander moeders.*

#### 2.5.4 A.A.S. le Fleur I word vrygelaat uit die gevangenis

Die Presidentsraadsverslag (1983 : 48) berig soos volg:

*Nadat hy op grond van goeie gedrag amnestie ontvang het, het hy hom in  
Kaapstad gevestig en ’n geregistreerde kieser geword ... teen die end van 1910  
was hy weer in Griekwaland-Oos en het hy weer opruiende byeenkomste ge-  
organiseer. Hy het beweer dat generaal Louis Botha al hul plase sou teruggee  
wanneer hy Griekwaland-Oos besoek. Twee jaar later maak hy propaganda  
vir sy verkiesing as opperhoof van die Griekwas.*

Volgens ’n manuskrip geskryf deur ’n anonieme Griekwa, het Le Fleur I slegs 4 jaar en  
11 maande van die 14 jaar tronkstraf uitgedien (GM 2 : 17). Volgens sy volgelinge was  
hy onregverdiglik opgesluit, maar het die tyd wat hy in die gevangenis moes deurbring,  
goed benut deur sake vir van sy medegevangenis te bepleit. In hierdie manuskrip word  
ook gesê dat hy elf mense wat “kriminele bandiete” genoem was maar sonder voldoende  
getuienis gestraf is, losgepleit het. Op die vraag hoekom hy dan nie sy eie saak suksesvol  
kon bepleit nie, het hy gesê dat hy ’n politieke gevangene is, maar sy God sou vra om  
hulle te antwoord. Hierop het hy die datum en tyd voorspel waarop hy losgelaat sou  
word – wat inderdaad ook so gebeur het. Hierdie en ook verskeie ander insidente en  
voorspellings het aan sy volk getoon dat hy heldersienende moes wees en dit het meegewerk  
om ’n onwrikbare vertrouwe in hom by die volk tot stand te bring, wat van hom ’n mistieke  
figuur in hulle oë gemaak het.

#### 2.5.5 Organisering van die Kaapse Kleurlinge tot “eenheid, volklikheid en nasielike eer”

’n Griekwageskiedskrywer (GM 2 : 19) het gesê:

*Gedurende dieselfde tydperk maar ongeveer 1903 tot 1910 het die Opperhoof die Gekleurde bevolking van die Kaap ge-organiseer om grond aan te koop en huise te bou, also rent wat nutteloos is te vermei en grond eienaars te word.*

Volgens hierdie bron het al die Kleurlinge beslis nie hulle samewerking hiertoe verleen nie, maar is plekke soos Norwood- en Eurekaandgoed in die Kaapse Vlakte wel tot stand gebring en opgebou en het Kleurlinge huiseienaars geword vanaf Retreat oor die Kaapse Vlakte tot aan Kraaifontein.

Dieselfde skrywer sê ook dat Le Fleur I, die Opperhoof, ook die Kaapse Kleurlinge organiseer het om Griekwas te word, omdat hy glo dat alle Kleurlinge in werklikheid Griekwas is van oorsprong en hy het hulle aangespoor tot “eenheid, volklikheid en nasielike eer”.

Hierdie bron meld ook dat die Kleurlinge van Touwsrivier in die jare 1911–1912 ’n uitnodiging aan Le Fleur I gerig het om hulle te besoek. Daar het hy die plaas “Ou Plaas” van ’n mnr. Logan gehuur en ’n aantal gesinne uit die Kaapse Vlakte daarheen laat trek. Daar sou hy ook ’n visioen gehad het waarin Kaptein Adam Kok (waarskynlik Adam Kok III – eie mening) hom beveel om die Griekwas uit Pondoland te gaan haal. Dit het daartoe gelei dat hy in 1917 ’n plan bedink het om die Griekwas van Griekwaland-Oos te laat verhuis. Hieroor sê die Presidentsraadsverslag (1983 : 48):

*Nie na hul eertydse woongebiede – Griekwaland-Wes en die Suid-Vrystaat toe nie, maar na Wes-Kaapland. Hy het van J.D. (Jimmy) Logan, die eenaar van Matjiesfontein, ’n plaas Verwelfontein gehuur, en ook oor ander plase onderhandel waarop hy tweehonderd Griekwagesinne wou hervestig.*

#### 2.5.6 Die Griekwatrek van 1917

Ten einde die nodige fondse te bekom om grond te koop waarheen die Griekwas van Kokstad kon trek, het A.A.S. le Fleur I van die Griekwaplaaseienaars oorreed om hulle plase te verkoop en die geld in ’n gemeenskaplike fonds te stort. Die geld moes ook die trek finansier tot op Touwsrivier. Die Presidentsraadsverslag (1983 : 48) sê:

*In Oktober 1917 is tussen 500 en 600 Griekwas na Maclear, waar hulle ’n trein gehaal het wat A.A.S. le Fleur I vir hulle vervoer na Touwsrivier gehuur het. Die huur van die trein het £1 467 beloop.*

Behalwe die mense is ook die groot- en kleinvee, karre en waens op die trein gelaai en vanaf Touwsrivier is die res van die reis tot by die aangekoopte plase, Driekoppen en Smousbos, wat in die naam van A.A.S. le Fleur I geregistreer was, te voet en met enkele voertuie afgelê. Die onderneming om die Griekwas van Kokstad na Touwsrivier te verskuif, was egter nie suksesvol nie. Die gemeenskaplike fonds was spoedig gedreineer en die mans het elders gaan werk soek in dorpe naby Kaapstad, asook in Kaapstad self. Vir die vroue is tydelike werk op plase in die omgewing van Smousbos gevind totdat hulle hulle mans kon volg. Hierna het Le Fleur 'n plaas op die Kaapse Vlakte by Mowbray gekoop en 'n hele aantal hawelose mense daarnatoe geneem. Die koop moes egter later gekanselleer word omdat Le Fleur toe reeds bankrot was. Storrar (1978 : 213) berig hieroor:

*The whole venture was a débâcle and it was not long before officials in Kokstad received heart-rending letters appealing for assistance to be given to them to return to Griqualand East. Government departments said it was not a matter for them; the Town Council of Kokstad said it had no funds. The disillusioned people were left to their pitiable plight and many, in time, managed to straggle back to their former homes.*

#### 2.5.7 Die Griekwatreksaak

Die Presidentsraadsverslag (1983 : 49) lui dat die Touwsrivier-onderneming tot 'n groot hofsaak in die Kaapse Hooggeregshof gelei het, waarin A.A.S. le Fleur I van 'diefstal, bedrog en diefstal onder valse voorwendsel' op groot skaal beskuldig is.

A.A.S. le Fleur I het in die hofsaak self soos volg getuig, volgens 'n berig in die *Cape Times* op 27 September 1921:

*The central idea of the trek movement was that those taking part in it were to pool all their assets for the purposes of the trek. Some contributed money, others stock and others movables, and it was understood that the proceeds of the sale of the farms would go into the common fund.*

Volgens dieselfde berig is die Touwsrivierplase slegs in Le Fleur I se naam geregistreer omdat hy deur ene mnr. Dold, 'n prokureur wat op Kokstad gepraktiseer het, geadviseer is om dit te doen om daardeur die toestaan van veelvuldige eiendomsregte te vermy – wat die rede is waarom hy die verantwoordelikheid vir die plase aanvaar het.

Die anonieme Griekwamanuskrip (GM 2 : 28) sê hieroor:

*Die Opperhoof is gedagvaar deur die Prokureur-Generaal van die Kaap, mnr. Edward Wingfield Douglas, namens ... sewentien persone uit 800 en slegs 3 families uit ongeveer 200 families, wat die Opperhoof beskuldig het.*

Le Fleur I het hom met welslae in hierdie hofsak verdedig en gesê dat alle bewerings teen hom ongegrond was. Hy het slegs die welsyn van die Griekwas, sy volk, op die hart gedra en hulle strewes op sosiale, ekonomiese en politieke gebied nagestreef.

#### 2.5.8 Die stigting van die Griekwa Nasionale Kerk en die Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika: die Griekwas kry 'n eie koerant

Volgens 'n Griekwageskiedskrywer (GM 2 : 25) het A.A.S. le Fleur I en ander leidende figure onder die Griekwas besluit om 'n kerk te stig

*asook 'n tydelike liggaam met konstitusie waaraan die mense en alledaagse man kan vattegeit kry ... om die stigting toe 'n sukses te maak, kom in die lewe 'n koerant waarvan die Opperhoof toe redakteur, skrywer, verslaggewer en allesterselfde tyd is, weens die onbekwaamheid van sy navolgers. Die koerant was benoemd die Griqua and Coloured Peoples Opinion en was gedruk deur die Cape Times drukkerij.*

Alle Kleurlingleiers is deur middel van die koerant genooi om 'n konferensie te Maitland op 5 en 6 April 1920 by te woon. Tydens die konferensie is die Griekwa Kerkkonstitusie saamgestel en besluite aangaande die stigting van die Griekwa Independent Kerk geneem.

Volgens dieselfde manuskrip (GM 2 : 27) is die Griekwa Nasionale Konferensie ook gestig tydens hierdie byeenkoms, met die leuse: "Wees jouself":

*Our motto will be ... Africa for White, Coloured, Griqua and Native inhabitants and peace and concord with all other people ... and law and order will be the watchword of the Griquas in future ...*

Die **Griqua and Coloured People's Opinion** het, met onderbrekings, tot 1936 verskyn en het 'n belangrike rol gespeel in die uitbouing van Griekwa-identiteit en die reformatiewe beweging. 'n Tipiese berig in hierdie koerant toon duidelik dat Le Fleur I diep bekommerd oor die posisie van die Griekwas was en hulle belange op die hart gedra het. Som-

mige berigte was in Engels en ander in Afrikaans. 'n Sekere hoofberig in die uitgawe van 21 Augustus 1925 lui byvoorbeeld:

*The position of our people in Kimberley and their future lies in immediate action being taken ... oh, if one could only get the intellectuals of our race into working out their own salvation and to safeguard their future ... one sees the great energy they are putting in to try and turn the earth over with the hope of getting diamonds ... if we could only induce them into working and cultivating the soil with the same energy, then there is no doubt about their success in the future.*

In die uitgawe van Saterdag, 11 November 1934, verskyn onder meer die volgende berig in Afrikaans:

*Hoe het die Griekwa Volk 'n Volk geword hier in die Kaap? Hoe het die Wit mense verstaan dat hulle 'n Volk is? Deur 'n leier aan te skaf soos die Boere. Hulle het die rebel man voorgestel en daarom erken die wêreld die Boere en die wêreld erken ook die Griekwas ... toe kom die Griekwa koerant en die bring julle om te sien dat julle ook mense is. Julle Kleurlinge kon nie verder sien dan die kerke, sports, politieke en 'n ope kantiendeur en ten laaste dagga, mes-stekery en die groot kerklike verdeeldheid ... ons hoop is, die dag sal aanbreek wat die Europeaanse volk sal die gruwelike mes-stekery en moord, wat die land besmet met bloed, tot 'n einde bring, want 'n Kleurling is 'n Griekwa en 'n Griekwa is 'n Kleurling.*

#### 2.5.9 Die Leliesfonteintrek van 1922

In die Presidentsraadsverslag (1983 : 49) staan die volgende:

*In die twintigerjare het A.A.S. le Fleur I drie plase van altesame 2100 morg in die Vredendal /van Rhynsdorparea aangekoop op die paaiementstelsel en besluit om Gekleurdes daar te vestig. Ongeveer 800 persone, met inbegrip van 500 nedersetters van die Leliefonteinse sendingstasie, het hulle na die nuwe 'land van belofte', Beeswater, begeef.*

Ongelukkig het ook hierdie poging onsuksesvol geblyk te wees omdat daar nie die nodige werkseleenthede op die plaas was vir die groot aantal mense nie. Baie het weer weggetrek en elders gaan woon en ander is terug na waar hulle vandaan gekom het, maarsommige

het daar bly woon. Storrar (1978 : 214–215) vermeld dat die Griekwagemeenskap by The Crag, 20 kilometer oos van Plettenbergbaai, ontstaan het toe ongeveer 90 gesinne in 1971 vanaf die droogtegeësterde Beeswater daarheen gebring is as gevolg van die pleidooie wat mnr. Eric le Fleur (die huidige Volkspresident en kleinseun van A.A.S. le Fleur I) tot die eienaar van die Kurlandlandgoed gerig het. Die mans het werk gekry by die timmerhoutwerke op Kurland, maar binne enkele weke is hulle toegesak deur desperate familieledes, waarvan sommige reeds bejaard en andere nog jong kinders was, sodat hulle huisies spoedig oorvol was. Die eienaar, Baron Nicolas Behr, het egter uiteindelik die Afdelingsraad oorreed om 'n dorpie vir hulle te bou. Beeswater is later teen 'n verlies verkoop.

#### 2.5.10 Die trek na Robberg by Plettenbergbaai, tussen 1926 en 1928

A.A.S. le Fleur I se lewensideaal was om 'n stuk grond vir sy mense te vind waar hulle in vrede en onafhanklikheid kon woon sonder om weer verdryf te word. Ná twee mislukte pogings is hy terug na Kokstad waar hy weer eens vergaderings byeengebring het om die Griekwas toe te spreek. Aanvanklik kon hy egter niemand oorhaal om aan te sluit by sy voorgestelde trek nie. Storrar (1978 : 213) sê:

*He was arrested as an undesirable person and ordered to leave the Transkeian Territories before 8 April 1927.*

Storrar sê verder dat hy egter vasbeslote was om van sy mense met hom saam te neem en die groepie wat ten spyte van die vele terugslae nog hulle geloof in hom behou het, het hom gevolg – te perd, in donkiekarre en waens en met Plettenbergbaai as doelwit.

Soos die woord oor die trek versprei het en die groep stadig suidwaarts beweeg het, het kleiner groepies by hulle aangesluit, selfs van sover as Trompsburg en Philippolis, Campbell in Griekwaland-Wes, Katrivier en Maclear in Oos-Kaapland. Die trekkers was drie maande op pad met slegs hulle geloof en hulle leier se entoesiasme om hulle staande te hou. By gebrek aan lewensmiddele is hulle soms in dorpe toegelaat om te sing, waarop hulle dan brood van die simpatieke inwoners ontvang het. By geleentheid het Boere van die mans vir 'n paar dae in diens geneem sodat hulle 'n bietjie geld vir kos kon verdien. Hulle was uitgeput en onseker, maar is versterk deur die daaglikse gebedessessies wat gelei is deur hulle leier, 'n diep godsdienstige man.

Die Cape Argus van 30 April 1926 berig soos volg onder die opskrif: “Griqua settlers in Fish River Valley”:

*The Griquas are now taking possession of the land aquired in the Fish River Valley, some distance away from Cookhouse ... it is anticipated that something like 1 000 Griquas and their families will be in occupation of the ground when the trek is concluded.*

In die *Cape Times* van 8 Januarie 1927 het weer 'n artikel verskyn onder die opskrif: "Wandering tribe of Griquas: their land scheme a failure? Trekking to unknown destination". Hierin word die nedersetting te Elandsdrif in die Visriviervallei as nog 'n mislukking beskryf omdat die Blankes nie die Griekwas daar tussen hulle wou hê nie en hulle dus weer moes trek.

Mev. Jones, enigste oorlewende kind van A.A.S. le Fleur I, het haar herinneringe van die geskiedenis en trekondervindinge op band vertel (Julie 1982):

*Die mense het van verskillende plekke na Elandsdrif toe gegaan ... daar het toe 'n misverstand gekom en word vir hulle gesê hul moet Knysna toe trek ... so het hulle aangekom, deur Grahamstad, Somerset-Oos en Port Elizabeth ... by Witklip duskant P.E. was daar op groot skaal hongersnood ... hulle het so geesdriftig gesing 'We're gathering homeward from every land, one by one' ... die donkies staan ook stil as daar gesing word. Daarom het dit my so diep getref om die gehoorsaamheid, getrouheid vir 'n roepstem wat God hul gestuur het, by mense te sien ... dis hulle wat versprei het en nou by Kurland en Knysna bly, hulle handewerk het Knysna en Plettenbergbaai opgebou.*

Die anonieme Griekwamanuskrip (GM 2 : 37) sê oor hierdie trek:

*In die jaar 1926 sien die Opperhoof kans om weer probeer 'n kompanje vorm, waarop die 'Griqua lands settlement Ltd.' in Grahamstad opgetrek is. Die Opperhoof nader die baas van die plaas Elandsdrift in die Distrik van Cook House ... toe die tyd van die kontrak aanbreek, was die nodige kapitaal nog baie ver van vol af ... die Opperhoof neem toe die geldjies in hand en probeer op 'n ander plek vir die mense 'n plaas of twee huur, na vele soekery word uiteindelik 'n plek gekry maar slegs in die Knysna gebied.*

Volgens die Presidentsraadsverslag (1983 : 49) het die Griekwas grond by Robberg, naby Plettenbergbaai, gehuur en hulle daar gaan vestig. Later het hulle 'n paar kilometer verskuif, na Krantzhoek, waar die Regering in 1957 grond vir die Griekwas aangekoop het. Aanvanklik is dié grond aan die Griekwa Nasionale Konferensie verhuur, maar in 1972

is Krantzhoek ingevolge die Wet op Landelike Kleurlinggebiede in 1963, ingelyf en is daar erwe vir ongeveer 200 gesinne beskikbaar gestel: Die Presidentsraadsverslag (1983 : 49) sê:

*Krantzhoek is op die oomblik die emosioneel-nasionale sentrum van baie Griekwas, veral diegene wat lid is van die Griekwa Independent Kerk en die Griekwa Nasionale Konferensie, wat albei skeppings van A.A.S. le Fleur I is. Hy is in 1941 op Krantzhoek oorlede en lê by Robberg begrawe. By sy graf vind jaarliks op 31 Desember en Nuwejaarsdag 'n groot saamtrek en seremoniële handeling plaas.*

## 2.6 Elemente wat die kultuurvorming van die Griekwas beïnvloed het

Uit die herkoms en geskiedenis van die Griekwavolk kan afgelei word dat beide die Blanke en die nie-Blanke elemente in hulle samestelling noodwendig 'n invloed moes hê op die vorming van wat vandag hulle kultuurbesit is. Eie kultuurgoedere is mondelings van hulle vadere ontvang en deur oorlewering deurgegee. Die koms van die Sendelinge het egter 'n heel nuwe dimensie gegee aan die rigting waarin hulle latere kultuur ontwikkel het.

### 2.6.1 Die invloed van die Boerevolksdom

As 'n Afrikaanssprekende Gekleurde volk het die Griekwas die Afrikaanse taal in sy beginstadia van die Blankes geërf en die ewolusieproses van Nederlands na Afrikaans saam met die Blankes deurgemaak. Saam met die taal het hulle ook dié dinge wat aan 'n taal gekoppel word, soos die liedere wat gesing word, geërf. Sommige van hulle voorsate (soos Adam Kok I) was as slawe in diens van Nederlandse gesinne en is ook betrek by die huisaltaar, waar hulle kennis gemaak het met die Nederlandse kerkliedere. Later het ander norme gegeld, soos Strydom (1983 : 36–37) waarsku:

*As 'n mens hierdie Boeredom terugvors, moet 'n mens daarvan bewus wees dat dit hier nie om die kaaphollandse element gaan soos dit vandag in die stede of selfs op die plase in die Republiek van Suid-Afrika uitsien nie. Die vaders van die Basters en hul kultuur was trekboere aan die einde van die agtiende eeu ... daar was derhalwe bloedweinig wat die Boer aan Europese 'kultuur' kon meebring. Eintlik net wat hy op sy trekwa kon laai ... en geestelik ... die Bybel, die kennis van 'n aantal korale, geskiedenis en sages is feitlik al wat saamgeneem is. Die lewe wat hierdie Boere gevoer het, het byna presies met dié van die Hottentotte ooreengestem.*



Tog is die saadjie van Christendom in die vroeë ontstaansjare van die Griekwawolk so geplant en het begin ontwikkel. In Hierdie verband word Lichtenstein (vertaal uit die oorspronklike Duits in 1930 : 303) aangehaal:

*The children of the Hottentot women, in whose veins Christian blood often flowed, were educated in Christianity: they learnt to sing psalms ...*

Die volksdom van die Boere was dus 'n vroeë vormings-element van die kultuur van die Griekwas, wat as volk van soortgelyke oorsprong was as die Rehoboth Basters.

### 2.6.2 Die invloed van die kultuurkring van die nie-Blanke element in die samestelling van die Griekwa

Lede uit 'n verskeidenheid nie-Blanke stamme kan onder die voorsate van die Griekwas getel word, waarvan Hottentotte en Boesmans in die meerderheid mag wees. Hulle kultuurerfenis het 'n belangrike bydrae gelewer tot die kultuur van die Griekwas – daar is trouens tydens hierdie ondersoek oorblyfsels van hierdie oerkultuur, wat vandag steeds aktief beoefen word, in Griekwaland-Wes aangetref. Nurse (1975 : 10) het bevind dat daar vandag twee oorblyfsels van die Khoi-kultuur in Campbell oorgebly het, naamlik die dogters se puberteitseremonie wat as die !gabadas bekend staan (kyk 4.2), en die Xiri of Griekwataal, wat reeds feitlik uitgesterf het. Nog net 'n paar ou mense kan dit praat. Hy sê dat Xiri 'n Hottentottetaal is wat baie met Nama en !Ora ooreenstem, maar dat dit ook 'n aantal woorde wat van 'n Boesmantaal afkomstig is, bevat.

Ook Schapera (1965 : 121) maak melding van die puberteitseremonie vir Boesmandogters:

*In many of its details this ceremony closely resembles the puberty ceremony for girls among the Hottentots. There is a strong possibility that it may even have been taken over from the latter.*

In sy oervorm was dit dan waarskynlik 'n suiwer Hottentotse gebruik.

In die literatuur bestaan wel getuienis dat daar vroeër ook vir die Hottentotseuns 'n puberteitseremonie was, maar dit het uitgesterf (Schapera 1965 : 279). Op Campbell is dit tydens onderhoude met Griekwas bevestig (Watermond, 26 April 1985).

Oor die musikaliteit van die voorsate van die Griekwas is onder andere gesê in Schapera (1965 : 400):

*Judged by the standard of the Bushmen, the Hottentots are distinctly poor in artistic productions ... if the Hottentots are deficient in the plastic arts, their musical talent at least is highly developed ... their delight in mimicry as shown in pantomime, their musical sense in the use of musical instruments and in song and their finer artistic feeling in the dance.*

Volgens Schapera sluit hulle musiekinstrumente ook sommige in wat onder die Boesmans aangetref word, soos die gôra en ramkie, terwyl die musiekboog veral onder die Namas bekend is en in musikale pantomimes gebruik word. Toe laasgenoemde as wapen verouderd geraak, het, is dit trouens feitlik uitsluitlik as musiekinstrument gebruik.


Hager (1981 : 7) sê oor die gôra (ook gora, ghoera of koera):

*Die ingebore rusteloosheid van die swerwers met wie die sendelinge te doen gehad het, die nomadiese leefwyse waarvolgens jy jou ghoera op jou rug laai en trek na waar die weerlig uitslaan ... kon hulle, hierdie 'laer middelklas Protestantse Engelsmanne', dit begryp?*

Hiervan kan afgelei word dat die Hottentot of Boesman genoeg waarde aan sy musiekinstrument geheg het dat hy dit oral met hom saamgeneem het. Burchell het op sy reise deur die binneland in die vorige eeu Boesmans by Griekwastad aangetref wat dit bespeel het (Kirby 1934 : 179). Van Zyl (1947 : 83) is van mening dat die koera of gora, maar ook die ramkie en boog beslis onder die Griekwamusiekinstrumente sorteer het. Volgens hom het die gora uit slegs een snaar bestaan wat parallel gespan is met 'n reguit stok, waaraan die een end van die snaar aan die penpunt van 'n hoender- of korhaanveer geheg is. Dit is bespeel met 'n suigbeweging al met die mond op die veer, min of meer soos in die beoefening van die trompie (kyk fig. 7 en fig. 8).


Die ramkie is deur 'n Griekwa-musiek liefhebber as "sommer 'n ramding van 'n musiekgood met drie snare" beskryf. Dit was gemaak van 'n skilpaddop in die vorm van 'n ghitaar. Die fyn snare is uit dierderms vervaardig terwyl die growwer seninggare as bas-snaar diens gedoen het (Van Zyl 1947 : 83).

Kirby (1934 : 249–250) sê dat die vermoede bestaan dat die slawe uit Malabar die ramkie na Suid-Afrika gebring het en die Hottentotte het 'n wilde pampoen of kalbas as resonator gebruik. Vandag is die ramkie heeltemal verdring deur die goedkoop Europese ghitaar, wat onder meer deur talle nie-Blankes en dan ook die Griekwas, bespeel word.



**Figuur 7:** Boesman met gôra.

**Bron:** W.J. Burchell (1822, herdruk 1953 : Figuur 6).



**Figuur 8:** Endpunte van Hottentotgôra met stemknop.

**Bron:** P.R. Kirby (1934 : Figuur 51A).

Van Zyl (1947 : 83) beskryf ook die boog, soos deur die ou Griekwas as musiekinstrument gebruik. Dit was 'n eensnarige instrument wat in 'n sittende posisie bespeel is, met die onderkant rustende op 'n skilpaddop of blik as klankbord. Die snaar is dan met 'n dun latjie getik of geslaan en die note met die ken gereguleer.

### 2.6.3 Die invloed van die latere “beskaafde” Blanke kultuur


Kontak met die Blanke het ook kontak met die kultuur van die Blanke beteken. Kirby (1934 : 246) sê:

*The Bushmen and the Hottentots appear to have been struck by the musical possibilities of the violin, and, since they were normally unable to purchase one, frequently attempted to construct specimens for themselves.*

Kirby sê verder dat die reisiger Backhouse so 'n Boesmanviool onder die Boesmans aange-tref het – dit was van vel gemaak wat styfgetrek is oor 'n houtraam. Backhouse het ook na 'n soortgelyke instrument verwys wat hy in 1840 onder die Namakwa Hottentotte aan-getref het. Hulle het dan ook 'n sogenaamde “viooldans” uitgevoer op maat van die vioolmusiek. Later is 'n Boesman gevind wat viole uit ou paraffienblikke en hout-kakao-dose gemaak het met katdermsnare. Kirby vertel verder dat 'n soortgelykeinstrument uit Koffiefontein in die Vrystaat ontvang is en dat dit in daardie distrik bespeel is toe Griekwas en Korannas daar woonagtig was. Hulle het dit 'n “tamboer” genoem en dit het uit 'n plat stuk hout bestaan wat rofweg in 'n vioolvorm gesny is en bedek is met 'n stuk bokvel. Terwyl die vel nog nat was, is dit met behulp van houtblokke van die plank af opgelig. Ná die vel drooggeword het, is 'n gat in die middel daarvan gesny en vier snare daarvoor gespan en oor die plat vingerbord gerek en styf vasgemaak aan stemknoppe. Na-by hierdie knoppe is 'n stukkie hout onder die snare in posisie geplaas en daar was ook 'n houtbrug. Die tamboer is ook met 'n strykstok van perdehaar bespeel, soos met die viool die geval is. Hierdie instrument is 'n “velviool” genoem en is deur beide Afrikaners en Gekleurdes (Griekwas) bespeel (kyk fig. 9).

Oor hierdie sogenaamde “velviool” sê Jacobs (1942 : 28):

*Die Griekwa-briekblokke het mos masiek ok gespeel ... die viljool en die kirtaar het ons se mense self gemaak en van die hout en die senings op die bees se rug was die snare van die viljool ... die perd het sy perdestert-hare gegee vir die boogsnaar ... die perdestert-strykstok het die mense van Adam Kok laat hotnotriel ...*



Figuur 9 Boesmanviole gemaak uit: 1. blik 2. vel 3. karton en hout

Bron: Kirby (1934 : figuur 71A)

So is vertel deur 'n ou Griekwa wat vir Jacobs te woord gestaan het. Jacobs beskryf ook die reaksie van die Griekwas op die besluit van Adam Kok II en sy raadsmanne toe hulle besluit het om na Philippolis te trek op bladsy 14:

*Na lang beraad het hulle eenparig besluit om te gaan, en die meide-goed het gejuig en op egte Griekwa-Korannawyse in die hande geklap en die tonge laat klik-klak soos hul ou mense van doer-se-dae ... daar is tsjarrie gedrink, dwaalbos gerook; en daar is op die vioolsnaar gestryk, gesing en gedans ... 'n eentonige liedjie is aangehef – net so eentonig as die deuntjie wat uit die viool getower is.*

Volgens Van Zyl (1943 : 83) het die mondfluitjie, konsertina en selfs die serafyn hul verskyning later onder die Griekwas gemaak. Veral laasgenoemde was besonder gewild. Teen die sewentigerjare van die negentiende eeu was die harmonium, alhoewel duur, tog

nie 'n seldsame verskynsel in die huise van die meer gegoede Griekwafamilies nie. Van Zyl (1947 : 28) sê:

*Die £400 se orrel van Waterboer, waarna wyle dr. A. Dreyer ook verwys in sy Jubelfees-Gedenkboek van die gemeente Griekwastad ... was nie kerkeiendom nie, maar is deur Waterboer aangekoop vir sy huis en kinders. Laasgenoemde het onderrig in die musiek sowel as gewone onderwys ontvang van 'n Blanke skoolmeester uit Graaff-Reinet, 'n sekere Moll. Een van die afstammelinge het aan my verduidelik: 'Oense oepa haad vier seunse gahet, en hy had gaglo aan die galerentyd van hyse keeners'.*

As in aanmerking geneem word dat Waterboer van gemengde of selfs suiwer San-afkoms was kan die snelle tempo van beskawing en die aanleer van 'n nuwe kultuur duidelik hieruit waargeneem word.

#### 2.6.4 Die invloed van die Sendelinge

Marais (1968 : 35) het gesê:

*The Griquas owed a great deal to the missionaries. The Griqua 'nation', in fact, owed its very existence to them. Anderson and Kramer induced Barend's and Kok's Bastards and the Hottentots, 'Free Blacks' and runaway slaves who had joined them, to abandon to some extent their wandering life.*

Die sendeling Campbell het selfs aan die Griekwawolk hulle naam gegee. Die sendelinge het hulle met onvermoeide ywer daaraan toegewy om die Hottentotte, Boesmans, Basters en ander volkere te kersten en tot die Christelike geloof oor te haal. In die proses het hulle hul daarop toegelê om etniese elemente in hulle kultuur uit te roei sodat hulle beskaafd kon raak en vir hulle skole en kerke gebou. Strydom (1983 : 36) het opgemerk:

*Die sendeling, wat bewustelik en opsetlik ou gelowe en gebruike uitgeroei of verander het, was tegelyk ook die bringer van alle moontlike kultuurgoedere, sodat deur sy invloed ook baie wat hy nie beoog het om te laat uitsterf nie, verval het. Sy 'sterker' kultuur het oorwin.*

In die plek van die oerkulture is dus in 'n groot mate die eie, godsdienstige kultuur van die sendelinge gesubstitueer. Hoe goed daarin geslaag is, blyk uit die feit dat die Griekwas vandag 'n baie godsdienstige volk is – dit trouens reeds sedert die negentiende eeu was –

met 'n voorliefde vir die sing van gewyde liedere. Van Zyl (1947 : 56) wys byvoorbeeld daarop dat die Griekwas die seën van die Voorsienigheid op 'n saak afgesmeek en oorwinning op hulle ondernemings verwag het:

*Tydens die Griekwa-veldtog aan die westelike grens van Transvaal het die Griekwalaer vroeg die oggend voor die geveg weergalm met: 'Joeig, aardee, joeig!' Almal het vas geglo aan die oorwinning. Die uitslag van die stryd was egter anders, en die Griekwa-leërtjie moes 'n gedugte neerlaag ly. Daardie aand is toe 'Ocit diepten van ellenden' uit volle bors aangehef.*

Hieruit is dit dan ook duidelik dat die Griekwas vroeg reeds in opregtheid en kinderlikheid die Christelike geloof aanvaar het en in hulle daaglikse lewe toegepas het. Vandag is hulle godsdiens steeds een van die sterkste behoudende faktore van die Griekwawolk. Die aanhaling uit Van Zyl dui ook op die ver pad wat die gunstelinglied van die Griekwas naamlik "Juig, aarde" (Psalm 100) reeds gekom het. Dit spruit direk uit hulle kerstening en sendingopvoeding en die gewildheid daarvan het só toegeneem oor die jare dat dit vandag op bykans eenhonderd verskillende wysies gesing word, soos later bespreek word.

Die Griekwawolk het nog altyd ver van kultuursentra geleef en sang was vir hulle die enigste vorm van geestelike musiekbeoefening. Hoewel daar vandag wel Griekwas is wat gesangboeke besit, het die meerderheid van hulle nooit self gesangboeke besit nie maar op gehoor, gevoel en oorlewering staatgemaak vir die aanleer van hierdie liedere. Aangesien hulle sendingleermeesters Engelstalig was en die Griekwas ook vir baie jare saam met die Blanke Suid-Afrikaners onder die Engelse vlag moes staan, het dit tot gevolg gehad dat die Griekwas ook talle Engelse gewyde liedere vandag sing.

## 2.7 Samevatting

### 2.7.1 Griekwageskiedenis

Die voorafgaande geskiedenis is 'n weergawe van die omstandighede wat daartoe gelei het dat die Griekwas as 'n volk verdeeld geraak het en vandag oor die hele Republiek van Suid-Afrika woon. Griekwakonsentrasies kom voor in Griekwaland-Wes (Kimberley, Douglas, Campbell, Griekwastad, Postmasburg, Daniëlskuil en Kuruman), Griekwaland-Oos (Kokstad en Matatiele), Krantzhoeck (Plettenbergbaai, Knysna en The Crag) en die Weskus (Vredendal, waar Griekwagesinne van Beeswater af in 1979 hervestig is).

Soms voel die Griekwas dat hulle 'n volk is wat byna vergeet is. Die Griekwas self bestempel hulle verhaal as 'n "lydensgeskiedenis" en vergelyk vandag graag hulle geskiedenis

met dié van die Jode en die Afrikaners. Die vier grootste groepe is vandag duisende kilometers uitmekaar in vier uithoeke van ons land. Saam met dié geografiese verdeeldheid vind ons ook politieke en godsdienstige verdeeldheid. Die meeste Griekwas glo en hoop egter dat verdeeldheid eendag beëindig en eenheid herstel sal word. As voorbereider tot so 'n eenheid sorg die Griekwagemeenskappe in die vier uithoeke dat hulle hul identiteit handhaaf.

Vir die doel van hierdie studie word slegs die eerste drie groepe met mekaar vergelyk omdat die vierde groep (Vredendal) 'n afsplitsing is van groep drie (Krantzhoek) en relatief reserant van oorsprong is.

### 2.7.2 Griekwakultuurvorming

Die Griekwakultuur het gegroei uit al die elemente hierbo bespreek, wat op mekaar ingewerk het tot die vorming van iets nuuts. Blanke elemente word eerstens verteenwoordig deur dié van die Boerevolksdom wat reeds die vroeë saad van Christendom in die Griekwawolk geplant het en hulle Nederlands leer praat het. Later het die meer “beskaafde” Blanke kultuur ook sy invloed laat geld in die vorm van meer gesofistikeerde musiekinstrumente.

Die Sendelinge was ook 'n element in die kultuurvorming van die Griekwas. Hulle het ou bestaande gelowe en gebruike as heidens bestempel en stelselmatig uitgeroei, sodat dit met hulle eie Christelike geloof en die kultuur wat daarmee saamgaan, vervang kon word. Hulle het die Griekwas leer lees en skryf en hulle ook op ander terreine soos byvoorbeeld die landbou, ontwikkel.

Daar het egter steeds 'n onuitroeibare nie-Blanke kultuurelement in die samestelling van die Griekwas oorgebly in die vorm van 'n ou voorvaderlike taal en die dogters se puberteitseremonie. Vandag is daar ook beïnvloeding deur kultuurelemente van Swart volkere wat aangrensend aan die Griekwagebiede bestaan, waarneembaar.

Waar nie almal 'n musiekinstrument kon bemeester of bekostig nie, kon almal egter sing. As gevolg van die “sterker” kultuur van die sendelinge wat die eie kultuur in 'n groot mate verdring het, het die Griekwas 'n baie godsdienstige volk geword met 'n voorliefde vir die sing van psalms en gesange. In soverre daar vandag van Griekwamusiek as 'n aparte volksgenre sprake kan wees, bestaan dit dan ook hoofsaaklik uit die sing van gewyde liedere. Hierby kan enkele ou Hottentot- en Bantoeliedjies gevoeg word, asook 'n aantal sekulêre liedjies van Blanke oorsprong.



Dit is heel natuurlik dat die musiek van die Griekwas en die kultuur wat dit omring, steeds in 'n toestand van ontwikkeling is. Nogtans het daar uit dit alles 'n eie volksdom ontstaan.

## HOOFSTUK 3

### 3.0 DIE GEWYDE MUSIEK VAN DIE GRIEKWAS

#### 3.1 Inleiding

Alhoewel die Griekwas vroeër veral deur die Wesleyaanse sendelinge, die Londense, Lutherse en Rynse Sendinggenootskappe bearbei is, en vandag tot die verskillende bekende kerke behoort soos byvoorbeeld die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Apostoliese Geloofsending, die Lutherse Kerk, die Congregational Church, die Rooms-Katolieke Kerk en, op Ritchie, die Independent African Orthodox Church onder Patriarg Opperhoof Daniël Kanyiles, is die Le Fleur-Griekwas kerklik verenig in die Griekwa Independentente Kerk van Suid-Afrika. Dié kerk (die “singende Griekwas” of “Le Fleur se Kerk”) en die Griekwa Nasionale Independentente Kerk op Kokstad (die “biddende Griekwas”) is die enigste ware Griekwakerke.

Vanaf hul ontstaan was die Griekwas ’n singende volk met ’n natuurlike sangaanleg. Hulle is veral vir improvisasie en samesang in verskillende stemme bekend. Hierdie volks-groep word dan ook gekenmerk deur hulle sterk godsdienssin en hulle godsdienstige sang. In ’n onderhoud met mnr. Eric le Fleur\* het hy gesê dat dit byvoorbeeld ook die liedere is wat ’n vrou sing terwyl sy die wasgoed was. Die kinders wat by haar voete sit en speel, hoor dit en leer dit terselfdertyd self sing. Die moeder het die geestelike liedere so lief dat sy dit gedurig sing – sy ken feitlik geen populêre of sekulêre liedere nie.

A.C. Barnard (in Du Toit, 1983 : 31) sê in hierdie verband:

*Wat mens as kind leer sing en liefkry, bly jou jou hele lewe by.*

Du Toit (1983 : 185–187) sê self:

*Die kerklied moet deel wees van die verbondsjeug se daaglikse spys van heel jongs af. Dit moet op hulle groei, ’n integrale deel van hulle geestesgoedere word.*

Dit is inderdaad wat met die Griekwakinders gebeur.

---

\*Krantzhoek, 11 April 1983

Hierdie liedere is vir die Griekwas 'n medium tot uitdrukking van hulle aanbidding en geloof. Deur mondelinge oordrag van geslag tot geslag word dit volksbesit en kan dus volksliedere van die Griekwas genoem word. Hoewel die Griekwas 'n groot aantal gewyde liedere ken wat elk ook uit 'n aantal strofes bestaan, is waargeneem dat selfs die kleinste in staat is om sonder aarseling spontaan in te val en saam te sing, wat bewys dat die liedere dikwels gesing word en 'n belangrike plek vul in die daaglikse lewe van die volk.

Die Griekwas is ook baie lief vir die sogenaamde “koortjies”. Hierdie koortjies wat oorspronklik in die Apostoliese Geloofsending (AGS) en ander Pinksterkerke ontstaan het, is nou algemene besit – wat Blankes sowel as nie-Blankes betref. Griekwas wat nie tot die AGS behoort nie, sing die koortjies net so hartlik as wat die AGS-Griekwas dit doen. Die koortjies is dan ook tipies van 'n Griekwadiens. 'n Gemeentelid of die leraar self begin spontaan 'n koortjie (soms ook 'n lied) sing, waardeur die preek onderbreek word en waaraan almal meedoen. In 'n enkele preek kan 10–20 sulke onderbrekings plaasvind, wat as aanvulling van die preek beskou kan word. Soms is dit dieselfde lied wat meer as een keer gesing word en wat dien as bindingselement van die preek. Selfs by getuïenisse wat gelewer word van die wonderdade wat God in die verlede laat plaasvind het, vind spontane sangonderbrekings plaas. Dit skyn die gees van die luisteraars te verhef en hulle geloof te versterk.

Die Griekwas sing op gehoor. Volgens 'n bejaarde Griekwa op Hawston\* sien die Griekwas dit as tydmors “om uit boeke te leer”. Daar mag miskien een of twee wees wat 'n boek het en wat moet die ander dan doen? Hulle luister liewer fyn en leer dan almal gelyk die lied. Gewoonlik kan die koorleiers Tonic Solfa-musieknotasie lees, maar nie die musieknotasie self nie. Hulle leer dan die wysie aan die koorlede en in sommige gevalle ook die binnestemme.

Volgens dieselfde informant is dit ook dikwels slegs die koortjie (refrein) van 'n spesifieke lied wat vandag nog onthou word. Hulle weet vandag gladnie meer waarvandaan dit kom nie en die res is vergete. Waarskynlik kan dit toegeskryf word aan die feit dat die refrein van 'n lied meer dikwels herhaal word deurdat dit by elke strofe gesing word en omdat dit gewoonlik makliker en lekkerder sing as die res van die strofe.

Talle van die Christelike liedere wat die Griekwas sing, is in Engels en dit word met dieselfde gemak en vertroue as die Afrikaanse liedere gesing. Hierdie liedere kan waarskynlik teruggevoer word na die tydperk wat die Londense Sendinggenootskap onder die Griekwas

---

\*Willem Gahl, 14 Augustus 1985

werksaam was. Die paar gesangboeke wat vandag onder die Griekwas aangetref word, is trouens byna almal Engels. Selfs in die gewone spreektaal sal sommige Griekwas graag hulle tweetaligheid demonstreer deur 'n gedagte met 'n Engelse frase toe te lig, of selfs dieselfde gedagte in Engels te herhaal. Tog is Afrikaans eintlik die Griekwas se taal, die taal wat hulle liefhet en waarvan hulle graag sing: “Daar is maar één uit aller tal’ wat minnenswaardig is ...” (kyk notevoorbeelde 134–142).

Benewens die Engelse liedere sing die Griekwas ook soms Christelike liedere in Griekwa-taal (Nama), 'n oorspronklike voorvaderlike taal. Verder speel omgewingsbeïnvloeding ook 'n rol, sodat daar gevind word dat Christelike liedere ook in ander tale soos Tswana of Xhosa gesing word, afhangende van watter Swart etniese groepe in die omgewing aangetref word.

Baie van die liedere wat die Griekwas sing is nog in Nederlands, wat oor die jare afgewater het na 'n ver-Afrikaansde Nederlands en wat as bewys dien van die feit dat hierdie liedere mondeling oorgedra is van geslag tot geslag.

Wanneer 'n besondere lied ook op verskeie ander melodieë gesing word, ontstaan daar 'n liedfamilie. Dit kom dikwels voor en is van groot waarde omdat die liedere daardeur eintlik weer nuwe lewe verkry. Die Griekwas toon duidelike voorkeure vir sekere gewyde liedere – hoe meer gewild die spesifieke lied is, hoe meer wysies bestaan daarvoor. Die aantal bly ook nie konstant nie, maar groei steeds aan. Volgens mnr. T. Carse (Die ontstaan van die Griekwakore, *Alpha*, Mei 1971 : 27) het mnr. Willem van Warmelo, bekende musiekkenner van Nederland wat 'n paar dekades gelede vir 'n aantal jare in Suid-Afrika gewoon het, gevind dat die Griekwas met hulle spontane volksmusiek, die lied “Juig Aarde” op 56 verskillende wysies sing. Tydens hierdie veldondersoek is egter reeds meer as 80 wysies vir dié lied in al die Griekwagebiede tesame op band versamel. Volgens 'n Griekwa van Krantzhoek vermoed hulle self dat dit in daardie gebied alleen reeds op bykans 100 wysies gesing word.\*

### 3.1.1 Die kore van die Griekwas

Die Griekwas is besonder musikaal en toon 'n sterk voorliefde vir koraalagtige melodieë, soos trouens volgens Strydom (1983 : 96) ook onder die Rehoboth Basters, 'n verwante volk, gevind is.

---

\*Ernest Keet

In 'n onderhoud met mnr. Eric le Fleur\* het hy gesê dat die Griekwas nie 'n voorliefde het om enige spesifieke instrument te bespeel nie en dat hulle belangstelling in musiek feitlik geheel en al in sang gesetel is. Die oorgrote meerderheid van die liedere wat hulle sing, het dan ook 'n gewyde strekking en daar word voorkeur gegee aan koorsang bó solosing. Die Griekwas het 'n besondere voorliefde vir koorsang en die Griekwakore sing gewoonlik sonder musiekbegeleiding. Tommy Carse (Die ontstaan van die Griekwakore, *Alpha*, Mei 1971 : 27) het die volgende oor hierdie kore berig:

*Die ontstaan van die Griekwakore is interessant. In 1919 het die toenmalige administrateur van die Kaap, sir Frederik de Waal, 'n beroep gedoen om hulp aan die werkers van die kopermyne by O'kiep in Namakwaland wat as gevolg van die sluiting van die myne begin honger ly het. Wyle opperhoof Andrew Abraham Stockenström le Fleur roep toe sy volgelinge bymekaar om te oorweeg wat hulle te doen staan na aanleiding van die Administrateur se beroep, aangesien baie van die werklose myners Griekwas was. Daar word toe besluit om Griekwakore te stig en Sondag straatkollekte op te neem. So het die Griekwakore ontstaan.*

Carse berig verder aangaande die roete wat die kore in en om Kaapstad gevolg het om so al singende fondse in te samel. Elke Sondag se ontvangste is in kussingslope bymekaargemaak en in 'n "kebkar" vervoer. Maandagnôre is die opbrengs dan aan die Administrateur oorhandig om die nodige hulp te verskaf. Op hierdie wyse is 'n paar honderd rand ingesamel en aan die mense in die Noordweste gestuur.

Die koor-organisasie het nie hier geëindig nie. Vir die Griekwas het die koorstelsel 'n metode geword om "die Griekwa dooie bene na mekaar toe te sing om een volk tot Sy diensbaarheid te word."\*\* Waar 'n groep van hulle vir enige gebeurtenis bymekaarkom, word daar vandag nog saamgesing – hulle sê self dat daar Griekwakore aangetref word orals waar daar Griekwas woon.

Ná die ontstaan van die Griekwakore in 1919 het die "gees van Lof" so sterk gegroei en die lofsang so sterk en aantreklik vir die Griekwas geword, dat kore dwarsdeur die land gestuur is. Hiervoor het A.A.S. le Fleur I jong meisies gebruik, aangesien dit as oproer bestempel sou word as 'n klompie manne gestuur sou word. Hieroor het 'n anonieme Griekwa (GM 2 : 32) geskryf:

---

\*Krantzhoek, 11 April 1983.

\*\*Volgens A.J. le Fleur se kort geskiedenis oor die viering van die 40ste jaar van koorsang, opgestel in 1959 te Beeswater.

*Die jong meisies is toe byeen geroep en gevra om die land te voet te deurkruis.  
Al singende moes hulle die Bruin mense na Volklikheid kry.*

Die dogters is in groepe verdeel onder 'n manlike leier, wat die organisering moes doen, takke stig, leiers saamstel en terselfdertyd kerk hou. Volgens dieselfde skrywer (GM 2 : 32) sou die dogters met hulle sang en Lof die mense se harte versag om gehoor te gee aan die roepstem van

*Word My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees ... hierdie dogters is 'Roepers' genoem en was 'karaktervas, onwankelbaar, soos 'n vaste rots ... hulle leuse was: 'Kom dood of voorspoed, ons draai nie uit die pas nie want God het geroep en ons gaan'.*

Mev. Lucy Booysen was een van hierdie "Roepers" en sy vertel soos volg in die televisie-program "Die roepstem van die aarde" wat op 25 September 1984 gebeeldsend is:

*Ons het geloop soos hy ons beveel het om te doen. Net een man het saamgegaan. Ons is eers na die Kneg se huis, waar sy vrou, die "Kroonmoeder", na ons gekyk het. Daar het die Kneg vir ons gesê wat ons moes doen. Die meisies moes gaan na Rattelgat, by Vredendal, waar hulle moes sing en profiteer. Ons moes oor die aarde loop en die roeping uitvoer en die mense roep mēt die gesang 'Come, o come, while Christ is calling.'*

'n Ander Griekwa\* het gesê:

*Nou na afloop van 40 jaar getuig ons met meer oortuiging dat in die Lof wat die kore gegee was 'n lewendige, innerlike aantreklike soetheid is wat deurdring na die hart en feitlik 'n omroering maak en 'n traantrekker asook opwekker en vredeshersteller is soos niks anders kan doen nie.*

Volgens nog 'n Griekwa\*\*:

*Kom ons keer terug tot die Lof waarmee ons geroep is. Dit is die wyse waardeur ons in aanraking met ons Skepper kan kom. Ja, die Lof bring aan die vermoeide krag en aan die swakke hoop, aan die werker vrede, aan die sieke en hulpelose versadiging.*

---

\*A.J. le Fleur, oor die viering van die 40ste jaar van koorsang in 1959.

\*\*Volgens 'n verslag opgestel deur Gert Gahl oor die Griekwa Huldedag op 6 September 1959.

Die hedendaagse koorkinders word opgelei vir lofsange. Die Griekwawolk glo dat wanneer die laaste dae aanbreek en die sondige aarde gestraf word, hulle kore die aarde sal laat weerklink met “Halleluja”. Hulle noem dit die “Koor en meisie Koninkryk” (GM 2 : 42). Griekwakore dra ook baie daartoe by om luister aan ’n geleentheid te verleen. Dit verskaf aan hulle plesier en hulle sang is vir die volk as geheel ’n saambindende faktor. Die Griekwaskrywer (GM 2 : 34) skryf verder:

*Hulle die Kore het met die Psalmis saam kon sing en uitroep ... Prys die Heer met blye galme, O my siel daar’s ryke stof. Wat altyd van hulle sal onthou word, is hulle innige gehegtheid aan Gods Woord, hulle kragtige gebede, hulle soete liefde vir Gesange wat hulle van buite geken het.*

Wanneer iemand op reis gaan, word hy “op die pad gesit met Lof”. Lofsange word gesing en ’n gebed word gedoen. Toe die navorser vir mnr. Eric le Fleur saam met mev. D. Jones in haar huis op Krantzhoek in April 1983 ontmoet het, het hy ’n klein Griekwavrouekoor binnegeroep om die besoekers “volklik welkom te heet”. Hierop is die gesang “Want goedertieren is die Heer” meerstemmig gesing en het die hoogsbejaarde Gert Gahl die besoeker “ontvang” deur middel van ’n gebed.

Op soortgelyke wyse is die navorser ook “op die pad gesit” na ’n besoek aan mev. Katie Kanyiles, eggenote van opperhoof D. Kanyiles van Griekwaland-Wes, in haar huis op Ritchie. Sy is die huidige “Volksmoeder” van die Griekwas in daardie geweste. Opperhoof Kanyiles is ook Biskop van die “Independent African Orthodox Church”, wat volgens hom baie soos die Rooms-Katolieke kerk is. Daarom het mev. Kanyiles eers die kruisteken gemaak en daarna ’n gebed gedoen. Die Griekwas leef dus hulle geloof in ’n hoë mate uit en hulle godsdienstige beginsels en gewoontes neem ’n onontbeerlike plek in in hulle daaglikse lewe.

### 3.1.2 Die karakter van die Griekwas se sang

Die hartlike sang van die Griekwas straal ’n boodskap uit na buite wat van krag en betekenis vir die volk as geheel is en ook in hulle geloofslewe en -arbeid. Hulle sang is iets besonders want hulle kán sing! Tydens die inseëning van A.A.S. le Fleur II as opperhoof van die toeverenigde Le Fleur-Griekwas, het dit vir ’n Blanke luisteraar geklink asof die sang gepaard gaan met orrelbegeleiding. Daar was egter geen orrel tussen die honderde

sangers nie, maar die verskillende stemme waarin so wonderlik mooi gesing is, het die effek van 'n orrel weergegee (*Die Burger*, 18 April 1953).

Tommy Carse (*Die Burger*, 18 Mei 1960) sê dat die Griekwawolkie een is met hulle eie tradisie en kultuur wat hulle styf vas bewaar soos ook hulle eie manier van sang – gewyde liedere wat besonder baie betekenis het vir hulle en hulle alleen ... hulle wat nog opreg kinderlik glo en bid. Hulle sang kan diep ontroerend wees, uit die siel, spontaan en gevoelvol. Die gewyde liedere met hulle gedrae, koraalagtige melodieë wat hulle so graag sing, word in 'n artikel deur Tommy Carse (Die ontstaan van die Griekwakore, *Alpha*, Mei 1971 : 27) beskryf as

*liedere wat hulle in hul smart leer ken het, woorde wat net betekenis het vir 'n taai, volhardende volkie wat die kanniedoodplant as simbool gekies het.*

Vanaf hulle ontstaan was die Griekwas 'n singende volk. Tydens die Griekwas se viering van die veertigste jaar van koorsang in 1959 het die Griekwa-“Bestuur”, Adam le Fleur, seun van die Kneg, gesê:

*Vir die Griekwas is die ou koorliedere nog steeds so soet en smaaklik soos gistermôre.*

Hulle natuurlike sanganleg het gelei tot verskeie tipiese liedere wat net deur hulle gesing word en wat self deur hulle “geskryf” en “gekomponeer” is. (Hierdie liedere word later breedvoerig bespreek – kyk 3.4.2). Hulle is veral bekend vir improvisasie en samesang in verskillende stemme.

Die Griekwas sing al hulle liedere meerstemmig, gewoonlik in drie tot vier stemme. Sodra daar meer as een persoon is wat sing, sal 'n voorsinger die wysie insit. Gewoonlik is dit 'n tenoorstem, en sodra die soprane die melodie oorneem, volg die alte, die tenore en soms ook 'n bas. Die latere stemme word deur hulle die “agterstemme” genoem. Die ander stemme luister eers na die voorsinger en bepaal dan die toonhoogte van hulle eie stemme. Kodály (1971 : 112) het trouens bevind:

*There are independent, leading singers, who know a lot and know it well. There are others who will join in if someone starts but are uncertain by themselves.*



Gevolgtlik is dit eers met die tweede strofe wat die lied op dreef kom en dit moontlik is om die meerstemmigheid van die lied in sy geheel waar te neem. Daarbenewens is die kontoer van elke stem ook nie altyd presies dieselfde vir elke strofe nie, wat dui op die improvisatoriese aard daarvan.

Dikwels kom parallelisme voor, wanneer stemme van dieselfde materiaal gebruik maak en twee stemme dan dieselfde musiek op verskillende toonhoogtes voortbring. Dieselfde interval word dan deurgaans tussen die melodie en die ander stemme behou. Veral die alte is lief om die soprane op die onderterts te dupliseer, maar in sommige gevalle is dit die tenore wat die soprane volg op die ondersekst of ook die unisoon. Soms vind dit nie gelyktydig plaas nie, wat dan lei tot nabootsing tussen die stemme. Hierdie duplisering van materiaal bring ook eenheid teweeg.

Die meerstemmige sang geskied heeltemaal spontaan en daar word gesê dat as hulle die stemme uit 'n boek geleer sou word, die sang nie so mooi sou wees as wanneer dit spontaan gebeur nie. By die graf van Niklaas Waterboer (Griekwakaptein 1853–1871) net buite Griekwastad, het Peter Marais\* gesê:

*Hulle ken die Griekwa aan sy sing. Hulle kan nie sê dis 'n Griekwa as hulle na jou kyk nie – ons lyk verskillend, maar daar is één ding wat hulle nie kan sê nie; as jy vir 'n Griekwa sê 'sing' dan vat hy hom soos een, dan weet jy dis 'n Griekwa. 'n Griekwa soek nie nog 'n 'ken' of 'n ghitaar nie, hy sê net: 'Wat is die wysie?' en dan vat hulle hom. En dan sing hulle hom klaar. Dis die Griekwas se tradisie mos gewees, dit moet hulle nooit weggooi nie. Ek gaan dood vir sing, ek is lief daarvoor, dis deel van my, dis in my wese. Ek het dit by my kinders ingeskerp – hulle moet sing. Nie om geld te maak nie, maar om jouself 'n innerlike gevoel van vreugde te gee. Dis waarom ons sing. Ons sing as ons hartseer is, ons sing as ons bly is, en as daar bruilof is, ons sing as daar verjaarsdag is. Sang is 'n taal wat enige volk kan verstaan. Hy hoef nie die woorde te verstaan nie, maar hy verstaan die wysie. Laat ons sing! Vat hom kêrels! Ons sing tot eer van Niklaas Waterboer. Hy wil die stemme hoor weergalm, dan weet hy die volk lewe nog. As die stem nie meer spontaan kan sing nie en nie meer vol vreugde kan wees nie, dan is die volk dood. Want die Griekwavolk beteken net twee dinge – Bybel en sang. As hy dit verloor, dan bestaan hy nie meer nie.*

---

\*'n Griekwa, leier van die Griekwa Volkskongresparty en lid van die Presidentsraad, op 15 Desember 1985.

Eric le Fleur\* het onder meer gesê:

*Die Griekwas is, net soos die Walliesers, 'n singende volk. Tog, as daar 'n volk is wat eintlik bitter behoort te wees, is dit die Griekwas. Hulle het baie gehad wat hulle vandag nie meer het nie, maar die Kneg het hulle geleer om bitterheid te vergeet. Nou wag hulle op die belofte van God – vorentoe wag daar iets vir hulle en God se beloftes is onfeilbaar.*

Hierop het hy spontaan begin sing, soos die gewoonte van die Griekwas is, terwyl die volk hulle stemme byvoeg.

Mnr. Andrew Marais\*\* sê die volgende:

*Ons wil graag hê die kinders moet die gewyde koorsang oorneem, maar die kinders van deesdae wil dit nie meer doen nie. Die kleintjies sing nog wat hulle geleer word, maar sodra hulle grootword, vat hulle die 'Pop Shop' op. Mense wat 'n kind sien, sal sê dit kan nooit die kind wees van daárdie ouers nie. 'n Mens wil graag reguit loop, so na aan die wit lyn as kan kom. Die kinders wil egter nie so loop nie, hulle draai terug.*

Hierdie gesprek toon die negatiewe effek wat die massamedia het op die tradisies en kultuur van die Griekwas. Hieruit kan afgelei word dat namate daar beskawing intree en affluensie toeneem, verbondenheid met eie kultuur en tradisies afneem, terwyl die nuut-aangeleerde kultuur wat vandag as gevolg van verbeterde kommunikasie feitlik wêreldwyd neig na eenvormigheid, aangehang word en verwestering gevolglik plaasvind.

### 3.1.3 Die gesangboeke van die Griekwas

Tydens die veldondersoek is waargeneem dat hoewel die Griekwas al die liedere wat hulle sing van buite ken, daar tog sekere boeke is wat vir hulle van besondere belang is – die boeke waaruit die liedere oorspronklik aan hulle geleer is. Hierdie boeke is baie oud, sommige reeds sonder buiteblaaië, maar baie kosbaar vir die Griekwas omdat hulle nie meer gedruk word nie en nuwes vandag heeltemaal onverkrygbaar is. Volgens mev. E. de Bruin\*\*\* word die gesangboeke wat hulle het, “soos soetkoek bewaar” – hulle is bang die boeke raak weg.

---

\*Die huidige Volkspresident van die Griekwas, op Stigtersdag 1982, by Krantzhoek.

\*\*'n Griekwa van die plaas “Bultfontein” by Kokstad op 16 Junie 1985.

\*\*\*'n Griekwavrou van Kokstad, tydens 'n onderhoud op 15 Junie 1985.

Tot 'n paar jaar gelede was die **Evangelies Gesangboek** die amptelike gesangboek van die Griekwa Nasionale Independentente Kerk in Kokstad, terwyl dit ook in Krantzhoek een van hulle mees gewaardeerde boeke is. Du Toit (1983 : 18) se verduideliking verklaar waarom hierdie boek baie algemeen bekend was en as belangrike bron deur die verskillende kerke en sendinggenootskappe gebruik is om gewyde liedere aan onder andere ook die Griekwas te leer. Dit kom daarop neer dat die bundel **Evangelisch Gezangen** in 1807 in Nederland in gebruik geneem is maar dat die oorlog tussen Engeland en Frankryk en die daarmee gepaardgaande afgesnyde skeepsvaartverbindingsreëls die verspreiding van die gesangbundel na die gemeentes in onder andere Londen en Suid-Afrika gekortwiek het. In Londen het die gemeente Austin Friars egter besluit om hierdie bundel te laat herdruk. Die herdruk van 1813 kon ook in die behoeftes van die Kaapse gemeentes voorsien, waar dit in 1814 in gebruik geneem is. In Suid-Afrika is hierdie bundel dus as 'n erfenis uit Nederland afkomstig en daar was algemene tevredenheid en blydskap aan die Kaap oor die nuwe liedereskat. Later het die bundel egter aanleiding gegee tot 'n gesangstryd omdat die liedere nie van besonder hoë gehalte was nie. Naas heelwat egte evangeliese liedere het die bundel ook kenmerke van die gees van piëtisme, rasionalisme en moralisme vertoon.

In die voorrede van die musiekuitgawe van die gesangboek van 1938 word vermeld dat die verandering en verbetering van die Nederlandse **Evangelisch Gezangboek** van vandag (1938) egter voltooi is. Hierdie werk bevat 166 Engelse gesange uit 'n totaal van 500. Die eerste gesangboek waarin vertalings van Engelse gewyde liedere verskyn het, was dié van die Londense Sendinggenootskap wat in 1827 uitgegee is. In 1838 is die boek in die Paarl hersien en vergroot tot 412 gesange. In 1907 het die Congregational Union of South Africa die uitgawe van die boek op hulle geneem.

As koorleidster van die Griekwa Nasionale Independentente Kerk in Kokstad, het mev. de Bruin ook die gebruik van sekere "wysieboeke" saam met die woorde van **Evangelies Gesangboek** verduidelik. **The Companion Tune Book** (1908) bevat beide Tonic Solfa- en musieknotasie. Die titelblad toon die volgende aan: **The companion to the Evangelisch Gezangboek**. Verder gebruik hulle ook **The Bristol Chant, Anthem and Service Book**, wat ook Tonic Solfanotasie bevat, saam met die **Evangelies Gesangboek** (Afrikaanse uitgawe van 1937). So ook die **Alexander Hymns** nr. 3 en die **Congregational Anthems**.

Weens die onverkrygbaarheid van die **Evangelies Gesangboek** het die Griekwas van Kokstad egter 'n paar jaar gelede "oorgeslaan na die Sankeys", waaruit sowel koorlede as gemeentelike tans sing. Hoe hierdie gesangboek ontstaan en oor die wêreld heen gewild geraak het, is deur Theresa van Niekerk (1970 : 2-7) verduidelik en word kortliks hier aangestip:

Die tweede helfte van die negentiende eeu word gekenmerk deur grootskaalse godsdienstige herlewings, wat hoofsaaklik in Amerika ontstaan het en vinnig na ander lande versprei het. Ook in Suid-Afrika het die behoefte aan 'n soortgelyke opwekking ontstaan. Hierdie herlewing word ook gekenmerk deur 'n sangherlewing. As gevolg van die Engelse gesag is in die negentiende eeu baie van ons kultuur “uitgevee en oorgeskryf”. Die mense het geen vertrouwe meer in die volkseie gehad nie en hierdie gebrek aan selfvertroue word geopenbaar deurdat daar onder andere voortdurend predikers van oorsee ingevoer is. Allerhande gewoontes is in die eredienste ingebring – kore van meisies en seuns sing tydens kerkdienste en psalms en gesange is in toenemende mate deur Kinderharp- en Sankeyliedere vervang. Hierdie tipe “revival hymn” was maklik om aan te leer en te sing en dit is orals gesing – by troues, bidure, begrafnisse en dergelyke funksies. Die “Sankeys” het oornag mode geword en baie predikante het selfs van die psalms en gesange op Sankeywysies laat sing.

Die belangrike rol wat die Skotse en Engelse predikante in die gebeure gespeel het, kan nie te lig geskat word nie. Hulle was veral voorstanders van die gebruik van Sankey se “gospel hymns”. Sankey se musiek het wêreldwyd bekend en gewild geword en ook tot by Suid-Afrika deurgedring. Die musiek was van so 'n aard dat dit maklik deur die skares aangeleer is en hartlik en selfs gretiglik saamgesing is. Herlewings in die verlede was nog altyd gekoppel aan sangherlewings en opwekkingsliedere. Van Niekerk het ook op bladsy 40 gesê:

*Vanaf 1812 is onder die goewerneurskap van Lord Charles Somerset doelbewuste pogings tot die ver-Engelsing van die Kaapkolonie aangewend. Engelse onderwysers en Skotse predikante is ingevoer, en saam met hulle het hulle hul eie, maklik singbare “hymn tunes” gebring. Hierdie opwekkingsliedere was maklik singbaar, vloeiend, oorwegend in die majeursleutel, met 'n vrolike ritme, vol toonleerpassasies en sekwense.*

Die Sankeywysies het makliker aangeleer as die gewone psalms en gesange omdat dit lewendig en opwekkend is.

Omdat baie van die eienskappe van die Sankeyliedere juis baie toepaslik is op die gewyde liedere van die Griekwas (soos algaande uitgewys sal word), word die hoogtepunte uitgelig uit van Niekerk (1970 : 109–111) se kritiese analise van die tipiese Sankeylied:

- (i) **Chromatiek** kom voor, wat sinoniem is met romantiek en sentimentaliteit (emosie).

(ii) **Ritme:**

- (a) Gepunteerde ritmes kom herhaaldelik voor, wat 'n lekker "swing" gee.
- (b) Gesinkopeerde ritmes toon ooreenstemming met die Negerliedjies van Amerika. Dit heet die "Scotch Snap".
- (c) Die voorliefde vir 6/8 maatslag gee "swinging", of 'n huppelende ritme.
- (d) Walsritmes met walsbegeleidings kom dikwels voor.
- (e) Marsagtige liedere kom voor.
- (f) Dieselfde ritmiese frases word soms oor en oor gebruik.

(iii) **Harmonisasies:**

- (a) Herhaalde note en akkoorde in bas is tiperend.
  - (b) Een harmonie (gewoonlik tonika) word soms lank aangehou, soms tot 3 mate. Baie bevat slegs I, IV en V harmonie, soos dikwels in volksliedjies gebeur.
  - (c) Lang reekse tertse en sekste kom voor, veral in die sopraan en altstemme.
  - (d) Harmonie is dikwels lomp en basiese harmoniereëls soos opeenvolgende kwinte word oortree.
  - (e) Geaksentueerde deurgangsnote kom dikwels voor en tweede omkerings by kadenspunte.
- (iv) **"Chorusses"**: Die Sankey-liedere toon 'n groot voorliefde vir die Engelse en Amerikaanse koortjies. Elke strofe word gevolg deur dieselfde koortjie.
- (v) **Onnoukeurighede**: Oorvleueling van stemme, verkeerde tydnotasie, ens.
- (vi) **Melodieë**: Die uitstaande kenmerk is die singbaarheid daarvan. Dit kan sonder veel inspanning na een- of tweemaal se beluistering aangeleer word. Die meeste is vrolik en oppervlakkig van aard en toon 'n voorliefde vir die majeuretoonaard. Reekse herhaalde note kom dikwels voor.
- (vii) **Teks**: Eenvoudig, dikwels met dieselfde strekking. Sommige is epies en vertel 'n kort verhaaltjie. Ander nooi weer uit na die Verlosser toe of pleit vir sondebelydenis.

Talle van die Sankeyliedere is ook later in ander bundels opgeneem, soos die **Kinderharp** en **Zionsliedere**, sodat dit te verstane is dat dié opwekkingsliedere so 'n prominente plek selfs in die kerkmusiek van die Blankes van Suid-Afrika ingeneem het. Boeke soos die **Kinderharp** was aanvanklik vir kinders bedoel en juis daarom het die opreg-kinderlike Griekwagemoedere vroeër so geheg geraak aan hierdie tipe lied dat hulle dit as bejaardes

steeds sing, waardeur dit ná 'n eeu steeds die botoon voer in baie van hulle kerklike byeenkomste.

Op Krantzhoek is mev. D. Jones die enigste besitter van **Evangelies Gesangboek**, waarin daar benewens ander liedere wat hulle sing, ook die woorde van hulle volkslied “God ewig, groot en goed” (notevoorbeeld 120) verskyn, soos later breedvoeriger bespreek word (kyk 3.4.1). 'n Tweede kleinood is egter 'n klein buitebladlose boekie wat slegs woorde bevat en geen note nie. Volgens haar en ander Griekwas op Krantzhoek, is dit die boek waaruit die Kneg hulle leer sing het. Die naam daarvan, **Dutch Hymns** (titelblad: **Gezangen**) kon eers later tydens navorsing vasgestel word – dit is gevind in die Africana-gedeelte van die Merensky-Biblioteek in Pretoria. Die gewilde liedere “Juig Aarde” en “Daar is maar een uit aller tal” kom byvoorbeeld albei in hierdie boekie voor.

Die ander boeke waaruit die Griekwas van Krantzhoek vroeër geleer is, het almal wegge-  
raak. Volgens mnr. Keet, koorleier van die Griekwa Nasionale Koor, was dit boeke soos **Children's Hosannas** en **Congregational Anthems** (nommers I–IV). Hulle wil baie graag weer boeke hê, maar dan moet dit hulle bekende, vertroude boeke wees – hulle stel nie in vreemde boeke belang nie. Daarom sien hulle ook reikhalsend uit na 'n boek wat deur die navorser saamgestel word oor hulle eie geliefde liedere, soos hulle dit sing.

Hoewel daar sulke boeke mag bestaan onder die Griekwas van Griekwaland-Wes, is daar tydens hierdie ondersoek slegs 'n aantal gewone N.G. Kerk gesangboekies aangetref, en geen gesangboeke met dieselfde sentimentele waarde as dié hierbo beskryf nie.

Vir besprekingsdoeleindes is die musiek wat onder die Griekwas versamel is, volgens tipes geklassifiseer. Al die liedere in 'n gegewe groep is soortgelyk wat sommige van die eienskappe daarvan betref, hoewel die styl van die liedere in dieselfde groep nie noodwendig in alle opsigte ooreenstem nie. Die klassifikasie is gemaak om bespreking en ontleding van die liedere te vergemaklik deur byvoorbeeld slegs enkeles van 'n sekere tipe te bespreek.

Op hierdie stadium wil die navorser ook beklemtoon dat baie van wat oor die liriek van die Griekwaliedere gesê kan word, bloot spekulatief is en gesien behoort te word as 'n agtergrond waarteen gewerk word en nie as die standpunt van 'n outoriteit oor die onderwerp nie.

### 3.2 Die gewyde musiek van die Griekwas van Griekwaland-Wes

Die enigste liedfamilie wat in Griekwaland-Wes aangetref is, is die aantal verskillende wysies waarop “Juig Aarde” gesing is (notevoorbeelde 11–25). Die sosiale waarde van hierdie lied onder die Griekwas is geweldig groot. By elke moontlike geleentheid word dit gesing – in kerkdienste, by volksvergaderings, op feesdae, by spesiale geleenthede soos tydens die huldiging van Andries Waterboer by sy graf, om eregaste by byeenkomste mee te verwelkom (wanneer hulle die gaste ook deur ’n ereboog na die verhoog laat stap), in huise waar vroue werk, op bouterreine waar stene gemessel word, tydens skoolsang en veel meer. Dit is die één lied wat die Griekwas feitlik sedert hulle ontstaan met hulle saandra, sodat hulle vandag volgens GM 2 : 25 sê:

*Ons Godelikheid en Kerk is gestig op 'Juicht Aarde Juicht'. Daarom is ons  
Lof ons Lewe.*

Daarom ook, is hierdie lied gedurig op die lippe van die Griekwas.

Van die veertien geannoteerde notevoorbeelde uit hierdie Griekwagebied is slegs agt heeltetal verskillend, terwyl daar ’n aantal variasies vir sekere van die wysies voorkom, wat aantoon dat spontane wysigings in die volksmond plaasvind wat òf aan ’n spesifieke dorp/gemeente òf aan die impuls van die oomblik toegeskryf kan word. Dit bevestig ook die volksaard van die betrokke lied. So is notevoorbeelde 11, 13 en 15 variante van dieselfde wysie, wat onderskeidelik in Griekwastad, Campbell en Douglas aangetref is. Notevoorbeelde 15 en 16 is weer soortgelyk en is gesing by Griekwastad en Campbell respektiewelik. Notevoorbeelde 12, 17–19 en 21 skyn egter die gewildste te wees en is variasies van dieselfde wysie. Almal is in Griekwastad gehoor, hoewel by verskillende geleenthede. Hulle toon ook geringe verskille van voordrag tot voordrag, wat òf in die kontoer van die wysie òf in ritme kan wees, en wat die volksaard daarvan bevestig.

Hierdie besondere wysie weerspieël duidelik die voorliefde van die Griekwas vir swaaiende 6/8 ritmes, wat veral in Griekwastad opvallend is en wat moontlik aan die invloed van die Sankeytype wysie toegeskryf kan word – hetsy direk, of deur middel van liedere wat in ander gesangboeke opgeneem is. Dit word sterk ritmies gesing, baie lewendig en opgewek, sodat die verandering van twee- na drieslagmaat in die hemiola wat telkens opduik, baie duidelik deur die luisteraar aangevoel word. Waarskynlik het hierdie wysie oorspronklik aan ’n ander lied behoort, sodat dele van die liriek herhaal moes word om by die wysie aan te pas. Die woorde van die lied het vers vir vers dieselfde aantal lettergrepe, wat aanleiding gee tot ’n reëlmatige struktuur. Hoewel die strofe dus in 8 mate inpas, word dit

verleng deur 'n addisionele onreëlmatige 5-maat frase by te voeg – 4 mate deur kaden-siële verlenging en 'n ekstra maat deur interpolasie (maat 9). Die tempo word regdeur ge-handhaaf en neem nie af na die einde van die strofe nie; trouens, die notefrekwensie neem ook nie af nie sodat selfs die laaste lettergreep 'n melisma bevat, wat groter eks-presiwiteit daaraan verleen. Dit herinner sterk aan die “Negro Spirituals” wat op soortge-lyke wyse soms 'n lied só laat eindig:



Omdat groepe Tswanas oral in Griekwaland-Wes aangetref word, het daar 'n kruisbe-stuiwing tussen die verskillende kulture plaasgevind. In Douglas, waar nog slegs 'n klein groepie Griekwas aangetref word, behoort meeste van hulle aan die AGS-Kerk, waarvan ouderling Isak Vanel en sy gesin ook lede is. Hulle ken 'n groot aantal koortjies in beide Afrikaans en Engels soos wat gewoonlik in dié kerk gesing word. Of die lied egter nou in Engels of Afrikaans is, sing die Griekwas alternatiewe strofes in Tswana. Kyk hier na “Somebody knows” (notevoorbeeld 29) en “Die Here het 'n plan beraam” (notevoor-beeld 36). Op soortgelyke wyse word “People you must wake up” (notevoorbeeld 39) gesing met alternatiewe strofes in Zoeloe.

Slegs een voorbeeld van 'n voorsinger wat die woorde voorsê by elke vers is tydens die veldwerk aangetref, naamlik op Douglas. Volgens Strydom (1983 : 103) dateer dit uit die dae toe die Basters (in hierdie geval, Griekwas) nog nie kon lees of skryf nie, of ge-sangboekies besit het nie. 'n Voorsinger het dan vers vir vers die woorde voorgesê, waarna die res van die groep dit nasing. Dit kon selfs wees omdat slegs een persoon 'n lig (kers of lamp) gehad het waarby hy die woorde kon lees en dan vir die sangers voorsê, wat ook beweer is, volgens Strydom. Op Douglas was dit die lied “My God is liefde, hy laat die blindes sien, hy laat die dowes hoor, hy laat die kreupeles loop, ens.” Die kwali-teit van die opname was egter so swak dat dit nie getranskribeer is nie.

Enkele liedere in Griekwaland-Wes word ook in Tswana alleen gesing, sonder byvoeging van Afrikaans of Engels. “Ntate ntate kia mo rapela” (notevoorbeeld 26) is so 'n lied. Die struktuur hiervan is onreëlmatig (7 mate) maar sowel ritmies as melodies het dit nie dieselfde sterk etniese karakter van sommige van die ander Tswanaliedere wat deur die Griekwas van die omgewing gesing word nie. Die melodie is relatief interessant, terwyl fisiese beweging beperk word tot die sentrale figuur in die koor, wat die gebedsgedagte deur middel van aksie demonstreer.

“Dilodi Tsile” (notevoorbeeld 27) is baie meer etnies van aard en herinner sterk aan die bewegings van die Swart volkere wanneer hulle 'n stamdans uitvoer. Kontak tussen mense en kulture het hier duidelik 'n musikale stylverandering teweeggebring. Die beperkte



omvang van die wysie (slegs 3 note) en die herhaling van note op dieselfde toonhoogte, asook die sterk ritmiese karakter daarvan, bevestig hierdie gedagte. In “Hambakahle” (notevoorbeeld 28) word die wysie nog eenvoudiger en speel ritmiese herhaling ’n nog groter rol as by die vorige voorbeelde. Die hele lied bestaan uit ’n enkele woord met vier lettergrepe, wat daartoe lei dat dieselfde toonhoogte soms tot 8 keer herhaal word, en met uitsondering van die laaste maat word die ritmiese patroon van maat 1 in elke maat herhaal. Die harmonie is primêr en eenvoudig – slegs I, IV en V word gebruik. Ritme is dus van primêre belang en toonhoogte is ondergeskik daaraan.

“When the roll is called up yonder” (notevoorbeeld 3) is ’n bekende koortjie waarvan die Griekwas van Rietvale slegs die woorde gebruik vir ’n wysie van hul eie. Beïnvloeding deur die Tswanas van die omgewing kom baie sterk in hierdie voordrag met sy etniese karakter na vore. Die meesleurende ritme, swaaiende lywe, handegeklap en ritmiese voetgestamp dui sterk op wat plaasvind tydens ’n etniese stamdans. Die eentonigheid van die herhaalde note, die herhaalde harmonieë, die gesinkopeerde effek van die handeklap wat val op swak polse en die liggaams- en voetbewegings skep ’n opwindende, aardse atmosfeer wat spreek tot die luisteraars en ’n spontane gejuig ontlok. Die sangers word self ook opgesweep sodat die tempo geleidelik toeneem, soos gesien kan word aan die kleiner nootwaardes by “Halleluja Amen”, wat ’n soort “ingeboude note-crescendo” vorm. Dit werk mee om ’n baie opwindende, hipnotiese effek teweeg te bring. Hierdie effek kan byna vergelyk word met Rossini se werkswyse in sy operas, waar hy ook note-crescendos saam met volume-crescendos (lg. verkry deur toevoegings tot die orkestrasie) gebruik het, wat neergekom het op ’n geleidelike dinamiese toename gekombineer met groter ritmiese momentum. Hoewel geen nuwe harmonieë dan bygevoeg word nie, neem die volume en ook die spanning egter toe. In die geval van die Griekwas word addisionele volume algaande deur die gehoor self voorsien! In hierdie verband stem die navorser saam met wat Anthea Johnston berig oor die bevindinge van Dr. Kevin Volans, volgens die *Natal Mercury* van 4 Februarie 1986:

*Surprisingly few people are aware that traditional African music is structurally complex and highly organised. There are similarities in technique between modern Western ‘classical’ music and African. For instance, the system of transposition in some xylophone music is the same as Stockhausen used in his Piano Piece 8. It’s a coincidence, but it shows that there are composition techniques in African music, that they are highly developed and widely applicable.*

Wat hier met die Griekwas gebeur, is nie voorbedag nie maar breek spontaan uit na buite. Tog het die navorser die gevoel gekry van 'n ooreenstemming in atmosfeer in die twee gevalle soos hierbo beskryf. 'n Soortgelyke bevinding was dié van Vaughan-Williams (1934 : 11):

*Hubert Parry in his book 'The evolution of the art of music' has shown that music, like everything else in the world, is subject to the laws of evolution, that there is no difference in kind but only in degree between Beethoven and the humblest singer of a folk-song.*

“Tswanalied” (notevoorbeeld 31) is 'n soortgelyke lied, maar met Tswanawoorde. Die herhaalde harmoniese progressie I–IV–V–I is kadensieël van aard en duidelik waarneembaar. Basies word dieselfde wysie oor en oor herhaal maar word gevarieer deur verskillende ornamentale versierings wat oënskynlik heeltemal spontaan gedoen word. Vaughan-Williams (1934 : 33) het opgemerk:

*Embellishment ... is a natural consequence of heightened emotion.*

Dit was insiggewend om te sien met watter gemak en oorgawe 'n klein sesjarige dogtertjie aan hierdie voordrag deelgeneem het. Dit toon duidelik dat die kinders van kleins af deel in die ouers se sang- en dansaktiwiteite en dit aanleer deur nabootsing. Notevoorbeeld 32 en 33 is liedere met Namawoorde en is gesing in Kimberley en Griekwastad respektiewelik. Dit is gewoonlik slegs bejaardes, wat nog die ou tradisies aankleef, wat in hierdie “oertaal” van die Griekwas kan sing. Diegene wat nog dié taal met sy klikklak-klanke wat 'n Hottentotte-erfenis is, kan praat, is ook vinnig besig om uit te sterf. Selfs die oudstes onder hulle ken net kort sinsnedes wat hulle nog kan onthou uit hulle kinderdae, omdat die taal nie meer aktief beoefen word in geselskap nie.

Die Griekwas van Campbell besoek nog elke Sondag die historiese Bartlett-kerkie aldaar, genoem na een van die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap wat in die jare 1825–1849 (toe hy oorlede is) onder die Griekwas werksaam was. Hierdie kerkie was nog 'n voorpos van die Christendom in Suider-Afrika en word ook met ander bekende name in die vroeë Sendinggeskiedenis van ons land verbind. Dit is vandag as nasionale gedenkwaardigheid verklaar vanweë sy geskiedkundige belang. Die eredienste hier gehou is nog volgens die egte Griekwatradisie, met 'n voorleser en lekeprediker wat met kinderlike eenvoud hulle boodskap bring. Aan die einde van die diens sing die gemeente 'n lied as seëngroet om hulle te vergesel wanneer hulle huiswaarts keer: “God die Here God van Israel, genade God(s) vir jou.” Hierdie lied het 'n resitatief-agtige karakter en herinner aan die spraaksang wat ook in Rooms-Katolieke kerke voorkom (kyk notevoorbeeld 41).

### 3.3 Die gewyde musiek van die Griekwas van Philippolis en Kokstad

In die Philippolisgebied, by Bergmanshoogte, is nog baie min Griekwas oor. Verbastering het ook ingetree en hulle besit nie dieselfde nasietrots wat in Griekwaland-Wes, Kokstad en Krantzhoek aangetref word nie. Tog woon 'n bejaarde Griekwa, Willem Adams (uitgespreek Ydems) wat plaaslik as Oupa Tooi bekend staan, nog daar. Hy het saam met 'n paar ander bejaarde vroue die “Juig Aarde” gesing wat hulle nog onthou (notevoorbeeld 87). Hierdie weergawe van dié bekende lied onder die Griekwas toon dat dit waarskynlik vir jare reeds nie meer dikwels daar gesing word nie. Die oorspronklike woorde is vergete en vervang met woorde wat hulle as toepaslik beskou het. Hulle het die lied moontlik nog as kinders goed geken en geleer by hulle ouers, wat agtergeblewenes was toe Adam Kok III Philippolis met sy volgelingen verlaat het in 1861–62. Ross (1976 : 99) het immers bevind dat minstens een (Griekwa) op Philippolis agtergebly en saam met die Boere teen Mosoes geveg het in 1865.

Dié lied was egter deur die jare nog altyd baie belangrik vir die Griekwas. Daar kan aanvaar word dat dit ook hulle nalatenskap aan die Blanke N.G. Kerkgangers van Philippolis was, as in gedagte gehou word dat die Blankes die kerkgeboutjie van die Griekwas nog vir agt jaar gebruik het ná hulle vertrek uit Philippolis, voor hulle 'n nuwe kerk gebou het. Wat hulle in die ou Griekwakerkie gesien het, het hulle waarskynlik bygebly, want op die voorfront van die kerkkorrel in die huidige Blanke kerk staan die woorde: “Juich aarde, juicht alom den Heer.” Hierdie lied, Psalm 100, het dan ook inderdaad van groot belang geword in sommige van die Blanke gemeentes waar dit vir die afgelope paar jaar reeds elke Sondagoggend in sy geheel staande deur die gemeente gesing word wanneer die predikant die preekstoel bestyg. Behalwe hierdie lied ken die Griekwas van Philippolis slegs 'n aantal koortjies van die AGS-tipe, waarskynlik 'n latere toevoeging tot hulle gewyde repertorium. Dit is dan ook veral deur die jonger geslag hartlik saamgesing. “Daar onder in die oliëfontein” (notevoorbeeld 88) is egter 'n goeie voorbeeld van hoe liriekdisintegrasie in die volksmond kan plaasvind. Dit kan aan twee faktore toegeskryf word, naamlik mondelinge oordrag van geslag tot geslag en onbegrip van die oorspronklike woord(e) wat aan hulle geleer is.

Die ware betekenis van 'n “heilfontein”, wat figuurlik van aard is, het by hulle verbygegaan. Gevolglik is dit met iets anders wat 'n letterlike betekenis het en 'n soortgelyke woordklank besit, wat ook vir hulle verstaanbaar is, vervang – hier “oliefontein” in plaas van “heilfontein”.

Die Griekwas se voorliefde om hulle geliefkoosde liedere op verskeie wysies te sing, het ook op Kokstad sterk op die voorgrond getree. 'n Voorbeeld hiervan is weer eens “Juig Aarde” (notevoorbeeld 80–84, en 86) terwyl notevoorbeeld 85 'n Engelse weergawe van dieselfde lied verteenwoordig. Laasgenoemde word ook teenoor die Afrikaanse weergawe in *Evangelies Gesange* (1938) aangetref, met dieselfde wysie waarmee dit hier gesing is, wat suggereer dat dit oorspronklik uit daardie bron geleer is. Ander liedfamilies in die Kokstadgebied is “Middelpunt van ons verlange” (notevoorbeeld 76–79) en “My herder is Jehova God” (notevoorbeeld 72–75). Veral eersgenoemde word volgens mev. de Bruin op baie wysies gesing.

Ook volgens dieselfde informant beskou die Griekwas van Kokstad “Op berge en in dale” (notevoorbeeld 71) as hulle volkslied. Mnr. Paulsen\* het dit só verduidelik: die Griekwas se trek oor die Drakensberge was oor berge en dale – “Berg vyftig” (Mount Currie naby Kokstad) was die vyftigste berg waaroor die Griekwas getrek het en is daarom so deur hulle genoem. Daarom het hulle ook gevoel dat die lied “Op berge en in dale” 'n geskikte volkslied vir die Griekwas van Kokstad sou uitmaak, want God het hulle veilig oor vyftig berge en deur netsoveel dale gelei.

Mev. de Bruin sê dat die Griekwas van Kokstad 'n baie hegte groep vorm, byna soos 'n familie, en hulle effens apart voel van die Griekwas elders. Hulle hou nog vas aan die nagedagtenis van Adam Kok III. Wanneer hulle sy graf besoek, sing hulle ook “Op berge en in dale”, wat met sowel woorde as wysie soos dit daar gesing word, aangetref word in *Evangelies Gesange*. Die Kokstad-Griekwas het dan ook nie weer 'n amptelike Kaptein of Opperhoof gekies ná die dood van Adam Kok III nie en sien op na die drie “oudstes” in die gemeenskap vir leiding, naamlik ouderlinge Fortuin, Meintjies en Jantzen.

Vroeër is die Griekwa Nasionale Independent Kerk deur die N.G. sendingleraars bedien, hoewel die vorige leraar, Rev. Thompson (reeds oorlede) van die Wesleyaanse kerk was. Tans het hulle nie 'n vaste leraar nie en word die diens deur lekepredikers (soos ook op Campbell die geval is) gelei. Die drie ouderlinge verrig ook hier 'n funksie. Die kerk vorm die spil van die kulturele bedrywighede van die Kokstad-Griekwas.

Die Griekwas van Kokstad staan bekend as die “biddende Griekwas”, moontlik omdat hulle kerkgebou vir hulle van die allergrootste belang is. Die Griekwa Nasionale Independent Kerk het sy ontstaan reeds voor die trek uit Philippolis gehad, maar die huidige kerk

---

\*Voorsitter van die Baanbrekersraad, tydens 'n onderhoud op 14 Junie 1985.

is eers in 1877 gebou. Sy eeufees is reeds agter die rug in 1977, toe die woorde van Psalm 100 naas 'n foto van die kerk op die program verskyn het: “Juig voor die Here, o ganse aarde! Dien die Here met blydschap, kom voor Sy aangesig met gejubel. Erken dat die Here goed is ...” Die kerk is nie net vir godsdienstige doeleindes gebou nie, maar ook om die volk van gevare te beskerm. Volgens mnr. Paulsen\* is die openinge in die torings deur Kok en sy manskappe gebruik om aanvallers uit die Transkei (Pondo's) af te weer. Elke opening het 'n krygsman die kans gegee om sy volk vanuit die toring te beskerm.

Die kerkgebou en sy saal het die middelpunt van die Griekwas se gemeenskapslewe geword, en met die jare steeds gebly. Die gebou word vandag nog deur die Griekwas as hulle heel waardevolste kleinood beskou, want die statige wit kerk met sy pragtige houtvloere en -banke is die trots van die Griekwas van Kokstad. Eerwaarde W. Dower van die Londense Sendinggenootskap wat reeds sedert 1870 onder die Griekwas van Kokstad werksaam was, het ook 'n aandeel aan hierdie kerkgebou, sê Grobbelaar (1983 : 54):

*Die houtwerk (preekstoel, galery en vensters) binne die kerk is deur Dower self gebou, en die kerkklok buite die kerk het hy van Skotland laat kom. Hierdie kerkgebou van die Griekwa Nasionale Independent Kerk staan vandag op een van die “ses erven”\*\*\* en is tot nasionale monument verklaar.*

Tans het die kerk 'n elektriese orrel wat deur 'n Griekwa-orreliste, Myra Kelton, bespeel word. Die ou Duitse orrel wat tot 'n paar jaar gelede gebruik is, beklee steeds 'n ereplek voor in die kerk. Aan die een kant is daar 'n hefboom wat met die hand gepomp word om die nodige wind te skep wat die klank voortbring. Dit is 'n pragstuk met twee manuele, maar 'n defek veroorsaak 'n hinderlike fluittoon wat ononderbroke voortduur en volgens mev. de Bruin beskik die gemeente nie oor die nodige fondse om 'n orrelbouer van Johannesburg te laat kom om die orrel na te sien nie.

Die “Jaarliks” van die Griekwa Nasionale Independent Kerk te Kokstad is 'n groot feesgeleentheid waarheen Griekwas van heinde en verre kom en vroeër met waens gereis het. Dit vind jaarliks plaas op die eerste naweek in April. Allerhande kerkatiewiteite vind tydens hierdie fees plaas, soos Nagmaal (die huidige avondmaalstel van silwer is nog dié

---

\*Tydens die TV-program “Die roepstem van die aarde” op 25 September 1984.

\*\*Die grond waarop die Griekwa Nasionale Independent Kerk, die destydse Griekwa-skool en die pastorie staan en wat volgens die Groepsgebiedewet van 1966 in die Blanke deel van Kokstad val.

wat uit Philippolis tydens die trek in 1861–62 saamgebring is en dateer volgens mev. de Bruin vanaf 1845), doop, aanneming van jong lidmate, speletjies vir kinders, basaar, diens-te, 'n sangaand en algemene jaarvergadering. Die Griekwas noem dit “tradisionele kerkaktiwiteite”.

Daar is ook 'n kerk op die plaas “Bultfontein” hoewel geen orrel nie. Die wysies wat daar gesing word, berus slegs op geheue en daarom sing hulle ander wysies daar as dié wat in Kokstad se kerk gesing word. Hulle sing volgens mev. Marais\* van dié plaas nog die ou wysies van vroeër jare wat nog onthou word. Volgens mev. de Bruin van Kokstad word die lied “My Jesus ek min U” (notevoorbeeld 93) ook gesing as daar geen orrel beskikbaar is nie want niemand het die musieknote daarvan nie. Dit word dan ook op 'n ou Voortrekkerwysie gesing, wat in Krantzhoeck ook vir “Juig Aarde” gebruik word (notevoorbeeld 154).

Die Sankeyliedere (notevoorbeelde 96–101) is deur die koorlede en gemeentelede gesing tydens die oggenddiens in die kerk op 15 Junie 1985. Opvallend is dat al hierdie liedere wel die “chorus” besit, wat tiperend is van die Sankeylied. “Softly and tenderly” is 'n voorbeeld van 'n uitnodigingshimne, waar lidmate uitgehooi word tot boetvaardigheid en skuldbelydenis. Die sterk ooredingskrag van hierdie tipe lied spreek tot die gemeente, wat diep onder die indruk daarvan kom. “No night there” spreek weer van vertroosting, van 'n plek sonder donkerte, pyn, ang of dood. Die vertroosting en belofte wat die lied bied, vind aanklank by die gemeentelede. Die toekomsblik op die lewe hierna is vir hulle iets om na uit te sien. “Sometime we'll understand” bevat wéér 'n belofte – daar sal een-dag verstaan word waarom die lewe hier op aarde nie maklik was nie. Hulle moet ten spyte van swaarkry bly sing en God loof – Hy sal hulle lei na 'n beter land. Dit is duidelik dat hierdie tipe lied baie gewild sal wees onder mense wat moontlik swaar kry, wat uitsien na verlossing en 'n beter lewe. In ongesofistikeerde gemeenskappe waarin mense nog opreg kinderlik glo, vind dit groot aanklank, soos ook by die Griekwas.

Die “Kersfeesliedere” wat die Griekwas van Kokstad sing, is epies van aard en vertel eenvoudige kersverhaaltjies (sien notevoorbeelde 104–105). “The guiding star” kom uit die *Children's Hosannas*, p. 190, waarvan die koorleidster, mev. de Bruin, 'n eksemplaar besit. Die Griekwaweergawe verskil maar baie min van dié in die boek (kyk musiekvoorbeeld 1), wat bewys dat daar hier nouer kontak is met die geskrewe woord en dat die sing daarvan nie slegs op die geheue en mondelinge oorlewering berus nie.

---

\*Tydens 'n onderhoud op 15 Junie 1985.

“O, my Redeemer” (notevoorbeeld 100), is weer getoonset op ’n populêre (sekulêre) melodie, naamlik dié van “Juanita”, oftewel “My Rita” (kyk musiekvoorbeeld 2). Vaughan-Williams (1934 : 134) is van mening dat die gebruik van populêre deuntjies in religieuse gesangboeke soos volg verklaar word:

*In the 18th century John Wesley declared that he did not want the devil to have all the pretty tunes and in the 19th century, General Booth adapted all the popular melodies of the day to the service of what Huxley called ‘Corybantic Christianity’.*

### 3.4 Die gewyde musiek van die Griekwas van Krantzhoek

Die Griekwa Nasionale Koor het sy beslag in Krantzhoek gekry — dit is dan ook nie vreemd dat die Griekwas van hierdie gebied bekend staan as die “singende Griekwas” nie. Hoewel die Griekwas nog altyd lief was vir sang, was dit eintlik die Kneg (A.A.S. le Fleur I) wat hulle uit ’n verstrooide en geestelik-vervalle toestand geneem en met sy eie onblusbare energie geïnspireer en weer léér sing. Volgens sy dogter, mev. Jones, het hy die buitebladlose boekie wat tydens navorsing **Dutch Hymns** blyk te gewees het, vir hierdie taak gebruik, asook die **Evangelies Gesangboek**. Ná sy dood het enkele koorleiers wat Tonic Solfanotatie kon lees, hierdie taak oorgeneem en die sang verder uitgebou. Wyle mnr. Bailey, skoonvader van die huidige koorleier, mnr. E. Keet, het hulle, volgens mnr. Keet, ook baie lieder geleer.

Die Griekwawolk het nog altyd ver van kultuursentra geleef en sang was vir hulle die enigste vorm van geestelike musiekbeoefening. Trouens, kerkliedere was vroeër vir ’n lang tyd ook die enigste literêre werk waarmee die Griekwas in aanraking gekom het en wat tot hulle kon spreek. Die invloed daarvan op hulle geestelike ontwikkeling moes noodwendig groot asook blywend wees.

Weens gebrek aan ’n orrel of klavier is hulle koorsang altyd ongebeleid, tog is die <sup>a cap</sup> **A Capella** klanke van die Griekwa Nasionale Koor besonder suiwer, met goeie nootvaste stemme daarin vervat, wat as ’n geheel musikaal bevredigend saamklink en die Griekwas van Krantzhoek tot eer strek.

Tydens ’n huisdiens wat in Kurland gehou is, het ’n eerwaarde Cloete die diep gevoelens wat die Griekwas koester oor hulle sang, hulle Lof, probeer beskryf:\*

---

\*Julie 1983






## Musiekvoorbeeld 2

## My Rita (Juanita)

Vertaling deur M. L. DE VILLIERS


Do is D.

|| s : - . : f . m | m : r : | r . m : f : - . m | f . l : s : |



1. Sag op fon-tein-tjie straal die maan in Sui-der-tooi:  
 2. Slaap jy, al dre-mend, en die maan-tjie loer weer daar,

s : - . : f . m | m : r : | r . , m : f : s , | d : - . : |



1. Vêr - - - oor die berg-top, daag reeds mô-re - - rooi.  
 2. Dae - - - raad kom aan-bree, — met 'n droom on - - waar:

m . s : d' : - . t | t : l : | r . , r : s : - . f | m . , l : s : - . |




1. Don-ker o - - gies heer-lik glan-send soos met son-ne-spel, —  
 2. Sal jy nie maar toe-gee, sug laat hoor vir my.

m . s : d' : - . t | t : l : - . | s . s : s : m | d : - . : |




1. Loer ver-mocid, maar te-der, — sê so lief, vaar - - wel.  
 2. Hart oop-sluit vir be-de — lank-al reeds ver - - by?

m : m : m | f : f : | r . r : s : - . f | m . l : s : | m : m : m | f : f : |



1. Ri-ta, my Ri-ta, vra jou hart of ons sal skel; Ri-ta, my Ri-ta,  
 2. Ri-ta, my Ri-ta, laat my bly hier na-by jou; Ri-ta, my Ri-ta,

s , . s : m : r | d : - . : | : : | : : | : : | : : |



1. leun hier aan my sy.  
 2. word my bruid-jie nou.

*Die Griekwas verwelkom die ondersoek wat tans na hulle liedere gemaak word – hulle is begerig dat die waarheid aangaande hulle geloof in God aan die wêreld bekend gemaak word. Die Here het 'n groot waarheid aan hulle gegee en daar is nie baie wat die diepte wat hulle Lof besit, besef nie. Lof is nie sang alleen nie. As 'n mens nie in jou Lof die Gees van die Here uitbring nie, sing jy soos 'n klinkende simbaal, soos die Skrif sê. Dit is nie hulle wat uitverkies is, wat kan sing nie, maar dit is hulle wat deur die Gees van God sing, wat die Here aanhoor en wat waarheid is ... dié Lof het 'n klank, 'n sterk stem in homself. Dít is die waarheid – daar is getuienis in hierdie Lof en die klank daarvan trek ver. Dit is omdat hulle deur die Gees van die Here en deur geloof sing ... met Lof sal hulle die poorte kan ingaan, soos die gesangvers sê (Psalm 100, strofe 3).*

Vir hierdie Griekwas geld ook wat Kodály (1971 : 14) gesê het:

*To live meant to sing.*

Die Griekwas is in 'n groot mate deur die kerkmusiek beïnvloed waarmee hulle in aanraking gekom het. Hulle het bestaande psalm-, gesang- en hallelujawysies as modelle geneem waarop hulle hulle eie musiek geskoei het. Die musiek is op die drieklankkonstruksie van Westerse kunsmusiek gebaseer, met tipiese drie- of vierslagmaat en reëlmatige frases en sinne. Oor die algemeen is die harmonie en intervalinhoud baie eenvoudig en beweeg die stemme dikwels parallel in tertse en sekste. Heel dikwels gebeur dit dan ook dat die tenoorstem in unisoon met die sopraanstem beweeg, dit wil sê slegs 'n oktaaf laer. Sekere werksywyses wat in hierdie modelle voorkom, is baie aantreklik vir die Griekwas, wat daartoe lei dat hulle dit baie dikwels in hulle eie musiek toepas, soos aangetoon sal word.

### 3.4.1 Die Griekwas se Nasionale Volkslied

Die Kneg het die lied “God ewig, groot en goed” (notevoorbeeld 120) in 1924 as volkslied vir die Griekwas aangeneem. Die huidige Volkspresident, Eric le Fleur, het op 'n vraag na die oorsprong van die lied, gesê dat dit eintlik min of meer 'n Afrikaanse weergawe is van “God save the Queen”.\* In die eerste uitgawe van *Evangelies Gesange met musiek* (1923) verskyn die Nederlandse woorde van hierdie lied inderdaad by die woorde


---

\*Krantzhoek, 11 April 1983.

van "God save the King" en word albei op dieselfde wysie gesing. Die Kneg het waarskynlik 'n vroeëre uitgawe, nog in Nederlands en sonder musieknote daarby, gebruik om die lied aan sy volk te leer. Weens die mondelinge oordrag daarvan het die woorde 'n natuurlike evolusieproses ondergaan sodat dit vandag in 'n ver-Afrikaansde vorm gesing word.

Volgens die Presidentsraadsverslag (1983 : 62) lui die konstitusie van die Griekwa Nasionale Konferensie dat die Volkslied uitsluitlik in Nederlands gesing mag word en ook uitsluitlik in werking gebring word op Volksdae (vierings, vakansies, huwelike, verjaarsdae of sterftes).

Die Griekwas het egter die wysie verander, maar ofskoon die wysie verskil, het die ritme deurgaans feitlik identies met dié van die Engelse volkslied gebly. Die navorser het die twee wysies krities vergelyk en gevind dat hoewel die kontoere van die twee melodieë heelwat op plekke verskil, dit tog saamval op ander en wel vir 'n totaal van 17 uit 'n moontlike 42 polse, wat nagenoeg 40,5 persent van die totaal is (kyk figuur 10). Die Griekwas wou 'n



Figuur 10: Kontoere van Griekwa Nasionale Volkslied en "God save the Queen".

individuele stempel afdruk op hul volkslied om dit daardeur meer volkseie te maak.  
 'n Anonieme Griekwaskrywer (GM 2 : 35) het gesê:

*Laat die leser duidelik verstaan dat die wysie waarop die volkslied gesing word is eg Griekwa.*

Dit bly nogtans duidelik dat die Engelse volksliedwysie as model daarvoor gedien het.

Wat die inhoud daarvan betref, skyn daar met die eerste oogopslag weinig ooreenkoms tussen die twee liedere te wees. Albei is egter in die vorm van 'n gebed en by nadere ondersoek word dit ook duidelik dat daar 'n groot ooreenkoms in die dieperliggende betekenis is. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat die lied geensins 'n vertaling van die Engelse volkslied is nie, maar dat die lengte, rymskema en musikale ritme wel identies is:

*God ewig, groot en goed  
 Wij smeken U, behoed  
 Ons Vadersland.  
 Laat Volk en Soewerein  
 In liefde verbonden sijn  
 O segen groot en klein  
 Met milde hand.*

*O God wij loven U  
 Vader, wij brengen U  
 Prys, eer en dank.  
 U die alle goede sent  
 En die kwade van ons wend  
 Salig is het Volk dat kent  
 Het bly geklank.*

*Gij aller vorsten Heer  
 U heil daal guns stryk (gunsryk) neer  
 Op troon en ryk.  
 By vreugd en veiligheid  
 Voorspoed en vrugbaarheid  
 Voeg die Godsaligheid  
 So kom U ryk.*

*God save our gracious Queen  
 Longlive our noble Queen  
 God save our Queen.  
 Send her victorious  
 Happy and glorious  
 Long to reign over us  
 God save our Queen.*

*O Lord, our God, arise  
 Scatter her enemies  
 Make war to cease.  
 Keep us from plague and dearth  
 Turn Thou our foes to mirth  
 And over all the earth  
 Let there be peace.*

*Thy choicest gifts in store  
 On her be pleased to pour  
 Long may she reign.  
 May she defend our laws  
 And ever give us cause  
 To sing with heart and voice  
 God save the Queen.*

Veel van die inhoud en melodie is ook vergelykbaar, maar die Griekwas sien hulleself eerder as onderdane van God, as onderdane van 'n aardse heerser. Tog het hulle hulle Vaderland lief en bid vir die behoud daarvan. Hulle wil egter as saamgesnoerde volk in liefde saamwoon en God se goeie gawes geniet. Daarvoor prys en dank hulle God. Hoewel die Engelse volkslied dus as model gedien het vir die Griekwas se Nasionale Volkslied, kan dit as 'n eie skepping gesien word wat volkome aanpas by die sangtradisie van die Griekwas.

### 3.4.2 Die tipiese Griekwaliedere van die Le Fleur-Griekwas

Die tipiese Griekwaliedere kom uit die hart van die Griekwavolk self – dit is volkseie. Dit het 'n gewyde strekking en word ook in die kerk en sondegskool gesing, maar het nooit in druk verskyn nie en word deur die ouers aan die kinders geleer. Al die Griekwas ken hierdie liedere van buite en dit word mondeling deurgegee van geslag tot geslag. Hierdie liedere is eieskappinge en weerspieël die geskiedenis, lewe en filosofie van die Griekwas – hulle is inderdaad 'n musikale opsomming van grepe uit hulle geskiedenis. In soortgelyke verband kan Mantle Hood (1971 : 243) hier aangehaal word:

*Perhaps value relates to superstition and magical propensity ... possibly it is to be measured in relation to ... a musical record of history ... perhaps its principle value is educational.*

Dit is wel waar dat die Griekwas deur hierdie liedere die beeld van die Kneg en van hulle veelbewoë geskiedenis vir hulle nageslag wil lewend hou.

Die oorsprong van hierdie liedere is nagevors en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die Griekwamistiek ook 'n rol speel as liriese determinant. Die element van mistiek, veral rondom die Griekwas se volkwees en die profeet- en leierskap van die Kneg, is kenmerkend van die tipiese Griekwaliedere. Sonder 'n kennis van dié mistiek sou dit onmoontlik wees om die betekenis van hierdie liedere na behore te peil, daarom word dit eers bespreek.

Dit was alombekend dat die Kneg heldersiene moes wees. Hy kon toekomstige gebeure soms tot op die minuut voorspel en dit het meegewerk om die onwrikbare vertroue wat sy volk in hom gehad het, tot stand te bring en om van hom 'n mistieke figuur te maak. Die wonderwerke wat hy deur gebed laat plaasvind het, het dieselfde uitwerking op die Griekwas gehad. Hy het van gemeenskaplike gebed en koorsang gebruik gemaak om geloofsgenesing te bewerkstellig en het selfs 'n pasgestorwe jong dogter teruggebied uit die

dood (GM 2 : 18). Die volk het gesien dat sang ook 'n belangrike rol gespeel het in die wonderwerke wat plaasgevind het. Die Kneg het sy mense as 'n koor bymekaargebring om te sing terwyl hy bid. Sang het dus vir die Griekwas al belangriker geword, omdat hulle getuie daarvan was dat die gebede van hulle Hoof saam met hulle eie koorsang, wonderwerke kon laat plaasvind. Hierdeur het die koorsang self ook vir die Griekwas 'n mistieke betekenis verkry.

Volgens 'n anonieme Griekwamanuskrip (GM 2 : 20–21) het die Kneg aan sy volk vertel dat Adam Kok in 'n visioen aan hom verskyn het en hom beveel het om die Griekwas uit Pondoland te gaan haal. Toe hy dit aan hulle bekendmaak, het hulle besef dat hy met 'n groot figuur uit die voorgeslag van die Griekwas kommunikeer het. Toe hy kore gebruik het om hom by te staan in die groot taak om die Griekwawolk weer bymekaar te bring, is daar gesê dat hulle die doodsbeendere van Adam Kok na mekaar toe gesing het. Die Kneg is al hoe meer deur die volk as 'n mistieke figuur gesien wat 'n skakel gevorm het tussen hulle en God en ook tussen hulle en hulle voorvaders, waardeur hy later vir die Griekwas soos 'n heilige geword het. Daarom is die plaas Ratelgat (uitgespreek Rattelgat) in die Knegsvlakte vandag vir hulle heilige grond waarheen hulle pelgrimstogte onderneem en hulle trek hulle skoene uit wanneer op die Kneg se ou werf kerk gehou word. In GM 2 : 44 word vermeld:

*Die Griekwas glo stellig dat wat hulle hier en op die graf (van die Kneg) en Rattelgat vra van die Here sal beantwoord word. Of soos die Griekwas wat nog Nama praat dit uitdruk in hulle eie taal: 'Rattelgat ies die Ilhas (Baarmoeder)'.*

God het met die Kneg op Ratelgat gepraat en hulle vergelyk dié plek met die berg Horeb, waar God met Moses gepraat het. Die Kneg het soms aan die volk te kenne gegee dat God met hom ook gepraat het. Hy self het God aangespreek deur middel van gebed en dan God se antwoord daarop aan die volk bekend gemaak. Toe hy per geleentheid by Blackridge bid vir reën sodat sy droogtegeteisterde volk se ellende verlig kon word, het hy voorspel dat dit binne 'n uur sou reën – wat toe gebeur het, sodat die Griekwas volgens GM 2 : 49 gesê het:

*Die Kneg van God het gepraat en die elemente moes buig. So 'n man was die Griekwa Leier, 'n man wert om te volg, 'n man wat God ge-eer het, 'n opregte edele Leier van sy Volk, die Griekwas.*

Die Kneg was ook Profeet wat volgens die Griekwas wêreldgebeure korrek voorspel het. Selfs vandag nog is sekere van sy voorspellings glo besig om waar te word en bestudeer die huidige Volkspresident, 'n kleinseun van die Kneg, gereeld die geskifte wat die ontslape Opperhoof nagelaat het. Volgens die Griekwas word hierdie voorspellings vandag nog bewaarheid, sodat die Kneg selfs ná sy dood steeds lewend vir sy volk bly. Daarom glo hulle dat hy nie werklik dood is nie en vir hulle intree by God – 'n middelaar dus.

Die Kneg is oorlede op 11 Junie 1941 by Robberg, Plettenbergbaai, waar sy graf vandag 'n Griekwaheilighdom is. Vandag “raadpleeg” sy dogter, mev. Jones, steeds haar vader om raad en leiding oor belangrike sake en dra sy opdragte oor aan die volk.

Die Griekwas plaas 'n hoë premie op hulle voorgeslagtelike leiers en vereer hulle in so 'n mate dat hulle byna die status van Godhede verkry. Hulle sê volgens GM 2 : 50 die volgende:

*Adam Kok, stigter van die Griekwastam, was merkwaardig, maar vir die Griekwas was die Kneg uitstekend, verhewe, groots en onvergeetlik.*

Hierdie siening van die Kneg teenoor Adam Kok is dan ook een van die basiese redes waarom die Le Fleur-Griekwas en die Kokstad-Griekwas op hierdie stadium moeilik volkome verenigbaar is en hulle “effens apart van mekaar voel”.

Daar kan gesê word dat die lewe van die Griekwas vandag uit hoop en verwagting bestaan, want onder hulle lewe daar 'n man wat reeds baie jare dood is, maar wie se voorspellings in baie opsigte steeds hulle lewe reël.

Vir die Griekwas is die mistiek 'n werklikheid en groot waarde word geheg aan tekens, drome en visioene. So sterk is hulle geloof daarin dat hulle feitlik alles wat met hulle gebeur, sien as die een of ander teken. So is selfs hierdie navorsing deur die Griekwas gesien as 'n soort ereteken dat God die navorser van ver af gebring het om daardie geskiedenis op te teken – omdat die Kneg voorspel het dat daar nog oor sy volk geskryf sou word in die toekoms (Gert Gahl, 1982).

Teen hierdie agtergrond kan die tipiese liedere van die Griekwas van Krantzhoek nou bespreek word.

## (i) “Die Griekwawolk opwaarts beur” (notevoorbeeld 124)

Die Kneg se tweede oudste seun, Adam le Fleur, wat jarelank President van die Griekwa-kerk was, het volgens ’n Griekwa-informant\* die woorde en wysie van hierdie lied gemaak om die volk mee op te beur. Die woorde sou neergeskryf gewees het deur wyle Eddie le Fleur, broer van Eric le Fleur, die huidige Volkspresident. Dit is nie ’n lied wat vandag meer baie gesing word deur die Griekwas nie. Hoewel dit ’n egte volksprodukt is, is dit as lied nie geslaagd nie en het dit in onbruik geraak, sodat baie van die Griekwas nie meer die woorde daarvan ken nie. Die lied besit nie ’n reëlmatige metrum nie en woordaksente val dikwels musikaal verkeerd, sodat die lied nie maklik op die tong val en dus nie lekker sing nie. Die woorde het later “weggeraak”.

Die inhoud van die twee strofes is teenstellend – die verlede en die mistiek daaraan verbonde, teenoor die hede met sy boodskap van die werklikheid. Die refrein bind egter die twee strofes saam tot ’n eenheid.

1. *Met genot dink ons terug aan Kaptein Kok  
Onder hom het Griekwas steeds opgekom.  
Toe koeëls gons weldra bewaar hy ons  
Die Griekwawolk opwaarts beur!*

*Refrein: Die Griekwawolk opwaarts beur  
Die Griekwawolk opwaarts beur  
Deur God en Hoofbestuur word ons geleer  
Die Griekwawolk kan nie dood!*

2. *Dogters van die Griekwawolk hou hul eer  
Klem vas aan God en Hoof se leer  
Die Griekwas wen hul Nasielikheid weer  
Die Griekwawolk opwaarts beur!*

Die droombeeld van Adam Kok wat die Griekwas met hulle saamdra, het oor die jare toegeneem in aantreklikheid en geheimsinnigheid sodat hy geleidelik as mistieke figuur begin vorm aanneem het. Buitengewone magte word selfs nou aan hom toegeken sodat daar hier gesing word van koeëls waarteen hy die Griekwas beskerm. Hulle dink

---

\*Gert Gahl, 15 Julie 1982.



“met genot” terug aan hierdie superheld. ’n Anonieme Griekwaskrywer (GM 1 : 2) sien hom so:

*Ja, die eerste Kleurlingleier en seker een van die merkwaardigste. Die bieg-vader, die veelomvattende, die veroweraar, die Stigter, die pilaar, die oortreffer, die Ilhas [Hotnots of Nama vir die woord Baarmoeder]. Die een wat instrumenteel was om van die Kleurlinge en Basters en slawe ’n Griekwa Nasie maak.*

Toe die “Hoofbestuur” van die Griekwas onder leiding van die Kneg ’n embleem moes kies vir ’n eie vlag, is op die kanniedoodblom besluit. Die Griekwas vergelyk hulleself met hierdie blom wat bly lewe wanneer ander blomme lankal sou verwelk. Niks kry hulle onder nie – hulle kan nie dood nie.

Strofe 2 verwys na die jong meisies wat uitgestuur is om met hulle sang die Kneg by te staan in sy doel om die Griekwawolk weer nasiebewus te maak. Die volk het op die stemme van hierdie “Roepers” reageer en na Knysna getrek, soos hulle aangesê was om te doen. Mev. Jones\* vertel dat daar soms feitlik niks was om te eet nie – slegs ’n paar mielie-korreltjies in elke kind se bekertjie – tog het hulle geesdriftig gesing: “We’re gathering homeward from every land, one by one.”

Hierdie lied besing dus albei groot volksfigure – heldedade van Adam Kok en die Kneg.

Die lied begin met ’n opmaat en het ’n reëlmatige struktuur. Die gesinkopeerde effek wat deur die lang note op die tweede polse van die mate by frase-eindes voorkom, is opvallend in hierdie lied (mate 2, 4, 6, 7, 14, 15). Die onbetoonde lettergrepe van die woorde op die eerste polse in baie van die mate dra grootliks daartoe by dat dié lied nie lekker sing nie. In maat 4 val die “ge” van “opgekom” byvoorbeeld op die eerste pols. Netso val “wa” van “Griekwawolk” in mate 7 en 15, en “en” van die woorde “God en Hoofbestuur” ook op eerste polse.

Ritmiese vryheid kom voor in maat 11, wat ’n ekstra halwe pols bevat. Die Griekwas se voorliefde vir beurtsang kom in die refrein van die lied tot uiting en daar kom ’n chromatiese deurgangsnoot voor in maat 12 (altstem). In maat 2<sup>2-4</sup> beweeg al die stemme parallel aan mekaar, óf in tertse óf sekste óf die oktaaf.

---

\*15 Julie 1982

## (ii) "God het belowe" (notevoorbeeld 125)

Volgens Gert Gahl\* het hierdie lied as 'n Griekwalied in Namataal ontstaan en wel toe die Kneg nog geleef het. Dit is geskep deur Willem Links, 'n Namakwa van Grootrivier se wêreld en reeds oorlede. Van die Namakwas het later "Griekwas geword" deur aan te sluit en Willem Links kon een van hulle gewees het. Hy was onder meer die eerste Sekretaris van die Griekwawolk. Die Namavolk was Hottentotte (Namakwas) met 'n eie taal. Die Namakwagebied was in die omgewing van die Groot- of Oranjerivier, naamlik Groot Namakwaland aan die noorde- en Klein Namakwaland aan die suidekant van die rivier. Hulle was 'n godsdienstige volk en diegene wat by die Griekwawolk aangesluit het, het ook 'n godsdienstige element met hulle saamgebring. Willem Links het volgens GM 2 : 22 die profetiese woorde van die Kneg

*God sal self die dag bring wanneer hulle sal verlos word en weer eens alleen  
eenkant sal kan bly en lewe weg van die Blankes af. Maar wag eers dat die  
Engelsman nie meer die land bestuur nie*

gehoor en dit het hom geïnspireer om 'n lied daarvoor te skryf. Hy het glo ook die wysie geskryf. Later is die lied in Afrikaans vertaal deur Eric le Fleur. Die lied word nie gereeld gesing nie, net op sekere dae – groot dae soos wanneer die Griekwas die verjaardae van hulle leiers vier en ook op die herdenkingsdag van die Edele Opperhoof, sê hulle:

1. *God het belowe om self die dag te bring  
Juig aarde, juig in God  
Loof saam, o volk dat ons besing  
Die vreugde heilgenot, die vreugde heilgenot.*
2. *Die dag is hier van onse God se wreek  
Skuld is vol betaal.  
Laat ons in vreug die lig aansteek  
Aan elke nasie en taal, aan elke nasie en taal.*
3. *U koninkryk op aarde het U Kneg begin  
Met dogters van U volk.  
Steek op U banier en oorwin  
Die seuns en boesemvolk, die seuns en boesemvolk.*

---

\*Julie 1982: Gert Gahl is reeds oorlede.

4. *Israel van ouds word nou Griekwas genoem,  
Verlore tak gevind.  
Losprys gegee word ons benoem  
God vir ons goedgesind, God vir ons goedgesind.*

Die woorde van die gunstelinglied onder die Griekwas, “Juig aarde” breek ook deur in hierdie lied, waarin die Griekwas juig oor die vryheidsbelofte wat deur die Kneg aan hulle oorgedra is. Tydens sy lewe het hy dikwels opdragte, wat volgens hom van God afkomstig was, aan hulle oorgedra.

Die Griekwas, in die verlede veronreg, verwag ook dat God saam met hulle verlossing ook wraak sal neem op diegene wat hulle veronreg het. Daarmee sal die skuld uitgewis wees en vreugdevure brand vir almal om te sien.

Hierdie lied bevat weer eens ’n verwysing na die wyse waarop die Kneg sy volk herorganiseer en teruggelei het na God – die dogterskore wat uitgestuur is om met sang en Lof hulle verstrooide volksgenote weer nasiebewus te maak, soos in GM 2 : 32 vermeld word:

*Die Binneland wat in die mederheid nog stil gelê het, moet nou in Volklikheid gelei word en wakker gemaak word van hulle on-nasielike stand.*

Dat die Griekwas hulleself as ’n uitverkore nasie sien, vergelykbaar met die uitverkore Israëliete vanouds, is ook duidelik uit die laaste strofe. Die Griekwas wil hulle graag met die ou Israel identifiseer, soos blyk uit Griekwamanuskripte wat deur die navorser bestudeer is (GM 1 en GM 2). Hulle sien ’n verband tussen die geskiedenis van die twee volkere; albei is klein, vredeliewende volkere en in hulle swakheid baie afhanklik van hulle God. Hulle is diep godsdienstig, ernstig van geaardheid, lief vir ’n eenvoudige lewe na aan die natuur. Albei was ook swerwend en vir baie jare sonder tuiste, met slegs die eenvoudigste van wonings en weinig aardse besittings. Daarom nederig, maar tog Koningskinders deur hulle geloof en daarom trots op wat hulle is. Omdat die ou Israel ’n uitverkore volk was, voel die Griekwas dat hulle dit ook is.

Weer eens begin die lied met ’n opmaat, maar die struktuur is onreëlmatig en kan volgens die liriek in frases van 3 + 6 mate verdeel word. Hierdie onreëlmatigheid kan moontlik verklaar word deurdat die aantal betoonde lettergrepe vir elke vers verskil. Verder word die laaste frase ook deur herhaling met twee mate verleng. Ooreenstemmende verse in die verskillende strofes besit nie dieselfde aantal lettergrepe nie, maar

juis al genoemde onreëlmatighede bevestig die ongekunsteldheid en eie stempel van die lied as Griekwa-eiendom.

Daar is vier sekondêre dominante, wat almal deur die tenoorstem teweeggebring word, naamlik: die D in mate 1 en 7 is die verlaagde leitoon, wat die subdominanttoon, A tydelik tot tonika verhef. Machlis (1961 : 298) het opgemerk:

*Characteristic is his [Vaughan-Williams's] great fondness for the flattened seventh step, an effect found in folk tunes based on old scales ...*

Hoewel momentele leitoonverlagings in die musiek van die Griekwas van Krantzhoek voorkom en die verlaagde leitoon 'n eienskap van volksmusiek is, word dit in die geval van die Griekwas eerder aangevoel as sekondêre dominantvorming. Die A<sup>#</sup> in mate 2 en 5 is die verhoogde subdominanttoon, wat weer die dominant, B, tot tydelike tonika verhef.

In die eerste vier mate beweeg die sopraan- en altstemme konstant parallel in tertse, met die sopraan- en tenoorstemme in sekste in mate 7<sup>4</sup>-9<sup>2</sup>, terwyl die laaste, verlengde frase weer eens deur beurtsang gekenmerk word. Mate 3<sup>4</sup>-5<sup>1</sup> het 'n tipiese koraalagtige atmosfeer.

(iii) "Waar is tog my rus?" (notevoorbeeld 126)

Tydens die opname van hierdie lied het Els Gahl van Hawston gesê dat die inhoud handel oor die lewe en lyding van die Hoof en dit verwys ook na die lang jare van trek wat die Griekwas agter die rug het. Die sanger vorm 'n mondstuk van die hele volk wanneer hy vra: "Waar is tog my rus? Waar kom ek vandaan?"

1. *Waar is tog my rus, waar kom ek vandaan?  
Ek volg 'n pad, vir my is gebaan.  
Ek bou hier op rots deur Gods Kneg gelê  
Nouliks hoor ek die Gees vir my sê:*
2. *"Word My 'n volk, dan word Ek jou God,  
Dan seën Ek jou, beskik Ek jou lot."  
Deur onweer en sonskyn, versuring en rou  
Word ons geroep om die saak op te bou.*

3. *So skenk God die Lof aan die Griekwas, verniet,  
Om elk' siel te verlos van smart en verdriet.  
Langs heuwels, riviere, in huise van klei  
Het Lof die siele versier en versprei.*
4. *Dag van verbittering, dan weer van heil,  
Volg ek die pad op die weg wat ons peil.  
Ons God is ons borg, ons trou en ons skild,  
So streef ons voorwaarts, vol moed en geduld.*
5. *Hulle hef hulle toe aan en versprei die geklank  
Wat soet is, wat rein is, hulle hart vol met dank.  
Al nader en nader, deur die rooipad se stof,  
Nou is ons reg om die saak op te bou.*
6. *Die saak moet gedra word van hoek tot kant –  
Ja, almal moes hoor dwarsdeur die land.  
Selfs berge en dale moes toe kennis kry  
Dat God deur Sy Kneg Sy volk wil bevry.*

Die lied is geskep rondom 'n primêre, volksaardige bevrydingsgedagte. Ten spyte van die feit dat hulle steeds nie rus ondervind ná die moeitevolle swerfjare nie, straal die woorde van die lied nogtans nie verbittering uit nie, maar eerder lydsaamheid, geduld, aanvaarding en onderwerping aan die onvermydelike.

Die huidige stand van die Griekwas word in die eerste twee strofes geskets. In hulle geloof vind hulle egter vertroosting en daar word 'n verbond met hulle God gesluit. Strofes 3–5 handel dan oor die volvoering van die verbond en die belofte – hulle het God se volk geword en Hy daardeur hulle borg en skild. Deur middel van die genadegawe wat hulle ontvang het, naamlik hulle Lof, vind 'n figuurlike bevrydingsproses plaas in elke Griekwasiel, omdat hulle siele verhef word bo hulle nederige omstandighede. Strofe 6 vorm die klimaks en die figuurlik bevryde volk word innerlik versterk, sodat hulle hierdie boodskap met lofsang aan alle Griekwas oor die hele land uitdra. Hulle sien nou uit na hulle letterlike bevryding wat vir hulle reeds 'n voldonge feit is wat nog net bekragtig moet word en wat die eindbestemming sal wees van die weg wat die Kneg vir hulle gebaan het.

Die volksgevoel of “nasielike bloedsgevoelte” soos die Griekwas sê, waarop die lied berus, word op natuurlike wyse, maar tog deeglik poëties gestruktureer. Opvallend is die

onderliggende ongekunsteldheid en naïwiteit wat gekoppel kan word aan die onwrikbare geloof van die Griekwa in sy God en die Kneg. Hieruit spruit die verdere geloof dat Lof deur God self aan hulle gegee is as middel tot hulle bevryding. Hulle lofsange is dan ook grootliks 'n uitdrukking van die volksgevoel – dit is verwoording van hulle diepste gevoelens en begeertes. Die Lof het dus 'n integrerende, onlosmaaklike deel geword van wat die Griekwas vandag is en is 'n behoudende faktor.

In hierdie lied kom die Griekwas se voorliefde vir chromatiek, wat gewoonlik deur die tenoorstem bewerkstellig word, duidelik na vore en pas aan by die emosie wat in die liriek tot uiting kom. Chromatiese deurgangs- of hulpnote is ook 'n vorm van melodiese ornamentasie. Dit is nie-essensiële note en behoort nie aan die harmonie van die oomblik nie. In mate 1 en 13 kom daar 'n onderhulpnoot voor, naamlik B<sup>4</sup>, terwyl die D<sup>4</sup> in maat 3 'n chromatiese deurgangsnoot is. Die G<sup>b</sup> in maat 11 is weer 'n verlaging van die leitoon. Terselfdertyd word die subdominanttoon, D<sup>b</sup>, tydelik tot tonika verhef. Parallele tert- en sekstbeweging van stemme kom dikwels voor, soos byvoorbeeld in mate 6<sup>1</sup>–9<sup>3</sup>.

(iv) “Deur die lyding van die Hoof” (notevoorbeeld 127)

In hierdie lied is dit die Hoof, selfs jare ná sy dood steeds die groot Leier en Profeet van die Griekwas, die Kneg van God, wat voortleef in hulle harte. Die mistiek tree hier sterk na vore en die Hoof word as mistieke figuur besing, wat optree as middelaar tussen hulle en God.

Volgens Els Gahl\* is hierdie lied geskryf deur die kinders en kleinkinders van die Kneg en word dit deur die ouers voorgeskryf vir die kinders. Hulle moet leer van die offerings wat die Opperhoof vir sy volk gemaak het om hulle bymekaar te kry sodat hulle hom in ere kan hou. Volgens haar beteken “aan die oorkant” dat die Hoof nou in die “anderkantste lewe” is. Hulle glo nie hy is dood nie, hy het net oorgegaan in 'n ander lewe. Hy is daar om vir sy volk te pleit by God, sodat die gebede wat hulle tot Hom rig, verhoor kan word. So kan hulle veilig voortgaan op hulle lewenspad, wat na God se voete lei.

---

\*Kleindogter van Gert Gahl. Sy kom van Hawston en het hierdie lied saamgesing op Krantzhoek op 15 Julie 1982.

1. *Deur die lyding van die Hoof  
Is ons hier, is ons hier  
Is ons vryheid tans beloof  
Om die dag te sien  
Heer, om te leer, sien ons ver die  
Heer, om te leer, sien ons nou die nag.*
  
2. *Nimmer was sy vlees gespaar –  
Om te werk aan ons trou  
Maak hy ons toe bymekaar  
Om weer op te bou.  
Edele Opperhoof, sien ons volg u,  
Edele Opperhoof, sien ons volg u na.*
  
3. *Aan die oorkant is hy nou –  
Pleit vir ons, pleit vir ons!  
Krag van God was dit gewees,  
Om Sy Naam te eer.  
Edele Opperhoof, sien ons volg u,  
Edele Opperhoof, sien ons volg u na.*

Dit is moeilik om uitsluitsel te gee of die Griekwadigter hier van “lyding” of “leiding” praat – hy kon selfs albei in gedagte gehad het – omdat die woorde nooit neergeskryf is nie. Die Hoof het wel fisies gely en opofferings gemaak vir sy volk, sodat hulle sing “sy vlees was nie gespaar”, maar hy was ook Leier wat hulle gelei het tot waar hulle vandag is.

Die dag en nag word ook direk in teenstelling geplaas: “die dag” is die “môre” wat volgens verskeie Griekwa-informante dikwels deur die Kneg aangehaal is en wat sinspeel op vryheid vir die volk in die toekoms. Daarteenoor sien die Griekwas die swaarkry van die hede as “die nag”. Tog leer hulle daaruit, word gelouter en vervul met vasberadenheid om hulle huidige omstandighede te verbeter. ’n Griekwa\* het hieromtrent gesê:

*Hulle (oudstryders en vorige Opperhoofde) is verantwoordelik vir ons huidige stand en erkenning. Dit is reg en edel dat ons die dae van ons voorouers moet eer en respek. Ons moet egter nie stil sit en tevrede wees met wat*

---

\*Gert Gahl, Griekwa Huldedagviering te Beeswater, 6 September 1959 soos aangehaal uit ’n los geskrif.

*hulle gedoen het nie, ons moet verder werk en strewe sodat ons hulle werke kan vergroot.*

Die Hoof begin reeds in die refrein van strofe 2 as mistieke figuur deurskemer, wanneer hulle as't ware aanvaar dat hy in 'n posisie verkeer waaruit hy hulle kan gadeslaan. In strofe 3 vind daar 'n intensifering van die mistiek plaas en die lied bereik 'n klimaks deurdat dit feitlik 'n gebed word waarin hulle die ontslape leier in 'n verheerlikte posisie sien in die hiernamaals.

Die Griekwas het nie 'n eie melodie vir hierdie woorde geskep nie, maar die wysie van 'n bekende hallelujalied, "Jesus Naam, wat lieflik' woord" (kyk musiekvoorbeeld 3) vir dié doel "geleen". Dit gebeur dikwels in volksliedere dat 'n bestaande wysie aanleiding gee tot 'n "aangepaste" liriek wanneer dit vir nuwe woorde gebruik word. Laasgenoemde feit word veral deur die refrein illustreer – die Griekwadigter kon nie heeltemal daarin slaag om weg te breek van die woorde van die hallelujalied nie, wat sê: "Leer ons Heer, meer en meer ...". Juis hierdie feit het aanleiding gegee tot die gebrek aan logiese struktuur wat daarop volg:

*Here, om te leer, sien ons ver die*

*Here, om te leer, sien ons nou die nag.*

Hier klink "sien ons ver die" onvoltooid, maar so 'n gebrek aan logiese struktuur is tipies volks.

Die wysie waarin die gebroke tonikadrieklank 'n groot rol speel, is eenvoudig en beslaan slegs 'n sekst-interval. Maat 7 bevat weer die parallelle stembeweging in tertse en sekste wat dikwels voorkom in die koormusiek van die Griekwas. In maat 14 word die leitoon verlaag in die tenoorstem, wat tipies van die Griekwasang is. Terselfdertyd vorm dit 'n sekondêre dominant na die subdominanttoonsoort.

'n Gesinkopeerde effek word verkry wanneer die gelykmatige ritme van die lied in maat 15<sup>1-2</sup> onderbreek word. Die verplasing van die swaartepunt vanaf die sterker eerste pols na die swakker tweede pols, wat kenmerkend is van sinkopasie, word duidelik ervaar by die aanhoor van hierdie gedeelte.



## Musiekvoorbeeld 3

## Het lieflijk Woord.

1. Je - zus' naam, wat lief' - lijk woord! O, hoe zoet! O, hoe zoet!  
 2. Je - zus' liefd' is zon - der maat! O, hoe groot! O, hoe groot!  
 3. Je - zus' bloed! welk dier - baar bloed! Kost - baar bloed, kost - baar bloed,  
 4. Je - zus' rust, o, zaal - 'ge rust! In Zijn' schoot, in Zijn' schoot,

1. Wie heeft schoo - ner naam ge - hoord! O, hoe zoet dat woord!  
 2. Lief - de, die ons nooit ver - laat: O, hoe zoet dat woord!  
 3. Rei - nigt ons on - rein ge - moed; O, dat dier - baar bloed!  
 4. Eens aan 's He - mels schoo - ne kust, In Zijn' lief - de - schoot!

Koor.

Leer ons Heer! meer en meer; Heer, meer en meer;

Leer ons, Heer! meer en meer Van dat lief' - lijk woord!

## (v) “Ons dank u, Hoof” (notevoorbeeld 128)

Elsie Keet, ’n bekende middeljarige vrou van Krantzhoek en vrou van die huidige koorleier van die Griekwa Nasionale Koor, het die woorde van dié lied “gesê”.\* Volgens haar is die volgorde van die strofes effens anders as wat die koor dit hier gesing het, naamlik 1, 2, 5, 4, 3. Gewoonlik word die derde strofe hier (dus eintlik strofe 5) heeltemal weggelaat. “Nie al die Griekwas ken dié vers nie. Die oues het hom wel geken (meeste al onder die aarde). Die jongmense moet hom nog leer.”

Die bepaalde funksie wat rym as ’n reël in ’n gedig vervul, kom nie in hierdie lied voor nie, aangesien dit uit 5 strofes van dieselfde lengte en metrum bestaan, maar met rymlose verse. Die streng metriese aard van die verse het egter ’n sussende effek wat ’n musiese element daaraan verleen en in ’n mate vir die rymloosheid kompenseer:

1.           *Ons dank u, Hoof, ons dank u, Hoof*  
               *Vir u opoffering*  
               *Om weer van ons ’n nasie maak*  
               *’n Weggevalde volk.*
  
2.           *Nou is ons hier, nou is ons hier,*  
               *Gereedskap vat en werk.*  
               *Mans en vrou’ns tesame staan,*  
               *Voortrekkers van ons land.*
  
3.           *Die volk is groot, die volk is groot*  
               *Om Hoof te ondersteun.*  
               *Al die takke bymekaar*  
               *Kan die Griekwavolk groot maak.*
  
4.           *Die redding Heer, die redding Heer*  
               *Van dorp se kwade af*  
               *Het vir ons ’n seën geword*  
               *Om hoog op prys te stel.*
  
5.           *God van ons volk, God van ons volk,*  
               *Neem aan die dankbaarheid*  
               *Dat ons die order het gevat*  
               *Om hoog op prys te stel.*

---

\*Julie 1982

“Hoof” was die “amptelike” aanspreekvorm vir die Kneg. Hierdie lied is in sy geheel gebaseer op die dankbaarheid wat die volk om verskeie redes ervaar. Elke strofe gaan om ’n ander faset daarvan. Eerstens is daar dankbaarheid jeëns die Kneg, wat ’n verstrooide volk weer bymekaargebring en opgehef het. Sonder sy hulp, voel hulle, was hulle vandag waarskynlik steeds verstrooid en leierloos, met min of geen hoop vir ’n beter toekoms nie.

Die Griekwas is ook dankbaar jeëns God, wat hulle redding uit geestelike en sedelike verval bewerkstellig het. Hulle sien hulleself ook as ’n uitverkore volkie wat die Here welgevallig was. Hieruit het die woord “welgevalle” en later “welgevalde” wat toe “weggevalde” geword het, waarskynlik voortgekom.

“Die order vat” verwys hier na die metode wat die Hoof gevolg het om sy volk weer bymekaar te kry. Hy het meisiekore aangesê om die land te voet te deurkruis en met hulle sang en lof die “bruin mense na volklikheid te kry”. Deur te doen wat die Hoof van hulle gevra het, het hulle “die order gevat”, maar in die proses ook vele ontberings moes deurmaak. Die huidige Griekwas, wat bymekaar is as ’n reaksie op die boodskap wat daardie kore versprei het, is dankbaar daarvoor.

Musikaal is die uitstaande kenmerk die parallelbeweging van stemme, hoofsaaklik in tertse en sekste. Chromatiese deurgangsnote kom in die tenoorstem voor in mate  $3^4$ ,  $6^4$  en  $7^3$ . Die musikale interessantheid is dan ook hoofsaaklik gesetel in hierdie gebruik van chromatiek in die tenoorstem.

Die  $E^b$  in mate  $4^4-5^4$  (tenoorstem) is die verlaagde leitoon. Dit vorm ’n sekondêre dominant wat die subdominanttoon,  $B^b$ , tydelik tot tonika verhef.

Die metrum is baie reëlmatig en afgemete. Die voorliefde van die Griekwas vir herhaling van dieselfde toonhoogtes word weerspieël in mate  $4^4-6^1$ .

(vi) “Loof die Vader, Hy is goed” (notevoorbeelde 129–131)

Hierdie eieskepping vorm ook ’n liedfamilie omdat daar tydens veldwerk drie wysies gevind is waarop dit gesing word. Die inspirasie vir hierdie lied kan moontlik gevind word in Psalm 106 : 1, wat lui: “Halleluja! Loof die Heer, want Hy is goed, want Sy goeder-tierenheid is tot in ewigheid.” Verder eindig die psalm ook met die woord “halleluja”, soos ook in hierdie Griekwalied aan die einde van elke strofe gebeur.

1. *Loof die Vader, Hy is goed*  
*Loof die Seun (Soon) Hy gaaf (gaf) Sy bloed*  
*Loof die Gees die wondere doen (doet)*  
*Halle- halleluja! (Amen)*
  
2. *Griekwas wat naby Hom is*  
*Juig en gee (gees) getui(-g-)enis*  
*Dat die Heer (Here) goedgunstig is*  
*Halle- halleluja! (Amen)*

Nie al die Griekwas sing die woorde van hierdie lied presies dieselfde nie. Variante het ontstaan as gevolg van die ongeletterdheid van baie van hulle. 'n Sterk Nederlandse invloed bestaan ook nog, deur die gebruik van byvoorbeeld "Soon" in plaas van "Seun" en "doet" in plaas van "doen". Deur die weglating van voegwoorde in die eerste drie verse van strofe 1 word daar telkens 'n neweskikkende verband gelê wat meebring dat die sisteem eerder op 'n emosionele as 'n logiese verband berus, wat 'n tipiese volksaardige element is.

Volgens Gert Gahl van Krantzhoek (reeds oorlede) het die wysie van notevoorbeeld 129 in 1953 ontstaan. Hy sê dat Tom le Fleur, jongste seun van die Kneg en reeds oorlede waarskynlik die woorde en wysie geskep het. Tans sing die Griekwas die teks ook op ander wysies, wat bewys lewer van die sosiale waarde daarvan.

Dit is interessant om daarop te let dat nie slegs die inhoud van die lied baie eenvoudig is nie, maar ook die melodie. Die omvang van die oorspronklike melodie is slegs 5 note, en van naderby beskou, kan gesien word dat die melodie van elke vers in die strofe 'n omvang van slegs 3 note het. In elke vers is daar 'n ossilasie tussen 2 note, wat slegs by die laaste woord van die vers 'n derde noot by kry. Die melodie word progressief eenvoudiger deurdat die interval tussen die ossilerende note kleiner word in elke vers, totdat dit staties bly op die hoogste noot, waarna dit weer daal en ossileer tussen aangrensende note.

'n Dalende glissando kom voor in die tenoorstem in mate 12–13 en 15–16. Dit is 'n vorm van melodiese versiering wat dikwels in volksmusiek gehoor word en behels die gly van die stem van een noot na die volgende, in plaas van 'n suiwer verplasing oor daardie interval. Deri (1968 : 234) het verklaar:

*In most of these folk songs there is one principle note per syllable, all additional pitches attached to the same syllable are considered ornamental ... as a rule, these lighter, ornamental notes lead from one principle note to*

*the following one ... in certain areas Bartók found 'heavy' ornaments ... which often include glissandi, which form a highly expressive pattern and lend a luxurious quality to the ornamental melody.*

In ongesofistikeerde, plattelandse gemeenskappe is dit vroeër dikwels gehoor in die kerk-sang van gemeentes. Daar is dan gesê dat die stemme “trek”. In mate 12–13 beweeg die tenoorstem met so ’n glissando deur ’n majeursekst, wat ’n relatief groot interval is. Dit is hier moontlik omdat daar tydsgegewys drie polse beskikbaar is waarin dit kan plaasvind. Vir die tweede glissando (mate 15–16) is slegs een pols beskikbaar en beweeg die stem deur ’n kleiner interval, naamlik ’n mineurterts.

Notevoorbeeld 130 bevat ’n tweede wysie vir “Loof die Vader”. In hierdie toonsetting sing die basparty die wysie en voltooi die tenore die drieklank-akkoordstruktuur, wat egter afgekort is weens die feit dat dit tweestemmig gesing word.

In maat 3 vind ’n kortstondige uitwyking na die verwante mineurtoonsoort en in maat 4 na die dominanttoonsoort plaas. Die feit dat dit so kort ná mekaar gebeur, illustreer die vertroutheid van die Griekwatenore met die tegniek van toonverhoging en -verlaging. Dit dui ook op ’n voorliefde vir die gebruik van chromatiek, wat emosie weerspieël, aangesien hierdie twee voorbeelde terselfdertyd ook chromatiese onderhulpnote is. In note-voorbeeld 131 (ook ’n wysie vir “Loof die Vader”) kom hierdie tegniek ook sterk na vore in mate 7<sup>2</sup>–8<sup>2</sup>. Die chromatiese onderhulpnoot in 7<sup>2</sup> (sopraan) word reeds in die volgende pols (oorkruis, in die tenoorstem) herstel. Dit gebeur dikwels in Griekwasang dat ’n sekondêre dominant, sonder dat dit oplos na sy sekondêre tonika, op hierdie wyse deur ’n tweede dominantvierklank gevolg word.

Du Toit (1983 : 185) kan hier aangehaal word:

*Die smaak van die breë massa kan nie die kerklied dikteer nie. Tog moet die kerk sorg dat die kerklied nooit moeilike, 'hoë' musiek is nie, totaal vreemd aan die kultuur-eie van die volk waaronder die kerk bestaan nie ... dit moet van so ’n aard wees dat dit maklik op die ongeoefende stem lê, werklik aanspreek en die godsdienstige gewaarwordinge van die volk van God kan uitdruk.*

Omdat dit essensieël is dat ’n kerklied ’n eenvoudige wysie en struktuur moet hê weens die feit dat kerkliedere vir die grootste deel gesing word deur mense wat geen musiek-opleiding of -kennis het nie, is “Loof die Vader” dus ’n geslaagde kerklied, met sowel ’n eenvoudige melodie as teks. Die Griekwas hou so van die woorde dat hulle geneig

is om ook ander wysies daarop te maak. Die teks vorm dus 'n vrugbare voedingsbodem vir die skep van nuwe volksliedere.

### 3.4.3 Die liedfamilies van Krantzhoek

Twee belangrike liedfamilies word onder die Le Fleur-Griekwas aangetref, terwyl daar benewens hierdie groot gunsteling ook enkele kleineres raakgeloop is.

#### (i) “Juig Aarde” (notevoorbeeld 145–208)

Die ontdekking van die liedfamilie “Juig Aarde” in Griekwaland-Wes en Kokstad bereik 'n geweldige hoogtepunt in die Krantzhoekgebied, waar die Griekwas self van mening is dat hulle dié lied moontlik reeds op 'n honderd wysies sing, terwyl nuwe wysies steeds van tyd tot tyd bygevoeg word. Hierdie wysies is deur die Griekwas op verskillende maniere verkry. Opnames tydens veldwerk versamel, is ná transkripsie deur die navorser gedokumenteer en willekeurig in volgorde genommer.

Baie van hulle is van ander bestaande liedere “geleen” en kan in verskillende gesangboeke gevind word. Voorbeelde hiervan is wysie 6 (notevoorbeeld 150) wat die wysie is van lied 96 in die Engelse gesangboek *With one voice*. Wysie 23 (notevoorbeeld 167) is in verskeie bronne aangetref, soos *The Methodist Hymn Book* (lied 775) maar ook in *With one voice*, *Zionsliederen*, *Die Nuwe Halleluja* en *Halleluja Lieder*. Die maatslag-eenheid verskil soms van boek tot boek byvoorbeeld 3/4 en 6/8 maatslag en daar is ook ander geringe verskille, maar die basiese melodie is dieselfde. Wysie 29 (notevoorbeeld 173) word vir verskeie liedere gebruik in *The Methodist Hymn Book*, terwyl wysie 35 (notevoorbeeld 178) weer vir verskeie liedere in *With one voice* gebruik word. Ander weer, soos notevoorbeelde 185, 188 en 196 word op die wysies van die bekende hallelujaliedere “As ek die kruishout gadeslaan”, “Bly by my Heer” en “Welk 'n vriend het ek in Jesus” gesing.

Baie van die wysies waarop die Griekwas van Krantzhoek egter hierdie lied sing, kan nie in bestaande gesangboeke opgespoor word nie, hoewel dit na die een of ander bekende gesang klink. Soms gebruik die sanger stereotiepe musikale frases wat in sy geheue opgebou is en maak daaruit 'n nuwe wysie. So 'n wysie is nie baie oorspronklik of uitstaande nie, tog verwelkom die sanger sulke passasies wanneer hy hulle teëkom omdat hulle konvensioneel en daarom baie aanvaarbaar vir hom is. Dit is waarom van die “Juig Aarde” wysies soms baie bekend voorkom, maar nogtans in geen gesangboek aangetref sal word nie. Die sanger mag miskien slegs 'n gedeelte of frase van 'n melodie onthou en voeg dan ander frases wat aan hom bekend is, daarby. Hy is waarskynlik onbewus daarvan dat hy 'n saamgestelde wysie aanmekaarsit en mag selfs dink dat hy die korrekte wysie sing.

In ander gevalle gebruik die volksanger 'n hele lied se wysie wat aan hom bekend is vir bestaande woorde waarvoor hy 'n wysie benodig. Dit is 'n moontlike verklaring vir die verskynsel dat 'n sekere volkslied op baie verskillende wysies gesing word.

As notevoorbeelde 154 en 159 met mekaar vergelyk word, lyk hulle heeltemal verskillend. Tog is frase 3 (mate  $8^3-12^3$ ) feitlik identies vir al die stemme in albei voorbeelde. Waar notevoorbeeld 154 'n sogenaamde "ou Voortrekkerwysie" is wat ook aan ander Afrikaners bekend is en waarskynlik dateer uit die tyd van die Groot Trek, is notevoorbeeld 159 dan 'n saamgestelde wysie.

Die Griekwas het wel religieuse wysies uit hulle voorgeskiedenis met hulle saamgedra en ook nuwes geskep wat 'n soortgelyke atmosfeer het. Waar "geleende" wysies aangeneem en vir ander woorde gebruik word, is hulle nie meer bewus van die oorspronklike woorde wat saam met die wysie gegaan het nie. Dit het in vergetelheid geraak en slegs die wysie, wat miskien vir hulle mooier was as die woorde, het behoue gebly en deel van hulle geword. Hulle het hulle daarmee vereenselwig.

'n Sanger respekteer die liedere wat mondeling aan hom oorgelewer word en verander dit nie doelbewus nie. Veranderinge wat wel gemaak word, word onbewustelik gedoen. Gewoonlik sal 'n volksanger nie iets sing wat nie in volle ooreenstemming is met wat hy self voel nie. Dit is die rede waarom hy daarvan hou en waarom die lied deel bly van die tradisie van die volk. Daarom sê Nettl (1964 : 182):

*Identification of the real, true musical style of a people assumes, moreover, that each culture has one main musical style and a body of music which is basically homogeneous.*

Sharp (1954, 1972 uitgawe : 38) is van mening dat:

*Those tune variations which appeal to the community will be perpetuated, as against those which attract the individual only ... it may appeal to the sense of beauty, i.e. aesthetic in character, or it may appeal to the understanding, i.e. expressive in character. Which of these will be the determining factor in selections will depend, ultimately, upon the racial characteristics of the community.*

Die opregtheid en goeie geloof waarmee die sanger 'n volkslied sing, is egter die sterkste en waardevolste eienskap van die lied. Hoewel die kwaliteit en die erns waarmee die lied

gesing word nie bepaalbaar is nie, word die teenwoordigheid daarvan altyd aangevoel en vorm dit die essensie van enige kunswerk. Die lied is 'n uitdrukking van die gevoel en emosies van die sanger. Die liedere wat hy sing is liedere waarvan hy hou en hy is in volkome ooreenstemming met die inhoud daarvan.

Volgens Kodály (1971 : 88) geld die volgende:

*For the cultured classes, church music was confined to church, but for the peasants it had a part to play in life outside church.*

Dit geld beslis vir die Griekwas, wat hulle geliefde gewyde liedere en in die besonder “Juig Aarde” ook in 'n werksituasie sal sing. 'n Blanke voorman\* op 'n bouterrein waar Griekwas besig was om stene te messel, het per geleentheid gesê dat die gewyde Griekwasang op die bouterrein, waar werkers dikwels aan die ruwe kant is, vir hom 'n vreemde verskynsel is – hulle is òf bekeerd òf behoort aan 'n sekte! Self sê die Griekwawerkers dat hulle soms deur die ander arbeiders daaroor gespot word.

In 'n poging om riglyne te vind waarvolgens al die “Juig aarde” wysies in die drie ondersoekgebiede geëvalueer kan word, is die wysies krities ondersoek en die volgende statistiese gegewens daaruit saamgestel:

---

\*Mnr. Dirk Wilkens, Junie 1985, op 'n terrein in Plettenbergbaai.



Eienskap	Krantzhoek	Gr.-Wes	Gr.-Oos
Belangrikste omvang in volgorde van frekwensie	8, 9, 6	5, 4, 6	8, 7, 6
Opmaat	28 uit 65	7 uit 14	6 uit 8
Maatslag in orde van frekwensie	$\frac{4}{4}$ $\frac{3}{4}$ $\frac{6}{8}$	$\frac{4}{4}$ $\frac{6}{8}$ $\frac{3}{4}$	$\frac{3}{4}$ $\frac{4}{4}$
Sekondêre dominante	32 D/D, 1 D/ST 25 D/SD	—	2 D/D
Melismas	ca. 5 per wysie	ca. 5 per wysie	ca. 3 per wysie
Waarmee lied eindig in volgorde van frekwensie	m, r, d d, t <sub>1</sub> , d herhaalde noot, die tonika	d, t <sub>1</sub> , d m, r, d herhaalde noot, die tonika	m, r, d d, t <sub>1</sub> , d
Begin	herhaalde noot, deel van tonika- drieklank	herhaalde noot, deel van tonika- drieklank	herhaalde noot, deel van tonika- drieklank

Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word:

In Krantzhoek en Griekwaland-Oos besit die wysies merendeels 'n omvang van ongeveer 'n oktaaf. Dié in Griekwaland-Wes besit 'n heelwat kleiner omvang, met die kwint as die mees algemene. In Krantzhoek en Griekwaland-Wes begin ongeveer die helfte van die wysies met 'n opmaat en in Griekwaland-Oos is dit nog méér gewild.

Die gewildste maatslageenheid in Griekwaland-Wes en Krantzhoek skyn  $\frac{4}{4}$  te wees, gevolg deur  $\frac{3}{4}$ , terwyl  $\frac{3}{4}$  in Griekwaland-Oos voorloop.

In Krantzhoek kom baie meer chromatiek en sekondêre dominante voor as in die ander gebiede. Trouens, dit kom gladnie voor in Griekwaland-Wes nie en slegs twee sekondêre dominante is in Griekwaland-Oos gehoor; die aantal wysies daar versamel, is egter ook die minste. Hierdie eienskap weerspieël volgens die navorser 'n groter kennis van koormusiek in die Krantzhoekgebied as elders. Dit is dan ook bekend dat koorafrigting deur 'n groot rol gespeel het. Daarteenoor besit die Kokstad-Griekwas egter ook 'n koorleidster wat die kerkkoor afrig en wat boeke vir dié doel gebruik.

Die gebruik van meer as een toonhoogte vir dieselfde lettergreep is in al drie gebiede gewild. Hoewel 11 van die 65 wysies uit Krantzhoek geen melisma bevat nie, wissel die res tussen 1 en 16 per wysie. In Griekwaland-Wes bevat 13 uit 14 wysies melismas en in Griekwaland-Oos 6 uit 8. Die aantal per wysie is egter die laagste in laasgenoemde gebied. As melismatiese sang 'n aanduiding van emosie is, kan daar dus beweer word dat die sang in Krantzhoek en Griekwaland-Wes meer emosioneel van aard is.

Die gewildste aanvangswyse vir die wysies in al die gebiede skyn herhaalde note te wees, gewoonlik herhalings van een van die tone van die tonikadrieklank. Veral in Krantzhoek, maar ook elders, word ook dikwels met enkeltone van die tonikadrieklank begin.

Die gewildste wysie-eindes skyn m, r, d (Tonic Solfanotasië) of d, t<sub>1</sub>, d te wees, maar dikwels eindig die liedere ook met 'n aantal herhalings van die tonikatoon.

(ii) “Daar is maar één uit aller tal” (notevoorbeelde 132–142)

Hierdie is 'n ander baie gewilde lied, wat ook op baie verskillende wysies gesing word. Dit behels tien wysies, aangesien 134 en 136 slegs verskillende weergawes van dieselfde wysie is.

Die Griekwas van Kokstad sê dat hulle hierdie lied in Afrikaans sing: “Daar is geen ander naam op aard ...”, hoewel dit nie tydens veldwerk teëgekom is nie. Volgens die koorleidster, mev. de Bruin, het hulle dit vroeër wel in Nederlands gesing. Die Griekwas van Krantzhoek beweer dat die Kneg hierdie lied aan hulle geleer het, hoewel dit moontlik is dat van hulle voorouers reeds in Kokstad daarmee in aanraking was.

Volgens mev. Jones het die Kneg graag sy volk uit die bundeltjie ongetoonsette liedere *Dutch Hymns (Gezangen)* geleer sing. Hierdie lied is een van slegs 'n paar uit hierdie bundel wat nog steeds deur die Griekwas gesing word. Die oorspronklike woorde was in Nederlands, maar dit het mettertyd heelwat in die volksmond verander. Die woord “tal” in strofe 1 het vir die Griekwas “taal” geword, sodat “Daar is maar een uit aller tal wat minnenswaardig is” deur hulle as “een uit aller taal” geïnterpreteer word – hulle geliefde Afrikaanse taal, wat werd is om bemin te word.

Die oorspronklike Nederlandse “levenspad” het ook soms “lewensbaan” geword, sodat daar in hierdie geval 'n rymprobleem ontstaan het. Dit het daartoe gelei dat daar dan “Tot (ek) in die Hemel staan” gesing word. Ook in strofe 4 het veranderings plaasgevind: “En eenmaal word'k in heerlijkheid met Hom geopenbaard” het “'n Eensaam volk het in die heerlijkheid met Hem gewogen waard” geword, wat heeltemal 'n nuwe betekenis het.

In albei gevalle is dubbelrym geskep, wat vir die oor aanvaarbaar was. Wat mondeling oorgedra word, kan maklik anders gehoor en onthou word – miskien omdat dit as sulks gehoor wil word. Die Griekwas het moontlik werklik eensaamheid ondervind en gedwee swaarkry en onreg verduur. Die skeppende funksie van die assonansie het “eenmaal word” dus met gemak in “eensaam volk” kon verander. Moontlik het juis hierdie gedagte aanklank gevind by die diepste wese van die volk en dat dit juis dáárom baie gesing is en in gewildheid toegeneem het. Om insig in die wese van ’n volk te verkry, moet die belangrikheid van individuele liedere immers teen die alledaagse lewe van die mense gemeet en bestudeer word.

Die lied is nie altyd in sy geheel gesing nie. In die opname “Deur Sy genade gaan ek voort” (notevoorbeeld 133) word slegs die derde strofe gesing. Mev. Jones se sterwende moeder, wat dié strofe glo enkele minute voor haar dood gesing het, het dit waarskynlik gekies omdat sy besef het dat sy aan die einde gekom het van die “noue lewenspad” wat sy bewandel het en gereed is om die Hemelstad te betree. Dit beeld terselfdertyd die voorliefde van die Griekwas uit om op digterlike wyse gesang- of Bybelverse aan te haal om ’n gedagte mee te onderstreep.

Notevoorbeeld 132 toon ’n besliste verskil in voordragwyse. Hier is gepoog om ’n oorspronklike vertolking te verkry deur van staccatoklanke, aksente en crescendo op ’n enkele lang noot gebruik te maak. Dit neig egter tot minder spontaneïteit en dus groter gekunsteldheid. Hierdie koorleier, Jansen, was waarskynlik in aanraking met meer gesofistikeerde kore elders en begin dus om sekere afrondingsbeginsels wat hy waargeneem het, ook in sy eie koor toe te pas.

Nie al die Griekwagroepe sing die woorde van hierdie lied presies dieselfde nie en die aantal verskillende wysies waarop dit gesing word, selfs die verskille in die wyse van voordrag, bevestig die volksaard daarvan. Soos Kodály (1971 : 20) dit uitdruk:

*Folk tradition should not be thought of as one uniform, homogeneous whole. It varies according to age, social and material conditions, religion, education, district and sex.*

### (iii) Ander liedfamilies

’n Minder belangrike liedfamilie in Krantzhoek is “Wees my Leidsman” (notevoorbeeld 143–144). Met ander woorde, slegs twee wysies is daarvoor gevind. ’n Interessante aspek van die wysie van 143 is dat dit ook die wysie is waarop die Griekwas van Kokstad ’n ander lied sing, naamlik “So, so lief het God die wêreld gehad” (notevoorbeeld 90). Vir die Griekwas is dit dus baie natuurlik om ’n ander beskikbare wysie by

nuwe woorde te gebruik. Die klompie Griekwas wat Kokstad vroeër in die eeu verlaat het in navolging van A.A.S. le Fleur I het moontlik hierdie wysie “saambring” na Krantzhoek.

“Loof die Vader” met sy drie wysies is ook as liedfamilie herken, maar is ook een van die tipiese eieskeppinge van die Griekwas en is reeds as sulks bespreek.

#### 3.4.4 Die spesiale of “heilige” liedere

Die Herlewingslied, Verlossingslied, Danklied, Offeringslied, Geloofslid en Opwekkingslied is van die bekendste liedere onder die Griekwas. Hulle weerklink byvoorbeeld gereeld tydens die “Jaarliks”. Daar word nie hier na die “Jaarliks” van Kokstad verwys nie, maar wel na dié van Krantzhoek wat van 30 Desember tot 1 Januarie plaasvind by Robberg naby Plettenbergbaai, op die plek waar die Kneg begrawe lê. Die Griekwas kom daar in hul duisende byeen om afskeid te neem van die ou jaar en die nuwe jaar binne te gaan. In die Presidentsraadsverslag (1983 : 61) word soos volg oor hierdie geleentheid berig:

*By dié geleentheid word ‘ ’n gelofte van dank en waardering aan die Almagtige oorgedra vir die bewaring, beskerming en voorsiening van alles wat die Griekwa-bevolking geniet het gedurende die afgelope jaar.’ Daarna word, in navolging van die Ou-Testamentiese gebruik, ’n jong skaap geoffer op ’n witgekalkte klip ’n entjie van ‘Die Kneg’ se graf af.*

Met uitsondering van die Herlewingslied is al die spesiale liedere tydens veldwerk op band verkry. Hiervan is drie in Afrikaans, een in Nederlands en een in Engels.

##### (i) Die Opwekkingslied (notevoorbeeld 218)

Die Opwekkingslied word ook in Kokstad gesing (notevoorbeeld 89) maar hoewel dit beslis graag daar gesing word, word geen spesiale betekenis daar aan hierdie lied toegedig nie. Die wysie is wel dieselfde maar daar kom verskille voor in toonhoogte of kontoer, wat veral vanaf maat 9 opvallend is. Volgens mev. Keet\* het die Kneg, toe hy uit die Breekwater gevangenis losgelaat is, na die groot mense (bejaarde Griekwas) gegaan en hierdie lied gesing om hulle mee op te hef. Daarom is dit ’n opheffingslied. Aan die ander kant sinspeel strofe 2 ook op die opstanding van Jesus uit die dood, wat dit dan ’n opwekkingslied kan maak, sodat albei benamings van toepassing is.

---

\*13 April 1985, Plettenbergbaai

As die Krantzhoekweergawe (notevoorbeeld 218) en die Kokstadweergawe (notevoorbeeld 89) vergelyk word, kan geringe verskille waargeneem word. In Krantzhoek word die eerste twee frases van die lied begin met 7 herhalings van die tonikatoon, terwyl die opmaat waarmee dié twee frases 'n aanvang neem, in Kokstad elke keer met 'n kwart-intervalsprong vanaf die dominant na die tonika begin. In die laaste twee frases toon mate 10 en 14 'n verskil: in Krantzhoek word die tweede omkering van die tonikadrieklank omlin in dié twee mate, terwyl dit die grondposisie in Kokstad is. In Krantzhoek vind daar in mate 2 en 6 'n leitoonverlaging plaas in die altstem, 'n sangwyse waarvan hulle baie hou. Parallele beweging van stemme in tertse en sekste, wat veral akkoorde in eerste omkering behels, vind plaas.

(ii) **Die Danklied** (notevoorbeeld 219)

Die Danklied se woorde is 'n lofprysing aan God vir wonders aan hulle gedoen, vir bystand aan hulle en troue bewaring van elke Griekwa sy hele lewe deur tot vandag toe. Dié lied besit 'n bekende koraalwysie van Duitse oorsprong.\* Opvallend is die parallelle stembeweging, wat merendeels akkoorde in tweede omkering omlin, soos wat dikwels in Krantzhoek gebeur. Chromatiek kom voor in die vorm van chromatiese onderhulnote in mate 9, 11 en 13. In maat  $9^4$  en  $11^4$  vorm dié akkoorde sekondêre dominante. Dié in maat 11 los egter nie op nie maar keer onmiddellik in maat 12 terug na die oorspronklike toonsoort, soos aangedui deur die  $G^{\sharp}$  in die tenoorstem, wat van dié akkoord 'n dominantvierklank in die aanvangstonsoort maak. In maat  $13^4$  is al drie stemme hulnote waarvan dié in die alt- en tenoorstemme chromaties is. Dit verleen aan die akkoordreeks in mate  $13^3-15^2$  die gevoel van akkoordverskuiwing, wat nie lei tot modulاسie of sekondêre dominante nie en wat ook baie voorkom in twintigste-eeuse musiek maar wat tog ook 'n baie ou verskynsel is in volksmusiek en parallelle heterofonie genoem word.

(iii) **Die Geloofslied** (notevoorbeeld 221)

Die Geloofslied is die verwoording van dié onwrikbare geloof van die Griekwas in 'n Opperwese wat altyd in hulle behoeftes sal voorsien. Al lyk dit nie altyd moontlik nie, sal Hy dit op Sy tyd tog doen as hulle net vertrou en die geloof behou. Toe hierdie lied onder andere ook op Stigtersdag 1982 gesing is, is die woorde van strofe 3 verander na "die Heer het voorsien" (kyk notevoorbeeld 222). Hulle geloof is dus nie beskaam nie.

---

\*Die melodie dateer uit 1647. Hoewel die toonhoogte dieselfde gebly het, het die ritme mettertyd verander vanaf meer gepunteerde nootwaardes na gelyke nootwaardes. Onder meer deur Johann Crüger verwerk.

Twee leitoonverlagings vind in die altstem plaas, naamlik in mate 20<sup>3</sup> en 22<sup>3</sup>. Chromatiese deurgangsnote kom in mate 11 en 19 in die tenoorstem voor, terwyl die B in die tenoorstem van maat 15<sup>3</sup> 'n onvolledige vyfklank tot stand bring wat algemeen voorkom in twintigste-eeuse musiek maar buitengewoon is vir die Griekwas. Dit laat die vermoede ontstaan dat dié toonsetting uit 'n boek aan hulle geleer is.

(iv) **Die Verlossingslied** (notevoorbeeld 217)

Die Verlossingslied is ook vir die eerste keer deur die Kneg gesing toe hy uit die gevangenis losgelaat is. Vandag sing die Griekwas dit altyd as hulle die Kneg se geboortedag op 2 Julie herdenk – die dag wat Stigtersdag geword het. Al wat musikaal hier opval, is weer die sporadiese reekse parallelle tertse en sekste. In mate 7 en 11 is sekondêre dominante, waarvan laasgenoemde oplos op die tweede omkering van die oplossingsdrieklank, wat nie algemeen is nie. Tweede omkerings is egter wel algemeen in die sang van sommige van die Swart stamme, byvoorbeeld die Swazis van Oos-Transvaal.

(v) **Die Offeringslied** (notevoorbeeld 220)

Die Offeringslied word waarskynlik gesing op Nuwejaarsdag by die “offeringsremonie” wanneer die nuwe jaar wat ingegaan word, aan God gewy word soos die woorde van mate 21–24 getuig: “As we in faith enter on another year ...” Hierdie lied kom op p. 183 voor in *Children’s Hosannas* as “Come ye happy children” (kyk musiekvoorbeeld 4) waaruit dit waarskynlik ook aangeleer is aangesien dié boek vroeër in besit was van die Krantzhoek-Griekwas. Die boek is ook in Kokstad bekend. As die Griekwaweergawe met die oorspronklike vergelyk word, kan gesien word dat die woorde van die eerste 16 mate ooreenstem. Vanaf maat 17 sing die Griekwas egter die tweede strofe se woorde vir die ooreenstemmende mate. Hulle het dus vroeër al die strofes geleer, maar onthou nie meer al die woorde nie. Andersyds kon dit ook oorspronklik só gesing gewees het, omdat die woorde van strofe 2 op daardie plek verwys na die nuwe jaar wat binnegegaan word en die Griekwas juis dié lied by die Nuwejaarsfees sing. Musikaal het daar mettertyd ook verandering ingetree. Soms is dit ritmiese vervlakking, soos in mate 1, 3, 7, 11, 17, 19, 21, 25, 27 en 29, waar die gepunteerde ritme nou almal gelyke kwartnote geword het. Op 'n paar plekke is die oorspronklike ritme egter nog waarneembaar, byvoorbeeld in mate 5, 9 en 13. Melodiese veranderinge het ook plaasgevind waarvan dié in mate 7, 13 en 14 die opvallendste is. Elders is kleiner verskille. Sekondêre dominante kom voor in ooreenstemmende mate, waarvan die afleiding gemaak word dat dié verskynsel wat in die sang van die Griekwas van Krantzhoek aangetref word, afkomstig is uit die boeke waaruit hulle oorspronklik baie van die liedere geleer is. Opvallend is dan ook die feit

Musiekvoorbeeld 4

COME, YE HAPPY CHILDREN.

Words by Rev. W. F. EDGERTON.

Music from 'Suitable Songs.'

Key F.

*Andante di musica.*  
 | d :-d | t :d | r :- | n :- | f :-s | f :n | r :- | - :- | n :-r | n :f |

1. Come, ye hap-py chil - dren, raise a song a - gain, Sing a - loud to  
 2. We have sung Thy prais - es, Lis - ten'd to Thy truth, Cal - ing us to  
 3. Should Thy wis - dom call us from these hal - lowed scenes, May we meet in

| n :-n | f :n | s :- | s :- | s :-s | s :s | s :- | - :- | s :-s | s :r |

| d :-d | r :d | s :- | d :- | t :-t, | d :d | s :- | - :- | d :-s, | d :d |

| s :- | d :- | f :-n | r :d | t :- | - :- | d :-d | t :d | r :- | n :- |

| d :- | d :- | d :-d | l, :l, | s :- | - :- | s :-s, | s :s, | t :- | d :- |

Je - sus, in a joy - ful strain; Ga - ther up the les - sons  
 serve Thee, in the days of youth; Give us grace, sweet Je - sus,  
 glo - ry, where naught in - ter - venes From the gaze to hide Thee,

| n :- | s :- | l :-s | f :n | r :- | - :- | n :-n | f :n | s :- | s :- |

| d :- | n :- | r :-r | f, :f, | s :- | - :- | d :-d | r :d | s :- | d :- |

| f :-s | n :f | r :- | - :- | n :-f | s :l | s :t | d :f | n :- | r :- | d :- | - :- ||

| r :-r | d :d | t :- | - :- | d :-d | d :d | d :s, | d :r | d :- | t :- | d :- | - :- ||

of this ho - ly day, To the Mas - ter lis - ten, ere ye go a - way.  
 glad - ly to o - bey, From all sin re - lease us, while on earth we stay.  
 Je - sus, dear - est friend, There we'll praise Thee e - ver, songs shall ne - ver end.

| s :-s | s :l | s :- | - :- | d :-r | n :f | s :f | n :l | s :- | f :- | n :- | - :- ||

| t :-t, | d :f, | s :- | - :- | d :-d | d :f, | n :s, | l, :f, | s :- | s :- | d :- | - :- ||

| s :-s | s :s | d' :- | n :- | r :-r | f :f | n :- | - | s :-r | n :fo |  
  
 | d :-d | r :r | d :- | d :- | d :-d | d :t; | d :- | - | r :-r | d :d |  
 Je - sus, we are wait - ing for a part - ing word; Speak to us, dear  
 Hope - ful - ly we lin - ger, trust - ing to Thy care; As in faith we  
 Now a - bide, Great Mas - ter, though to each we say, "Fare - well," for a  
 | n :-n | s :r | n :- | l :- | l :-l | s :s | s :- | - | s :-s | s :r |  
  
 | d :-d | t; :t; | l :- | l :- | f; :-f; | a :a. | s. | d :- | - | t; :-t; | d :l. |

| s :- | t; :- | r :-d | t; :l; | s :- | - | d :-d | d :n | r :- | d :- |  
  
 | t; :- | s :- | l; :-l; | s; :fo; | s; :- | - | s; :-s; | s; :d | t; :- | d :- |  
 Sav - our, by our hearts a - dored; If Thou give Thy bless - ing  
 en - ter on an - o - ther year; May we learn in wis - dom  
 sca - son, but do thou, Lord, stay; No good - byes in bea - ven,  
 | r :- | r :- | n :-n | s :d | t; :- | - | n :-n | s :s | f :- | n :- |  
  
 | s :- | a :- | d :-d | r :r; | s :- | - | d :-s; | n :d; | a :- | l; :- |

| f :-n | r :d | t; :- | - | s :-s | s :f | n :r | d :f | n : | r :- | d :- | - |  
  
 | d :-d | l; :l; | s; :- | - | t; :-t; | d :r | d :t; | d :d | d :- | t; :- | d :- | - |  
 we are blest in - deed; Ho - ly Savi - our, lis - ten, while for this we plead  
 to re - deem the past, Yield our - selves to Je - sus, while this life shall last  
 no sad fare - wells there, God him - self shall wipe a - way each fall - ing tear.  
 | l :-s | f :n | r :- | - | r :-r | s :s | s :f | n :l | s :- | f :- | n :- | - |  
  
 | r; :-r; | f; :fo; | s; :- | - | s; :-s; | l; :t; | d :s; | l; :r; | s; :- | s; :- | d; :- | - |



dat dié boeke sowel musieknote as vierstemmige Tonic Solfanotasië bevat. Dit kon ook aanleiding gegee het tot hulle voorliefde vir vierstemmige koorsang.

### 3.4.5 Die koortjies

Daar word twee tipes koortjies deur die Griekwas gesing, naamlik die losstaande koortjies wat veral in die AGS-kerke gesing word en die koortjies (gewoonlik Engels) wat oorspronklik die “chorus” of refrein van ’n langer lied was. In laasgenoemde geval word die dele waarvan die sangers nie hou nie ook minder gesing en uiteindelik heeltemal weggelaat. Hierdeur vind ’n proses van natuurlike selektering plaas en wat oorbly is dié gedeelte wat oorspronklik die lekkerste gesing het – wat gewoonlik die “chorus” of koor was. Dat dit wel so gebeur, kan aan die hand van sekere liedere onder die Griekwas uitgewys word. “We are soldiers of the King” (notevoorbeeld 213) is eintlik die koortjie van ’n langer lied waaruit die selekteringsproses nog besig is om plaas te vind. Op Stigtersdag, 2 Julie 1982, is die volledige lied waarvan die koortjie “We are soldiers of the King” is, gesing. Omdat die woorde nie duidelik was nie, is slegs die koorgedeelte egter getranskribeer. Dit was eintlik hierdie koortjie wat met soveel entoesiasme deur die volk aangegryp is dat hulle dit ’n aantal kere oor en oor bly sing het sonder om die res van die lied te herhaal. Uiteindelik mag dit dus wees dat slegs die koortjie, wat so lekker sing en so dikwels herhaal word, onthou en nog aktief gesing word.

Die volledige selekteringsproses het volgens ’n Griekwa-informant\* reeds gebeur met die lied “Come, o come when Christ is calling”. Hulle sing vandag nog net die koortjie daarvan, maar ’n opname daarvan is nie tydens veldwerk bekom nie. “God shall wipe away the tears” (notevoorbeeld 236) is ook so ’n koortjie wat op Plettenbergbaai gehoor is. Die volledige lied word nog op Kokstad gesing (notevoorbeeld 97) en kom uit die Sankey-liedereboek. As notevoorbeelde 236 en 97 met mekaar vergelyk word, kan gesien word dat die woorde in so ’n mate vergeet geraak het deur die sanger op Plettenbergbaai dat slegs die algemene strekking daarvan behoue gebly het.

Die bekende Afrikaanse koortjie “Hy’t wonders gedoen” (notevoorbeeld 209) is baie gewild onder die Griekwas van Krantzhoek. Dit is ’n tipiese AGS-koortjie en word in Krantzhoek ook gekoppel aan wonderwerke wat onder die Griekwas sou plaasgevind het. ’n Getuienis deur ’n persoon wat vertel van so ’n persoonlike wonderwerk in sy lewe kan byvoorbeeld deur die luisteraars onderbreek word met die sing van hierdie koortjie.

---

\*Willem Gahl, seun van wyle Gert Gahl, op 14 Augustus 1985 in Hawston.

Ander koortjies soos ook “Halleluja Amen” (notevoorbeeld 212) kan op dieselfde wyse ook gebruik word ter bekragting van wat gesê word.

Soms word ’n koortjie geheg aan ’n ander lied waarmee dit geen verband hou nie. So is daar tydens die sangaande in Hornlee\* “Die Here is my herder” (notevoorbeeld 226) gesing. Die koortjie “En baie diep haal Hy my uit” (notevoorbeeld 210), wat weer eens van die AGS-tipe is, het onmiddellik daarop gevolg, sodat dit na ’n enkele lied geklink het.

“Steal away to Jesus” (notevoorbeeld 237) kan moontlik ook ’n koortjie wees, hoewel dit meer die karakter het van ’n “Negro spiritual”. Dit word so vry voorgedra dat die tydmaatteken feitlik van maat tot maat verander. Vaughan-Williams (1934 : 42) sê oor hierdie verskynsel:

*The folk-singer, being un-selfconscious and unsophisticated and bound by no prejudices or musical etiquette, is absolutely free in his rhythmical figures.*

#### 3.4.6 Liedere waarvan die oorsprong opgespoor kon word

Die navorser het vasgestel dat die lied “Once again the gospel message” (notevoorbeeld 256) as die lied “Come believing” uit *Children’s Hosannas*, een van die verlore boeke waaruit koorleiers vroeër liederen aan die Griekwas geleer het, kom (kyk musiekvoorbeeld 5). Die woorde het, met uitsondering van klein veranderings in die koorgedeelte, goed behoue gebly. Die wysie kan nog herken word, veral deur die ritme, maar die kontoer het heelwat op plekke verander, soos gesien kan word as die twee weergawes maat vir maat vergelyk word. In die koorgedeelte het die idee van die beurtsang behoue gebly en dieselfde woorde word gebruik, maar verder is daar weinig ooreenkoms met die oorspronklike. Vergelyk byvoorbeeld die melodie van die refrein.

In maat 10 word 1 pols verloor – dit word dus nou meer vry gesing. Hierdie veranderings bewys dat die lied lank reeds slegs op die geheue van die sanger berus. Volgens een van die sangeresse, mev. Jones, het haar vader, die Kneg, tien jongmanne laat roep tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy het opdrag aan hulle gegee dat hulle hierdie lied moes sing terwyl hy gebid het dat Duitsland nie vir Engeland moes binneval nie, maar “eerder sy

---

\*20 April 1984.

Musiekvoorbeeld 5

COME BELIEVING!

"Him that cometh to Me I will in no wise cast out."—Joh. vi, 37.

Key G.

1. Once a - gain the Gospel mes - sage From the Sav - iour you have heard; Will you heed the in - vi -  
 2. Man - y sum - mers you have was - ted, Ri - pened har - vests you have seen; Win - ter snows by Spring have  
 3. Je - sus for your choice is wait - ing; Tar - ry not: at once de - cide! While the Spir - it now is  
 4. Cease of fit - ness to be think - ing; Do not lon - ger try to feel; It is trust - ing, and not  
 5. Let your will to God be giv - en, Trust in Christ's a - ton - ing blood; Look to Je - sus now in

CHORUS.  
 - ta - tion? Will you turn and seek the Lord?  
 melt - ed, Yet you lin - ger in your sin.  
 striv - ing, Yield, and seek the Sav - iour's side.  
 feel - ing, That will give the Spir - it's seal.  
 heav - en, Rest on His un - chang - ing word.

Come be - liev - ing! come be - liev - ing! Come to  
 come! come!

Je - sus! look and live! Come be - liev - ing! come be - liev - ing! Come to Je - sus! look and live!  
 look! oh, look and live! come! come!

Bron: Children's Hosannas, (s.j. : 6).

gesig moes draai na Rusland, omdat dit nog nie tyd was vir Engeland om onder te gaan nie". Dit was maar een van die insidente wat van hom 'n profeet in die oë van die Griekwas gemaak het, want die volgende dag het die Argus glo berig dat Duitsland nou sy aandag na Rusland verskuif het.

"Like as a father pitieth his children" (notevoorbeeld 253) is opgespoor in *Choral Anthems Vol. II* (kyk musiekvoorbeeld 6). Hier het die oorspronklike Da Capo-vorm verlore gegaan – moontlik is die aard van die struktuur nie begryp toe die lied aangeleer is nie. Volgens die woorde wat die Griekwas sing, het slegs die eerste gedeelte oorgebly. In mate 10 en 11 herhaal hulle die aanvangswoorde "Like as a father", wat nie in die oorspronklike lied gebeur nie. Die beurtsang rondom "we are but dust" word ook nie deur die Griekwas gesing nie, maar die lied word deur herhaling van dié woorde heelwat uitgebrei. Chromatiek as gevolg van chromatiese hulpnote kom voor in die tenoorstem (maat 3) en tenoor en bas (maat 12). Die A<sup>#</sup> dui op kortstondige uitwykings na die verwante mineurtoonsoort, soos wat ook in mate 4 en 6 in die oorspronklike weergawe gebeur, hoewel nie by ooreenstemmende woorde nie. In maat 14 word die leitoon momenteel verlaag, wat 'n uitwyking na die subdominanttoonsoort beteken.

"I've set watchmen" (notevoorbeeld 238) is in *Choral Anthems vol. I* aangetref (kyk musiekvoorbeeld 7). Hier het die oorspronklike struktuur behoue gebly en albei liedere bevat 33 mate. Tot by maat 8 is daar nie veel verskil tussen die twee weergawes nie. Die Griekwas ignoreer egter die tweepòls rusteken in maat 8, sodat dié maat met die helfte verkort word. Vanaf maat 12 is daar heelwat verandering. Oorspronklik was die woorde:

*Cast up the highway* (3 keer)  
*And gather up the stones*  
*Lift up a standard* (3 keer)  
*Among the people*

Die koor het dan in maat 21 begin, waar die maatslageenheid verander na driemaatslag. In die Griekwaweergawe vind geen herhalings van die verse plaas nie en begin die koor reeds in maat 17, maar bly vir drie mate in viermaatslag voor dit na driemaatslag verander. Die kontoer van die eerste paar mate van die koor verskil dan ook heeltemal van die oorspronklike en val eers weer in redelike mate saam vanaf maat 25 tot die einde.

As na die tekstuur van die Griekwaweergawe gekyk word, kan gesien word hoe die voorsinger die lied insit en hoe die ander stemme geleidelik hul weg "voel" totdat die volle digtheid van tekstuur bereik word.

# Like as a Father.

M. VILLA.

KEY C. E. *Con espressione.*

|<sup>4</sup>m :m .f |s :m |l .s :f .m |m :r |r .r :m |f .f :m .m |m :— |m :f .a |  
 |<sup>4</sup>d :d .r |m :d |d .d :d .d |d :t, |r .r :de |r .r :d .d |d :t, r |d .d .f |  
 Like as a fa - ther pi - ti-eth his chil - dren, so the Lord pi-tieth them that fear ..... Him, For he  
 |<sup>4</sup>s .s .s |d' :d' |d' .t :l .l |s :s |l .l :l |l .l :l .l |l :se |l :l .d' |  
 |<sup>4</sup>d :d .d |d :d |f .f :f .fe |s :s |f .f :m |r .r :m .m |m :— |l, :f .f |

remembereth that we

<i>End time only.</i>
CODA. FINE.
:—  se :—  l :— :

|d'.d'.-l |s :d'.r' |m'.m' :m'.r' |d'.d'.d'.t |l :— |se :— |l :— :  
 |f .f .-f |m :m .f 's .s :s .f |m :r .r |d :— |m :— |m :— : |f :— : |m :— : ||  
 knoweth our frame, He re-mem-bereth that we..... are dust, are dust. A - men.  
 |l .l .-d' |d' :d' .d' |d' .d' :d' |l |l .l :se .se |l :— |r' :— |d' :— : ||d' :— |t :— |d' :— : ||  
 |f .f .-f |d :d .d |d .d :d .r |m .m :m .m |f .f :f .f |m :m |l :— : |f :— |s :— |d :— : |  
 re-mem-bereth that we are dust.

|<sup>4</sup>m :m |m :— |s :s .s |m :m .m |l :t .l |s :m .s .f |m .r :r | :r .r |  
 |<sup>4</sup>d :d |d :— .d |r :r .r |d :d .d |d :d .d |d :d .r |d .t, t, | :t, t, |  
 As for man, his days are as grass, as a flow'r of the field he..... flour-ish-eth, For the  
 |<sup>4</sup>s :s |s :— .s |s :s .s |s :s .s |f :f .f |m :ta - l |s .s :s | :s .s |  
 |<sup>4</sup>d :d |d :— .d |t, :t, t, |d :d .d |f, .f, .l |d :d .f, |s .s, s, | :s, .s, |

,m :m .s *dim.* |s .f :m .r |d :r |m :m .m |f .s :l .f |m .d .-t, |d :— :— : |  
 |d :d .d |t, .t, t, t, |l :l |t, :d .d |d .d :d .r |d .d .-s, |s :— :— : |  
 wind pass-eth o - ver it, and it is gone, and the place thereof shall know it no more.  
 |s :s .m |r .r :m .f |m :l |se :l .ta |l .s :f .l |s .m .-r |m :— :— : |  
 |d :d .d |s, .s, s, .se, |l :f |m :l .s, |f .f, f, f, |s, s, .-s, |d, :— :— : |



Hal-le-lu-jah! Hal-le-lu-jah! Hal-le-lu-jah! A-men. Hal-le-lu-jah! Hal-le-lu-jah! Hal-le-lu-jah! A-men, A-men, Amen, A-men. A-men.

*ff* A - men..... *D.C. Repeat faster.*

Bron : Choral Anthems, vol. (s.j. : 106).

“Come ye children” (notevoorbeeld 240) is in **Children’s Hosannas** gevind (kyk musiekvoorbeeld 8). Weer eens skyn dit of die oorspronklike Da Capo-struktuur nie begryp is nie aangesien die nodige herhaling wat daardeur vereis word, nie gedoen word nie. Slegs in die eerste aantal mate (byvoorbeeld 3 en 4) skyn die melodiese kontoer van die twee weergawes in ’n mate saam te val, asook in die laaste drie mate van die lied. Die res stem feitlik glad nie ooreen nie, behalwe wat die liriek betref.

Vir “Hear my cry, o Lord” (notevoorbeeld 243) is drie verskillende weergawes in **Choral Anthems vol. II** gevind. Hoewel die liriek ooreenstem met wat die Griekwas sing, stem die musiek in geen geval ooreen nie (kyk musiekvoorbeelde 9–11). In die eerste geval is die titel aan die koorgedeelte ontleen en in die derde geval ontbreek die koorgedeelte heeltemal. ’n Vergelyking met die oorspronklike is dus nie moontlik nie. Die afleiding kan gemaak word dat die lied wel uit die (tot dusver onontdekte) verlore boekereeks, **Congregational Anthems**, vols. 1–4, geleer is.

Musiekvoorbeeld 8

COME, YE CHILDREN.

KEY G. DOTT.

d : s, ll, : s, | d . t, : d . r | m : | f : f | m : d . n | r . d : t, : d | r :  
 n : n | f, : n, | n . r, : n . f, | s, : | l, : l, | s, : n . d | t, : l, : s, : l, | t, :  
 Come, ye chil - dren, hearken un - to me; I will teach you the fear of the Lord;

QUARTET. FULL CHORDS.

d : s, ll, : s, | d . t, : d . r | m : | f : f | m : d . n | r . d : t, : l, | s, || s . fe  
 n : n | f, : n, | n . r, : n . f, | s, : | l, : l, | s, : s . d | t, : l, : s, : f, | s, || n . re  
 Come, ye chil - dren, hearken un - to me; I will teach you the fear of the Lord; Keep your  
 d : d | d : d | l, : l, : l, : t, | d : | d : d | d : n . s | s . r : r . d | t, ||  
 d : d | f, : d, | l, : l, : l, : s, | d : | f, : l, | d : d | d : r : r . r | s, ||

s : - | - n : r . n | f : - | - r : d . r | n : - | - d : t, : d | r . | : s . fe  
 n : - | - d : t, : d | r : - | - t, : l, : t, | d : - | - s, : s, : s, | t, : : | n . re  
 heart... from e - vil and your lips... from speaking guile. Keep your  
 : s . s | s : | : s . s | s | s . s : | : s . s | s . s | f . n | s . s : s | s | s :  
 : d . d | d : | : s, : s, : s, | s, : s, : | : d . d | d . n : r . d | s, : s, : s, | s, : | :

Keep your heart, your heart from e - vil and your lips from speaking guile, from speaking guile,

FIN.

s : - | - n : r . n | f : - | - l, : d . f | n : - | - s, : t, : r | d : - | - : ||  
 n : - | - d : t, : ta, | l, : - | - f, : l, : l, | s, : - | - s, : s, : f, | n, : - | - : ||  
 heart... from e - vil and your lips... from speaking guile.  
 : s . s | s : | : d . d | d | d . d : d | d : d : d | d . d : r . t, | d . s, : s, : s, | s, : ||  
 : d . d | d : | : f, : f, : f, | f, : f, : f, : f, : s, : s | s, : s, : s, : s, : | d . d, : d . d, | d, :

Keep your heart, your heart from e - vil and your lips, and your lips from speaking guile, from speaking guile



QUARTET, or all parts singing melody.

| s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> , s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> , t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> , t<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> , t<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : r<sub>1</sub> | m<sub>1</sub> : -  
 | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> , s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> , s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> , s<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> : -  
 What man is he that de - sir - eth life and lov - eth ma - ny days that he may see good?  
 | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | r<sub>1</sub> : r<sub>1</sub> | r<sub>1</sub> : r<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : -  
 | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> , s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> , s<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | m<sub>1</sub> : -  
 | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | n<sub>1</sub> : n<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> || s<sub>1</sub> : -  
 | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | r<sub>1</sub> : r<sub>1</sub> | r<sub>1</sub> : r<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> : -  
 What man is he that de - sir - eth life and lov - eth ma - ny days that he may see good? De -  
 | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> ||  
 | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | d<sub>1</sub> : d<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> , l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> , l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> , l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> , l<sub>1</sub> | r<sub>1</sub> : r<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | m<sub>1</sub> : -

FULL CHORUS.

| d : - | - : n | d | l<sub>1</sub> : - | - . l<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> , d | r : - | - . l<sub>1</sub> : r | d | r : - | - : n | f  
 | n : - | - : s<sub>1</sub> , n | f<sub>1</sub> : - | - . f<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> , l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : - | - . f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> , f<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | - : d , r  
 part from e - vil and do good, and do good, De -  
 | d | d | d | d . d | d . d | d | f | f<sub>1</sub> , f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> , f<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : r | d | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> :  
 De - part from e - vil and do good, De - part from e - vil and do good, do good,  
 | s : - | - : n | l<sub>1</sub> | s : f | m : r | d : - | t<sub>1</sub> : - | d : - | - : || *D.C.*  
 | n : - | - : d | d . ta<sub>1</sub> | ta<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> | s : - | - : f<sub>1</sub> : - | n : - | - :  
 part from e - vil and do good, do good.  
 | d | d | d | d : r | m : f | n : - | r : - | d : - | - : ||  
 | d | d | d | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | f<sub>1</sub> : f<sub>1</sub> | s : - | s<sub>1</sub> : - | d : - | - : ||  
 De - part from e - vil and do good, do good.

Musiekvoorbeeld 9

# Lead me to the Rock.

PSALM lxi. 1, 2, 8.  
KEY F. *Andante.*

T. R. THOMAS, Ballarat, Victoria

*p*

Hear my cry, O God, at-tend un-to my prayer; Hear. my cry, O God, at-

*s.d.f. Ad. rall.*

tend un-to my prayer; From the ends of the earth will I cry un-to Thee when my heart... is o-ver-

*F.t.m.l. Quicker. mf*

whilem ed. Lead me to the rock that is high-er than I, Lead me to the

rock that is high-er than I, Lead me to the rock that is high-er than

| r : - | - : m | f : f | r : m | f : f | r : f | m : - | : | s : - | m : - | m : - | s : - |

| t<sub>1</sub> : - | - : d | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> : d | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | t<sub>1</sub> : - | d : - | : | m : - | d : - | d : - | m : - |

I; For Thou hast been a shel-ter for me, Thou hast been a  
Thou hast

| f : - | - : m | r : s | f : m | r : r | f : r | d : - | : | : | s : s | s : - | s : - |

| s<sub>1</sub> : - | - : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | d : - | : | : | d : d | d : - | d : - |

| s : f | f : - | f : - | - : - | f : - | r : - | r : - | f : - | f : m | m : - | m : - | - : - |

| m : r | r : - | r : - | - : - | r : - | t<sub>1</sub> : - | t<sub>1</sub> : - | r : - | r : d | d : - | d : - | - : - |

shel-ter for me, Thou hast been a shel-ter for me,  
Thou hast

| s : t | t : - | t : - | - : - | : | s : s | s : - | t : - | t : s | s : - | s : - | - : - |

| d : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | s<sub>1</sub> : - | - : - | : | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | s<sub>1</sub> : - | s<sub>1</sub> : d | d : - | d : - | - : - |

| s : - | m : - | m : - | s : - | s : f | f : - | f : - | r : r | f : - | - : - | r : - | r : f |

| m : - | d : - | d : - | m : - | m : r | r : - | r : - | t<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> | r : - | - : - | t<sub>1</sub> : - | t<sub>1</sub> : r |

Thou hast been a shel-ter for me, And a strong tower from the  
Thou hast a strong tow - er

| : | s : s | s : - | s : - | s : t | t : - | t : - | : | : | t : t | s : - | t : - |

| : | d : d | d : - | d : - | d : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | s<sub>1</sub> : - | : | : | s<sub>1</sub> : s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | s<sub>1</sub> : - |

| m : - | m : - | m : - | - : - || *Xmf* : | : | s<sub>1</sub> . s<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> . r | f : | : | : |

| d : - | d : - | d : - | - : - || m : - | s<sub>1</sub> : l<sub>1</sub> . s<sub>1</sub> | s<sub>1</sub> : - | - : | r : - | l<sub>1</sub> : t<sub>1</sub> . l<sub>1</sub> |

en - e - my. Lead me to the rock, Lead me to the  
from the en - e - my.

| s : s | s : s | s : - | - : - || s : - | m : f . m | r : - | - : | f : - | f : s . f |

| d : d | d : d | d : - | - : - || d : - | d : d . d | t<sub>1</sub> : - | - : | r : - | r : r . r |



Musiekvoorbeeld 10.

# Hear my Cry, O Lord.

KEY F. *Moderato. Tenderly.*

*cres. mf*

J. M. STILLMAN.

| s :- .l | s :m | s :- | : | s :- .l | s :m | l :- | :d' | t :- .l | s :fe |  
 | d :- .d | d .d | t, :- | : | d :- .d | d :d | d :- | :d | r :- .r | r :d |  
 Hear my cry O Lord, Hear my cry, O Lord, At - tend un - to my  
 | m :- .f | m :d | r :- | : | m :- .f | m :m | m :- | :l | s :- .fe | t :l |  
 | d :- .d | d :d | s, :- | : | d :- .d | d :d | l, :- | :l, | r :- .r | r :r |

| s :- | :s .s | f :f .f | m :m .m | m > :r .r | r :d .d | l :l .l | l :l .l |  
 | t, :- | :t, .t, | d :r .r | d :d .d | d :t, .t, | t, :d .d | d :d .d | d :d .r |  
 prayer : From the ends of the earth will I cry un - to Thee, from the ends of the earth will I  
 | s :- | :s .s | s :s .s | s :s .s | s :s .s | s :m .m | f :f .f | f :f .f |  
 | s, :- | :s, .s, | l, :t, .t, | d :d .d | s, :s, .s, | s, :l, .l, | f, :f, .f, | f, .s, :l, .t, |

| l :s .s | s :t .t | d' :t .l | s :l .s | f :m .m | r :f .r | d :- .d | t, :r | d :- | : :  
 | d :d .r | m :r .r | m :r .r | m :d .d | l, :de .de | r :d .l, | s, :- .s, | s, :s, | s, :- | : :  
 cry un-to Thee, from the ends of the earth will I cry un-to Thee when my heart is o - ver-whelm'd  
 | f :m .f | s :s .s | s :s .f | m :m .m | r :m .m | f :l .f | m :- .m | r :f | m :- | : :  
 | d :d .d | d :s, .s, | d :s, .s, | d :l, .l, | r :l, .l, | r :f, .f, | s, :- .s, | s, :s, | d :- | : :

C.t. *Not too fast.*

| s .s :d' .r' | m' :r' .r' | d' :t .t | l : | l .l :r' .m' | f' :m' .m' | r' :d' .d | t .r |  
 | m .m :m f | s :f .f | m :r .r .r | m .m :l .s | s :s .s | s :m .m | s :f |  
 Lead me to the Rock that is high - er than I, Lead me to the Rock that is high - er than I, For  
 | d' .d' :d' .d' | d' :l .l | l :se .se | l : | d' .d' .d' | t :d' .d' | t :d' .d' | r' : |  
 | d .d :d .d | d :r .r | m :m .m | l, : | l .s :f .m | l :d .d | s :l .l | s : |

*In chanting style.*

| s ..s :s .l | s .s :f | m :— :s | l .l :l .ta | l .l :s | f :— :l .l | r' :— :d' :t .t |

| m .m :m .f m .m :r | d :— :m | f .f :f .s | f .f :m | r :— :f .f | f :— :m :r .r |

Thou hast been a shel-ter for me, for Thou hast been a shelter for me, and a strong tower from the

| : : | : : | :d' |d' : | . | : | :l |l : | : : | : |

| : : | : : | :d |d : | : : | : : | :r |r : | : : | : |

*f Allegretto.*

*ad lib.*

| : : | d :m :f | s :— :fe:s | l :s :f | m :— :— | d' :d' :d' | t :— :— |

| : : | d :d :r | m :— :re:m | f :m :r | d :— :— | d :d :d | r :— :— |

Bless - ed are they... who trust in the Lord, bless - ed are they,

| : : | m :s :s | d' :— :d' | d' :d' :s | s :— :— | l :l :l | s :— :— |

| : : | d :d :d | d :— :d | d :d :d | d :— :— | l :l :l | t :— :— |

*accel. cresc.*

| l :l :l | s :— :— | d :m :s | l :t :d' | r' :— :— | t :— :— :d' ||

| d :d :d | d :— :— | d :m :s | l :s :s | s :— :— | f :— :m ||

bless - ed are they, bless - ed are they who trust in Him.

| f :f :f | m :— :— | d :m :s | l :r' :d' | t :— :— | r' :— :s ||

| d :d :d | d :— :— | d :m :s | l :f :m | r :— :— | s :— :d ||

*ff*

*ff*

| d' :— :s | s :d' .d' | m' :— | d' :d' .d' | m' :— .d' | d' :d' .d' | d' :— :t .— | d' :— :— ||

| m :— :m | m :m .m | s :— | s :s .s | s :— :m | m :s .s | s :— :f :— :m :— :— ||

en - e - my, and a strong tower from the en - e - my, from the en - e - my.

| : : | :d' .d' | d' :— | m' :m' .m' | d' :— .s | s :d' .d' | m' :— | r' :— | d' :— :— ||

| : : | :d .d | d' :— | d' :d' .d' | d' :— .a | d :m .m | s :— | s :— :d :— :— ||

*f. p* *cres.*

Hear my cry, O God, Hear my cry, O God, at-tend un-to my prayer, at-

Hear my cry,..... hear my cry, prayer,.....

prayer,.....

-tend un-to my praye at-tend un-to my prayer, Lead me to the Rock that is

Lead me to the Rock

*cres.* *ff* *rit. ad lib.*

high-er than I. Lead me to the Rock that is high-er than I.

Lead me,

Musiekvoorbeeld 11

# Hear my Cry, O God.

KEY C. *p*

T. MARSHALL

*cres.*

| s : - : s | d : - : d' | s : - : m | r : - : m | f : s | f : m | m : - : l | se : - : se : l | t |

| m : - : f | m : - : re | m : - : d | t, : - : d : r | m | r : d : r | d : - : m | m : - : m | m | m |

Hear my cry, O God, at-tend un-to my prayer, at-tend un-to, un-to my

| d' : - : r' | d' : - : d' | d' : - : s | s : - : s | s | s : - : se | l | t | d' : t : - : t : l | se |

| d' : - : t | l : - : fe | s : - : s | s, : - : s, | s, | s, | d : - : t, | l, : - : l, | m : - : r | d | t, |

*rall.* *p* *mf*

| d' : - : l | t : - : l | s : - : - | m : re : m | f : d : r | m : - : - | s : m : s | l : f : l |

| m : - : m | r : s : fe | s : - : - | d : - : d | d : - : d | d : - : - | m : d : m | f : - : fe |

prayer, un-to my prayer. Hear my cry, O God, Hear my cry, O

| l : - : m | s : r' : d' | t : - : - | s : fe : s | l : - : la | s : - : - | d' : - : d' | d' : l : r' |

| l, : d : de | r : - : r | s, : - : - | d : - : d | d : - : d | d : - : - | d : - : d | f : - : r |

*dim.* *p* *rall.* *dim.*

| t : - : t | t : d' : t | l : - : l | s : l : f | m : - : m | m : - : r | r : - : d | d : - : d : r |

| s : - : r | m : - : r | d : - : re | m : - : r | d : - : r | d : - : d | t, : - : d | d : - : d : - |

God, at-tend un-to, un-to my prayer, at-tend, at-tend, at-tend un-

| r' : - : s | se : - : se | l : - : d' | d' : - : t | d' : - : t | d' : - : l | s : - : s | m : - : m : fe |

| s : - : f | m : - : m | f : - : fe | s : - : s | l : - : se | a : - : fe | f : - : m | d : - : l, : - : l |

*FINE.* *mf not quickly.* *cres.*

| m : - : r : - | d : - : - | s : s | s : m : l | s : - : s | s | l : f : d' | t : - : t | t | t : se : m |

| d : - : t, : - : d : - : - | m | m | n : d : f | m : - : s | s | f : d : r | r : - : r | r | m : m | m |

- to my prayer. From the ends of the earth will I cry un-to Thee, from the ends of the

| s : - : f : - : m : - : - | d' . d' | d' : s : d' | d' : - : d' . d' | d' : l : l | s : - : s | s : se : t : se |

| s, : - : s, : - | d : - : - | d . d | d : d : d | d : - : m | m | f : f : fe | s : - : f | f | m : m | m |



| d' : - : d' . d' | s : d' : m' | r' : - : m' . r' | d' : - : s | m : - : l | s : - : se . se | l : t : d' |

| m : - : re . re | m : s : s : s : - : s . f | m : - : m | d : - : d | d : - : m . m | m : - : m |

earth will I cry un-to Thee, When my heart is o-ver-whelm'd, When my heart is

| l : - : d' . d' | d' : d' : d' | t : - : | s . s : s : d' | s . s : s : f | m . m : m . d' : t . t | l : se : l |

When my heart, when my heart is overwhelm'd,

| l : - : fe . fe | s : m : d | s : - : | d . d : d : - | d . d : d : d | d . d : d . m : r . r | d : t : l : l |

*rall.* | m : - : m | m : - : - | m : re : m | f : d : r | m : - : - | d : - : r | m : - : r | d : - : - |

| d : - : t, | d : - : - || d : - : d | d : - : d | d : - : - || d : - : d | t, : - : t, | d : - : - ||

o-ver-whelm'd. Hear my cry, O God, Hear my cry, O God.

' l : - : se | l : - : - || s : fe : s | l : - : la | s : - : - || m : - : l | s : - : f | m : - : - ||

- d : r : m | l, : - : - || d : - : d | d : - : d | d : - : - || d : l, : fe, | s, : - : s, | d : - : - ||

*rall.* *pp* *rall.* *dim* *D.C.*

Bron: Choral Anthems, vol. II, (s.j. : 382–383)

### 3.4.7 Enkele “losstaande” liedere

Weens die opheffende en vertroostende kwaliteit daarvan is die lied “In stryd is oorwinning” (notevoorbeeld 224) ook van besondere betekenis vir die Griekwas. Die Volks-president, Eric le Fleur, het byvoorbeeld sy eie toespraak op Stigtersdag 1982 onderbreek en hierdie lied spontaan begin sing ná hy gesê het: “... die Kneg het hulle (die Griekwas) geleer om bitterheid te vergeet. Nou wag hulle op die belofte van God ... en God se beloftes is onfeilbaar.”

“Bewaar Uwe kinderen” (notevoorbeeld 228) is ’n ou Nederlandse lied wat nog baie deur die Griekwas gesing word. Veral die woorde is op hulle as volk van toepassing aangesien hulle hulself sien as die kinders waarvan hier gesing word en ook as die volk wat hierin bid om bewaring.

“Almal wat die Here liefhet” (notevoorbeeld 230) skyn ’n eieskepping te wees. Op eenvoudige, maar tog veelkleurige wyse word gelowiges nadergeroep om bymekaar te kom. As meerstemmige lied het die woorde soveel meer trefkrag as wat dit sou hê in gewone

spreektaal. Dië wysie is feitlik staties en daarom eintlik baie eentonig, wat die indruk skep dat die liriek spontaan geskep is by 'n spesifieke geleentheid. Daar was dus nie die geleentheid om 'n interessante wysie daarvoor te skep of te vind nie. Hierdie indruk word versterk deur die ritme wat vir tye ook staties bly en in eenderse nootwaardes opgedeel word volgens die aantal lettergrepe wat benodig word. Tog word die lied lewendig en geestig voorgedra, wat aansteeklik op die luisteraars sou inwerk en die gewenste uitwerking op hulle sou hê.

“Daar is 'n kind gebore” (notevoorbeeld 223) is 'n tere kersliedjie met 'n epiese karakter wat op gevoelvolle wyse deur 'n koor gesing is. Die Griekwas se liefde vir hulle kinders, wat ook van kleins af in hulle kultuur- en volksgoedere opgevoed word en selfs saam met die ouers kongresse bywoon, kom hierin tot uiting.

“I've got a shoe” (notevoorbeeld 231) is 'n kinderlike liedjie wat hier deur volwassenes gesing word en moontlik by hulle kinders gehoor is. Dit is 'n “moderne” liedjie en weens die woordjie “gonna” waarskynlik van Amerikaanse oorsprong. Dit is redelik algemeen bekend en word volgens 'n informant\* byvoorbeeld ook gesing in Sondagskole in Mamelodi, naby Pretoria.

Enkele liedere met Namawoorde word ook op Krantzhoek gesing, soos “God het belowe” (notevoorbeeld 125) wat oorspronklik as Namalied geskryf is en later vertaal is. Die Griekwas sing hierdie lied dus in sowel Namataal as Afrikaans. Notevoorbeelde 262 en 264 is ook Namaliedere, wat albei 'n godsdienstige strekking het.

#### 3.4.8 Langer, gewyde koorwerke

Die langer koorwerke word uitsluitlik deur die Griekwa Nasionale Koor gesing. Koorleiers moes in die verlede baie moeite gedoen het om hierdie liedere wat ook relatief ingewikkeld is, aan die koorlede te leer. Voorbeelde hiervan is notevoorbeelde 238–255 en 257–258. Gesien in die lig van die feit dat die navorser geen boeke met hierdie tipe lied tydens die ondersoek onder die Griekwas van Krantzhoek kon vind nie omdat die boeke almal “weggeraak” het, is dit verbasend dat hierdie liedere so goed onthou word. Dit kan alleen wees omdat hulle voortdurend aktief gesing word. Die musikale behoeftes van hierdie Griekwas word immers deur hulle sang ten volle bevredig aangesien baie min van hulle 'n musiekinstrument besit of bespeel. Om te sing, is dus vir hulle 'n uiting van die lewe self.

---

\*Mev. Nancy Mashishi van Mamelodi

“Daughter of Zion” (notevoorbeeld 259) en “Sing onse God lof ter alle tyd” (notevoorbeeld 260) vorm groot hoogtepunte van hierdie tipe koorlied. Die Nederlandse woorde wat in laasgenoemde lied behoue gebly het, toon dat dié lied ook reeds jare lank in hulle repertorium moet bestaan.

Soos hierbo aangetoon is, is ’n paar van die gewyde koorwerke van die Griekwas van Krantzhoek in *Choral Anthems* vols. I en II gevind, wat elders deur die navorser bekom is, asook in *Children’s Hosannas*. Volgens die huidige koorleier, E. Keet, het hulle wel laasgenoemde boek gebruik en daarby *Congregational Anthems* vols. 1–4. Die twee stelle boeke hier vermeld moet soortgelyk wees aangesien hulle gemeenskaplike liedere skyn te bevat. Sekere veranderinge het oor die jare ingetree in die liedere soos bespreek is, weens die feit dat die liedere mondeling oorgedra word en die boeke tans verlore is. Nogtans word hulle mooi saamgesing en sal die oningeligte luisteraar nie bewus wees van enige sodanige veranderinge wat ingetree het nie.

### 3.5 Samevatting

Vanaf hulle ontstaan was die Griekwas ’n singende volk. Hulle het nog altyd ver van kultuursentra geleef en sang was vir hulle die enigste vorm van geestelike musiekbeoefening. Die oorgrote meerderheid van die liedere wat hulle sing, het ’n gewyde strekking en daar word voorkeur gegee aan koorsang bó solosang. Trouens, hulle het ’n besondere voorliefde vir koorsang en Griekwakore word oral aangetref waar daar Griekwas woon. Hulle kore sing al die liedere meerstemmig, gewoonlik in drie tot vier stemme en dit geskied op spontane wyse.

Die Griekwas ken al hul liedere van buite en besit weinig of geen gesangboeke nie. Meeste van die liedere kom uit ou gesangboeke wat nie meer in druk is nie en waarvan die oorspronklike boeke waaruit hulle geleer is, “weggeraak” het. In Kokstad sing koorlede wel uit boeke met Tonic Solfantasie – dieselfde metode wat koorleiers vroeër gebruik het om die gewyde liedere aan ongeletterdes te leer. Oorspronklik was die Griekwas se leermeesters die sendelinge wat onder hulle gearbei het en onder wie se leiding Engelse gewyde liedere aangeleer is. Plaasboere by wie sommige in diens was, het hulle by die huisgodsdien betrek, waar ook Afrikaanse psalms en gesange aangeleer is en waar moontlik vir die eerste keer met “Juig aarde” (Psalm 100) kennis gemaak is.

Weens die groot getalle Tswanas wat in Griekwaland-Wes aangetref word, het daar ’n kruisbestuiwing van kulture plaasgevind. Tswanakulturelemente kan in die wyse van

voordrag van die Griekwas waargeneem word deur onder meer die sterk ritmiese karakter daarvan, fisiese bewegings soos handegeklap en voetgestamp terwyl gesing word en Tswanawoorde wat met Afrikaans of Engels gealterneer word.

In Griekwaland-Oos vorm die kerkgebou van die Griekwa Nasionale Independent Kerk van Kokstad die middelpunt van die Griekwas se gemeenskapslewe, met die “Jaarliks” as kulminasie van die tradisionele kerkaktiwiteite. Hulle gebruik “Op berge en dale” (Gesang 7) as Nasionale Volkslied aangesien hulle nie dieselfde verering koester vir A.A.S. le Fleur I as die Griekwas in die ander gebiede nie en dus nie die Nasionale Volkslied wat hy in 1924 vir sy volk aangeneem het, erken nie.

Die sogenaamde “tipiese” Griekwaliedere van Krantzhoek is eieskeppinge wat nog nooit in druk verskyn het nie en deur Griekwas “geskryf” en “gekomponeer” is. Die element van mistiek, veral rondom die Griekwas se volkwees en die profeet- en leierskap van die Kneg, is kenmerkend van hierdie liedere. Die eenvoud en ongekompliseerdheid van hierdie eieskeppinge vind aanklank by die volk, wat as gedig-eksterne resipiënt die boodskap daarvan ontvang en assimileer.

In al die Griekwagebiede is die gewyde “koortjies” baie gewild, asook ’n aantal gewilde liedere wat op meer as een wysie gesing word om liedfamilies te vorm en waarvan “Juig aarde” die belangrikste is.

Deur die bestudering van die gewyde musiek van die Griekwas, hulle kerklike gewoontes en onderhoudvoering met baie van hulle, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die bevindinge van die Mentzkomitee (Presidentsraadsverslag, 1983 : 60) juis is:

*Die Mentzkomitee het bevind dat die Griekwas se godsdienst nie 'bloot oppervlakkige vertoon is nie, maar dat hulle hele lewenswyse daarop gegrond is'.*

## HOOFSTUK 4

### 4.0 DIE SEKULÊRE MUSIEK VAN DIE GRIEKWAS

#### 4.1 Inleiding

Die feit dat oorwegend gewyde musiek tydens veldwerk onder die Griekwas aangetref is, het die oortuiging by die navorser laat posvat dat hierdie musiek 'n prominente plek beklee in hulle repertorium en dat dit die sekulêre musiek oorskadu. Die geloof en sterk godsdienssin van die Griekwas oorheers hulle sang in so 'n mate dat hulle nie aangetrokke voel tot die sing van sekulêre liedere nie. Hieroor het die navorser 'n aantal Griekwas gepols:

Op Krantzhoek het Volkspresident Eric le Fleur in April 1983 gesê dat die sekulêre liedere wat wel deur die Griekwas gesing word, maar min in getal is en ook ál minder gesing word, sodat dit eintlik besig is om uit te sterf. Hierdie liedere, wat meestal vertalings is van ou Engelse liedere soos "Home, sweet home", is vroeër deur kore op sogenaamde "tea-meetings" gesing om die gaste mee te trakteer. Liedere wat deur die gaste versoek is, is dan gesing. Dat dit wel so is, is deur van Zyl (1947 : 80) bevestig:

*'n Instelling wat by die teenswoordige Griekwas baie gewild skyn te wees, is die hou van sogenaamde 'tea-meetings' waaraan die sogenaamde 'koop'-stelsel verbonde is. Jare gelede het ek die voorreg gehad om 'n dergelike funksie by te woon, in geselskap van 'n aantal Blankes ... in die ruim sendingsaal ... na die gewone welkomswoord en een of ander nommer op die program, het die 'koper' as volg begin. Een van die Gekleurdes staan op en spreek die voorsitter as volg aan: 'Meneer Stoelseeter, eek koop veer (so en so) veer 2s. om veer oens te seng.' Is die 'gekoopte' persoon bereid om die gevraagde nommer te lewer, dan kry hy of sy die geleentheid daartoe. Weier die 'gekoopte' egter, dan moet die genoemde bedrag deur hom of haar gestort word.' Die een 'koper' na die ander spring dan beurtelings op en basuin links en regs die name van persone en hul pryse van die nommers uit.*

Hy vertel verder dat die aantal gelewerde nommers maar skraal bly terwyl die "kas" vinnig aangroei en dit neem ook nie lank om op hierdie manier 'n gees van jolyt te skep wat deur almal geniet word nie.

Tydens die sangaande wat die navorser op Krantzhoek en Griekwastad bygewoon het, ook in sale soos deur van Zyl hier beskryf, is die "koop"-stelsel steeds gevolg. Telkens

wanneer 'n luisteraar 'n gelewerde nommer besonder baie geniet het, het hy opgespring en 'n toegif gekoop deur geld op die verhoog te gaan neersit. As gevolg van die talle toegifte het die aande uitgereg tot laat – waarteen die gehoor blykbaar geen beswaar gehad het nie. Intendeel, die luisteraars se entoesiasme het progressief toegeneem. Die behoud van hierdie tradisionele gebruik bewys dan ook dat die Griekwas steeds vashou aan hulle eie manier van doen en so getrou bly aan wat tradisioneel en volkse is.

Op 'n vraag aan mev. Kate Cloete van Vredendal op 26 April 1986 in haar huis aldaar, naamlik of die Griekwas van daardie omgewing nie ook graag vrolike liedjies sing soos die Blankes byvoorbeeld dikwels doen nie, het sy geantwoord: “Nogal nie.” Vir hulle bly die gewyde liedere maar immer “soet en smaaklik”. Soortgelyke inligting is ook deur mev. E. de Bruin van Kokstad op 14 Junie 1985 en mev. Katie Kanyiles van Ritchie in Januarie 1985 in hulle onderskeie woonhuise verstrekk.

Desnieteenstaande is daar in al die Griekwagebiede wel sekulêre liedere opgespoor.

#### 4.2 Die sekulêre musiek van die Griekwas van Griekwaland-Wes

Die mees opvallende sekulêre musiek wat deur die Griekwas van Griekwaland-Wes (en veral in die omgewing van Campbell) gesing word, hou verband met die puberteitseremonie vir jong dogters wat selfs vandag nog beoefen word. 'n Blanke informant\* wat hierdie seremonie in besonderhede bestudeer het, het 'n volledige verduideliking daarvan aan die navorser gegee:

Die musiek speel 'n groot rol by die !gabasas – volgens Nurse (1975 : 10) ook !ngabadas en volgens Schapera (1965 : 272–9) !aba oxais – wat vandag nog plaasvind, hoewel nie so dikwels soos vroeër nie. Die !gabasas is 'n oorblyfsel van die Nama-Hottentotte se puberteitseremonies. Armoede en dié gevolglike gebrek aan 'n slagdier (die sogenaamde skoonmaakskaap) wat vir so 'n seremonie benodig word asook die feit dat die moderne Griekwadogter dit as oudmodies beskou en nie haar samewerking daartoe wil verleen nie, lei daartoe dat dit besig is om uit te sterf. Tog vind dit wel vandag nog plaas onder die Griekwas van Campbell en is 'n oorblyfsel van die tradisies van hulle voorvaders.

Hierdie seremonie vind plaas wanneer die jong dogter haar eerste maandstonde het. 'n Ouma, nie noodwendig haar eie nie, maar wel 'n ou vrou wat die tradisionele gewoontes

---

\*H. van Eck van die plaas “Wildspan” by Campbell, 28 April 1985.

in pag het, neem haar in haar sorg. 'n Plek word afgeskort deur byvoorbeeld 'n kombors daaroor te hang en die meisie word in die hok gesit. Daardeur word sy 'n "hokmeisie" of "!'gabasas". Vir 'n hele maand mag sy nie daar uitkom nie en dit is dan die oorgang van kindwees na grootmens toe. (Vroeër kon dit selfs langer geduur het omdat een van die hoofdoeleindes was om haar vet te voer sodat haar vel glad en glansend kon word.) In die tyd wat sy in die hok deurbring, word sy ook vertel van die gebruike en gelowe van haar volk. Huskisson (1958 : 159) se bevinding aangaande 'n soortgelyke gebruik van die Pedi was:

*Initiation among the Pedi tribes is a sacred ceremony based on deeply-engendered, tribal principles, involving not only physical initiation but also the induction of the initiates into the age-old, tribal secrets, thus fitting these boys and girls, entering womanhood and manhood, to take their places as fully-fledged members of the tribes.*

Dieselfde gedagtegang geld by die Griekwas. Die dogter moet simbolies hergebore word en die ou vrou, wat haar op haar rug rondra wanneer nodig, heet die "aba tarás". In hierdie tyd word sy as onrein beskou en alles waarmee sy in aanraking kom, word ook onrein of "!'nau". Haar vriendinne mag haar egter besoek en vir haar geskenkies bring, soos 'n haakspeld met kraletjies ingeryg, wat hulle dan deur die gordyn vir haar mag gee.

As 'n mens met hierdie ou vrouens gesels, sal hulle moontlik iets hiervan vertel. Dit is egter eers later, wanneer hulle vertrouwe gewen is, dat hulle met meer inligting vorendag kom. Hulle voel aanvanklik selfbewus en skaam oor hulle tradisionele en baie persoonlike gewoontes.

Ná die tydperk van afsondering word 'n tradisionele hergeboorte, wat 'n soort voorstelingsremonie is, gereël, en dit gaan gepaard met 'n fees wat "kharu ≠ap" (Schapera, 1965 : 273) of "doodmaak van die menstruasie" genoem word. Die ou vrou moet nou die meisie reinig van haar "kinder-vuilgoed" of "oxa/uip" deur haar hele lyf met die pensmis van die groot pens van die slagdier af te vryf tot sy 'n mooi geel kleur het. Die penssure was haar dan simbolies skoon. Daarna word sy ook gesmeer met 'n mengsel van gemaalde rooiklip en boegoe. Die boegoe varieër van streek tot streek maar bestaan hoofsaaklik uit korsmos of ligeen en sekere aromatiese plante. Dikwels word vet ook bygevoeg. Hiervan kry sy dan 'n mooi, gloeiende rooi kleur. Verder word sy uitgepunt, haar wenkbroue word met swart of wit bestryk en sy kry ook kolle op byvoorbeeld die wange of arms. Sy moet ook 'n klein skilpaddoppie wat met volstruiseierdopkrale en pels om die rante versier is, vol boegoe dra. Die pootgaatjies word toegestop met die

byeharpuis wat in korwe gevind word. Wanneer sy uit die hok getrek word, dans sy dan en by daardie geleentheid óf later wanneer sy na die fontein toe was, moet sy haar familie groet met boegoe in die hand. Daarna dryf die vrouens haar weer terug na die hut.

Baie vroeg die volgende oggend, voor die eerste lig en terwyl die môrester nog skyn, word sy uitgehaal en moet dan 'n volstruiseierdop hê om water te gaan haal. Sy moet mooi uitgepunt en reggemaak wees met haar skilpaddoppie by haar om water toe te kan gaan. Slegs ingewyde grootmense en geen kinders nie, mag haar in hierdie optog, wat die "Griekwastap" genoem word, vergesel. Die idee van die Griekwastap na die wateroog of fontein, is om die waterslang wat daar woon, mak te maak. Die mense moet aanvaarbaar gemaak word, want hy kan wakkerword en in 'n vreeslike slegte bui wees en die !gabasas vang en in die water insleep. Daarom moet hy mooi wakker gemaak word.

Wanneer hulle by die water kom, moet die meisie, wat half in 'n beswyming is weens die lang afsondering, by die water gaan hurk en aan die waterslang voorgestel word. As hy haar nie ken nie, kan hy haar vang as sy in die toekoms gaan water haal, dan word sy sy slavin en moet sy huis onder die water uitsmeer met mis. Die Griekwas daar glo onwrikbaar dat elke fontein sy waterslang het en beweer dat sulke meisies wat in die verlede deur die slang gevang is, soms daarna gesien is waar hulle mis bymekaarmaak. Hulle vlug egter weg as iemand aankom.

By die seremonie sal die waterslang moontlik sy verskyning maak. Die meisie sit vir hom en wag en word verder deur die ou vrouens met wit klei uitgepunt op haar bene en arms, terwyl almal sing en dans om haar. Sy moet van die boegoe op die water gooi om die slang wakker te maak en as hulle sien dat die water begin kolk, sê hulle: "Daar is hy, ek het hom gesien!" Hy word dan met stokke, waarmee hulle op die water slaan, teruggedryf sodat hy nie die meisie moet gryp nie en die boegoe verdwyn dan in die water. Die slang is dan tevrede en het die boegoe gevat. Die belangrikheid van boegoe vir die Griekwas word deur Van Zyl (1947 : 76) genoem:

*Boegoe as genees- en afweringsmiddel teen siekte en bose geeste het sy ontstaan ver terug in die gryse verlede van die inboorlingstamme van Afrika ... Die oudste Griekwa kan alleen sê dat hy 'beseet toorkrag omdat die eerste man wat hom gekou had teen alle gevare en siektes bestand was'.*

Na die waterslang haar gesien het en sy hom ook in haar verbeelding gesien het, moet sy water skep. By die huis word tee of koffie met hierdie water gemaak en aan haar ouers gegee. Dan gaan hulle na die krale van hulle oompies en groet almal. Sy is nou hergebore en 'n hubare meisie.



Van die Griekwas wat beweer dat hulle die waterslang gesien het, sê dat hy soos 'n klein ponie lyk, met hare soos 'n swartwildebees en 'n spieël op sy voorkop. As hy die hare oopmaak en hy vang jou met daardie spieël, dan trek hy jou in die water in soos 'n magneet. Andere sê dit is 'n diamant wat hy op sy voorkop het. Verskillende menings aangaande die voorkoms van die waterslang is ook deur Griekwas gelug in die televisie-program "By die groot Gariep"\*:

Andreas Sekuty het gesê: "Sy voorliggaam is soos dié van 'n mens, die vingers ook, maar die kop is soos 'n slang s'n. Agtertoe het hy 'n stert soos 'n slang en voete soos 'n mens, maar sy voete is ook voorvoete en agtervoete soos dié van 'n padda. Ek het hom self een aand gesien. Ek het na die fontein gegaan toe sien ek 'n spieël. Toe dink ek dis iemand wat 'n spieël het, maar toe ek naderkom, sien ek dis die slang."

Volgens Gertie Pietersen: "Sy kop is soos 'n kat s'n, met 'n moestas soos dié van 'n kat. Hierdie goete is waar, 'n mens sien hom egter nie maklik nie. Jy kry sy ruik maar as jy naderkom is hy vinnig in die water."


Die dans met gepaardgaande sang wat volg op die bevryding van die meisie uit haar afsondering, word volgens Schapera (1965 : 276) die "rietdans" genoem. Die navorser is van mening dat dit waarskynlik so heet weens die rietfluite wat vroeër deur die Hottentotte bespeel is en wat seker ook as begeleidingsinstrument by hierdie sang en dans gebruik is (kyk figuur 11). 'n Soortgelyke dans is deur Anna Swart (née Watermond) en haar moeder, mev. Maarman, op Campbell uitgevoer\*\*. Die dans is wild, met 'n beheersde, gespanne houding. Voete word gestamp en die sitvlak rondgeswaai terwyl daar ook gesing word in die óú Hottentotte- of Griekwataal. Aan die einde van die lied word hard geblaas deur die neus en mond en die arms teen die sye geklap terwyl daar al dansende afgesak word tot 'n hurkende posisie en weer opgekom word. Hierdie bewegings beeld verskillende dieregewoontes uit, soos 'n volstruis wat gewond is en afsak met bewende vlerke en dan weer opstaan, of dit kan miskien 'n gekwete gemsbok se bewegings voorstel.

Volgens Anna Watermond is hierdie musiek tipies van wat vandag gesing word tydens die optog na die watergat. Mnr. van Eck is egter van mening dat die tipiese danse in sommige gevalle ook moes plek maak vir "moderne" Boeredanspassies met Boeremusiek daarby. Vandaar ook die feit dat Afrikaanse woorde by die staplied (kyk notevoor

---

\*11 September 1984.

\*\*Griekwawroue op Campbell, 28 April 1985.



Figuur 11 Nama-Hottentot rietfluite met stemstok

Bron: Kirby (1934 : figuur 47A).

beeld 46) gevoeg word: “As die Boesmanmeid na die kantien gaan, dink hy dis ’n fontein.” Die woord “Boesman” dui dan ook op beïnvloeding deur Boesmantradisies as gevolg van vroeëre ondertrouery, waardeur van hulle tradisionele seremonies in Griekwageledere geassimileer is. Die voorstelling van die meisies aan die waterslang is ’n soort inisiasie wat oorspronklik ’n Hottentot- of Boesmanrite was. Schapera (1930 : 118–121) het gesê:

*The attainment of puberty is marked among all the Bushmen by the performance of certain ceremonies ... in many of its details this ceremony closely resembles the puberty ceremony for girls among the Hottentots. There is a strong possibility that it may even have been taken over from the latter.*

Huskisson (1958 : 161) het sang ook belangrik gevind by die rituele en seremonies van die Pedi, 'n ander Swart etniese groep in die veelrassige Suid-Afrika:

*It is by means of songs and symbolism that the majority of instruction is given ... singing ... is a vital aspect of the ritual and ceremony ...*

Teen die agtergrond van die folklore wat hierbo beskryf is, kan die musiek van die Griekwas wat daarmee verband hou, nou geëvalueer word.

#### 4.2.1 Die stap- en saktans

Tydens veldwerk is agt stap- en saktanse in die omgewing van Campbell op band verkry (notevoorbeelde 43–50). Deurdat dit deur verskillende persone gesing, gedans of gespeel word, is 'n duidelike beeld van die wese van hierdie lied verkry en kan daar gesien word hoe verskillende persone dié ou tradisionele deuntjies onthou. Mnr. van Eck is van mening dat die wysie nog dateer uit die dae van die vroeë Grigrikwa-Hottentotte en vir dieselfde doel gesing is, naamlik by inisiasieseremonies.

Die volledige staplied skyn 'n kombinasie van twee dele te wees, soos die weergawe van Anna Watermond in notevoorbeeld 46 suggereer. Vir die een gedeelte bestaan daar nie woorde nie maar slegs klanke, wat wissel van voordrag tot voordrag: lê-li-la, la-la-la, le-lê-lê, li-lê-la en ander is klankkombinasies wat aangetref word en wat die indruk skep dat dit eintlik die musiek self is wat hier belangrik is en nie die woorde nie. Moontlik was die oorspronklike woorde in Hottentot- of Boesmantaal en het vergete geraak, veral sedert Afrikaans vir 'n deel van die lied begin gebruik is. Van Zyl (1947 : 78) het opgemerk:

*Deur die gedurige ondertrouing met ander rasse (veral Bantoe) het baie van die volksgewoontes in onbruik geraak, of só verbaster deur wedersydse assimilasië dat 'n Griekwaseremonie nouliks te onderskei is van dié van die Bathlaping, Xhosa of Betsjoeana, sonder 'n diep, voorafgaande studie van die onderwerp.*

'n Huweliksplegtigheid tussen 'n Betsjoeana as bruidegom en 'n Griekwa as bruid word voorts deur hom beskryf:

*Op die bruidspaar volg 'n stoet bestaande uit familiebetrekkings en vriende al singende. Weerskante van die prosesie beweeg twee jong mans ... met handegeklap en voetgestamp en allerhande aanskoulike fratse ... min of*

*meer soos by die Afrikaanse speletjie 'Aljander, aljander, al deur die bos.'*  
*Die refrein by hierdie geleentheid is ietwat eentonig en word langsaam gesing.*  
*Dit het ongeveer as volg gegaan:*

*E-e-e-e-la-la-la-li-la*

*E-e-e-e-jelle-la-la-li-la*

*Jelle-jelle-jella-li-lala.*

Daar skyn hier 'n ooreenkoms met die klanke van die Griekwastaplied te wees. Hierdie tipe klank en veral "la-la-la", word byvoorbeeld deur enige persoon gemaak wat 'n wysie voorsing waarvan hy nie die woorde ken nie, of ook deur 'n kleuter wat nog leer praat. Dit is dus 'n baie spontane, instinkmatige klank – miskien nog meer so vir 'n volk waarvan die oertaal vol klapklanke en tongbeweging was (dié van Hottentotte en Boesmans). Waarskynlik het hierdie klanke dan spontaan in die oorspronklike, woordelose lied tot uiting gekom.

Die gebruik van die woord "hy" wanneer na die "Boesmanmeid" verwys word, herinner aan wat prof. T. Links\* gesê het oor die taalgebruik van die mense van Namakwaland:

*Een van die opvallendste kenmerke van die groep ... se taalgebruik is dat die manlike voornaamwoord dikwels die vroulike vorm verdring.*

Die Griekwas is dus hier deur streektaal beïnvloed. Die woorde verwys verder volgens mnr. van Eck ook na die waterslang en die fontein – dat 'n mens dáár moet staan en nie by die kantien nie. Dit is nié duidelik of daar enigszins 'n verdere, meer subtiële verwantskap is tussen die fontein en die kantien nie, behalwe dat albei kwalifiseer as "dorslessers".

'n Gesprek met die sanger van die stapdans wat in notevoorbeeld 45 genoteer is, bring aan die lig dat 'n konsertina en mondfluitjie vroeër ook as begeleidingsinstrumente vir die stapdans gebruik is. Hy maak naamlik die opmerking dat dit mooi was as dié instrumente saamspeel wanneer hulle die staplied sing. Mnr. van Eck het ook 'n band gehad met musiek van 'n bejaarde Griekwa, Klaas Oortjies, waarop hy ongeveer 25 jaar gelede konsertina gespeel en gesing het. Dié band het ongelukkig verlore geraak.

---

\*"Só praat die mense van Garies", *Dagbreek en Patrys*, 25 Februarie – 3 Maart, 1985.

Vandag besit die Griekwas van Campbell nie eers meer 'n ghitaar van hul eie nie en moes Andries Springbok en Koos Hein 'n geleende ghitaar gebruik om die liedjies te sing wat tydens hiërdie ondersoek op band opgeneem is. Die wysies wat Andries Springbok speel (notevoorbeelde 47–49) verskil van die stapdanswysies (notevoorbeelde 43–46). Van hulle noem hy sakdanse, wat glo ook geskik is om mee te dans op 'n Saterdag. Volgens hom het hy met sy stapdanswysie (notevoorbeeld 47) al 'n meisie uit die hok gespeel en dit ook gespeel toe sy na die water toe geneem is om haar aan die waterslang te gaan wys.

Anna Watermond is 'n jong Griekwavrou in haar twintigerjare wat maar 'n paar jaar gelede deur middel van hierdie seremonie geïnisieer is. Dit mag wees dat sý die Watermond-dogter was wat deur Gertie Pietersen\* water toe gevat is, volgens haar persoonlike getuënis.

Volgens 'n ander Griekwagetuë\*\* dans die Griekwas die hele nag vóór die meisie fontein toe geneem word. Om haar uit die hok uit te haal, duik hulle tussen die ou vrouens deur en gryp die meisie, terwyl die vrouens probeer keer. Die jongmans trek haar uit die hok uit. Sy het mooi geword in die hok, sy is “uitgevars”. Die manne dans om die huis en sing “sy is mooi”.

Vandag se kinders wil, volgens bostaande informant, egter nie meer in die hok bly nie. Hulle sê hulle is nie 'n boklammetjie om in 'n hok gesit te word nie. Hulle spring uit en hardloop weg en so is die óú Griekwatradisies en -gelowe tóg besig om uit te sterf weens verwestering.

Die woorde van die staplied is oral min of meer dieselfde. In die wysies kom groter verskille voor, sodat dit moeilik is om te bepaal watter weergawe as “korrek” bestempel kan word. Variasies tussen verskillende sangers is 'n natuurlike verskynsel, maar variasies kom selfs by dieselfde sanger voor, soos Kodály (1971 : 77) tereg opmerk:

*No singer could recite a ... song twice running without variation, to such an extent does it depend on the inspiration of the moment. That is why the texts ... are less colourful than the actual performance.*

---

\*Volgens 'n gesprek tussen haar en mnr. van Eck in September 1985.

\*\*Klaas van der Westhuizen, in 'n onderhoud met prof. Christo van Rensburg op 7 April 1982.

Notevoorbeeld 43 is Koos Hein se weergawe van die stapdans. Hy begelei homself op die ghitaar en gebruik interessante begeleidingsakkoorde. Die aanwesigheid van C-kruis in die oorspronklike G majeur toonsoort is 'n Lidiese element. Hieroor sê Sharp (1954, 1972 uitgawe : 69):

*I have ... occasionally noticed a tendency, more particularly amongst fiddlers, to sharpen the fourth note of a major scale, and it is possible that this may be due to Lydian influence ... the tritone ... is the characteristic interval of the Lydian mode.*

Terselfdertyd vorm A–C<sup>#</sup>–E 'n tussendominant na die dominanttoonsoort. As al die wysies van die stap- en sakdansen vergelyk word, kan daar ooreenkomste en verskille raakgesien word. Notevoorbeelde 43 en 46 toon 'n ooreenkoms vir die gedeelte wat 'n verstaanbare teks het. By die woord “kantien” begin die wysies egter in 'n mate uiteenloop, hoewel die hoofnote nog ooreenstem. Notevoorbeelde 44, 46, 47 en 50 (16, 16, 4 en 8 mate respektiewelik) toon weer ooreenkomste vir dié gedeeltes waarin die liriek slegs uit klanke bestaan. Die ooreenstemmings word soos volg in tabelvorm aangetoon, waarin ooreenstemmende frases onder mekaar getabuleer word:

Nvb. 44	mate	1–4 (frase 1)	5–8 (frase 2)	9–12 (frase 3)	13–16 (frase 4)
Nvb. 46	mate	1–3 (frase 1)	9–10 (frase 3)	5–8 (frase 2)	12–15 (frase 4)
Nvb. 47	–	–	1–2 (frase 1)	3–4 (frase 2)	
Nvb. 50	–	–	1–2 (frase 1)	diskant	

Hieruit kan afgelei word dat daar 'n groot mate van ooreenstemming bestaan tussen die vier wysies, hoewel nie altyd tussen ooreenstemmende frases nie. Notevoorbeeld 50 skyn in diskantvorm aangebied te wees. Die Griekwas van Griekwaland-Wes (soos elders) is gewoon aan koorsang wat hulle gewyde liedere betref. Enersyds het die vrou wat hierdie weergawe sing moontlik die gedagte van 'n diskant as middel tot ornamentasie uit die gewyde koorsang geneem en andersyds kon dit oorspronklik bloot op spontane wyse as gevolg van verhoogde emosie gebeur het.

Die musiek vir notevoorbeelde 48 en 49 is nie gesing nie, maar voortgebring deur die snare van die ghitaar te pluk. Oor hierdie instrument sê Howes (1969 : 80):

*The guitar ... it has become the instrument par excellence for accompanying folk-song, the reasons being the frets which secure good intonation, its portability and its strummability. Strumming ... it is informal, it can be done by the singer and is quasi-improvisatory, from which it follows that it is essentially simple and not likely to lead to an over-elaboration unsuitable to a folk-song.*

Volgens die sanger, Andries Springbok, is hierdie liedere “sakdans”-liedere. Hulle word wel tydens die sogenaamde “Griekwastap” gespeel, maar is ook die soort lied wat geskik is om op Saterdaggaande te speel om op te dans. Notevoorbeeld 49 bevat elemente van die volksliedjie “Solank as die rietjie in die water lê”, wat wel onder die Griekwas van Campbell aangetref is. In hierdie opname oorheers die improvisatoriese element egter.

#### 4.2.2 Die liedere van Klaas van der Westhuizen

In sy jong dae was Klaas van der Westhuizen die groot musikant wat met die staplied die optog na die fontein begelei het. Vandag is hy reeds oorlede, maar tydens bovermelde onderhoud getuig hy nog dat die ou Griekwas “konsertina, fluitjie en ramkiekie (blikkitaar)” gespeel het. Vir laasgenoemde is ’n blik waaraan ’n plank met spykers gesit is, gebruik en kat- of bokdermsnare is aan die blik en die plank vasgemaak, so 3–4 snare. Klaas het self eers op ’n ramkiekie gespeel, tot hy ’n regte ghitaar (winkelkitaar) kon bekostig. Hy het eers “middelkruis”, toe “bo-kruis”, toe “minor” en toe “flats” gespeel en hulle het “Spanish” ook gespeel. Op hierdie ghitaar het hy by danse gespeel. Hulle het elke aand gedans maar ver van die huis af sodat hulle nie die grootmense wakker-dans nie. Die grootmense het ook soms gedans, maar dit was die “stapdans”. Dis mooi as ’n fluitjie of konsertina speel wanneer hulle die stapdans sing. Daar is ook die blink danse en die Boeredanse, soos die walse. Hy self is ’n kitaarmusiekman – hy het vir die witmense gespeel en geld, klere of eetgoed daarvoor gekry. Klaas was altyd gevra om op troues te speel en was waarskynlik die enigste musikant in die kontrei. Mense wil nie dans sonder instrumentebegeleiding nie. Dit het vir die primitiewe volkere en ook later onder meer beskaafde volkere gegeld, al was die instrumente weens armoede, soos ook in Klaas se geval, dikwels ’n eenvoudige namaaksel van ’n verfynde instrument soos die viool of ghitaar. Kodály (1971 : 113) het in Hongarye bevind:

*The most widespread folk instrument is the home-made zither ... on the finger board (kótafa) of the diatonic zither there are frets (kóta) under the strings (kótahúr) ... on which the tune is played.*

Die woord “ghitaar” is waarskynlik afgelei van hierdie “kótahúr”.

Die liedjies wat Klaas op band gesing het, word deur notevoorbeelde 51–53, 55–57 en 64 verteenwoordig. As “So lank as wat die rietjie in die water lê” (notevoorbeeld 51) met die afdruk uit die F.A.K. volksangbundel vergelyk word (kyk musiekvoorbeeld 12) kan gesien word dat die lied veral melodies baie verander het. Dit toon die groot verandering wat ’n lied kan ondergaan wanneer dit uitsluitlik op geheue oorgelewer word.

## Musiekvoorbeeld 12

**SOLANK AS DIE RIETJIE**S.A. Volkswysie  
verw.: DIRKIE DE VILLIERS

Tradisioneel

*Speels*

So - lank as die riet - jie in die  
 wa - ter lê, in die wa - ter lê, in die wa - ter lê, so -  
 lank as die riet - jie in die wa - ter lê blom-me-tjie, ge-denk aan  
 my. Ek vat haar om haar nek - kie,  
 soen haar op haar bek - kie, blom - me - tjie, ge - denk aan  
 my, (ek) vat haar aan haar hand - jie,  
 lei haar om die rant - jie, blom - me - tjie, ge - denk aan  
 my.



Die feit dat daar hier groter musiek- as liriekdisintegrasië plaasgevind het, staaf ook Sharp (1954, herdruk 1972 : 24) se bevinding:

*It is a well-known fact that the folk-singer attaches far more importance to the words of his song than to its tune; that, while he is conscious to the words that he is singing, he is more or less unconscious of the melody.*

Die oorspronklike wysie is haas onherkenbaar en eintlik is slegs die herhaalde note in die eerste helfte van die lied nog op die korrekte toonhoogte. Waarskynlik is dit juis hierdie herhaalde toonhoogtes wat gesorg het vir 'n meer blywende indruk op die geheue. Wat die tweede helfte van die lied betref, klink die wysie eerder na 'n komplimentêre stem vir die onsigbare of onhoorbare korrekte wysie. Die liriek het nie so radikaal verander nie. “Blommetjie” het egter “lammetjie” geword, wat volgens Klaas 'n troetelnaam vir die meisie is. Die woordorde van die tweede gedeelte het egter in sy geheel verander en dié van mate 18–25 is omgeruil met mate 26–32. Kleinere veranderinge is “hom” in plaas van “haar”, wat weer eens aan streekspraak toegeskryf kan word en “og” of “ag” in plaas van “ek”, terwyl “rantjie” deur “handjie” vervang is, ensovoorts.

In die lied “Show me the way to go home” (notevoorbeeld 64) kon al die woorde nie uitgemaak word nie. Waar dit wél neergeskryf kon word, het die woorde sodanig korrodeer dat hulle, hoewel behoue, betekenisloos geraak het vir die verbruiker daarvan. Dit is 'n goeie voorbeeld van hoe liriekdisintegrasië in die volksmond kan plaasvind, veral waar die oorspronklike woorde nie begryp is nie, of in 'n vreemde taal is – soos hier die geval is. Die eenvoudige woorde “Show me the way to go home” is egter wel begryp en dus korrek onthou. Dit kom ook meer kere voor, naamlik aan die begin en weer aan die einde van die lied. Die wysie is steeds herkenbaar, hoewel baie van die toonhoogtes heeltemal afwyk van die oorspronklike melodie, wat 'n ou liedjie is, bekend aan die meeste mense.

Die wyse waarop Klaas die liriek van “Ek dink weer vanaand aan my blou-oog” (notevoorbeeld 56) interpreteer, toon duidelik dat die ware betekenis van die inhoud by hom verbygaan. Daaruit vloei weer eens sinnelose frases soos “dat die liefde vanaand wat daar maak” en “o, bemoei my”. Die erkende veranderinge wat in alle folklore plaasvind, vind nie volgens vaste reëls plaas nie. Waar verbale oorlewering plaasvind, word verouderde woorde en frases gewoonlik later weggelaat, behalwe waar die liriekdisintegrasië sodanig is dat die woorde hul betekenis vir die sanger én die luisteraar verloor. Klaas weet dit is 'n liefdesliedjie en gee sy eie interpretasie aan woorde wat nie inpas in sy ervaringsveld nie.

“Blouoog”, soos byvoorbeeld ook “swartoog”, “bruinoog” en “vaalhaar” is konvensionele kleure in die Afrikaanse erotiek. Omdat Klaas spruit uit ’n ras met bruin of swart oë, sien hy egter nie ’n nooi met blou oë voor sy geestesoog wanneer hy sing nie. Van ’n “blouoog” kry in ’n bakleiery dra hy egter kennis. Daarom sê hy: “As ek daar kom en ’n ander man slaan my op my oog dan kry ek ’n blou oog. Dan is dit net oor jou, my meisie. Ek sien eerder kans om weg van jou te seil, anderkant die see. Dan sal ek nie weer ’n blou oog kry nie.” Aldus tydens ’n onderhoud met prof. van Rensburg op Campbell. “Bemoei my” het vir hom betrekking op die liefde: “As ek my bemoei oor ’n vrou, dan bemoei ek my hartseer.”

By nadere ondersoek blyk die wysie van dié liedjie pentatonies te wees, wat volkome aanpas by die eenvoudige volksaard daarvan. Slegs in die laaste frase maak die leitootog tog ’n enkele keer sy verskyning, wat dan ’n sterk toonsoort- en finaliteitsgevoel aan die wysie gee. Ten spyte van die pentatoniese aard van die wysie is die atmosfeer daarvan nie vreemd of ooreenvoudig nie – intendeel, dit besit ’n eie interessantheid.

Volgens Klaas het hy sommige van die liedjies wat hy sing, “opgevang oor die loudspeaker (radio)” – hy speel dit dan op sy ghitaar. “Die tier die skrou” (notevoorbeeld 55) lyk egter na ’n oorblyfsel van ’n lied uit ’n tydperk toe daar nog wilde diere in die omgewing was. Soortgelyke klankkombinasies as wat voorkom in die tipiese staplied van die Griekwas, kom ook hierin voor: “la-lie-la-lie”.

By twee geleenthede het Klaas ook “Jou boerbokkie” (notevoorbeeld 53) op band gesing. Ten spyte van die feit dat dit deur dieselfde sanger is, kom daar verskille voor in die liriek. Wat in die een opname “Jou boerbokkie met jou Skotsrokkie” was, het met die volgende opname “Jan loerbokkie met jou bont rokkie” geword. Blykbaar word die volksanger hier heeltemal tevredegestel deur die ooreenstemmende klanke wat deur assonansie tussen die twee stelle woorde geskep word. Dié lied is ’n voorbeeld van hoe nie slegs die wysie nie, maar selfs ook die woorde van voordrag tot voordrag kan verskil. Sonder verdere opnames ook deur ander sangers is dit onmoontlik om te besluit wat die ware weergawe van die lied sou wees. Variasies kom by elke sanger voor en kan klaarblyklik by toonhoogte, ritme of liriek voorkom. Bartók se vertaalde werk (1931, 1979 uitgawe : 2) het gesê:

*How very strong the individual instinct for alteration and variation is, can be seen by comparing the individual variants of any one tune.*

In hierdie geval, ook die individuele variante van dieselfde liriek. “Hasie, hoekom is jou stert so kort?” (notevoorbeeld 52) was ’n aantal jare gelede ’n gewilde Afrikaanse “pop”-liedjie. Hoewel kunsmatig geskep en dus nie ’n egte volksliedjie nie, was hy belangrik vir die mense wat hom gesing het. “Pop”-liedjies is deur die konsertverhoog en nuusmedia bekendgestel en het wel ’n groot invloed uitgeoefen op diegene wat hulle gesing het. Vir ’n tyd bly sulke liedjies op die volk se lippe – almal sing hulle, variasies ontstaan en later versink hulle in vergetelheid omdat hulle plek deur die nuwe liedjies wat geskryf word, ingeneem word. In die oorspronklike liedjie word ’n meisie vergelyk met allerhande lekkernye soos boerbeskuit, moskonfyt en suikerklont – dinge waarvan die kêrel hou. Hy sluit af met “vir jou gaan ek nog kry”. Klaas, die sanger tydens die bandopname, kon nie al hierdie benamings wat mekaar so snel opvolg, onthou nie en verkies om ’n alombekende ou Boererympie wat vroeër deur bykans alle kinders geken en spelenderwys opgesê is, in die plek daarvan te gebruik. Wat die wysie betref, word egter nie veel van die ewe alombekende oorspronklike afgewyk nie.

#### 4.2.3 Die liedere van Piet Louw

Dr. S.J. Pretorius is gebore en getoë op Postmasburg, in die Griekwawêreld. As kind het hulle ’n tuinhulp gehad wat ’n Griekwa was, by name Piet Louw. Dié jong Griekwa het hom geleer ghitaarspeel, asook verskeie Griekwaliedjies, waaronder dié wat tydens veldwerk op band bekom is. Piet Louw het hom ook baie aangaande die musiek en die danse van die Griekwas geleer. Volgens hom was die Griekwas lief vir ghitaarbegeleiding as hulle sing en het die ghitaar “die bak” genoem. Hulle het dikwels van Postmasburg af plaas toe gestap en die Griekwa het dan heelpad geloop en speel op die ghitaar wat aan ’n band om sy nek hang. Die funksie van daardie musiek was nie ’n estetiese nie, maar meer ’n fisiese, ’n hipnotiese, om hom aan die gang te hou terwyl hy stap. Die herhaling het ’n verdowende, maar tog opwekkende uitwerking op hom, dan word hy nie moeg nie. Basies is dit primitief, maar tog mooi en toon in ’n mate ’n ooreenkoms met die sogenaamde “pop”-musiek van vandag.\*

“Huis toe gaan, na my Mamma toe” (notevoorbeeld 58) kan moontlik ’n dieper betekenis hê. Die see is hier ’n ver en byna onbereikbare ideaal. Gesien uit die oogpunt van die evolusieleer was die see en die lewe daarin ’n vroeë stadium in die Skepping en as sulks verkry “die see” ’n moontlike betekenis van die oermoeder. In die mens was nog altyd ’n baie primitiewe drang na die oermoederlike, die see, wat in die geval van die Griekwas

---

\*Vertel in ’n gesprek op 14 Augustus 1983, in Johannesburg.

van Griekwaland-Wes ook in direkte teenstelling staan met die barre, woestynagtige gebied waarin hulle woon. Soos 'n Namakwalander sy wêreld beskryf in die artikel "So praat die mense noord van Garies" (Dagbreek en Patrys, 25 Februarie – 3 Maart 1985):

*Namakwaland word nou lelik hier ... hy is so lelik dat jy geheel nie moet van hom praat ... onlekker, ek meen dis nie opgeruim en plesier en goed ...*

Iemand wat in só 'n deel van die wêreld woon, kan tereg terugverlang na die blou water, waar sy moeder van kleintyd hom kan vertrou. Die verdere woorde van die lied naamlik "hier is my vinger waar hulle so van skinner" skyn onsin te wees en nie te pas by die res nie. Dit kan egter tóg verwys na 'n ringlose vinger, in welke geval daar geskinder word oor die feit dat hy miskien nie die liefde van die meisie kon wen nie. Sy vinger is, net soos sy liefde, kaal.

Strydom (1983 : 165) bespreek ook twee variante van hierdie lied soos aangetref onder die Rehoboth Basters van Suidwes-Afrika, naamlik " 'n Ding is 'n lekker ding" en "Ek wil huistoe gaan" (Strydom se notevoorbeelde 58 en 59) wat hier as musiekvoorbeelde 13 en 14 gegee word. Volgens hom is laasgenoemde 'n meer volledige weergawe. Hulle verskil melodies heelwat en toon ook geen ooreenkoms met die wysie van die Griekwalied nie. Tog moes daar oorspronklik 'n gemeenskaplike bron gewees het vanwaar die lied versprei het en die verskillende variante ontstaan het. Dit dui ook op moontlike kontak tussen genoemde bevolkingsgroepe.

Die volledige majeuretoonleer word in hierdie lied gebruik. Die vorm is aabb, dit wil sê die twee periodes waaruit die lied opgebou is, bevat elk 'n herhaalde frase.

"Hoe waai-waai die vlag so droewig" (notevoorbeeld 60) skyn 'n verband te hê met 'n geveg tussen die Boere en die Engelse (Rooinekke). Die vlag wat so droewig waai, dui op 'n neerlaag vir die Boere. Die Rooinekkies wat "hiep-hoera" skree, was die oorwinnaars.

Die skilder Erich Mayer het 'n aantal gedigte geskryf wat handel oor die Anglo-Boereoorlog en krygsgevangeneskap. Die navorser het dié handgeskrewe manuskrip in die Universiteit van Suid-Afrika se dokumentasiesentrum vir Afrikanistiek aangetref en die gediggie "De waarheid" daarin raakgesien. Slegs die eerste strofe word hier gegee:

## Musiekvoorbeeld 13

'n Ding is 'n lekker ding

'n Ding is 'n lek-ker ding Met pyp-ka-nel daer-in. Er  
 wa'k vir haar 'n stuk-kie. Toe gee'k vir haar 'n bie-tjie. Ek wil  
 huis toe gaan na my nan-ma toe, Daer ver oor die koue be-  
 ge. Hier is my hand, Skop dit vol sand. Hier is my  
 vin-ger wat die mei-de so ver-skin-ner. Frans-man staer met die  
 vlag in sy hand. As sy da-e kom, Der's dit aan die brand.  
 aan die brand. Hier is my hand, Skop dit vol sand. Hier is my  
 vin-ger wat die mei-de so ver-skin-ner.

## Musiekvoorbeeld 14

## Ek wil huis toe gaan

Er ek wil huis toe gaan, o na my mam-ma toe, So  
 ver oor die blou wa-ter. Er ek wil  
 huis toe gaan, o na my mam-ma toe, So  
 ver oor die blou wa-ter. Hier is my  
 hard. Hoor dit vol sard. Hier is my  
 vin-ger, Jul-le staar van my en skin-ner.

*Die Boere gaan bakly om hulle grond te kry  
Of a joebel of a joebel of a day  
En nou sal ons gevoel wat nationaliteit bedoel  
Of a jubel of a jubel of a day.*

*Vaarwel, vaarwel, vaarwel, vaarwel to see my Annie* ) *Chorus*  
*Vaarwel, vaarwel, vaarwel, voor die Boere is die Kakie nie een man nie.)*

Daar is 'n mate van ooreenkoms met "Hoe waai-waai die vlag so droewig", waarvan die laaste twee verse lui:

*En die Boere het geveg om die land te vry te kry  
En die Rooinekkies die skree "Hiep hoera!"*

Die gedig illustreer ook die gewoonte van die tyd om Engels en Afrikaans op natuurlike wyse te vermeng. Hoewel bostaande gedig moontlik nie die direkte inspirasie vir die liedjie is nie, dien dit tog as bewys dat daar heelwat soortgelyke berymings die rondte gedoen het kort na dié oorlog.

Dit is nie bekend wat die verband tussen die Griekwas en die Boere was tydens hierdie geveg nie, maar dr. Pretorius is van mening dat die Griekwas se simpatie by die Boere gelê het. Hierdie liedjies is in ongeveer 1930 deur Piet Louw, wat toe in sy vroeë twintigerjare was, gesing. Hy kon dus dié lied by sy ouers, wat wel die Anglo-Boereoorlog deurgemaak het, geleer het. Hy kon ook die lied van Boerekant af gehoor het, of dit self "opgemaak" het. Oor die algemeen het baie volksliedjies 'n oorlogsagtergrond.

Die wysie toon ooreenkomste met ander liedere. Vergelyk dit byvoorbeeld met "Kom kyk hoe lat die New Hearts jol" (notevoorbeeld 290). Die eerste twee frases is identies en verskil slegs daarin dat die aantal herhaalde note in elke geval aangepas word by die aantal benodigde lettergrepe. Die tweede gedeelte van die lied herinner weer aan die ooreenstemmende tweede gedeelte van die refrein van die Engelse lied "She'll be coming round the mountain", wat lui:

#### Musiekvoorbeeld 15

Yip- pee hi hi yip-pee yip-pee hi hi yip-pee yip-pee

hi hi yip - pee yip - pee hi

(Navorsers se eie weergawe)

Daar is selfs 'n mate van ooreenkoms tussen die woorde: “yippee hi” teenoor “hiep hoera”. Dit is dus nie verbasend dat hierdie wysie by die sanger opgekrom het toe hy 'n wysie vir sy woorde wou vind nie.

In “Hello, my Basie” (notevoorbeeld 61) lyk dit asof die volksanger graag 'n Engelse liedjie wou skep maar nie oor die nodige Engelse taalvaardigheid beskik het nie. 'n Ander moontlikheid is dat hy die lied oorspronklik in Engels gehoor het en slegs die woorde wat hy kon verstaan, onthou het. Die ware betekenis is nie duidelik nie, maar die onsamehangende, niksseggende woorde het moontlik die verskuilde betekenis dat hy by sy Basie pleit om hom te help. Hy sê drie keer dat daar nie meer tyd is vir hom (om weg te kruip?) nie want die polisieman staan reeds voor die deur.

Die wysie is van pentatoniese aard. Met uitsondering van 'n enkele verskyning van die leitoon in maat 6, is die pentatoniese toonleer deurgaans gebruik.

Volgens dr. Pretorius het die Griekwa, Piet Louw, terwyl hy die lied “Mammie, ek wil die ‘Oxford’ dra” (notevoorbeeld 59) gesing het, die woorde met bewegings geïllustreer – hoe hy stap, en met verwysings na die klere wat hy aanhet. Sy bewegings vorm dus deel van die lied en die woorde. Die “Oxford” waarvan hier gesing word, verwys na die “Oxford bags”, 'n tipe los, groot broek wat jare gelede deur mans gedra is. Die broek moes die voete as't ware toeval. In hierdie lied word die belangrikheid van die moeder weer eens beklemtoon. Die woord “Mammie” aan die begin van die lied toon iets van die moederfiksasie wat hier tot uiting kom. Wat hy hier vir die mammie vra, toon die hunkering wat hy het na die besit van so 'n deftige broek en die mammafiguur vorm deel van sy hunkering.

Elke nasie het sy eie mitologie en die Griekwas verwys dikwels in hulle taal na die “Ilhas” of baarmoeder. Daar is baie baarmoederverwysings in die beperkte Griekwa-mitologie wat oorgebly het en dit laat die vermoede ontstaan dat hierdie “Mamma”-liedjies 'n dieper betekenis het as wat dit oppervlakkig lyk. Volgens dr. Ronnie Belcher\* is daar 'n plekkie in die Noordweste by name Kharkams, waar drie ou Griekwamoeders gekniel en gebid het om uitkoms. Hulle het gesê dat hulle verdruk is as gevolg van 'n sekere “swaar wet”. Die verskyning van die leier waarom hulle gebid het (die Kneg) op die toneel, was die antwoord op daardie gebed. Daarom sê die Griekwas vandag dat daardie kolletjie grond waar gekniel en gebid is, die Griekwas se baarmoeder is. Die

---

\*In 'n gesprek op 14 Augustus 1983



moederdinge in hierdie eenvoudige liedjies hou dus alles verband met mekaar. In die Griekwas se sielsgevoelte (soos hulle sê) is die moedergevoel, of die baarmoeder, iets belangriks.

Die wysie van die lied het 'n omvang van slegs vyf note, wat vir elke frase neig om van 'n hoogtepunt na 'n laagtepunt te daal. Die gevoel ontstaan dat daar met elke nuwe asem-tog by 'n hoë noot begin word en dat die toonhoogte daal namate die asem opgebruik word.

Hoewel baie van die woorde in volksliedjies dikwels nie sin maak nie, maak die wyse waarop dit gesing word, egter wel sin. Dit kan soms ontroer. Dr. Pretorius is van mening dat al dink die volksdigter nie doelbewus aan basiese poëtiese of literêre vereistes nie en al weet hy niks van rym, ritme of metrum van verslengte nie, sal sy gediggie (liedjie) tog daaraan voldoen. Die geheel saam met die musiek en saam met sy gesigsuitdrukking, liggaams- en handgebare, vorm die basis van 'n volksliedjie. Die manier van doen is dus saam met die musiek en liriek van groot belang.

#### 4.2.4 Die liedere van Peter Marais

Peter Marais, 'n vooraanstaande figuur in Griekwageledere, is landswyd bekend. Hy is die leier van die Griekwa Volkskongresparty en ook lid van die Presidentsraad. As Griekwa en as genooide spreker by die graf van die ontslape Andries Waterboer (Griekwa-kaptein 1820–1852) op 14 Desember 1985 om hulde aan hom te bring, het hy ook die Griekwa-sangaand in Griekwastad bygewoon. Op spontane wyse het hy 'n paar items deur die verloop van die aand gelewer, wat algemene byval onder die toehoorders gevind het en interessant met die ander items gekontrasteer het. As ontwikkelde politikus is ook sy musikale peil op 'n ander vlak as dié van sy volksgenote en bied hy sy musiek ook heeltemal in 'n moderne idioom aan.

Sy enigste item van tradisionele aard was “Jan Takhaar” (voorbeeld 66). Dit is eintlik 'n lied sonder musiek – in die letterkunde en die volksletterkunde is 'n lied nie noodwendig iets wat gesing moet word nie – en 'n klankryke gedig soos hierdie kan dus ook 'n lied genoem word. Die term “volksang” is baie elasties en is al vir baie uiteenlopende tipes sang en melodie gebruik (kyk hoofstuk 5.1). Selfs die woord “sang” het nie 'n vaste betekenis nie omdat dit 'n kombinasie van liriek en musiek of slegs die woorde van die liriek kan beteken, soos in die geval van “Jan Takhaar”. Die rymelement is baie belangrik hier en rymdwang kom soms voor, byvoorbeeld wanneer 'n nonsenswoordjie soos “kool” as die Engelse woord vir “keel” geskep word om die rym te verkry. Die rym klink

mooi vir die volksdigter. Hy skep dit spontaan, waardeur die inherente kreatiwiteit van die onderbewussyn dan in die volksmond tot uiting kom en so ook die sangerige kwaliteit daaraan verleen. In 'n "lied" soos hierdie is die woordmusiek self die musiek.

"Turn back the tide" (notevoorbeeld 67) is wat sowel die liriek as die musiek betref, 'n eieskepping van Peter Marais. Dit is nie op die sangaand gesing nie, maar op band verkry vanaf 'n opname wat in die opname-ateljees van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gemaak is. As intelligente, ontwikkelde en affluente persoon het hy uiteraard heeltemal ver-Westers, maar vereenselwig hom terselfdertyd ook ten volle met die Griekwawolk waaruit hy voortkom en wie se saak hy bepleit vanuit sy verantwoordelike posisie in gesaghebbende instansies. Hierdie lied is in die hedendaagse populêre styl waarmee hy uiteraard deeglik vertrouwd is, gekomponeer. Dit is wesenlik kunsmusiek en bevat byvoorbeeld 'n modulاسie na 'n tertsverwante toonsoort. Die saksofoon en klavier as begeleidingsinstrumente is gesofistikeerd en ook gewild om saam met ligte musiek te gebruik. Hoewel dit 'n sekulêre lied is, besit dit tog 'n ondertoon van erns en 'n waarskuwing teen onverantwoordelike optrede, soortgelyk aan die boodskap van die bekende hedendaagse "pop"-liedjie, wat lui:

*Don't kill the world, don't let her down,  
Do not destroy basic ground ...*

Volgens hom is hierdie lied geïnspireer deur die onluste wat tans in Suid-Afrika voorkom, wat elke inwoner van die land direk of indirek raak, maar wat veral onskuldige kinders laat ly. Hy sien die massa-onluste as seegetye. Baie mense kan nie swem nie en het geen anker nie – hulle verdrink met vloedgetye. Hy is van mening dat slegs "die Boesaks en die Tutu's" sterk genoeg is om nie onder te gaan nie. Ten spyte van die onreg wat in die Swart gebiede gepleeg word, soos brandstigting en koelbloedige moord, bepleit hy egter vergewensgesindheid en 'n positiewe lewensbeskouing. Die hegte gesinsverband is vir hom belangrik en liefde vir vrou en kinders word voorgehou as middel tot versagting en besinning. Hierdie lied het onlangs eers die lig gesien en is nog in die proses van bekendstelling. Daarom is dit onder die Griekwas self ook nog heeltemal onbekend.

Aangaande sekere volksliedere het Vaughan-Williams (1934 : 58) bevind:

*... a new set of words have appeared ... for which no tune is available. What more natural than to adapt some already existing tune to the new words?*

"I believe" (notevoorbeeld 68) van Peter Marais is so 'n lied. Waarskynlik het hy juis dié wysie gekies vir sy eie liriek omdat hy, soos ook die oorspronklike liedjieskrywer van dié trefferlied, die dinge waarin hy glo, daarin verwoord. Musiek spreek tot alle mense van

alle rasse en hy hoop dat deur só 'n lied op die lippe te plaas van al sy landsgenote en nie slegs sy eie volksgenote nie, dit ook van sosio-politieke waarde kan wees deurdat dit groter begrip en samewerking in die veelrassige opset van dié land in die hand kan werk.

Peter Marais begelei homself op die elektriese ghitaar, 'n moderne instrument, en die wyse waarop die musiek aangebied word, is ook in die moderne idioom. Hy hou daarvan om deurgaans van *tempo rubato* gebruik te maak. Dit is 'n romantiese eienskap, maar ook die eienskap van baie volksliedere oor die wêreld.

#### 4.2.5 Patriotiese liedere

Die inherente vriendelikheid en hartlikheid van die Griekwas, wat daarvan hou om vreemdelinge “volklik welkom te heet”, word weerspieël in die lied “Welkom tuis, welkom hier” (notevoorbeeld 1). Dwarsdeur hulle bestaan as 'n volk openbaar die Griekwas reeds hierdie eienskap, soos gestaaf word uit die feit dat hulle nog altyd diégene wat in die een of ander noodsituasie verkeer het, onder die vlerk geneem en selfs genooi het “om Griekwas te word”. Wat hulle het, deel hulle graag met ander. Vir die eenvoudige, dog sprekende woorde van hierdie lied word 'n wysie spontaan “opgemaak”. Daarom dat die eerste vers van die strofe 'n pentatoniese karakter het, wat eers in die tweede vers uitgebrei word en die toonsoort met behulp van 'n leitoon bevestig. Sodra die sangers op dreef kom, word die wysie vasgelê as 'n dalende toonleer van slegs ses tone en die wysie met sy ooreenstemmende harmoniese patroon (I–IV–I–IV–I–V–I) word vir die verdere (onbepaalde aantal) herhalings behou.

“Ons is die jeug van die Griekwawolk” (notevoorbeeld 2) is ook 'n patriotiese lied wat spreek van die nasietrots van die Griekwas. Trots stel hulle hulself voor as die jeug van hulle volk wat “rondgaan”, (miskien om 'n boodskap uit te dra?) maar nou is hulle hier, op die konsertverhoog. Hulle identiteit word individueel voorgestel. Nou weet almal wie hulle is en sal hulle dus kan vertrou – hulle is Griekwas. Hoewel nie op die pentatoniese toonleer van drie heeltone en twee mineurtertse in die oktaaf gebou nie, word vir hierdie wysie ook slegs vyf tone gebruik, wat egter die leitoon insluit. Die subdominant- en die submedianttone ontbreek. Selfs heksatoniese wysies, waarin die sesde toontrap gewoonlik ontbreek, kan egter heenwys na 'n pentatoniese oorsprong. Al is 'n wysie dus nie streng pentatonies nie, kan dit wel van pentatoniese oorsprong wees.

#### 4.2.6 Enkele “losstaande” liedere

Die Griekwas se voorliefde vir die oordrewe gevoelsmatige skemer deur in “My moeder” (notevoorbeeld 65), wat waarskynlik 'n eieskepping van die Griekwas is. Hierdie lied

toon weer eens die belangrikheid van die moederfiguur. Elke volk het sy eie moederliedjies – sy is die spil waarom alles draai in enige huishouding. ’n Moeder het vele funksies en fasette, waarvan sommige hier besing word. Sy troos, tugtig en vermaan en enkele Bybelverse wat aan moedersknie geleer is, word hierin saamgevat. Een daarvan is die verhaal van Samuel: “Vader, ... spreek, ek luister”. Die ander bevat die Nuwe Testamentiese opdrag: “Gaan heen en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom.” Spyt kom te laat en die deugde van die moeder eers ná haar dood besef.

Hierdie tipe sentimentele lied was vroeër baie gewild onder die Blanke Boerevolksdom en het óf as model vir die Griekwasanger gedien, óf is in sy geheel of gedeeltelik uit ’n Blanke kultuur wat parallel aan dié van die Griekwas bestaan het, oorgeneem. Die voordrag van die lied het byna die atmosfeer van ’n tablo: ’n spreker vertel ’n verhaal teen die agtergrond van ’n neuriekoor terwyl persone op die verhoog soos in ’n tafereel ’n paslike houding inneem en staties bly terwyl ’n Bybelvers deur die verteller geresiteer word. Die eenvoudige wysie met sy herhaling van note op dieselfde toonhoogte is egter tipies van die Griekwasang van die omgewing. In hierdie wysie ontbreek die leitoon asook die super-tonika, sodat die wysie pentatonies is. Die spraaksang wat in veral die eerste twee mate gebruik word, herinner aan ’n resitatief waarin die deklamerings intonasie van die stem volg wanneer met emosie gepraat word.

“Die blikkie se boom is uit” (notevoorbeeld 62) is ’n ghommalieliedjie en nie ’n tipiese Griekwalied nie. Volgens Odendal (1983 : 290) is die “ghomma” ’n soort trom wat die Kaapse Maleiers as musiekinstrument gebruik het. In die volksmond het dit hier “ghoema” geword. Die sang word op sterk ritmiese wyse deur die ghitaar begelei, wat du Plessis (1935 : 97) se woorde in gedagte roep:

*By die ghommalielied is die woorde van ondergeskikte belang : dis die melodie en ritme – veral laasgenoemde – wat hier op die voorgrond tree. Die woorde is feitlik ’n begeleiding.*

Hierdie liedjies was oorspronklik as dansbegeleidings bedoel en word daarom gewoonlik vinnig uitgevoer, soos ook hier gedoen is. Dit is te betwyfel of die volksangeres hier besef wat die oorspronklike betekenis van dié tipe lied was. Hoewel begripsverwarring moontlik in hierdie verband ingetree het, sing sy die lied vir die kragtige ritme daarvan en die hipnotiese effek wat die herhalings van die strofe op die sanger daarvan én die luisteraars mag hê. Die toevoeging aan die einde naamlik “O, lê-lê-lê-la” is egter tipies Griekwa, veral van die omgewing van Campbell.

### 4.3 Die sekulêre musiek van die Griekwas van Philippolis en Kokstad

Daar is maar min sekulêre musiek in hierdie gebied aangetref en wat wel gevind is, is soms ook maar die F.A.K.-tipe lied wat volgens Myra Kelton\* aan die kinders in die skool geleer word. Gevolglik is dit 'n nuut-aangeleerde kultuur wat nie as tradisioneel en volkseie van die Griekwas beskou kan word nie. Vandag word daar oral na die welsyn van bejaardes omgesien deur byvoorbeeld tehuise te bou waarin hulle kan gaan woon sodat hulle behoorlik versorg kan word. Dit word nie meer aanvaar dat die kinders na die oumense sal omsien nie. Volgens mev. de Bruin\*\* van Kokstad is een of twee van die ouer garde wat moontlik nog van die óú liedjies sou ken, juis op Pietermaritzburg in so 'n outehuis. Aan die ander kant is dit ook nie altyd maklik om 'n bejaarde sover te kry om te sing nie. Hulle kan nie meer die hoër note sing nie of raak verward omdat hulle dele van die lied vergeet het. Sommige is skugter en sal miskien net die kop skud en swyg. Die jongeres is meer gewillig om te sing, maar dan is dit weer die nuutaangeleerde liedjies, selfs hedendaagse "pop"-liedjies. Oor hierdie probleme wat die musieknavorsers mag teëkom, sê die vertaalde werk van Bartók (1931, 1979 uitgawe : 50):

*As the new style is flourishing at the present time, collecting examples of it is far less difficult than collecting examples of old-style tunes. The latter are obtainable from elderly people only, who at times – on account of their age – cannot easily be persuaded to sing and whose memory is not infallible ... we may rejoice if in one village we encounter one person who remembers old tunes.*

Die musiek wat tydens veldwerk bekom word, som hy trouens soos volg op op p. 79:

*The peasant music we may hear nowadays consists of a small number of old tunes, a greater number of more recent tunes and a very great number of new tunes.*

#### 4.3.1 Philippolis

Die Rooibaadjies waarna verwys word in "Die kêrels kom" (notevoorbeeld 113) wys heen na die Engelse soldate wat vroeër 'n rooi baadjie gedra het as deel van hulle uniform. Die idee van die rooi baadjie was om bloeiende wonde minder opsigtelik te laat vertoon,

---

\* 'n Griekwawrou wat op Kokstad skoolhou, tydens 'n onderhoud.

\*\* 'n Griekwawrou, by haar aan huis, tydens 'n onderhoud.

om daardeur die moraal van die vegtendes hoog te probeer hou. Hierdie tipiese drag is waarskynlik reeds met die slag van Bloubergstrand in 1806 deur die Engelse soldate gedra en ook dwarsdeur die 19de eeu, terwyl hulle die handhawers van orde in die land moes wees terwyl die land Britse besit was. Die rooi baadjies het egter die nadeel gehad dat dit die soldate meer opsigtelik in die veld gemaak het en dit is teen die tyd van die Anglo-Boereoorlog reeds met kakiedrag vervang – toe hulle ook as “Kakies” bekend begin staan het.

Heelwaarskynlik het dié lied dus reeds in die 19de eeu ontstaan, toe almal die Britse soldate “Rooibaadjies” genoem het. Dat hulle ’n gedugte front gevorm het wat niemand laat verbykom het nie, is duidelik uit die woorde. Die nooi is radeloos – die Rooibaadjies staan onverbiddelik tussen haar en die kêrels op wie se koms sy so gretiglik wag. Selfs haar ma se begrafnis kan sy nie bywoon nie, omdat die Rooibaadjies die pad daarheen versper. Daar moes noodwendig later ’n verafrikaansing van die woorde plaasgevind het en dit was ook moontlik in sy oorspronklike vorm ’n Boereliedjie wat later ook deur die Griekwas gesing is.

Die woorde “hoe sal ek maak om daar te kom” kan moontlik gekoppel word aan ’n ander bekende volksliedjie, “Daar oorkant die spruit”. Hierin word die spruit weer as ’n haas onoorkomelike probleem gesien:

*Daar oorkant die spruit staan ’n mooi rooi blom  
Hoe sal ek maak om daar te kom?  
Dis te ver om te loop en te na om te ry  
Hoe sal ek maak om die blom te kry?*

Die wysie van “Die kêrels kom” toon egter geen verband met ander liedjies nie. Slegs by die vraag “hoe sal ek maak om daar te kom” is daar tóg ’n mate van ooreenkoms met die wysie van die lied hierbo genoem, en ook by dieselfde vraag:

Musiekvoorbeeld 16



Bron: F.A.K.-Sangbundel (1979 : 226)

As bostaande aanhaling met mate 6–8 van die Griekwalied vergelyk word, is die ooreenkoms duidelik. Die wysie van “Die kêrels kom” word gekenmerk deur herhalings van die dominanttoonhoogte, wat gewoonlik in groepies van drie plaasvind en die resultaat is van die 6/8-ritme waarin die lied gesing word. In die laaste maat verander die tydmaat na 3/4. Die navorser het waargeneem dat die verskynsel van hemiola dikwels in Griekwasang voorkom.

“Eina my ma” (notevoorbeeld 114) wyk heelwat af van die oorspronklike lied. Die navorser, wat toevallig as kind ook vir ’n aantal jare in Philippolis woonagtig was, het dié lied by skoolmaats gehoor. Dit lui soos volg:

#### Musiekvoorbeeld 17

Eina my ma daar's 'n doring wat my pla, Daar's 'n  
 nooientjie in Transvaal wat die doring uit kan haal  
 Lê ek op my sy dan steek die doring my Lê ek op my rug dan  
 trek die doring t'rug.

(Navorser se eie weergawe)

Dit is duidelik dat dié lied slegs deur middel van mondelinge oorlewering in die volksmond voortbestaan en op geheue berus.

Die woorde van albei weergawes verskuil dieselfde suggestiewe betekenis, wat uiteraard by kinders en die eenvoudige van gees verbygaan. In die weergawe van die Griekwas is die orde van die verse omgeruil en word die eerste en derde verse die tweede en vierde verse van die strofe. Die oorspronklike tweede en vierde verse het hier verval en nuwe woorde het vir die eerste en derde verse ontstaan. (In *Goue gerf* p. 146 kom nog ’n derde weergawe van hierdie lied voor, ofskoon dit sowel wat woorde as wysie betref, groot verskille toon van die ander twee.)

Daar is slegs twee raakpunte tussen die twee wysies naamlik in die eerste en 5de frases. Die res is heeltemal verskillend. In albei gevalle bestaan die wysie egter uit twee identiese periodes wat herhaal word. Die Griekwaweergawe bevat egter drie ekstra note in die herhaling, wat aan 'n groter aantal lettergrepe toegeskryf kan word. Hulle verskil ook wat toonleerinhoud betref. Die wysie van die Griekwas is suiwer pentatonies – eintlik slegs vier tone wat oorspronklik vyf kon wees – terwyl die ander die volledige majeuretoonleer gebruik.

#### 4.3.2 Sangspeletjies

Albei die sangspeletjies wat in Kokstad raakgeloop is, bestaan al vir baie jare onder die Griekwas. Dit word gestaaf deur die feit dat hulle tradisionele kleredrag aangetrek het om een van die speletjies of dansies te demonstreer. Volgens mev. de Bruin kom hierdie drag oorspronklik van Kimberley af: die vroue dra lang rokke met wit voorskote en kunstig-gemaakte wit valletjieskappies. Die mans dra onderbaadjies en hemde met lang moue.

Ses mans en ses dames (altesaam 'n dosyn) neem aan die sangspeletjie “Goeiemôre my siesie” (notevoorbeeld 115) deel. Hulle neem teenoor mekaar plaas in rye. Eers groet die mans: “Goeiemôre, my siesie”. (“Siesie” beteken “suster” of “sussie” in Xhosa.) Die dames antwoord: “Goeiemôre, my boetie”. Die vroue lig die rokke weerskante effens met die hande terwyl hul lywe liggies heen en weer wieg en swaai. Mans en dames beweeg tot by mekaar en weer weg, terwyl handegeklap die sang begelei. So dans die “hele dosyn” 'n ruk lank saam.

Die Griekwas het hierdie dansie, wat 'n soort volkspeletjie van die Griekwas is, vertoon in “Niemandslan”, 'n televisieprogram oor die Griekwas van Kokstad wat op 18 September 1984 gebeeldsind is. Die wysie is baie eenvoudig en reëlmatig en beslaan ses viermaat-frases. Pentatonisme kom sterk na vore. Die leitoon kom slegs een keer in elk van die eerste twee frases voor (mate 3 en 7). Die res van die lied is suiwer pentatonies wat waarskynlik oorspronklik vir die hele wysie gegeld het.

**Appeliepie** (notevoorbeeld 116) is 'n baie eenvoudige volkspeletjie, sowel wat woorde as beweging betref. Afrikaanse en Engelse woorde word in die liriek vermeng. Die betekenis van die woord “appeliepie” is nie duidelik nie. Die sangers is beslis van mening dat dit geen verband het met die vrug, die appeliefie, nie. Die res van die woorde in die eerste vers van die strofe skyn in vergetelheid te versink het. Dit is ook nie duidelik waarom daar in Engels getel word nie. Moontlik het die Griekwas van vroeër die speletjie in Engelse vorm leer ken en is die deelnemers getel, vandaar die “one, two, three, four, five, six,



seven". Dit kon selfs ook betrekking gehad het op die getal danspassies. Selfs die woord "appeliepie" kan moontlik 'n verdraaiing van 'n vroeëre Engelse woord of woordgroep wees waarvan die sangers nie die betekenis geken het nie.

Volgens die bejaarde mev. Kelton, een van die danseresse, is hierdie speletjie dikwels in die ou dae op troues gespeel en gesing en word dit begelei met handegeklap. Almal vat hande in 'n groot kring, klap hande en draai in die rondte terwyl hulle sing. Hiervolgens klink dit asof almal teenwoordig, of dan minstens 'n redelike aantal persone, gelyk aan die speletjie deelneem.

Die omvang van die wysie is presies 'n oktaaf en die lidiese modus word op prominente wyse daarin gebruik. Die vierde toontrap is vergroot, wat die karakteristieke interval van hierdie modus is. Wysies wat op die ou modusse gebaseer is, herleef weer in die twintigste eeu, waardeur vernuwing ontstaan, sodat dit selfs "modern" klink. Hulle kan dus nie sonder meer as argaïese oorblyfsels bestempel en afgemaak word nie. 'n Melodietjie soos dié van "Appeliepie" klink inderdaad fris en nuut en vestig baie onmiskenbaar die aandag op die aard van die modus deur in mate 4–5 afwaarts deur die volle oktaaf te beweeg. Volgens Sharp het volksliedversamelaars talle Engelse volksliedere raakgeloop waarvan die wysies op ou kerkmodusse gebaseer is. Dit is dus nie onmoontlik dat hierdie ou Griekwasangspeletjie baie jare gelede deur middel van 'n Engelse immigrant na Suid-Afrika gekom het nie, waar dit vandag nog slegs in die geheue van die óú Griekwas wat destyds daarmee in aanraking gekom het, bly voortleef.

Sangspeletjies word gewoonlik deur kinders gespeel en indien dit deur volwassenes gespeel word, dan deur die kinderlike van hart. Wysies wat deur kinders in tradisionele sangspeletjies gebruik word, is ook volksmusiek en is altyd baie eenvoudig, met 'n opvallende karakter. Daardeur word hulle maklik gememoriseer, wat dit moontlik maak om hulle mondeling deur te gee van geslag tot geslag. Dat dit wel so is, kan ook in hierdie twee sangspeletjies gesien word.

#### 4.3.3 Liedere oorgeneem uit aangrensende kulture

Ook in Kokstad is die kultuur van die Griekwas beïnvloed deur dié van aangrensende Swart groepe. Sowel Lesotho as die Transkei is feitlik teenaan die Kokstadgebied en dit is dus 'n baie natuurlike proses dat die kulture wat naasmekaar bestaan, mekaar onderling sal beïnvloed.

"Basoetoeliedjie" (notevoorbeeld 117) word volgens die meisie wat dit voorgesing het, Philda Marais, deur die Basoetoes gesing wanneer hulle streepmuis jag. Dié muis is glo

baie groot en word gebraai en geëet. Die lied is suiwer pentatonies, wat 'n eenvoudige volkskarakter daaraan verleen. Die liedjie het aeolies/doriese eienskappe met D as finalis en C as subtonika. Aan die einde word dus wel 'n dominant-tonika verwantskap geskep met A–D wat 'n kadens vorm. Die vreemde karakter van die liedjie word verhoog deur die ongewone tydmaat daarvan, naamlik 5/4.

“Xhosaliedjie” (notevoorbeeld 118) dateer uit vroeëre tye, omdat Andrew Marais dit nog by sy oupa geleer het. Dit skets die gebeure wanneer 'n Swart kind by die agterdeur van die plaashuis gaan kos vra. Die wysie kan moontlik deels uit “geleende” frases bestaan en deels self “opgemaak” wees. Die dalende vier note vorm 'n tetrakoord terwyl die res van die wysie in tertsspronge styg om dan trapsgewys te daal deur vyf tone, waarvan die middelste en voorlaaste tone herhaal word. Hierdie gedeelte herinner sterk aan ander bekende volksliedere, byvoorbeeld die slotgedeelte van “Mamma, 'k wil 'n man hê”, terwyl die dalende vyf note in nog meer liedere gevind kan word, soos byvoorbeeld “Wat maak oom Kalie daar” en die volkspeleliedjie “Kom ek met die slee”.

#### Musiekvoorbeeld 18

**Mamma, 'k wil 'n man hê**

dit is my ple - sier, met die Boer - jong - kê - rels hier!

Bron: F.A.K.-Sangbundel (1979 : 147)

#### Musiekvoorbeeld 19

**Wat maak oom Kalie daar**

hy slaan sy vrou met die hand-sam-bok! Wat maak Oom Ka - lie daar?

Bron: F.A.K.-Sangbundel (1979 : 315)

#### Musiekvoorbeeld 20

**Kom ek met die slee**

Kom ek met die slee, dan sê sy som-mer: „Nee!” Kom ek met die wa, dan sê sy som-mer: „Ja!”

Bron: Köhler (1955 : 34)

In hierdie liedjie word dus van stereotiepe frases wat in die geheue opgeberg is, gebruik gemaak om 'n nuwe wysie te skep.

Afrikaanse en Xhosawoorde word hier saam gebruik. Daar vind 'n dialoog plaas tussen die Swart kind en die Boervrou. Elk praat sy eie taal, tog verstaan hulle mekaar blykbaar goed. Dit kan wees dat die betrokke kind 'n Griekwa speelmaat gehad het wat moontlik selfs meegedoen het aan die sing van dié lied.

#### 4.3.4 Enkele “losstaande” liedere

“Dan wandel ons so vroeg in die dennebos” (notevoorbeeld 111) is moontlik saamgestel uit een of twee frases wat uit 'n vroeëre, meer volledige lied behoue gebly het. Die veranderings wat in tradisionele folklore plaasvind, vind nie volgens vaste reëls plaas nie. Waar verbale oorlewering plaasvind, soos ook in hierdie geval, word woorde en frases gewoonlik later weggelaat. Wat hier van die oorspronklike lied oorgebly het, word eenvoudig 'n aantal kere herhaal vir solank as wat die sangers geniet om dit te sing.

Die Griekwas hou daarvan om persone deur middel van sang te verwelkom. Net soos wat 'n besoeker aan sy huis “volklik welkom geheet word” met sang en eregaste met die lied “Welkom hier, welkom tuis” begroet is, word die aanwesiges by 'n Griekwavergadering ook met sang gegroet. Moontlik word dit nie vandag meer presies so gedoen nie, tog is die bestaan van die lied “Good evening, members of the meeting” (notevoorbeeld 106) bewys daarvan dat vergaderings vroeër wel op so 'n wyse 'n aanvang geneem het. Dit kan selfs dateer uit die tyd van selfregering in Kokstad, toe die administrasie van Griekwaland-Oos deur verskillende rade, wat gereeld vergader het, beheer is. In dié tyd is daar ook toeneemend van Engels as skryftaal gebruik gemaak. Dit is duidelik dat diegene wat die vergadering bywoon, deur 'n voorsitter verwelkom word en ook daarheen genooi word. Wat met “butterfly” bedoel word, is egter duister. Moontlik was daar die een of ander spesiale betekenis geheg aan die skoenlapper, soos ook Piet Louw se liedjie “I want to see my butterfly” (notevoorbeeld 63) van getuig. Dit kan dalk verwys na 'n meisie in laasgenoemde geval – dat hy haar wil sien, maar dat sy nou ver weg is. Gesien in hierdie lig, bestaan die vermoede dat in hierdie lied ook na 'n meisie verwys word. Sy word nader geroep met “Come, o come” en dan aan die lede van die vergadering voorgestel: “this is the meeting”.

Die wit perd in die lied “The white horse” (notevoorbeeld 107) verwys na die vryperd waarop die kêrel vir sy nooi gaan kuier. Hy ontmoet haar in die maanlig en ry daarna weer huis toe op die wit perd. Daar kan egter bespiegel word of dié wit perd nie dalk in



tonies kon wees nie en dat “in” in maat 3 oorspronklik op E was, met “her” in maat 5 op C, in watter geval dit suiwer pentatonies sou wees.

“Die rooidag die breek” (notasievoorbeeld 112) word volgens Strydom (1983 : 185) ook deur die Rehoboth Basters gesing, hoewel die woorde effens verskil. (Kyk musiekvoorbeeld 21). Hy tref ’n vergelyking tussen die lied van die Basters en ’n lied in Boshoff en Du Plessis (1921 : 28), wat deurgetrek kan word na die Griekwalied:

*Die hoenders die kraai en die rooidag breek aan  
Tannie, gee die jawoord; ek wil huis toe gaan.*

In die Griekwaweergawe is die eerste twee half frases omgeruil en het die woorde in die tweede vers van die strofe verander, sodat hulle sing: “Oom Jannie gee die jawoord, laat ons huis toe gaan”. Die volksoor is tevrede met die ooreenstemmende, assonerende klanke wat deur “Jannie” en “tannie” geskep word. Indien notevoorbeeld 112 met musiekvoorbeeld 21 vergelyk word, kan gesien word dat die wysies heeltemal verskil. Wat die woorde betref, stem slegs die aanvangsverse ooreen.

#### 4.4 Die sekulêre musiek van die Griekwas van Krantzhoek

Uit ’n vraelys wat die navorsers onder die Griekwas in die Krantzhoekgebied gesirkuleer het, het aan die lig gekom dat, op enkele uitsonderings na, die gewyde lied “Juig aarde” die gunstelinglied is. Ten spyte daarvan dat hierdie lied en ook ander gewyde liedere so voortdurend en onder velerlei omstandighede op hulle lippe is, kon daar tog ’n beperkte sekulêre volksliederskat onder die Le Fleur-Griekwas gevind word. Laasgenoemde is uiteenlopend van aard: liefdesliedjies, sportliedjies, “Mamma”-liedjies, humoristiese liedjies, selfs liedjies met kru bewoording soos wat in elke taal gehoor word. Dié liedere kom uit verskillende periodes; die karakter van sommige toon dat hulle reeds baie oud kan wees, terwyl ander eers gedurende die laaste klompie dekades moes ontstaan het, byvoorbeeld die sokkerliedjies.

##### 4.4.1 Engelse liefdesliedjies

Die liefde was nog altyd die gewildste onderwerp vir lirieke en die volkslied is geen uitsondering nie. Die Engelse liefdesliedjies wat op Krantzhoek gesing word, is van die tipe wat ’n aantal dekades gelede gewild was – in wese dus soos die “pop”-liedjies van vandag. “Pop”-liedjies kan nie as ware volksliedere beskou word nie maar is tóg gewilde liedjies wat belangrik is vir die mense wat hulle sing. Dié liedjies is deur die konsertverhoog en

## Die rooidag die breek

Die rooi-dag die breek en die hoer-der-haar die kraai. Die  
 rooi-dag die breek en die hoer-der-haar die kraai. Die  
 woor-de van my mei-sie sal ek ja-re-lank ont-hou. Die  
 woor-de van my mei-sie sal ek ja-re-lank ont-hou. Die  
 see was per-le-blou, Die see was per-le-blou, Die  
 see was per-le-blou. Die woor-de van my mei-sie sal ek  
 ja-re-lank ont-hou. Die og-gend op die dou, toe  
 stap ek met die an-der man se vrou. Die og-gend op die dou, toe  
 slaat hul met die klap-per-tou. Die og-gend op die dou, En die  
 og-gend op die dou. Die og-gend op die dou, toe  
 slaat hul met die klap-per-tou. Die woor-de van my mei-sie sal ek  
 ja-re-lank ont-hou. Die woor-de van my mei-sie sal ek  
 ja-re-lank ont-hou.

nuusmedia bekendgestel en het 'n groot invloed uitgeoefen op diegene wat daarna geluister het. Op hierdie wyse is die lied aangeleer en daarna bepaal die grootte van die impak wat die lied op die luisteraars gemaak het, of dit sal bly voortbestaan. Bouws (1969 : 66) som dit soos volg op:

*Ook die 'pop-song' gaan 'van mond tot mond' en sou sy regte as volkslied kon opeis ... as dit net die tyd daarvoor sou kry. Maar sy lewe hang af van die algemene gewildheid ... sodra 'n nuwe 'song' met 'n prikkelende ritme of 'n aangename wysie op die mark verskyn ... is dit met die vorige liedjie klaar ...*

Hierdie Griekwaliedjies is dus geensins eie volkskuns nie maar is gehoor en nagesing en mag miskien later tog volksliedere word. "Just a song in twilight" (notevoorbeeld 266) was vroeër algemeen bekend as "Love's old sweet song". Soos Ernest Keet die lied hier sing, het die woorde nie verander van die oorspronklike af nie en het slegs geringe wysigings in die wysie plaasgevind. Die grootste veranderinge is in die ritme, soos gesien kan word in die vrye voordrag daarvan – trouens, in byna elke maat skyn daar 'n verandering van tydmaat te wees, wat die notering daarvan aansienlik bemoeilik het.

Die byna dromerige vertolking van hierdie lied is baie persoonlik van aard en dit sou deur 'n ander sanger miskien nie presies dieselfde uitgevoer word nie. Hierdie veranderlikheid is tipies van die volkslied. 'n Ander sanger mag onder ander omstandighede sekere wysigings nodig ag, of hy kan senuweeagtig wees. By hierdie geleentheid het Keet homself op die ghitaar begelei. Die sang was rustig, met 'n dieperliggende heimee wat inderdaad spreek van die skemeruur, die sagte uur van verlange. Die lang wagperiodes aan die eindes van die frases skep die indruk dat die sanger die woorde wat volg van ver af gaan haal, wat dan die mymerende effek verder verhoog.

"Tiny roses" (notevoorbeeld 268) is 'n baie eenvoudige liedjie waarin dieselfde woordfrase oor en oor herhaal word in verskillende vervormings. Tipies volksaardig is die gebruik van die enkelvoudige werkwoordvorm "comes" by die meervoudige selfstandige naamwoord "roses". "Remember you promised my heart" (notevoorbeeld 269) is eweneens baie eenvoudig. Die betekenis van die woorde is nie duidelik nie – ná drie herhalings van die eerste vers van die strofe skyn die laaste vers onvanpas te wees. Suiwer bespiegelend kon 'n moontlike interpretasie daarvan wees dat die kêrel die nooi gevra het om hom onder die kokosneutboom te ontmoet. Omdat sy hom nie alleen wou ontmoet nie, het hy aan haar gesê dat haar moeder ook daar sou wees. Volgens die woorde van die liedjie herinner sy hom aan sy belofte dat haar moeder ook daar sou wees.

“My heart” is dan haar liefdesnaam vir hom. Die lied kon geïnspireer gewees het deur ’n land waar daar kokospalms groei — ’n Suidsee-eiland byvoorbeeld en as “pop”-liedjie oorgewaaai het na ander lande. Juis die noem van ’n palmboom dui op die vreemde herkoms van die lied en die ware betekenis sou eers gesnap kon word by die aanhoor van die volledige lied, aangesien dit duidelik nie ’n volledige lied kan wees nie. Die oorspronklike tydmaat was waarskynlik 6/8 (soos gesuggereer in maat 7) met die swaaiende ritme wat daarmee saamgaan en herinner aan die danse wat met wuiwende palms in verband gebring word.

Op meer humoristiese trant is “When it’s time for a man” (notevoorbeeld 270), wat waarskynlik ook wysigings in die volksmond ondergaan het. Die ritmiese handegeklap op sterk polse waar rustekens in die oorspronklike lied vir gesinkopeerde effekte gesorg het, is ’n persoonlike byvoeging van die groepie sangers. Daarmee saam kom ook die liggaams-, hand- en voetbewegings wat hier deel van die lied uitmaak. Die neiging wat elke mens het om “tyd te hou” by die aanhoor van ritmiese musiek, kom hier spontaan na vore in die danspassies en swaai van die lyf. Verder sorg die klap van hande waar daar andersins stilte sou wees wat die vokale party betref, vir deurlopende beweging. Dit lei egter eerder tot verhoging en nie vermindering nie, van die sinkopasie-effek. Ook hier is die oorspronklike woorde nie ten volle bekend nie. Die woord “shit” sou egter ’n persoonlike verplasing van die oorspronklike wees deur ’n individu, wat moontlik sy toehoorders se lagspiere wou prikkel, of die korrekte woorde vergeet het. Die huidige Griekwas gebruik die woord in die lied egter op doodnatuurlike wyse. ’n Toepassing kan hier gemaak word uit wat ’n Nederlandse volkskundige volgens Bouws (s.j. : 21) gesê het:

*... dat ons nie moet dink aan die hele volk as die skepper van die volksliedjies nie: die man-uit-die-volk was die outeur. Dit is die geval met die woorde, maar in baie gevalle ook met die wysies.*

Wat geld vir die woorde van die hele lied, geld dan ook vir sulke “plaasvervangende” of enkelwoorde. Die moontlike betekenis van “don’t talk about shit” kan hier wees: “don’t talk shit” wat ook in ander bevolkingsgroepe gehoor word en gewoonlik beteken “moenie onsin praat nie”. Die woord “perilê” is egter duidelik ’n woord wat as “onsin”, sonder betekenis, geklassifiseer kan word. So ’n onverstaanbare woord kan soms nagespeur word tot by ’n vreemde taal, maar te veel waarde moet nie aan hierdie tipe spekulatiewe verduideliking geheg word nie. Dit is egter moeilik aanvaarbaar dat so ’n woord slegs ’n rangskikking van willekeurig gekose lettergrepe is. Wat die oorsprong ookal is, is die klinkklank dikwels op sigself as klanke, baie mooi en voorsien dikwels ook aan die sangers ’n geleentheid om ’n mooi wysie te sing. So ’n woord word gewoonlik gebruik



weens die ritmiese kwaliteit daarvan – dit “lê gemaklik op die tong”, dit sing lekker en die sanger geniet dit om die betrokke woord oor en oor te sing terwyl sy hele wese uitwaarts projekteer in die bewegings wat met die sang saamgaan.

“Talihi!” (notevoorbeeld 273) begin as ’n Engelse lied en eindig in Afrikaans. Die woord herinner sterk aan “tally-ho!”, in vroeër eeue die kreet waarmee die Engelse jagter sy jaghonde aangemoedig het, of ook die koetsier sy perde. Dit is dus ’n woord wat aanmoediging of opwinding versinnebeeld en hierdie geval moontlik ook ’n kreet van frustrasie is. Dit is nie duidelik of daar wel ’n verband tussen die Engels en Afrikaanse gedeeltes is nie. Wat die woorde betref, skyn daar geen verband te wees nie en kon dit dus oorspronklik twee liedere gewees het wat gewoonlik net ná mekaar gesing is, sodat hulle later versmelt het tot ’n eenheid.

Boshoff en Du Plessis (1921 : 43) het verklaar:

*Hierdie soort gemengde liedjies is veral gelief by die Hotnotsvolk, en stam in baie gevalle oorspronklik van hulle af.*

(Vroeër jare het die woord Hottentot vervlak tot “Hotnot”, wat later meer algemeen op alle Kleurlinge toegepas is en tans heeltemal in onbruik is.)

Volgens die sangeresse gaan dit in die Afrikaanse gedeelte van die lied om ’n jong vrou wat terug verlang na haar ma se huis en die voorspoed wat sy daar geniet het. Sy kla omdat sy nou, na haar troue, in flenters moet rondloop terwyl sy as jong meisie duur skoene gedra het. Die skoene word hier as ’n omvattende beeld van haar eertydse welvaart gebruik. Haar man kan nie vir haar sorg nie en dit kan hom ook nie skeel nie – hý trek aan soos ’n heer. Terwyl sy vrou in vodde by die huis sit, stap hy spoggerig rond tussen sy vriende. Die geldeenheid wat in die lied genoem word, plaas dit onmiddellik ’n paar dekades terug na die tyd toe dié eenheid nog in gebruik was. Terwyl hulle sing, maak die vrou danspassies en wys na hulle rokke by die woorde “kyk hoe lyk ek, die flenters loop my na”.

Die refreinagtige gedeelte “kyk hoe lyk ek” vertoon spore van alliterasie en assonansie wat, by die afwesigheid van musiekinstrumente, die dansbewegings tot hulp kom. Hier vorm die bewegings dan ook deel van die lied.

#### 4.4.2 Afrikaanse liefdesliedjies

Die jong Krantzhoek-Griekwas praat ook van “meisieliedjies”. “So lank as wat die rietjie in die water lê” (notevoorbeeld 274) is ’n welbekende Afrikaanse volksliedjie wat ook in Griekwaland-Wes gehoor is (notevoorbeeld 51). Die weergawe soos gesing deur die Griekwa-werkers op die bouterrein in Plettenbergbaai verskil nie veel van die weergawe in die F.A.K.-Sangbundel nie (kyk musiekvoorbeeld 12). Die woorde in die laaste twee musikale periodes is wel omgeruil. Verder is nuwe woorde ook gebruik toe die lied ’n tweede keer gesing is, naamlik: “en ek vat haar om die lyfie want sy’s my tortelduifie”. Hierdie woorde het moontlik in eie geleedere onder die Griekwas ontstaan en is dan ’n persoonlike toevoeging tot die lied.

“Die doeke met die kolletjie” (notevoorbeeld 275) is ’n tipiese volksliedjie met ’n eenvoudige inhoud en word op tipiese wyse gesing – elke nuwe gedagte word drie keer herhaal en word dan gevolg met “sy kan haar nie loskry nie”. Hierdeur word vier kort “strofes” gevorm. Die wysie is vir al vier soortgelyk maar nie identies nie. Variasies is moontlik willekeurig deur die volksangers aangebring om die andersins eentonige wysie bietjie op te kikker. Bartók (1931, 1979 uitgawe : 2) het gesê:

*Repetitions of a tune will normally include slight, rhythmic alterations; at times the pitch [or perhaps even the note itself] will be changed.*

Met uitsondering van ’n enkele noot, E, in maat 31, blyk die wysie pentatonies te wees, aangesien dit slegs uit die toonhoogtes F, G, A, C en D bestaan. Vir die eerste drie “strofes” het die volksanger nie die behoefte aan ’n leitoon gevoel nie, maar by die finale “strofe” voel hy blykbaar instinkmatig aan dat die leitoon in die voorlaaste maat groter finaliteit aan die afsluiting van die lied sal verleen. Dit is byna jammer dat dit gebeur het, aangesien die lied daardeur in ’n mate sy egte, basiese volksaardigheid prysgee.

“Ek verlang na my meisie” (notevoorbeeld 280) behels weer eens slegs ’n gedeelte van die oorspronklike lied (kyk musiekvoorbeeld 22), terwyl die woorde wat behoue gebly het, ook veranderinge ondergaan het. Dit is een van die vroegste Afrikaanse liedjies wat nog deur die bekende volksanger Chris Blignaut gesing en op plate opgeneem is en word soms in radioprogramme oor ou Afrikaanse musiek gehoor. Die Griekwas kon dit moontlik ook op hierdie wyse aangeleer het. Vir die oorspronklike lied is ’n opname van Chris Blignaut getranskribeer (kyk musiekvoorbeeld 22) sodat dit met die fragment van die Griekwas vergelyk kan word. Dit blyk dat slegs die eerste helfte behoue gebly het. Die woorde aan die begin van die frases het dieselfde gebly, maar dié aan die einde het verander:

## Musiekvoorbeeld 22

## Ek verlang na my meisie

Ek ver-lang na my mei - sie - in 'n plat-dak- huisie aan die voet van die  
 berg-e daar woon my nooi Neem my t'rug na my mei-sie - in die plat-dak-  
 huisie - aan die voet van die berg-e - daar woon my nooi. Daar woon my  
 nooi - daar woon my nooi - daar woon my nooi en ek gaan nou t'rug na  
 haar - T'rug na my mei - sie - in die plat-dak-huisie aan die voet van die  
 berg - e - daar woon my nooi - .

**Bron:** Getranskribeer vanaf 'n opname deur die volksanger Chris Bignaut, wat gedurende 1986 oor die radio uitgesaai is.

“platdakhuisie” het “hartbeeshuisie” geword, en “daar woon my nooi” het “daar waar sy woon” geword. Die tweede helfte van die lied het in sy geheel verlore geraak.

Die oorspronklike lied is op ses toonhoogtes gebou, waaronder die leitoon afwesig is. Die weergawe van die Griekwas is nóg eenvoudiger en beslaan slegs vier toonhoogtes, naamlik die eerste vier tone van die majeuretoonleer.

Deurdad die liedjie in Afrikaans begin en in Engels eindig, is “Gooi ek my trane oor die blou berge” (notevoorbeeld 284) die teenoorgestelde van “Talihi!” (notevoorbeeld 273). Dit is moeilik en selfs onmoontlik om die oorsprong van sommige liedere vas te stel aangesien meer gedetailleerde sosiologiese inligting as wat tans beskikbaar is, daarvoor benodig word. In hierdie lied is die Afrikaanse gedeelte stereotiep en handel oor die “blou berge”

wat dikwels in Afrikaanse volksliedere besing word. Vergelyk hier die blou berge wat byvoorbeeld in die bekende “My hartjie, my liefie” besing word (lied no. 107 in die F.A.K.-Sangbundel). Die blou berge word gewoonlik slegs as beeld gebruik vir die beskrywing van iets wat ver weg is – in hierdie geval die geliefde, daarom word die trane agterna gegooi.

Soos in die liedjie uit Griekwaland-Wes, “Huis toe gaan, na my Mamma toe, (notevoorbeeld 58) speel “skinder” ook ’n rol in hierdie lied. In klein, afgesonderde gemeenskappe is dit inderdaad ’n vorm van ontspanning. Daar gebeur nie veel wat nuuswaardig is nie en almal gesels oor mekaar se doen en late. Daar was probleme in hierdie verhouding – die kêrel het moontlik ook na ander nooiens geloer en daar is gepraat daaroor. Hy besluit om pad te gee – ’n soort verligting vir die meisie omdat die geskinder noodwendig sou moes afneem, al huil sy nog oor hom wanneer sy alleen is. Oënskynlik is daar geen verband tussen die Afrikaanse en Engelse gedeeltes van die lied nie. Tog kan laasgenoemde verstaan word as woorde wat die vertrekkende kêrel sê: “Bumsie” is sy troetelnaam vir die meisie wat hy verlaat. Kodály (1971 : 108) gee ’n verklaring vir die woord “flowers”:

*Songs that repeatedly mention flowers and refer to lovers by the names of flowers ... peasants know many such songs, which are the descendants of the original flower songs.*

Die blommelied of sekulêre liefdeslied bestaan reeds eeuelank en priesters, wat dit as sondig beskou het, het dit vroeër probeer uitwis. In die geval van hierdie lied verlaat die man dus nie slegs sy spesiale meisie nie, maar ook die ander meisies na wie hy geloer het, die “home flowers” van sy tuisdorp. Deur middel van hierdie verklaring vorm die lied dan tog ’n samehangende geheel.

#### 4.4.3 Erotiese liedere met suggestiewe taalgebruik

Kodály (1971 : 107) spreek ook die volgende mening uit:

*In our own day there are many folk songs which deal with the erotic aspects of life in a completely uninhibited way. They are common to every people and form one of the flourishing branches of ‘primitive poetry’.*

In vroeëre eeue het kru bewoording nie aanstoot gegee nie. Die moderne opvatting van moraliteit en sosiale ordentlikheid opponeer egter hierdie tipe lied, wat waarskynlik nooit in die openbaar gehoor sal word nie. Dit gaan egter gepaard met ’n eenvoudige

emosionele lewe wat reguit en natuurlik is. Desnieteenstaande beskou die meeste mense tog sulke liedere as onbehoorlik en word hulle moeilik oorgehaal om so 'n lied te sing. Vir die volksliedversamelaar is hierdie ingebore beskroomdheid en gevoel vir wat as “ordentlik” beskou word, dus 'n struikelblok – méér nog as die navorser 'n dame is. Mans is skaam vir dames en herhaal nie maklik die woorde van sulke liedere voor 'n dame nie. Hiermee is Lloyd (1967 : 19) dit eens:

*If a lady goes round sailor's boarding-houses and attempts to copy down the words and music of Shanties from the men, she is bound to fail.*

Gevolgtlik moes die navorser in hierdie ondersoek van hulp gebruik maak om vas te stel of daar ook sulke liedjies onder die Griekwas voorkom. Twee van hulle is op band verkry. “Martina se land” (notevoorbeeld 283) is 'n voorbeeld van wat Lloyd (1967 : 201) die “women-as-landscape”-lied noem. Hy gebruik die lied “The mower” as voorbeeld hiervan. Hierin nooi die meisie die jongman “to mow my meadow down”, wat 'n duidelike seksuele sinspeling bevat:

*She said: 'My handsome young man, if a mower that you be,  
I'll give you good employment if you'll come along with me.  
So it was my good employment to wander up and down,  
With my taring scythe all to contrive to mow her meadow down.*

“Martina se land” kan met die vlei of grasland in die Europese volksliedjie vergelyk word. Die jongman sing hier: “Hoe lekker stap ek in Martina se land”, wat dan dieselfde sinspeling bevat as in die aangehaalde strofe hierbo. Die “bottel” en “gelling” dui op drank, soos die daaropvolgende woorde bevestig. Hy drink eers wyn tot hy onvas op sy voete is. Die wyn benewel hom en laat hom “lekker” voel. Die woorde wat die verdere verloop van die gebeure in die lied beskryf, is geensins subtiel nie en bevat beslis 'n onkuise inhoud. Waarskynlik is dit die effek van die wyn wat lei tot die bravade van die volkslieddigter – daarsonder sou hy moontlik nie op so 'n blatante wyse hierdie lewensfeite kon besing nie. Soos Strydom (1983 : 203) dit uitdruk:

*Daar is geen aanduiding dat die volkslied die feite van die lewe vermy nie, veral nie die feite van die landelike lewe, verleiding, swangerskap, die bedrieg van huweliksmaats, meisies wat hul vryers uitoorlê, of weiering van die gebruik van sekssimbole nie. Elke versamelaar het gedigte te rondborstig gevind om onveranderd te publiseer sonder om verleentheid te veroorsaak, hoewel hul sangers niks daarmee verkeerd gesien het nie.*

Die navorser sluit hierdie lied volledigheidshalwe in en om die feit te onderstreep dat sulke liedere noodwendig in alle bevolkingsgroepe bestaan. Die weglating van erotiese detail soos hierdie sal daartoe lei dat die indruk geskep word dat die navorser 'n vals beeld van die Griekwas probeer skep. Hoewel nie 'n "mooi" lied nie, is dit egter ook 'n ware volkslied. Dit mag van belang wees vir volksliedversamelaars of ander kundiges en daarom optekenswaardig, hoewel dit te betwyfel is of daar gepraat kan word van 'n "ryk skat van pornografiese ballades" soos wat Lloyd (1967 : 195) dit noem. Hy motiveer die insluiting van hierdie tipe materiaal soos volg op bladsy 210:

*Commenting on the exclusion of sex from the great collections in Britain ... Gershon Legman remarks that while ballad compilations ... offer us a welter of killings, drownings, stabbings, poisonings, beheadings, and any amount of hatred, cruelty, intolerance and treachery, the simple normality of sex has to be apologised for or silently omitted, and he suggests that it is time to stop begging for fair play for sexual intercourse as though it were no worse, really, than murder.*

Hoewel hierdie argument substansie bevat, sou liedere van hierdie aard egter steeds nie as geskikte materiaal beskou kon word om deur ander volkskulture oorgeneem te word ten einde dié kulture te "verryk" nie.

"Die wegtrap van die jongmeid" (notevoorbeeld 282) val ook in hierdie kategorie, hoewel net weens die aanwesigheid van die woord "sny". As die sanger nie met die hand aangedui het wat met dié woord bedoel word nie, was die seksuele sinspeling minder duidelik. Musikaal stem die aanvangsfrase grootliks ooreen met die tweede gedeelte van die volkspeleliedjie "Ek soek na my Dina." waar gesing word: "O, hier is my Dina ..." Hier gebruik die Griekwas dan weer eens 'n bekende of stereotipe frase om die lied mee te begin.

Deur ritmies te slaan op die leë verfblik wat deur die sanger van hierdie lied as trom gebruik word, kry die lied 'n meer etniese aanskyn. Strydom (1983 : 209) het gevind dat 'n sanger weens beskroomdheid woorde met kru konnotasies vervang met woorde wat hulle as meer aanvaarbaar vir die luisteraar beskou. Op soortgelyke wyse het die sanger van "Die wegtrap van die jongmeid" met die eerste opname daarvan gesing van die "stukkie in haar sy", wat wel nie sin maak nie, maar ook nie aanstoot sal gee nie. Eers met die herhaling van die lied het hy die moed gehad om die woord "sny" in plaas van "sy" te gebruik en dit verder toegelig met handgebare. Hierteen het sy vriende wat teenwoordig was, onmiddellik heftig beswaar gemaak: "Nee man, jy kan nie sulke dinge sing voor die mense nie!" Volksang is dus dikwels onverfynd, pront geuiter en sonder ompaadjies.

#### 4.4.4 “Mamma”-liedjies

Soos in die ander Griekwagebiede, kom die Griekwas se voorliefde vir die oordrewe gevoelsmatige by uitstek na vore in die “Mamma”-liedjies. Volgens Bartók (1931, 1979 uitgawe : 4) is dit belangrik om ’n ryke verskeidenheid volksliedere van ’n spesifieke groep mense te probeer versamel en om hulle op wetenskaplike wyse te klassifiseer. Wat verder vir hom van belang is, is:

*To determine by careful comparison, every one of the musical styles recognizable in the ... materials, and so far as possible to trace them to their origin.*

Uiteraard is dit dikwels moeilik of selfs onmoontlik om ’n lied se herkoms te bepaal. ’n Fragment van “as ek na my mamma geluister het” (notevoorbeeld 271) is egter aange-tref in ’n ou volksliedjie “Hier sit ek onder die hoogte” (musiekvoorbeeld 23). Dit is deur die volksliedkundige, J. Bouws, opgeteken en ook deur hom getoonset soos dit verskyn in die bundeltjie **Die volkslied, weerklank van ’n volk se hartklop**. Dit is baie eenvoudig, en die woorde van die tweede strofe lui:

*My moeder se dierbare woorde (3 keer)  
Die trap ek onder my voete.*

Hierdie swerfreëls uit ’n vroeë Afrikaanse volksliedjie uit die Boerevolksdom is onteenseglik ingesluit in die latere lied soos deur die Griekwas gesing. Ou liedere verander en toon dikwels melodiese ontwikkeling, maar nuwes word ook gedurig geskep. Die nuwe liedere wat deur jonger geslag geskep word, verskil van die ouer liedere wat deur hulle voorouers gesing is. Die kulturele horison van klein dorpieë verbreed deur middel van skole, films, die radio en later van tyd ook die televisie en bied nuwe materiaalperspektief waaruit nuwe liedere kan ontstaan. In die geval van hierdie betrokke lied is dit ’n interessante ontdekking om te vind dat die lied nog verder ontwikkel het. Dit word vandag naamlik ook deur die Suid-Afrikaanse Kaapse Korps (SAKK) in die weermag gesing, met addisionele strofes:

*As ek na my korporaal geluister het  
Dan was ek ’n goeie soldaat.*

en verder:

## Musiekvoorbeeld 23

**HIER SIT EK ONDER DIE HOOGTE** *Toonsetting deur Jan Bouws*

*Andante*

1. Hier sit ek on - der die hoog - te, Hier  
 2. My moe - der se dier - ba - re woor - de, My

sit ek on - der die hoog - te, Hier sit ek on - der die  
 moe - der se dier - ba - re woor - de, My moe - der se dier - ba - re

hoog - te, Met tra - ne in my o - e.  
 woor - de. Die trap ek on - der my voe - te.



*As ek na my stafsersant geluister het  
Dan was ek op naweekpas.*

As refrein volg dan elke keer die oudste gedeelte van die lied:

*Ja my Mamma se dierbare woorde  
Het ek onder my voete vertrap.*

Soms sing die Griekwas ook “vasgetrap” as ’n variasie vir “vertrap”.

Wat die wysie betref, is hierdie lied ook interessant. Soos gesien kan word uit die musiekvoorbeeld van Bouws is die wysie daarvan uiters eenvoudig en is dit ook al vir ander volksliedere gebruik. Die wysie soos die Griekwas dit sing, stem egter gedeeltelik ooreen met dié van “Op berge en in dale” (notevoorbeeld 71), ’n gewyde lied en ook die Nasionale Volkslied van die Kokstad-Griekwas. Vergelyk hiervoor mate  $8^3-14^3$  in albei liedere. Die feit dat dit ook vir dieselfde mate ooreenstem, laat die gedagte posvat dat hierdie bekende en stereotiepe musikale frase opgeberg was in die onderbewussyn van die oorspronklike individu wat vir die eerste keer die lied in sy huidige vorm gesing het. Dit het spontaan na vore getree toe hy ’n wysie vir sy liedjie benodig het. Kerk- en sekulêre liedere word dikwels op hierdie wyse onafskeidbaar vermeng. Sodanige herskepping en vervorming van musiek deur die gemeenskap verleen ’n egte volkskarakter daaraan. ’n Nuwe lied wat so by ’n individuele sanger ontstaan, word dan geabsorbeer in die ongeskrewe tradisie van die gemeenskap. Ontlenings, herinneringe en variasies op bestaande materiaal speel dus ’n groot rol in die skep van volksmusiek.

#### 4.4.5 Sportliedjies

Die Griekwas van Krantzhoeck ken ’n hele aantal sportliedjies, wat veral verband hou met hulle gunstelingsport, naamlik sokker. Kidson (1915 : 70) het opgemerk:

*The folk-singer does not lack songs dealing with the sports he loves.*

Uiteraard sal hierdie liedjies nog nie baie oud wees nie, omdat sokker eers relatief onlangs baie gewild geword het in Suid-Afrika. Hulle gunstelingspan word die “New Hearts” genoem, met swart/wit/swart as sportkleure. Die woorde van die liedjies besit die eenvoud van die volkslied, met frases wat ’n aantal kere herhaal word, óf op dieselfde toonhoogte óf op sekwensiële wyse, ’n noot hoër of laer. Frases van bekende ander volksliedjies kan in die wysies herken word, wat die vermoede laat ontstaan dat daar weer eens hier te doen

is met “opgebergde” musikale frases waaruit ’n nuwe wysie geskep is. So ’n wysie is nie baie oorspronklik of uitstaande nie, tog verwelkom die sanger sulke passasies wanneer hy hulle teëkom omdat hulle konvensioneel en dus baie aanvaarbaar vir hom is.

In “Here we are again” (notevoorbeeld 287) kan ’n hele paar bekende liedjies herken word. Mate 1–8 herinner sterk aan die refrein van “Die trane die rol oor jou, Bokkie”:

#### Musiekvoorbeeld 24



Nee, nee, nee, my Dol-la, nee! Nee, my Dol-la, nee! Nee, my Dol-la, nee!  
Nee, nee, nee, my Dol-la, nee! Ek lol nie met 'n los-kop Dol-la nie.

Bron: F.A.K.-Sangbundel (1979 : 147).

#### Musiekvoorbeeld 25

Mate 8–10<sup>1</sup> besit elemente van “We are marching to Pretoria” :



We are marching to Pre - to - ria Pre - to - ria Pre - to - ria We

(Navorsers se eie weergawe)

terwyl mate 10<sup>3b</sup>–12 herinner aan “Daar kom die Alibama”:

#### Musiekvoorbeeld 26



Daar kom die A - li - ba - ma die A - li - ba - ma die kom oor die | see - - -  
(kan ver)

(Navorsers se eie weergawe)

Mate 13–16 is dan basies weer ’n herhaling van mate 8–12. Op hierdie wyse is dan die wysie vir ’n nuwe liedjie geskep. Maat 5 van “We shall die for the black, white and black” (notevoorbeeld 286) is ’n greep uit die Gammatliedjie “Januarie, Februarie, Maart”,

terwyl die wysie van “Pappa (Mamma) New Heart” (notevoorbeeld 288) se wysie in die geheel baie duidelik ontleen is aan die liedjie “O my darling Clementine”.

Dit kan selfs wees dat die sanger nie bewus daarvan is dat dit dieselfde wysie is wat vir albei liedere gebruik word nie, al sing hy dit self. Volgens van Warmelo (1958 : 31) is hierdie Clementine-melodie, wat hy ’n “wandelende volksliedjie” noem, selfs aangeneem as ’n wysie vir gesang 28 :

#### Musiekvoorbeeld 27

Moet jy steeds met onspoed stryden, Christen! Wees nie om uw lot. Wees te-  
breekt u nooit in 't lij-den: Moet jy steeds met onspoed stryden. Wees te-  
re-den met uw lot, o uw God-der is ons God!

Bron: Van Warmelo (1958 : 31)

#### 4.4.6 Patriotiese liedere

Die nasietrots van die Griekwas spreek uit hulle patriotiese liedere. Hulle beskou Suid-Afrika as hulle land, maar dáárin is ook, meer spesifiek, ’n Griekwaland opgesluit. Miskien nie ’n eie land in die sin van ’n tuisland nie, maar tog ’n pragtige land waaroor hulle droom. Hulle kan dus “Our face is to Africa” (notevoorbeeld 122) sing met dié woorde daarin verwat: “Griqualand is a lovely land, I see”. Die kleure rooi, wit, blou en groen waarvan hier gesing word, verwys na die kleure van die Griekwawlag, waarop die embleem van die kanniedoodblom wat simbolies van die Griekwawolk is, pryk. Hierdie lied het ’n lekker “jazz”-ritme.

“Good evening all the nations” (notevoorbeeld 121) is volgens mev. Keet ’n bestaande lied wat deur die Griekwas aangeneem en aangepas is sodat die woorde “Griqua flag” die oorspronklike woorde vervang. Daardeur word die lied vir die Griekwavolk aanvaarbaar as Vaderlandslid wat paslik is om op sekere geleenthede gesing te word. Dit is byvoorbeeld deur die Griekwa Nasionale Koor as openingslied gesing by die Griekwasangaand te Hornlee. ’n Volksanger sal dus nie skroom om ’n ander dikstrik of land sy reg op ’n volkslied te ontnem nie, wat in ooreenstemming is met wat met hierdie lied gedoen is.

“Our home is far away” (notevoorbeeld 123) is die derde patriotiese lied wat in Krantzhoek gehoor is. Die oorsprong daarvan is onbekend. Die woorde is nie pertinent op die Griekwas van toepassing nie, tog besit dit ’n atmosfeer van heimwee, soos wat dikwels in die sang van die Griekwas gehoor kan word. Die inhoud van dié lied is nie heeltemal duidelik nie. Sou “home” betrekking hê op ’n aardse of ewige woning? Die lig waarvoor gevra word, het wel ’n figuurlike betekenis. Suid-Afrika, as deel van “donker Afrika” moet verlig word. Sou dit betrekking hê op godsdien, of dalk ’n politieke strekking hê?

#### 4.4.7 Kinder- of wiegeliédjies

Hier was die oes maar skraal. Slegs een wiegeliédjie is opgeneem, en dit is ’n tradisionele Suid-Afrikaanse wiegeliédjie, naamlik “Slaap my kindjie, slaap sag” (notevoorbeeld 277). Dit wyk slegs in klein besonderhede af van die oorspronklike lied, wat wysie én woorde betref, en wat as lied no. 313 in die F.A.K.-Sangbundel aangetref word. In die laaste gedeelte het “word my kindjie gewek” verander na “wek jou moeder jou weer”. Die wysie is egter onverandered.

“’n Voetjie links en ’n voetjie regs” (notevoorbeeld 278) is welbekend as kleuterliédjie. Dit word byvoorbeeld in Blanke kleuterskole en ook in onder andere skole in Mamelodi by Pretoria aan klein kindertjies geleer.

#### 4.4.8 Enkele “losstaande” liedere

“Die kokkerotjie” (notevoorbeeld 276) is uiteraard ’n betreklike onlangse produk en ook ’n eieskepping, soos afgelei kan word weens die gebruik van die naam van die insekdoder “Doom” in die lied. Beklemtoning van die woord “bos”, wat deesdae ook met militêre diensplig geassosieer word, laat die vermoede ontstaan dat hierdie humoristiese liédjie moontlik “in die bos” ontstaan het. Enige volkslied moes ’n begin gehad het. Gewoonlik ontstaan dit deurdat een persoon ’n lied sing en ander dit nasing. Die ontstaan van die lied is dan dié van ’n individu.

“Here comes the Bluebell” (notevoorbeeld 265) herinner aan die soortgelyke liedjie van Kokstad met die naam “Good evening, members of the meeting” (notevoorbeeld 106). Hier word op dieselfde wyse deur middel van sang aangekondig dat daar ’n samekoms of vergadering vanaand plaasvind. Dit is moeilik om te besluit wat die “bluebell” en die “white star” sou voorstel. Dit dui egter op iets moois, of op ’n ere naam vir ’n persoon. Moontlik dateer dié lied nog uit die Kokstadtydperk, toe daar gereeld bestuursvergaderings gehou is.

Die “Voorstellingslied” (notevoorbeeld 281) toon weer ooreenstemming met “Ons is die jeug van die Griekwawolk” (notevoorbeeld 2) waarin die individuele sangers in die groep ook op musikale wyse aan die luisteraars voorgestel word. Die woord “Sha-la-la” mag ’n verband hê met die woord “Sa-la-la” (sien notevoorbeeld 39) wat blykbaar van Zoeloe-oorsprong is en beteken “om saam te bly”. Dit kan dus wees dat die mense wat op hierdie wyse aan ’n gehoor voorgestel word, saam op ’n sekere plek bly, of afkomstig is van dieselfde plek, in hierdie geval, Krantzhoeck. Musikaal word slegs die basiese harmonie I–IV–V–I deur die sangers gesing en geen ware melodie nie. Dit gee ’n kadensiële progressie. Dit is duidelik dat die “byeenkoms”- en “voorstellings”-liedere eieskeppinge moet wees en ook tipies is van die Griekwas.

#### 4.5 Samevatting

Hoewel gewyde musiek ’n prominente plek beklee in die musiekrepertorium van die Griekwas is sekulêre musiek ook in al die Griekwagebiede aangetref. Hulle hou nog vas aan ou gebruike wat volkseie is, soos die “koopstelsel” wat nog op sangaande ’n rol speel.

Veral by Campbell in Griekwaland-Wes vind die !gabasas of puberteitseremonie vir jong dogters nog plaas. Dit is ’n oorblyfsel uit die oerkultuur van hulle Hottentotvoorvaders, waartydens die sogenaamde “Griekwastap” plaasvind, wat tradisionele seremoniële musiek (dans en sang met begeleiding deur ghitaar indien dit beskikbaar is, en vroeër ook die rietfluit) behels. Saktanse, wat musiek insluit waarop daar ook oor naweke gedans word, is soortgelyk en sentreer om ou tradisionele volksmusiekwysies. Van hierdie musiek is aangeleer deur byvoorbeeld na die radio te luister. Weens die beperkinge van die menslike geheue vind liriekdisintegrasie plaas en vind veranderinge mettertyd ook in die musiek plaas.

Die volksanger Peter Marais sing liedere, waaronder ook van sy eieskeppinge, in die moderne idioom. Sy musiek toon die sluimerende musiektalent wat moontlik by vele Griekwas bestaan maar wat latent bly omdat hulle huidige lewensomstandighede nog nie voorsiening maak vir ’n verhoogde lewensstandaard en musiekontwikkeling nie.

Sportliedjies is nie in Griekwaland-Wes gehoor nie, hoewel hulle mag bestaan. In Krantzhoeck is dit veral die jonger, sokkerspelende geslag wat sportliedjies sing, terwyl 'n sokkerliedjie ook in Kokstad gehoor is.

In al die gebiede is blyke van die Griekwas se voorliefde vir die oordrewe gevoelsmatige aangetref in die vorm van sentimentele liedjies oor die moederfiguur en die liefde. Die erotiek word miskien meer besing as wat tydens veldwerk teëgekomp is, maar weens die beskroomdheid van volksangers is min daarvan op band verkry.

Patriotiese liedere weerspieël die volkstrots van die Griekwas. Hulle besing hulle eie vlag en hulle mooi land, Griekwaland, met oorgawe in hierdie liedere. Voorstellingsliedere waarin die sangers uit 'n sanggroep individueel aan die gehoor voorgestel word, skyn eie aan die Griekwas te wees. Die trotse wyse waarop elke persoon voorgestel word, weerspieël ook selfrespek en menswaardigheid.

Ten slotte kan gesê word: die Griekwas hou daarvan om te sing en hulle vertoon uiterlik hulle musikale ingesteldheid deur sulke tekens van 'n orale kultuur wat mondeling oorgedra is en steeds lewend gehou word deur die aktiewe beoefening daarvan.

## HOOFSTUK 5

### 5.0 MUSIEKETOLOGIESE WAARDERING VAN DIE GRIEKWALIED

#### 5.1 Definisies van die volkslied en verwante terme

Talle gesaghebbendes op die gebied van die volkskunde het reeds probeer om terme soos “volk”, “volksmusiek” en “volkslied” kernagtig te definieer maar skyn nie volkome eenstemmigheid te bereik nie. Verskillende menings is uitgespreek, maar ’n enkele, bevredigende en allesinsluitende definisies kon nie formuleer word nie. Omdat die volkslied uit ’n kombinasie van musiek en liriek bestaan, moet albei elemente in ag geneem word by die evaluering daarvan. Ten einde ’n duidelike beeld van die wese van die volkslied te verkry, is dit dus nodig om die menings van ander volksliednavorsers en -kundiges in oënskou te neem. Bødker (1965 : 105–106, 317–322) gee ’n samevatting van die belangrikste definisies, wat hier in vertaalde vorm weergegee word.

Die woord “volksang” is afkomstig van “volk”, “folk” of “gemeenskap” en is vir die eerste keer deur J.G. Herder (1773) gebruik. Hy het dit ongedefinieerd gebruik saam met “nasionale lied” en “populêre lied”. J. Meier (1898) meen dat Herder onder volksang die intense en sensuele grafiese lied verstaan waarvan die oorsprong tot ’n sekere nasie behoort, ongeag of dit nou ’n skrywer gehad het of nie. Dit moet of moes egter op die lippe van die gemeenskap leef.

P. Levy (1911 : 41) het weer vasgestel dat Herder met “volksang” eintlik enige lied bedoel deur enige bekende of onbekende skrywer, wat gesing kan word of gesing is deur mense wat nog ongesofistikeerd is en wat dus die ware karakter van hierdie vlak van die gemeenskap reflekteer met sy natuurlike passie, lewendige inhoud en eenvoudige, selfs uiterlik onvolmaakte, vorm.

L. Uhland (1845) wys daarop dat hoewel elke vorm van volksdigkuns individueel gedig is, dit nie slegs populêr moet wees nie, maar dat die kultuur en algemene gesindheid van die mense ook poëties van aard moet wees. Slegs dan sal dit tot ware en egte volksliedere aanleiding kan gee. In die volksmond sal dan veranderings plaasvind as gevolg van vergeetagtigheid, misverstande, vermenging van verskeie liedere se woorde, ensovoorts.

Fr. Th. Vischer (1851) sê dat die term “volk” wel die hele nasie behels, maar dat die hoër tog van die laer stande verskil en dat “volk” eintlik begin verwys het na die massas wat nog in die ou eenvoudige tradisies gewortel is en wat ’n kultuur van hulle eie besit.

Volksliedere wat nie geskryf of gedruk word nie, ontwikkel in so 'n atmosfeer en word geïmproviseer in sang. Die digter kom nie na vore nie en word ook nie vermeld nie. Die mense of gemeenskap self is dan die algemene onderwerp en is terselfdertyd ook die digter.

F.M. Böhme (1877) beskryf die volkslied as 'n lied wat sy oorsprong in die boesem van die volk self het en wat dikwels en vreugdevol deur hulle gesing word. Dit word op die lippe van die mense self bewaar omdat die vorm eenvoudig is, met 'n universele, menslike inhoud wat maklik verstaanbaar is, of dit nou sekulêr of gewyd van aard is.

J. Meier (1898) omllyn volksdigkuns as dié digkuns wat op die lippe van die volk leef.

J. Pommer (1908) sê dat volksliedere verstaan moet word as liedere wat uit die boesem van die volk kom, wat uit die hart van die volk gesing word, en dat die inhoud en vorm daarvan getuig.

G. Jungbauer (1908 : 53) sê dat 'n volkslied gewoonlik ontstaan as gevolg van 'n gebeurtenis en die produk is van 'n middel - of laerstand persoon wat poëties en musikaal beïnvloed is en wat op die platteland woon waar hy nie deur kuns-digkuns beïnvloed word nie en waar die nasionale karakter aanvaar, getransformeer en bewaar word deur die mense.

H. Naumann (1922) beskryf die volkslied as 'n lied wat uit 'n hoër sfeer gedaal het, of as 'n lied wat in die styl daarvan gekomponeer is, deur individue wat behoort tot en verstaan word deur die primitiewe gemeenskap.

E. Seemann (1926) beskou elke volkslied as 'n komposisie van 'n individuele digter, terwyl die sanger daarvan nie in outeurskap belangstel nie. Die individuele sanger behandel die materiaal op arbitrêre wyse, wat ook veranderinge aan die woorde insluit.

K. Reuschel (1928/29) beskryf die volkslied as 'n lied wat deur mense gesing word en wat volgens inhoud, taal en musikale vorm ooreenstem met die emosionele lewe en opvattinge van 'n wyer groep mense. Dit word vir minstens 'n aantal dekades mondeling oorgedra.

W. Wiora (1950 : 39) sê dat die volkslied 'n lied is wat eie is aan die mense en wys daarop dat die egte volkslied van drie verskillende tipes kan wees, naamlik:



- (i) die ware volkslied wat onder die mense self ontstaan het
- (ii) die volkslied wat bekend is onder die mense en deur hulle as hulle eiendom beskou word, die inheemse lied, en
- (iii) die lied wat uitdrukking gee aan die denkwyse van die laer strata.

W. Steinitz (1955/62) aanvaar dat 'n volkslied ontstaan in 'n lied van enige oorsprong, wat deur die gemeenskap aanvaar word en in sy ontwikkelingsgang gevorm word in 'n skeppende proses deur die mense self. 'n Volkslied wat ontstaan as gevolg van die kreatiewe deelname van die mens self sal uitdrukking gee aan die geestelike behoeftes van die werkersklas.

Die volkslied word ook deur Bødker (1965 : 180) self beskryf as 'n gedig bestaande uit een of verskeie stanzas wat vir sang gekomponeer is. Die woorde en die melodie van 'n lied kan afsonderlik geskep word en die een by die ander aangepas word, of die twee kan saam geskep word.

Verskeie ander bronne is ook oor die onderwerp geraadpleeg. Du Plessis (1935 : 29) sê dat die lied algemeen as die "oervorm van die poësie" beskou word, terwyl Boshoff en Du Plessis (1921 : 11) dit so stel:

*Waarskynlik verteenwoordig die 'Lied' of, noukeuriger uitgedruk, die 'sanglied' dit is die lied wat gesing word, die oervorm van alle poëtiese 'genres' ... die 'Lied' is die natuurlikste, naïefste, en direkste digterlike uitingsvorm van menslike gevoel want ... wat is eenvoudiger en natuurliker, dan dat menslike gevoel, hooggespanne deur die op-en-neer beweginge van liefde of lijde, sig spontaan uit in die gelijkgestemde klanktrillinge van lief of leed? Immers, 'waar die hart van vol is, loop die mond van oor'.*

Apel (1976 : 323) sê dat volksang tradisioneel gedefinieer word as die musikale repertorium en tradisie van veral plattelandse gemeenskappe. Dit staan teenoor kunsmusiek, wat die werk is van musikaal geskoolde komponiste. Gewoonlik ontwikkel volksang anoniem onder die onontwikkelde klasse en word dit oorspronklik mondelings oorgedra, wat moontlike verandering tot gevolg kan hê ... sang behels gewoonlik die grootste gedeelte van 'n volk se mondelinge repertorium.

Vir Van Gorp (1980 : 98) is die lied 'n eenheid van gedig en melodie. Van Dale (1950 : 2034) sê weer oor die volkslied:

*Dit is ten eerste 'lied dat leeft in de mond van het volk, in zulk een oud, overgeleverd: lied ... bij het volkslied is de actieve zang het doel, het is er in de eerste plaats om gezongen, niet om gehoord te worden.' Ten tweede is dit 'vaderlands lied' en ten derde 'het bepaald daartoe aangenomen lied dat symbolisch een volk vertegenwoordigd en bij nationale gebeurtenissen gezongen en gespeeld wordt'. Dit is ook 'nationale hymne'.*

Boshoff en Du Plessis (1921 : 13) is dit hiermee eens:

*So 'n breëre betekenis het die benaming 'volkslied', wanneer daarmee bedoel word sekere liederes, wat deur volksdigters gemaak is en wat die volksideale en volksgevoel so eenvoudig en verstaanbaar, so raak en populair, vertolk, dat die liederes leef in die volksmond en net so welbekend raak as die Nasionale Hymne self ... maar daar is nog 'n ruimer betekenis wat kan toegeken word aan die benaming 'volkslied', wanneer daarmee aangedui word sekere liedjies, waarvan die digters heeltemal onbekend is – liedjies wat miskien nie eers deur digters gemaak is nie, maar wat gebore is uit en voortbestaan alleen in die volksmond en wat vertolk wat daar omgaan in die siel en gebeur in die ervaringskring van die volk. Dit is waarskynlik die suiwerste soort 'volkslied' hierdie – deur die volk en vir die volk gedig: volkome 'volkstümlich'!*

Kunst (1955 : 48) stem met andere saam dat die mees aanvaarbare verduideliking vir die ontstaan van vokale musiek die roep van een mens oor 'n afstand na 'n ander is. Verder is hy van mening dat die oudste musiekinstrumente deur die mens op sy eie liggaam gevind is; die stamp van voete en handegeklap moes die eerste “musiekinstrumente” gewees het wat musikale begeleiding aan dansers kon verskaf. Die mens besit dikwels die onwillekeurige drang om fisiese bewegings saam met die sang of ander musiek uit te voer, al is dit ook net om met die voet tyd te hou, wat 'n primitiewe uiting is. Die hele wese van die mens reik onbewus uit na die musiek.

Lloyd (1967 : 11) het 'n ander mening: “The mother of folklore is poverty.” Verder sê hy dat die term “volk” 'n hele nasie kan insluit met al die klasse van hoog tot laag, in stede of op die platteland en ongeag hulle sosiale, historiese of geestelike verskille. Andere meen egter dat dit ook kan verwys na 'n enkele klas van die laer stand of slegs 'n gedeelte daarvan, naamlik die plaasarbeiders. Soortgelyk aan hierdie beskouings kan “volksang” dus enige lied wees wat 'n wye sirkulasie onder die volk het, of dit kan liederes wees wat net deur plaasarbeiders gesing word en hulle is dan die draers van tradisionele vers en melodie.

Vir Sharp (1954, 1972 uitgawe : 3–5) is dit 'n lied van die volk wat baseer is op 'n legendariese of historiese gebeurtenis, van 'n insident uit die alledaagse lewe ... 'n lied of ballade wat sy oorsprong onder die gewone mense het en steeds onder hulle bestaan, wat die alledaagse lewe uitbeeld ... ook 'n liriese gedig op 'n gewilde tema in die styl van 'n ballade. Verder sê hy op bladsy 15 dat die “International folk music council” na rype oorweging in 1954 besluit het dat volksmusiek die produk is van 'n musiektradisie wat deur die proses van mondelinge oorlewering ontstaan het. Die faktore wat vorm gee aan die tradisie is:

- (i) kontinuïteit, wat die hede aan die verlede bind
- (ii) variasie wat spruit uit die kreatiewe drang van die individu of groep
- (iii) selektering deur die gemeenskap, wat sal bepaal in watter vorm die musiek sal bly voortbestaan.

Die tradisionele sanger beskou dit as 'n saak van eer om die tradisie so na as moontlik aan wat hy self ontvang het, deur te gee. In sy natuurlike staat is volksang dan poësie en musiek wat deur voortdurende mondelinge oorlewering en nie in geskrewe vorm nie, bly voortbestaan. Dit is gebaseer op sekere onbuigsame beginsels maar is onderworpe aan persoonlike variasie. Die aanvaarding en oorlewering daarvan is afhanklik van die smaak, sienswyse en ondervinding van die gemeenskap waarin dit aangetref word.

Volksmusiek bestaan in feitlik alle wêrelddele en kan beskou word as die ontasbare besittings waaraan elke volk ryk is. Volgens Bouws (1967 : 9) word dit deur elke geslag as 'n erfenis deurgegee aan die volgende, danksy die geheue van die mense. Hy sê verder dat volksliedere natuurlike volksuitinge is. Dit is ook liedere waarvan die inhoud op die lewe, geskiedenis, sedes en beroepe van 'n volk betrekking het. Volksliedere het ontstaan as gevolg van die behoefte van 'n volk om sy belewenisse en ervarings uit te druk deur middel van sang. Daardeur lewe die volksliedere weer saam met die volk. Die liedere is 'n versamelplek van wat die volk is en beleef, maar lê buite die algemene letterkundige sfeer. Die volksliedere van verskillende nasies het sekere karakteristieke eienskappe wat nie altyd maklik is om te beskryf nie, maar daar word tog duidelik aangevoel dat dit die algemene nasionale eienskappe van die volk verteenwoordig. Elke volkslied is natuurlik deur 'n individu geskep en is slegs kollektief in dié mate dat die oorspronklike lied oor die jare of eeue in die oorleweringproses verander het.

Omdat verandering intree as gevolg van oorlewering, behels die volkslied ook heelwat arbitrêre improvisasie. Die egte volkslied is dan die resultaat van 'n voortgesette kollektiewe verwerking en verandering. Gevolglik is dit moeilik om 'n volkslied op papier vas

te pen. Die lewende volkslied verander gedurig en kan selfs verskil elke keer wanneer dit gesing word. Die sanger of sangeres sal verse byvoeg, weglaat of die melodie effens verander. Die volkslied is dus soos 'n taal, wat aktief saam met die gebruikers daarvan verander, maar 'n kultuur kan slegs bestaan wanneer dit iets lewendigs bly en is dus afhanklik van die aktiewe deelname van 'n volk.

Sodra 'n volkslied neergeskryf is, verdwyn die skeppende buigsaamheid van die lied en neig dit om te verstar. Daardeur word die wese van die volkslied beskadig. Dit verteenwoordig egter wat Mantle Hood (1971 : 315) 'n "frozen historical moment in the processes of musical change" noem. Hierdie gefikseerde oomblik word dan noukeurig beskryf met betrekking tot die geskiedkundige verlede, die analitiese en vergelykbare hede en die sintetiese en kritiese toekoms.

## 5.2 Die volkslied as literêre soort

Die term "sang" is uitruilbaar met "liriese gedig" en dit kan dus gesê word dat mondelinge digkuns grootliks ooreenstem met die term "volksang" (Finnigan, 1977 : 13). Volgens hom word orale digkuns in een gesaghebbende naslaanwerk beskryf as digkuns wat in mondelinge voordrag geskep word deur mense wat nie kan lees of skryf nie. Dit is dus sinoniem met tradisionele en volksdigkuns.

In werklikheid is dit egter meer ingewikkeld en baie van die veralgemenings wat omtrent mondelinge digkuns gemaak word, is oorvereenvoudig en dus misleidend. Mondelinge digkuns kan baie verskillende vorme aanneem en kom voor in baie kulturele situasies. Volgens Finnigan is die mees ontwikkelde vorm van orale digkuns die epiese, wat in sy geheel in versvorm kan wees of ook prosa daarby kan hê. Die ballade is 'n ander vorm en is 'n verhalende gedig wat gesing word. Dit is korter as die epiese tipe en konsentreer eerder op 'n enkele episode as op 'n reeks heroïse dade. In loftuitende odes is die tema 'n lofrede aan regeerders of ander belangrike persone met klem op aansprekende liriese digkuns, terwyl die dade en prestasies van die held ook voor die gees geroep word. Dit is dus nie 'n chronologiese verslag van opeenvolgende gebeure nie. Liriese digkuns, in die algemene konteks van 'n relatief kort, nie-verhalende gedig wat gesing word, kom baie algemeen voor en kan as universeel in die menslike kultuur beskou word.

Verder sê Finnigan (1977 : 15) dat orale digkuns in die algemeen gesing word, hoewel sekere gedigte soos die epiese tipe of sommige van die lofredes deur middel van kantus of deklamasie voorgedra word. Die liriese tipe is dus 'n wye en belangrike kategorie van orale digkuns. Gedigte met diverse funksies kom in hierdie gesonge vorm voor: liefdes-

liriek, psalms en gesange, liedere wat danse en drinkery vergesel, politieke verse, oorlogsliedere, inwydingsliedere, geestelike liedere, treursange, werksliedere, wiegelielidjies en so meer. Dit kan dus gesê word dat liriese vorme gedurig voorkom in beskrywings van orale literatuur dwarsoor die wêreld (en hierin dus verskil van epiiese en ballade-vorme) en dat kulturele groepe verskil in die wyse waarop hulle duidelik tussen die verskillende gedigtekategorieë onderskei en hoe hulle hierdie kategorieë as spesifieke genres herken.

Mondelinge digkuns impliseer in kontras te wees met geskrewe letterkunde. Vaughan-Williams (1934 : 60) kontrasteer ook kunsmusiek met volksmusiek:

*Art-music is the work of the individual, it is composed in, comparatively speaking, a short period of time and being committed to paper it is forever fixed in one unalterable form. Folk music is the product of a race and reflects feelings and tastes that are communal rather than personal; it is always in solution; its creation is never completed, while at every moment of its history it exists not in one form but in many.*

Die individu en die ras of volk doen dus elk sy deel in volksmusiek. 'n Gedig kan “mondeling” genoem word in terme van sy komposisie, die wyse van voordrag en die voordrag self, hoewel mondelinge digkuns nie altyd in al drie hierdie komponente mondeling is nie. Daar vind interaksie plaas tussen mondelinge en geskrewe letterkunde en oorvleueling of vermenging daarvan vind dus plaas. Selfs vandag nog is baie mense ongeletterd en aangesien geletterde en ongeletterde media nog altyd langs mekaar bestaan het, is interaksie 'n natuurlike proses. Dit vind dus ook plaas in die volkslied.

Mondelinge digkuns — asook geskrewe poësie — kan gebruik word om 'n verskeidenheid effekte op individue of sosiale groepe te verkry; dit kan mense se idees beïnvloed, verandering teweegbring, die politieke orde ondersteun of verander en so meer.

### 5.3 Die volkslied as musikale soort

Westerse volksang kan vandag eintlik “beskaafde” volksang genoem word, dit wil sê die liedere toon die invloed van kunsmusiek. Dit word duidelik sodra Westerse volksang met dié van primitiewe kulture in verafgeleë streke of lande vergelyk word. Streng metrum en maatslag, duidelike en reëlmatige frases, goed-omlynde tonaliteit, 'n definitiewe vorm en intervalle wat op drieklanke gebaseer is, is almal eienskappe wat hulle oorsprong in kunsmusiek het. Met die verloop van tyd het hierdie eienskappe ingesypel in volksmusiek,

sodat dit in direkte kontras staan met die gedagte dat volksang die basis vorm van alle musiek en dat kunsmusiek dus uit volksang sou ontwikkel het.

Volgens Apel (1976 : 324–325) het hierdie insypelingsproses egter 'n groter effek op die lirieke as op die melodieë van die volksliedere gehad. Talle lirieke van volksliedere wat ondersoek word, toon dat hulle slegs veranderde weergawes van kunsliedere is. Wat die melodieë betref, is sulke voorbeelde egter skaars. Die invloed “van bo” is hier meer algemeen van aard, naamlik slegs ten opsigte van die algemene stylraamwerk en ontwerp, wat dan oorspronklike skeppingswerk binne hierdie raamwerk toelaat.

Dundes (1980 : 175) sê dat volksmusiek beskryf kan word in terme van verskillende duidelike musiekelemente soos die toonleer, modus, melodiese kontoer en metrum.

Die probleem van eenheid en verskeidenheid kom in alle musiekkomposisies voor. Eenheid is 'n saambindende faktor wat die werk sinvol maak vir die luisteraar, terwyl verskeidenheid dit interessant maak.

Sonder saambindende elemente sou dit byvoorbeeld moeilik wees om die werk te onthou. Dundes sê ook op bladsy 178 dat daar gevolglik 'n groter mate van eenheid in volksmusiek en primitiewe komposisies skyn te bestaan as in Europese kunsmusiek, terwyl verskeidenheid dikwels uiters beperk is.

Eenvoud op sigself is 'n faktor wat eenheid bewerkstellig, sodat dit soms moeilik is om genoegsame verskeidenheid te verkry. Hoe eenvoudiger 'n musiekstyl is, hoe sterker kom die saambindende elemente dus na vore. Faktore wat eenheid bewerkstellig kan byvoorbeeld 'n herhaalde ritmiese motief wees, of 'n melodiese sekwensie, dit wil sê transposisie van 'n seksie na verskillende toonhoogtes. Tonaliteit bewerkstellig onderliggende eenheid in sowel Europese kunsmusiek as in volks- en primitiewe musiek. In laasgenoemde word dit egter op 'n ander wyse gedoen as in kunsmusiek omdat die vorme te kort is vir byvoorbeeld modulاسie.

Wanneer volksmusiek meerstemmig gesing word, kan die verskillende stemme óf dieselfde materiaal voortbring, óf in 'n hierargiese verwantskap gebruik word. By die eerste tipe kan twee stemme dieselfde musiek op verskillende toonhoogtes voortbring, wat parallelisme tot gevolg kan hê. Hier word dieselfde interval deurgaans tussen die melodie en die ander stemme behou. Wanneer dit nie gelyktydig plaasvind nie, lei dit tot nabootsing. Hierdie duplisering van materiaal bring ook eenheid teweeg.

Herhaling vind dikwels plaas in volksmusiek en dit bewerkstellig ook eenheid. Variasie van 'n gedeelte van die musiek gaan feitlik altyd saam met vorme wat hoofsaaklik herhalend is. Die gebruik van variasie is moontlik die grootste enkele afwisselingsfaktor wat staan teenoor die talle elemente wat eenheid in volks- en primitiewe musiek meebring. Daar kan afgelei word dat die kontras tussen Europese kunsmusiek en volks- en primitiewe materiaal deels te wyte is aan die feit dat kunsmusiek gebruik maak van tematiese ontwikkeling en volksmusiek nie.

In die sogenaamde “goeie ou tyd” van vroeër is daar meer saamgesing as wat vandag die geval is, maar selfs in dié dae het volksangers die geheue van die mens te hulp gekom. Meesal was dit nie met die wysies nodig nie, omdat 'n wysie makliker en langer as die woorde onthou word. Soms is die omgekeerde egter waar.

Hieroor sê Bouws (1969 : 37):

*Die meeste sangers het ook geen teoretiese musiekkennis gehad nie en die 'Tonic solfa' was nog nie in gebruik nie. Die 'liedeboeke' wat hulle aangelê het, was dan ook in die meeste gevalle net teksboeke, hoewel daar soms wel musieknote bygeteken was. So 'n liedeboek was met sorg saamgestel, dikwels met 'n aantal psalms en geestelike gesange in die eerste helfte en meer wêreldlike liedere in die tweede helfte. Die titels is met tierlantyntjies versier en hier is dus nie eintlik sprake van die 'eenvoud van die volkslied' nie.*

Tog kan met sekerheid gesê word dat dié liedere deur mense gesing is en hierdie liedeboeke het 'n erfenis geword wat deurgegee is van geslag tot geslag. As 'n paar “liedjiesboeke” ondersoek word, kan gesien word dat meer as die helfte van die bundel dikwels deur “songs” in beslag geneem word. Du Toit (1924 : 302) het bevind:

*Die vertaalde Kinderharp-liedere het ook deur middel van die Sondagskool en Kinderpreek gewild geraak. Die wysies was maklik singbaar, daar was notebegeleiding en die inhoud was stigtelik, wat aanhangers getrek het. Hierdie bundeltjies het die vroeëre selfaangelegde liederversameling in die familiekring of elders waar jongmense die geleentheid gehad het om binnenshuis die tyd met sang te verwy, begin vervang.*

Die wysie speel in die meeste gevalle die beslissende rol by die verspreiding van 'n lied. Vermoedelik het die digter van die lied 'n bekende wysie in gedagte gehad, soos dikwels die geval was. Soms is so 'n wysie deur die tekstdigter gebruik vir die toonsetting van 'n nuwe teks.

Volksmusiek het in vervloë dae uit 'n werklike behoefte ontstaan. In streke wat ver van die kerkdorp geleë was en waar die mense mekaar met psalms, lofsange en ander geestelike liedere wou leer en vermaan, het hulle dit gedoen op wysies wat hulle reeds geken het. Daar was egter ook wysies by wat die mense na bekende modelle geïmproviseer het. Daardeur was dit moontlik dat 'n spesifieke teks op verskillende plekke in die land 'n ander sangwysie gekry het. Soms was dit eintlik slegs 'n variant wat nie meer veel ooreenkoms met die oorspronklike getoon het nie, maar darem dieselfde wysie as vertrekpunt gehad het. Wat ookal die oorsprong van die wysie was, het dit heeltemal gepas by die geestelike woorde. Hierdie liederwysies is deel van die volk se geestelike erfenis.

Samevattend kan dus gesê word dat 'n volkslied enige lied is wat op 'n sekere oomblik deur die volk gesing word. Dit kan enige tipe lied insluit, wat wissel vanaf die treffer tot 'n gewilde operaliëd. Von Pulikowski (1933 : 90) het tereg opgemerk dat ook liedere wat deur eintlike toonsetters vir hoër stande geskryf is en wat byval vind omdat hulle 'n maklik verstaanbare en gewilde melodie het, selfs uit die operas, soms in die (liedereskat van) die algemene bevolking opgeneem en daardeur volksliedere word.

Die algemene gewildheid van 'n volkslied bepaal die lewe daarvan en 'n lied wat vir 'n lang tydperk steeds deur die volk gesing word, sou dus 'n volkslied genoem kon word.

Dit is baie moeilik om 'n ander volk en sy kulturele uitinge suiwer en regverdig te beoordeel. Persoonlike kontak met 'n volk is essensieël om tot 'n juiste gevolgtrekking te kom, hoewel dit nie genoeg mag wees vir 'n gefundeerde uitspraak nie.

#### **5.4      Karakteristieke eienskappe van die volkslied, met spesiale verwysing na die volksliedere van die Griekwas**

As die bevindings van verskeie van die bekende volksliednavorsers van die verlede krities vergelyk word, is daar 'n aantal gemeenskaplike en karakteristieke eienskappe van die volkslied wat uitkristalliseer. Strydom (1983 : 149 e.v.) het soortgelyke gevolgtrekkings gemaak gebaseer op veldwerk onder die Rehoboth Basters van Suidwes-Afrika. Die helder omlýning hiervan ontleen sommige daarvan tot hergebruik in verband met verwante materiaal en omstandighede, gevind tydens veldwerk onder die Griekwas. Hierdie eienskappe word nou bespreek, terwyl die volksliedere van die Griekwas terselfdertyd daarteen gemeet en as volksliedere geëvalueer word.



#### 5.4.1 Volksliedere word op gehoor aangeleer en mondeling deurgegee van geslag tot geslag

Op enkele uitsonderings na het die Griekwas selfs vandag nog geen formele kennis van musiek of musieknotasie nie. Tog maak musiek (en sang in die besonder) ’n baie belangrike deel van hulle lewens uit – hulle lééf as hulle sing. Baie min van hulle besit gesangboeke en waar gesangboeke wel aangetref is, bevat dit slegs die teks en nie musieknote nie. Boeke wat sekulêre musiek bevat, is nêrens onder die Griekwas gevind nie, behalwe die **F.A.K.-Sangbundel** wat volgens Myra Kelton, Griekwa-onderwyseres van Kokstad, vandag in skole gebruik word om die kinders uit te laat sing.

Willem Gahl, bejaarde Griekwa van Hawston, het verklaar dat die Griekwas liedere op gehoor aanleer: “Ons luister fyn en leer almal gelyk die lied”, wat ’n oplossing bied vir die onvermoë om musieknotasie te kan lees. Die Griekwas het nie self gesangboeke gehad nie maar op gehoor en gevoel gesing wat aan hulle geleer is. Benewens hierdie feit sing hulle nie slegs een nie, maar meer as een en soms al die strofes van ’n lied met vertroue. Sonder dat hulle musieknotasie kan lees, ken hulle talle liedere, meesal van gewyde aard en selfs lang koorwerke van buite en sing dit bowendien meerstemmig.

Op Krantzhoek sê die Griekwas by monde van mev. Jones en andere, dat die Kneg hulle leer sing het. Die tipiese Griekwaliedere wat onder meer daar gesing word en wat ’n weerspieëling is van hulle geskiedenis, hulle trekke onder die leiding van die Kneg en die mistiek aan hom verbonde, het in en ná sy leeftyd ontstaan. Hierdie liedere is inderdaad ’n musikale opsomming van grepe uit hulle geskiedenis.

Wie hierdie spesifieke liedere “geskryf” en die wysies daarvoor “gekry” het, kon in sommige gevalle vasgestel word, hoewel die verantwoordelike persone lankal reeds oorlede is. Dié liedere bestaan egter nie in opgetekende vorm in boeke nie, maar word getrou aan die kinders van elke geslag geleer sodat hulle “as volkskinders” die dinge wat daarin besing word, nie sal vergeet nie en die nagedagtenis van die Kneg in ere sal hou.

Die skrywers van baie van die Griekwaliedere is anoniem en daardie liedere as sodanig is dan ook tipiese oorgelewerde volksliedere. In Griekwaland-Wes is dit ook duidelik dat die liedere wat verband hou met die !gabasas deur mondelinge oorlewering behoue gebly het. Ook Klaas van der Westhuizen, wat meeste van die liedere wat hý gesing het, deur middel van die radio aangeleer het, moes uitsluitlik op sy geheue staatmaak vir die sing daarvan.

Die navorser is dit eens met, en het dit ook onder die Griekwas aangetref soos wat Nettl (1965 : 3) beskryf, naamlik dat mondelinge tradisie eenvoudig beteken dat musiek (soos stories, raaisels, handwerkmetodes en, inderdaad, alle folklore) mondeling oorgelewer word. Onder 'n volk of 'n ongeletterde kultuur moet 'n lied egter gesing en onthou word en deur een geslag aan die volgende geleer word.

Lloyd (1967 : 33) wys egter ook op die volgende:

*Though orality cannot be considered an essential condition of musical folklore, it remains of great importance because by whatever means the songs were learnt, once acquired, they began to lead a life quite independent of ink and paper.*

#### **5.4.2 Gewyde liedere kan as religieuse volksliedere beskou word en in besondere mate vir die Griekwas**

Strydom (in Du Toit, 1983 : 185) is die volgende mening toegedaan:

*Die kerklied is ook volkslied. Dit is die lied van die volk van God, die vergadering van die Here. Dit moet dus almal aanspreek en in die hart gryp: oud én jonk, geleerd én ongeleerd, gekultiveerd én minder ontwikkel. Onder alle lewensomstandighede moet die gelowiges daaruit kan put.*

Dat dit wel die geval is met die Griekwas, word bewys uit die frekwensie, die erns en oorgawe waarmee die lied “Juig aarde” (Psalm 100) byvoorbeeld deur die Griekwas gesing word – nie alleen as kerklied nie, maar ook in werksituasies. Die groot aantal wysies waarop dit bowendien deur hulle gesing word, is reeds afdoende bewys dat hierdie lied voortdurend en vreugdevol gesing word. Die byvoeging van nuwe wysies werk vernuwing en variasie in die hand.

Aansluitend hierby sê Von Pulikowski (1933 : 509) dat hy die “kerk” sien as die gelowige gemeente en die gemeente as “volk”, wat weer die gesange as “volksliedere” en “volksgesange” beskou. Die koraal of kerklike lied met geestelike inhoud is dan geestelike volksliedere.

In mindere mate geld dieselfde ook vir ander liedfamilies, soos dit in al die hoofgebiede van die Griekwas aangetref word. Tydens veldwerk het die vriendelike Griekwamedewerkers hul bes gedoen om samewerking te verleen, maar slegs met moeite daarin geslaag om 'n aantal sekulêre liedere uit die geheue op te diep. Telkens is daar teruggekeer na die

religieuse liedere want “waar die hart van vol is, loop die mond van oor”. Trouens, byna al die liedere wat die Griekwas sing, het ’n gewyde strekking.

Die kerklied is die daaglikse spys van die Griekwakind van heel jongs af. Gevolglik groei dit op hom en word ’n integrale deel van sy geestesgoedere. Deur mondelinge oordrag van geslag tot geslag word hierdie liedere dan volksbesit en kan dus volksliedere van die Griekwas genoem word.

So geïntegreerd het religieuse lied en volkslied by die Griekwas geraak, dat die omgekeerde ook waar is. Op Krantzhoek word die tipiese Griekwaliedere, benewens by openbare geleenthede, ook in die kerk gesing. Dit is inderdaad bedoel as kerkliedere en dit geld ook vir die gewone “geestelike liedere” soos “Die Griekwavolk opwaarts beur” (notevoorbeeld 124). Liedere soos “Deur die lyding van die Hoof” (notevoorbeeld 127) word ook deur die kinders in die Sondagskool gesing. Vir die Griekwas is hierdie liedere wel ook kerkliedere en as sodanig nie alleen “eie” musiek nie, maar ook “kerkmusiek”. Dit is volkseie en mag onvolmaak wees volgens geleerde en gekultiveerde standaarde, maar F.M. Gaum (in Du Toit, 1983 : 108) sê:

*’n Mens moet wel ook onthou dat die goeie en aangrypende gedig wat volgens menslike maatstaf die knapste verstegniek en die treffendste woord- en beeldgebruik bevat, by God verwerplik is as die geloof en die liefde dit nie ten grondslag lê nie. En God aanvaar óók die krom en skewe Gesang as offer aan Hom wanneer die geloof daarby kinderlik en die liefde waaragtig is.*

### 5.4.3 Volksliedere word in die volksmond dikwels tot iets nuuts omskep

Enersyds word die oorspronklike lied in die volksmond afgebreek, maar andersyds vind daar ook ’n konstruktiewe proses plaas deurdat variasies van die lied ontstaan, of selfs ’n nuwe lied opgebou word wat elemente van die ou lied bevat, maar wat moontlik beter aanpas by die omstandighede waaronder die lied gesing word. Hierdie “volksomskepping” is ’n proses van voortdurende verandering wat in die volksmond plaasvind.

Du Toit (1924 : 301) sê dat omvorming en selfs verbastering ’n eienskap is wat by alle volkspoësie ’n rol speel. Die ewolusie wat die Nederlandse taal in Suid-Afrika deurmaak het, het gelei tot die vormverandering wat talle Nederlandse volksliedere hier ondergaan het. Daar bestaan dus ’n parallelisme tussen die Afrikaanse volkspoësie en die Afrikaanse taal.

As 'n Afrikaanssprekende volk het die Griekwas die Afrikaanse taal in sy beginstadia van die Blankes geërf en die ewolusieproses van Nederlands na Afrikaans saam met die Blankes deurgemaak. Saam met die taal het hulle ook dié dinge wat aan 'n taal gekoppel word, soos die liedere wat gesing word, geërf.

Willem van Warmelo (1958 : Inleiding) het verklaar oor die geestelike lied:

*Afrikaanse liederwysies is eiegemaakte melodieë en soms ge-adopteerde maar veranderde geestelike en wêreldlike melodieë waarop in die vorige eeu Psalms, Gesange en ander godsdienstige tekste gesing is. Hulle vorm 'n integrerende deel van die geestelike lewe van die Kaapse pioniers en veral van dié wat op verafgeleë plase gewoon het en feitlik afgesny was van 'n gereelde aanraking met die beskaafde wêreld.*

In dieselfde trant skryf Boshoff en Du Plessis (1921 : 15) oor die sekulêre lied:

*... mettertyd word die liedjies oral deur die spelers versprei, sodat daar oral in die land nuwe liedjies ontstaan met lokale emendasies. Die verskillende variante, die onsin of ruwheid van die inhoud, die gebrek aan skoonheid – daarop word nie gelet nie, maar alleen op bepaalde rijmklanke of 'n bepaalde versmaat, waarbij alliterasie en assonansie sterk te pas kom.*

Hierdie veranderinge wat 'n lied in die volksmond ondergaan, is hoofsaaklik aan die mondelinge oorlewering daarvan te wyte en lei daartoe dat die oorspronklike vorm van die lied uiteindelik onbekend raak. 'n Voorbeeld hiervan is die lied "As ek na my mamma geluister het" (notevoorbeeld 271) wat op Krantzhoek gesing en reeds beskryf is. Daar is aangetoon hoe swerfreëls uit 'n baie ouer lied, vandag reeds vergete, as uitgangspunt gebruik is vir die skep van 'n nuwe lied. Die nuwe liriek het nuwe ontginningsmoontlikhede daargestel wat dan ook uitgebuit is deurdat die bestaande woorde hulle tot die skep van verdere strofes. Indien aanvaar word dat "Hier sit ek onder die hoogte" (musiekvoorbeeld 23) wel die oorspronklike lied was, is dit duidelik dat die lied ook melodies ontwikkel het. Dat dit wel in die volksmond so gebeur het, kon ook gesien word deurdat 'n musikale frase uit 'n kerklied sy weg na hierdie wysie gevind het, soos aangetoon is.

#### 5.4.4 Volkliedere kan in die volksmond "versing" word totdat dit betekenisloos word

Versing is 'n destruktiewe proses: die lied word oor en oor gesing en frases en periodes word uiteindelik heeltemal weggelaat. Volgens Strydom (1983 : 156) vind daar allerhande

slytasieverskynsels plaas, byvoorbeeld weglatings, invoegings uit ander liedere, kontaminasie, (liedvermengings) en vervlakking. Moeiliker woorde word in die volksmond deur makliker verstaanbare woorde vervang wat soms die hele betekenis verander of dit selfs onsinnig of belaglik maak. Dit is 'n proses waardeur die volk of volksanger die onverstaanbare vir homself verstaanbaar maak.

Voorbeelde van 'n gewyde lied waarin hierdie soort verandering plaasgevind het, is “Daar onder in die oliefontein” (notevoorbeeld 88). Die liriek is duidelik sinneloos en daar is geen verband tussen “oliefontein” en “die heuwel van Golgota” nie. Wat die oorspronklike woorde kon wees, kan slegs gegis word.

In “Ons dank u, Hoof” (notevoorbeeld 128) het ook 'n mate van liriekdisintegrasie plaasgevind deurdat “welgevalle volk” “weggevalde volk” geword het, waarskynlik met “welgevalde volk” as 'n trappie tussen-in. Hier is dit weer eens die “moeilike” woord met figuurlike betekenis wat geslyt het tot iets meer verstaanbaars wat, soos hulle glo, ook meer beskrywend is van hulle agteruitgang en verval, voor die Kneg hulle weer opgehef het.

“Show me the way to go home” (notevoorbeeld 64) is 'n uiterste voorbeeld van liriekdisintegrasie, waarin “tired” verander het na “time” en “bed” na “back”. Daarna volg 'n mengsel van Engels en Afrikaans waarin die woorde sodanig gedisintegreer het dat dit 'n brabbeltaal geword het wat nie neergeskryf kon word nie. Dié lied het sy waarde heeltemal verloor en onbruikbaar geword. Die afbrekingsproses het dus volledig plaasgevind.

Oor wat hier gebeur het, laat Du Plessis (1935 : 39) hom soos volg uit:

*Begripsverwarring tree in – sodat hulle blykbaar sonder besef van die oorspronklike betekenis gesing word.*

In “Hasie” (notevoorbeeld 52) het 'n gedeelte van die liriek heeltemal verval en is deur 'n alombekende kinderrympie vervang, terwyl die tweede helfte van die lied “Ek verlang na my meisie” (notevoorbeeld 280) heeltemal afgesny is en verlore geraak het.

Volksang is dus onderhewig aan korrupsie en verandering, wat spruit uit die “versingingsproses”.

#### 5.4.5 Volksliedere openbaar soms 'n mistieke element

Die element van mistiek speel 'n belangrike rol in die volksliedere van die Griekwas, veral rondom die Griekwas se volkwees en die profeet- en leierskap van die Kneg. Trouens, sonder kennis van en insig in hierdie mistiek, is dit onmoontlik om die inhoud en betekenis van hierdie liedere na behore te peil.

Na aanleiding van die afgesonderde, gevaarlike en moeilike lewe wat die pioniers van wel-  
eer moes lei, skryf van Warmelo (1958 : 16):

*Ons kan begryp dat die lewe onder hierdie omstandighede die mense geestelik onbeholpe gemaak het, dat sonder die vaste hand van 'n predikant ook die godsdiensoefeninge ongebalanseerd en dilettanties geword het, soveel selfs dat dit soms oorgeslaan het in dwepery: 'Deze neiging tot mystisch-godsienstige dweeperij' sê Schonken, 'is een natuurlijk-psychologisch gevolg van het eenzame, van het wereld vervreemd leven'.*

Daar is 'n merkwaardige ooreenkoms met die lewensomstandighede van die Trek Griekwas en die beskrywing wat Van Warmelo gee van die daaglikse lewe van die pioniers:

*Die kulturele bande met die beskaafde wêreld was vrywel verbreek en die mense moes tevrede wees met hul lae lewensstandaard. Die onderwys was swak en daar is nie gelees nie, sodat ook hierdie band met die buitewêreld verbreek was. Kerkbesoek was uiters moeilik. Daar was geen vermaaklikheid nie ... dus bly net jagpartye oor en vir geestelike opheffing die huisgodsdienste en die sing van psalms en ander stigtelike gesange, wat deur die vrouens ook dikwels gesing was, terwyl hulle met huiswerk, handwerk en naaldwerk besig was ....*

Volgens hom het bewuste denke naderhand verlore geraak en die gedagtes begin dwaal. 'n Neiging tot dwepery het ontstaan en die afgesonderdheid te midde van voortdurende gevare het aanleiding daartoe gegee dat 'n uitlaat in godsdienstige beoefening gesoek is. Die mense kon hulle hoop en verlangens daarin uitstort en hulle met hart en siel daarin uitleef. As gevolg daarvan is die psalms en ander godsdienstige gesange gesing in 'n gemoedstoestand wat aan eksaltasie gegrens het.

Van Warmelo se motivering vir die sterk godsdienstige aanhang van die pioniers en die geestelike musiekbeoefening wat daarmee saamgaan, is waarskynlik ook op die Griekwas van toepassing.

Hulle het ook dae van swaarkry beleef, baie ontbeer tydens hulle moeisame trekke en moes ook vir lang tye in afsondering voortbestaan sonder leiding op geestelike gebied. Ook vir hulle was die godsdiens 'n anker, iets waarop hulle hul hoop en verwagting kon vestig. Dit is dus nie vreemd dat 'n mistieke element, wat so nou verweef is met hulle ontstaan as 'n volk en hul hervorming as 'n nasie, in hulle tipiese volksliedere ontstaan het nie. Uiteraard speel dit slegs 'n rol in die geloofslewe van die Le Fleur-Griekwas, wat navolgers is van die Kneg en speel dit geen rol in byvoorbeeld die lewens van die Kokstad-Griekwas nie.

Voorbeelde van hierdie mistiek kom voor in “Die Griekwawolk opwaarts beur” (notevoorbeeld 124) waarin daar in strofe 1 verwys word na Adam Kok, wat as mistieke figuur selfs ná sy dood in staat is om die volk teen gonsende koeëls te beskerm. In “Deur die lyding van die Hoof” (notevoorbeeld 127) is dit weer die Kneg wat as onsterflik besing word en van wie gesê is: “Hy is nie dood nie, hy is slegs ‘aan die oorkant’, waar hy nou vir ons by God kan pleit”.\*

#### 5.4.6 Die volkslied is nie hoogdrawend nie, maar eenvoudig

Die volkslied het juis sy voortbestaan daaraan te danke dat dit selfs vir die eenvoudige van gees verstaanbaar is. Ook weens die feit dat dit nie kunsmatig is nie, maar eg, en as sulks kosbare volksbesit geword het. Hetsy beskaafd of onbeskaafd, het elke volk sy eie volksang en dit reflekteer die gedagtegang van die gemeenskap waaronder dit gewild is. Daarom is dit vir hulle bekend en vertrouwd en is dit nie vir hulle nodig om dit anders te probeer voorstel as wat dit werklik is nie. Om dieselfde rede vind dit ook aanklank by die temperament van die volk. Kunsmusiek, daarenteen, sou slegs aanklank kon vind by 'n kultuur, wat op sy beurt weer kan verander wanneer sekere standaarde of gedagtegeange verander. Hieruit volg dan dat volksang liedere sou impliseer wat die goedkeuring van die “gewone” mense wegdra.

Boshoff en Du Plessis (1921 : 11) sê in hierdie verband:

*Die ‘Lied’ is die natuurlikste, naïefste en direkste digterlike uitingsvorm van menslike gevoel.*

Wat in die voorwoord van dieselfde boekie gesê word, kan in die regte verband ook op ander volkere toegepas word:

---

\*Gesê deur 'n Griekwawrou tydens sangopnames wat in Julie 1982 gemaak is.

*Immers, ons liedjies verteenwoordig 'n afrikaanse kultuurvorm ... en is be-  
liggaam in die suiwere afrikaanse volkstaal ... dis soos die kaapse wijne, 'n  
produkt van die son, die lug, die grond en die Boervolk van Suid-Afrika.*

Ook Von Pulikowski (1933 : 75) stem saam met hierdie siening wanneer hy verklaar dat die volkslied verstaanbaar en nie ingewikkeld is nie en ook singbaar is deur die leek, aangesien die volkslied deur eenvoud gekenmerk word.

Baie van die Griekwas se volksliedere voldoen aan hierdie eienskap. Slegs enkele voorbeelde word kortliks aangehaal: “Die doeke met die kolletjie” (notevoorbeeld 275) illustreer 'n insident – 'n mooi meisie met 'n kolletjiesdoek om haar kop het vasgehaak aan die doringdraad toe sy daarvoor wou klim. Al haar pogings om los te kom, was tevergeefs. Die liriek is dus baie eenvoudig en beskryf 'n insident uit die alledaagse lewe, waarskynlik op 'n plaas, soos die grens van hakiesdraad suggereer. Die vorm van die lied is strofies. In elke geval word 'n enkele sin of gedeelte van 'n sin drie keer herhaal en dan in al vier strofes afgesluit met dieselfde woorde “sy kan haar nie loskry nie”.

Melodies is die lied ook ongekompliseerd. Dit is pentatonies en besit 'n omvang van slegs 6 note. Die kwartinterval aan die begin van die lied is tradisioneel en kom dikwels voor in die volkslied. Voorbeelde hiervan in Suid-Afrikaanse volksliedere is byvoorbeeld die begin van “Pollie ons gaan Pêrel toe”, “Môre oompie, môre tannie” en “Vanaand gaan die volkies koring sny”, om maar 'n paar op te noem.

“I am going far away” (notevoorbeeld 110) besit weer eens 'n eenvoudige liriek: ek gaan ver weg en laat jou alleen, maar dra die beeld van 'n mooi dingetjie (jou beeld) met my saam. Herhaling van woorde en frasedele speel 'n groot rol, soos ook in die vorige lied. Die aanvangsinterval is ook 'n kwart en die omvang van die wysie 'n oktaaf. Die vorm is reëlmatig en geslaan twee viermaatfrases.

“Jou boerbokkie” (notevoorbeeld 53) wat ook as “Janloer bokkie” gesing is, is ook reëlmatig en strofies en besit 'n omvang van 'n oktaaf. Die feit dat ook hierdie lied se wysie met dieselfde stygende kwartinterval begin as die vorige twee wat hier beskryf is, herinner aan Karpeles (1973 : 23) se woorde:

*Stock phrases or commonplaces ... are ... the framework upon which the  
traditional singer weaves his pattern of song ... a favourite opening is that  
of a descending passage from dominant to tonic, as is also an ascending  
passage from tonic to dominant ...*



Die inhoud van hierdie liedjie is tergend, dog direk en op die man af. Die sanger sien homself as 'n Casanova – sy bokkie of meisie, meen hy, sal swaar kry sonder hom. “Janloer” kan hier betrekking hê op “janloers”, oftewel “jaloers”. Hiermee spreek hy haar dan aan as sy bokkie wat jaloers is op sy aandag. Die verdere inhoud is baie duidelik en elke agtmaat strofe eindig met dieselfde refreinagtige woorde, “want die liefde bly tog by my”, wat die lied as eenheid saamsnoer.

Hoewel talle ander voorbeelde ook ter illustrasie van hierdie eienskap van die volkslied opgehaal kan word, word volstaan by hierdie drie voorbeelde, een uit elke Griekwa-gebied.

#### 5.4.7 Die volkslied het soms 'n sosio-politieke funksie

Betty Wang (in Dundes, 1980 : 308) het gesê dat een van die belangrikste funksies van folklore die diens is wat dit lewer as 'n middel tot sosiale beswaarmaking. Waar daar ook al onreg geskied of verdrukking plaasvind, kan 'n mens seker wees dat die veronregtes 'n mate van vertroosting in folklore sal vind.

Sy het ook gesê dat folklore 'n kollektiewe uitdrukking is en nie individueel nie deurdat dit slegs verslag lewer van wat die volk as geheel sê. Folklore reflekteer ook 'n klassiekonflik (byvoorbeeld ryk en arm) en is 'n wapen van hierdie konflik. Die moraal is dan dat die arm maar verdienstelike gewone mense (volk) die feudale kapitalistiese gemeenskap moet verower. Folklore is dus 'n uitstekende bron van propagandamateriaal. Dit word gevolglik dikwels deur politici in 'n beheerende hoedanigheid gebruik en dit is dan nie soseer die volksang self wat die politiek reguleer nie, maar andersom.

Ook Lloyd (s.j. : 30) spreek hieroor 'n mening uit:

*... a way of satisfying a longing for a better world is by direct social action ... what you do get is plenty of songs describing bad conditions ... there may have been quite a body of wonderful folksongs dealing with social struggle ... generally the ... folksinger chose the ... way of consoling himself for his life and hard times; he did not deny the facts of life nor did he sing about changing them, but he coloured them and wrapped them often into something beautiful and tragic and honourable.*

Die Kneg het die Griekwas met sy unieke persoonlikheid beïndruk. Hy het 'n langtermynplan ontwerp wat sou lei tot die hervorming, opheffing en vereniging van die

Griekwavolk en hy het inderdaad ook sang en kore as 'n middel tot hierdie doel gebruik. Hy was 'n bedagsame en sorgsame leier wat die geluk en lyding van sy volk as sy eie beskou het. In sy lewe en na sy dood was sy naam op die lippe van sy volk en het volksliedere met sy naam as tema onder die Griekwas ontstaan. Hierin is sy opofferinge vir en weldade aan sy volk verwoord en dit word nie alleen deur volwassenes gesing nie, maar ook deur kinders, wat dit aan moedersknie en in skole en Sondagskole leer.

Die Kneg het dus vir die Griekwas die simbool van hulle “nasielikheid” geword. Hy het weer van hulle 'n nasie gemaak. Hy het vir hulle 'n eie kerk gestig om die Griekwas as volk bymekaar te hou en dit impliseer 'n politieke grondslag. Die dogters van die volk wat met hulle sang die land deurkruis het om die volksgenote bymekaar te maak, gee weer 'n sosiale kleur aan die volksliedere. “Die volk is na mekaar toe gesing,” sê hulle. Die Griekwasaak het dus wel 'n politieke/sosiale doelstelling. In die bymekaarmaak van die volk is die verskillende wederstrewende funksies aanwesig. Die sang in die kerke hou die Griekwas bymekaar en ook vas aan die Kneg se leerstellings. Hy het hulle geleer dat daar 'n dag van verlossing sal kom en hierdie woorde word ook in liedvorm deur die Griekwas gesing.

Toegepas op die Griekwas sou Wang se stelling impliseer dat hulle as verdruktes en veronregtes gesien kan word, wat vertroosting vind in hulle liedere van beloftes en verlossing. Notevoorbeeld 124–131 verteenwoordig hierdie tipe lied.

#### **5.4.8 Volksliedere maak soms van onkonvensionele toonlere soos die pentatoniese toonleer en dié van die ou kerkmodusse gebruik, maar is oorwegend in die majeur- of ioniese modus**

Die karakter van elke melodie kan deels afgelei word van die modus waarin dit gegiet is. Liedjies in die pentatoniese toonleer kom redelik algemeen voor in die volksliederskat van die Griekwas. Ofskoon van die liedere suiwer pentatonies is, soos “Basoetoeliedjie” (notevoorbeeld 117) toon sommige slegs 'n neiging tot pentatonisme omdat daar miskien tog 'n enkele verskyning van 'n ontbrekende toon soos die leitoon sy verskyning maak (kyk na “Die doeke met die kolletjie”, notevoorbeeld 275 en “Ek dink weer vanaand aan my blou-oog”, notevoorbeeld 56). Verskillende tipes pentatonisme kom voor deurdat dit nie altyd dieselfde toontrappe is wat weggelaat word in die verskillende liedere nie. Die feit dat die leitoon gewoonlik een van die ontbrekende toontrappe is, lei daartoe dat die tonaliteit in 'n mate versluier is.

Soms word onkonvensionele toonlere vermeng met dié van die ou kerkmodusse soos in die geval van “Basoetoliedjie” wat wel pentatonies is maar ook aeolies/doriese eien-skappe besit.

'n Enkele liedjie in die suiwer lidiese modus is in Kokstad aangetref. Liedere in dié modus kom egter baie minder algemeen voor as dié wat pentatonies is. Sharp (1954, 1972 uitgawe : 69) het in Engeland bevind:

*The majority of our English folktunes, say two-thirds, are in the major or ionian mode. The remaining third is fairly evenly divided between the mixolydian, dorian and aeolian modes, with, perhaps, a preponderance in favour of the myxolydian.*

Dit is opvallend dat die Griekwas slegs in majeuretoonsoorte (die ioniese modus) sing, wat tradisioneel met opgewektheid geassosieer word. Hulle sing dus nooit in die mineur of aeoliese modus nie, wat weer aan emosies soos weemoed en droefheid gekoppel word. Nogtans slaag hulle onbewus daarin om aan hierdie sang in majeuretoonsoorte 'n kwaliteit van onpeilbare heimwee te verleen.

In die myxolidiese modus kom die leitoon van die majeureklinkende toonleer in verlaagde vorm voor. Hoewel daar by die Griekwas geen lied gevind is wat konstant in die myxolidiese modus is nie, word momentele verlagings van die leitoon tóg in baie van die Griekwaliedere gevind. Aangesien dit gewoonlik in die meerstemmige liedere voorkom en dan ook gewoonlik in die tenoor- of altstem, kan dit egter eerder as 'n tussendominant beskou word, wat dan die subdominanttoon tot tydelike tonika verhef. Hierdie momentele leitoonverlagings is 'n voorliefde van die Griekwas. 'n Voorbeeld hiervan kom voor in “Ons dank u, Hoof” (notevoorbeeld 128), mate 4<sup>4</sup>–5<sup>4</sup>. Ook in “Deur die lyding van die Hoof” (notevoorbeeld 127), maat 14<sup>2-4</sup> en in heelwat ander liedere.

#### **5.4.9 Daar vind 'n wisselwerking plaas tussen die volksliedere van kulture wat langs mekaar bestaan**

Legassick (1969 : 634) het gedefinieër dat 'n grensgebied 'n streek is waar verskillende kulturele tradisies met mekaar in aanraking kom en interaksie plaasvind onder toestande waarin dit nie vir 'n politieke gemeenskap moontlik is om onbetwisbare en wettige seggenskap te verkry nie. Hy sê verder dat W. Campbell raakgesien het dat die Griekwakern van die gemeenskap hoofsaaklik Hottentotte was, met gewoontes soos dié van ander Hottentotstamme. Die invloed van Europese gewoontes, geloof en politieke organisasies

was nog nie diep gewortel nie. Reeds hier het twee kulture langs mekaar bestaan naamlik dié van die Hottentotte en dié van die Blanke Sendelinge. In hierdie geval is die Griekwas egter nie toevallig beïnvloed nie, maar is in 'n groot mate daartoe gedwing deur die Sendelinge wat doelbewus die bestaande oerkultuur as barbaars en heidens afgemaak het en met die Christelike geloof vervang het. Tog bestaan elemente van albei kulture vandag steeds onder die Griekwas van Griekwaland-Wes en sing hulle geestelike liedere, maar ook die liedere wat met die !gabasas of "Griekwastap" verband hou (notevoorbeeld 43–50) terwyl die puberteitseremonie wat daaraan gekoppel word, steeds beoefen word.

In hierdie verband het Bartók (1931, 1979 uitgawe : 3) beweer dat wanneer 'n nuwe musiekstyl onder die plaasarbeiderstand opkom en die konserwatiewe instink van hierdie stand nie baie sterk is nie, oorskadu die nuwe styl geleidelik die ouer styl. Waar die konserwatiewe instink egter aktief bly, bestaan beide die ou en nuwer style naasmekaar.

In die Kokstadgebied wat grens aan Natal, die Transkei en Lesotho, is "Basoetoeliedjie" (notevoorbeeld 117) onder die Griekwas gevind. Aangesien dié liedjie sy oorsprong het in 'n aangrensende gebied waarin 'n ander kultuur as dié van die Griekwas bestaan, toon dit ook dat daar beïnvloeding plaasgevind het. So ook deur "Xhosaliedjie" (notevoorbeeld 118), wat weer dui op invloed vanuit die Transkeigebied.

Die Engelse liedere wat deur die Griekwas gesing word, is ook ontleen aan 'n ander kultuur. Waar Engelse en Afrikaanse woorde vryelik in die lied vermeng word is dit ook die geval soos in "Hallo my Basie" (notevoorbeeld 61). Bewoording soos "daar is 'n 'stênd' 'n poliesman voor die 'dôr'" (spelling volgens uitspraak aangebring om Engelse woorde te beklemtoon), kom in dié lied voor. Van die Afrikaanse liedjies is weer aan die Afrikanerkultuur ontleen, soos ook byvoorbeeld dié wat uit die F.A.K.-Sangbundel kom.

Deur gesing te word, is die geërfde lied onderworpe aan 'n proses van omskepping in die volksmond waardeur hulle uiteindelik nie slegs uitheemse liedere is wat van elders na hulle gekom het nie, maar inheemse volksliedere met bekende en vertroude kwaliteite.

Deurdát so 'n uitheemse lied versprei en oral waar dit gesing word, op verskillende maniere ontwikkel, ontstaan daar liedjies wat uiteindelik soveel van die oorspronklike verskil, dat hulle as "nuut" bestempel kan word. Kyk in hierdie verband na "The white horse" (notevoorbeeld 107) waarvan die refreinagtige "Rose is my darling" moontlik afkomstig is van die refrein uit die oorspronklike Engelse lied, "Rosie". Hier het dus 'n nuwe lied uit 'n ander kultuur ontstaan, met wat Boshoff en Du Plessis (1921 : 15) 'n "lokale emendatie" noem.

#### 5.4.10 Daar vind min of geen modulasies in die volkslied plaas

As in gedagte gehou word dat daar in die algemeen geen modulasie plaasgevind het in kunsmusiek vóór ongeveer 1625 nie, is dit nie verbasend dat modulasie uiters selde in volkswysies plaasvind nie. Hoewel daar feitlik nooit 'n verandering in tonale sentrum plaasvind in volkswysies nie, kan sekere nootinfleksies egter soms as 'n modusverandering aangevoel word.

So min vind modulasies in volksmusiek plaas dat Howes (1969 : 154) beweer dat

*the avoidance of modulation is almost a litmus-paper test for the authenticity of a folk-song.*

Modulasie vind dan ook nie in die Griekwas se volksliedere plaas nie. In die lang koorwerk “sing onse God lof ter alle tyd” (notevoorbeeld 26) wat 72 mate behels, vind egter wel 'n modulasie na die subdominanttoonsoort plaas in mate 42<sup>3</sup>–58<sup>2</sup>. Hierdie lied is egter deur 'n koorleier uit 'n boek aan hulle geleer en hoewel dit tans slegs op mondelinge oordlewing berus en as volkslied geklassifiseer kan word, het dit as kunslied sy ontstaan gehad. Ook die eieskepping van Peter Marais kan as kunslied gesien word (kyk “Turn back the tide”, notevoorbeeld 67) en daarin kom ook 'n modulasie voor.

Hoewel dit nie as ware modulasies bestempel kan word nie, maak die Griekwas wel dikwels in hulle meerstemmige gewyde liedere van tussendominante gebruik. In hierdie verband is die verlaging van die leitoon wat daartoe lei dat die subdominant tydelik tot tonika verhef word, reeds genoem. Dit gebeur egter ook met ander toontrappe en 'n paar voorbeelde word uitgelig: In “Waar is tog my rus?” (notevoorbeeld 126) vorm die D in maat 3<sup>3</sup> 'n tussendominant na die dominanttoonsoort deur middel van die verhoogde subdominanttoon. Dit los egter nie op na die nuwe tonika, die dominant nie, maar word onmiddellik gevolg deur 'n verdere tussendominant, wat weer lei na die oorspronklike toonsoort. Dit is dus 'n wisseldominant.

In “God het belowe” (notevoorbeeld 125) vind 'n verhoging van die subdominanttoon in maat 2 plaas in die tenoorstem. Dit is 'n tussendominant wat die dominanttoon tydelik tot nuwe tonika verhef, soos ook in maat 5 gebeur het.

Hoewel die gebruik van tussendominante 'n algemene gebruik in kunsmusiek is en dit nie uit eie geleedere onder die Griekwas ontstaan het nie, gebruik hulle dit so dikwels dat dit as 'n voorliefde bestempel kan word. Daardeur verkry die religieuse liedere wat hulle

sing, dan ook 'n eie, persoonlike karakter. Dit is ook gewoonlik die tenoor wat vir hierdie element sorg, wat dit ook meer eie aan die Griekwas maak.

#### 5.4.11 Improvisasie speel 'n rol by die ontstaan van die volkslied

Bartók (1931, 1979 uitgawe : 2) het gesê:

*Whether peasants are individually capable of inventing quite new tunes is open to doubt. Peasants are inclined to alter all the musical elements of which they get hold.*

Boshoff en Du Plessis (1921 : 17) voeg hierby:

*So het dit met ons volksliedjies in die verlede gegaan en so gaan dit nog vandag met hul; hul word gebore op verskillende maniere en plekke, pas hul aan hul geestesomgewing aan, groei soms aanmekaar, soms deur mekaar en dan weer soos parasiete op mekaar, ontwikkel en lewe in die volksmond of sterwe uit by gebrek aan aanpassingsvermoë.*

Hieruit is dit duidelik dat improvisasie noodwendig ook 'n rol sal speel in die omvorming en “versinging” van volksliedere in die volksmond. Die volksanger neem uit die lied waarvan hy hou en improviseer daarop sodat dit by die omstandighede van die oomblik kan aanpas. Ornamentering, wat 'n kwessie van persoonlike smaak is en wat sal verskil van voordraer tot voordraer, speel ook hierin 'n rol, sodat Howes (1969 : 33) opmerk:

*Another device adopted by the folksinger to extend his range of expression within his monodic art is ornamentation of his vocal line, which might in extreme cases become melisma.*

“Eendag toe ek jonk was” (notevoorbeeld 272) skyn improvisatories van aard te wees. Dit besit 'n verteltrant en begin ook met die “daar was eendag ...” element waarmee verhaaltjies dikwels begin.

Die feit dat die rymelement ook ontbreek, verhoog die gevoel dat iets vertel word en nie gesing word nie. Die tweede frase (mate 5–8) stem ooreen met die wysie van die tweede frase van “Clementine”, 'n bekende Engelse volksliedjie. In maat 15 word die enkele lettergreep “ster-” (uit “sterwe”) melismaties oor drie polse versprei.

Ook in hulle koorsang dien die feit dat die kontoer van elke stem nie altyd presies dieselfde is vir elke strofe nie, op die improvisatoriese aard van hulle sang.

Waar die volksanger nie dadelik aan 'n geskikte wysie kan dink vir die woorde wat hy wil sing nie, sing hy soms 'n aantal lettergrepe op dieselfde toonhoogte, soos in "My moeder" (notevoorbeeld 65). Ook hier word "Moeder" melismaties gesing, met die eerste lettergreep oor vier tone versprei in maat 2 en oor twee in maat 4. Die aard van 'n wysie soos hierdie dui sterk op improvisasie.

#### 5.4.12 Die volkslied is in die geval van die Griekwas, nie altyd suiwer melodies, soos wat algemeen onder ander bevolkingsgroepe aanvaar word nie

Die meeste volksliedere word gewoonlik eenstemmig en selfs sonder begeleiding, gesing. Die moderne luisteraar is egter harmonies ingestel en visualiseer die moontlike harmonie van 'n wysie as hy dit hoor.

Hoewel die Griekwas nie formele musiekonderrig ontvang het en byvoorbeeld harmonie bestudeer het nie, het hulle onbewus geleer om harmonies en in drieklankkonstruksie te dink toe hulle geleer is om in kore te sing. Trouens, sodra daar meer as een sanger op die toneel is, is die Griekwas geneig om in stemme te sing. Die voorsinger sit die wysie van die lied in en die ander stemme oriënteer hulself outomaties in drieklankkonstruksie ten opsigte van die sopraan. Begeleiding skyn hierin geen rol te speel nie, aangesien baie min begeleidingsinstrumente onder die Griekwas aangetref is.

Wanneer hulle begin sing, gebeur dit gewoonlik soos volg: die wysie word ingesit deur 'n voorsinger wat gewoonlik 'n tenoor is, waarna die soprane die wysie oorneem. Hulle noem dit die "voorstemme". Die alte of tenore val volgende in en daarna die derde stem. Dit word deur hulle die "agterstemme" genoem. Gevolglik kan die lied eers by die herhaling daarvan (wat altyd gebeur), of by die tweede strofe, as 'n geheel in sy meerstemmigheid waargeneem word. Kodály (1971 : 112) het soortgelyke gebruike onder die Hongare aangetref:

*There are independent, leading singers, who know a lot and know it well.  
There are others who will join in if someone starts but are uncertain by  
themselves ... the passive type does not sing but only listens.*

Behalwe die talle gewyde liedere wat die Griekwas drie- of meerstemmig sing, is daar ook baie sekulêre liedere waarmee dit die geval is. Feitlik al die liedjies wat deur die groepie bouers op Plettenbergbaai gesing is, is byvoorbeeld meerstemmig gesing. Kyk hier na

“As ek na my mamma geluister het” (notevoorbeeld 271), “If you want to be a New Heart” (notevoorbeeld 285) en “Voorstellingslied” (notevoorbeeld 281) om maar ’n paar op te noem. Dieselfde geld vir die groepie vroue wat op Plettenbergbaai gesing het, hoewel daar wel in hulle geval ghitaarbegeleiding was. “Gooi ek my trane” (notevoorbeeld 284) en “Talihi!” (notevoorbeeld 273) is van die liedjies wat hulle gesing het.

“Basoetoliedjie” (notevoorbeeld 117) is een van die min liedjies wat opval as suiwer melodies, waarskynlik ook weens die feit dat die tonaliteit nie duidelik omlyn is nie.

#### 5.4.13 Volksliedere binne een groep vertoon baie verskille, sowel wat vorm as inhoud betref

Baie verskille in volksliedere ontstaan as gevolg van die doel waarvoor hulle gebruik word. Die Griekwas sing verskillende soorte volksliedere, waarvan die individuele belangrikheid of sosiale waarde teen die alledaagse lewe van die volk gemeet word. Rofweg kan vier tipes volksliedere met fundamentele verskille onderskei word:

- (i) Die gewyde liedere word meerstemmig gesing en sluit ook die lied “Juig aarde” (Psalm 100) in. Die sosiale waarde van dié lied is so groot dat die Griekwas self nie seker is op hoeveel verskillende wysies hulle dit sing nie. Volgens hulle is die Griekwa Independentente Kerk op dié lied gebou, wat in die kerk en op volksvergaderings gesing word, maar ook in huise waar gewerk word en selfs op ’n bouterrein waar gemessel word. Ofskoon die inhoud van die lied dieselfde bly, is dit vir die Griekwas ’n veelsydige lied wat vir baie doeleindes gebruik word. Sekere van die wysies word ook aan spesifieke gebeurtenisse in hulle geskiedenis gekoppel.
- (ii) Die liedere en musiek wat tydens die !gababas-seremonie gebruik word, word weer aan bygelowe (die waterslang) gekoppel. Sowel die musiek as die liriek van hierdie liedere is baie eenvoudig en verskil radikaal in karakter en inhoud van byvoorbeeld die gewyde liedere hierbo genoem. Dit is egter ’n oorblyfsel van hulle Hottentottevoorvaders en die Sendelinge kon nie daarin slaag om hierdie oerkultuur heeltmaal uit te roei nie.
- (iii) Daar is ook die tipiese Griekwaliedere van Krantzhoek, wat ooreenstem in karakter met ander gewyde liedere, maar wat ’n musikale opsomming is van grepe uit hulle geskiedenis. Hierdie liedere is van geskiedkundige waarde omdat juis daardie deel van hulle geskiedenis tot datum nog nie formeel in druk



verskyn het as geskiedenis nie. Dié liedere het ook opvoedkundige waarde deurdat die Griekwas dit aan hulle kinders leer. Die doel daarvan is juis dat hulle só die geskiedenis moet leer ken en ook moet hoor van die groot dade wat die Kneg vir sy volk gedoen het, sodat hulle steeds sy nagedagtenis kan eer. Hier lê die basiese verskil met ander volksliedere dus in die inhoud daarvan.

- (iv) Dan is daar ook die gewone Engelse en Afrikaanse volksliedjies wat vroliker van aard is en handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe, soos die liefde, sport en so meer. Hulle verskil ook weer van die ander tipes volksliedere hierbo genoem en ook onderling in karakter.

#### 5.4.14 Kunsmusiek en volksmusiek beïnvloed mekaar

Volksmusiek en kunsmusiek het nog altyd raakpunte gehad en bestaan nie geïsoleerd in waterdigte kompartemente nie. Gevolglik vind daar wedersydse beïnvloeding plaas. Dikwels word volksmusiek aangepas vir liturgiese gebruik deurdat sodanige wysies aan psalms en gesange gekoppel word. Laasgenoemde kan soms selfs 'n parafrase van die sekulêre lied wees.

Enersyds skryf Machlis (1961 : 298):

*Vaughan-Williams was primarily a melodist. His love of folk tunes was part of an essentially melodic approach to music ... characteristic is his great fondness for the flattened seventh step, an effect found in folk tunes based on old scales ...*

wat dui op die inkorporering van volkswysies en die universele eienskappe daarvan in sy musiek, wat kunsmusiek is.

Andersyds beweer W.M.L. Strydom (in Du Toit, 1983 : 118):

*Anders as in Amerika waar die spirituals veral onder die Negers ontstaan het, het by die Kleurlinge geen eie musiek en beslis geen kerkmusiek ontwikkel nie en dit ten spyte van hulle besondere voorliefde vir sang.*

Die Griekwas het egter wel oorspronklike liedere geskep, waaronder die tipiese Griekwaliedere van Krantzhoek die betekenisvolste is. Soos reeds aangetoon, is hierdie liedere

wel deur bestaande kerkliedere beïnvloed, sowel wat melodie as uitgangspunt vir die bevoording betref. Party van hulle is egter heeltemal oorspronklik. Hulle is nogtans in die kerkliedidoom geskryf, sodat gesê kan word dat hulle stilisties beïnvloed is deur kunsmusiek.

#### 5.4.15 Soms kom daar suggestiewe of growwe taalgebruik in die volkslied voor

Die erotiese liedere met suggestiewe taalgebruik wat onder die Griekwas gevind is, getuig daarvan dat verfyning en volksang nie juis hand aan hand gaan nie. In “Martina se land” (notevoorbeeld 283) word die erotiek en die genot wat die sanger daaruit put, op ruwe en geen subtile wyse nie, beskryf. Behalwe vir hierdie lied en “Die wegtrap van die jongmeid” (notevoorbeeld 282) wat albei voorheen reeds breedvoerig bespreek is, is daar geen ander liedere van hierdie aard onder die Griekwas gevind nie, hoewel daar nog mag bestaan. Dié twee voorbeelde is egter voldoende om die bewering te staaf dat hierdie tipe lied wel onder volksliedere, en ook dié van die Griekwas, aangetref word.

#### 5.4.16 Die vertolking van die volkslied is dikwels volkome vry en nie maatstreepegebonde nie

Soms lyk ’n volkslied wanneer dit neergeskryf word, baie kompleks as gevolg van die vrye ritme wat dikwels deur die volksanger gebruik word en wat tot onreëlmatigheid van die maatstreepe lei. In werklikheid het die lied egter baie eenvoudig en natuurlik geklink toe dit gesing is. Onreëlmatigheid is ’n natuurlike en onafwendbare eienskap van musiek wat instinkmatig voortgebring word.

’n Goeie voorbeeld hiervan is die lied “Just a song in twilight” (notevoorbeeld 266) soos gesing deur Ernest Keet van Krantzhoek. Al verander die metrum feitlik van maat tot maat, hinder die onreëlmatigheid gladnie. Inteendeel, dit verleen juis ’n natuurlikheid en ongebonde vryheid daaraan, terwyl die lang note aan die einde van frases tegelykertyd rustigheid en spanning skep.

Apel (1976 : 382) sê dat die verskynsel van hemiola wat ’n verandering van, sê, 6/4 na 3/2 (of vice versa) behels, dikwels in 15de-eeuse en Barokmusiek aangetref is.

Die Griekwas is lief vir hierdie tipe maatslagverandering. “Juig aarde” (notevoorbeeld 12) bevat ’n voorbeeld daarvan. So ook notevoorbeeld 15, waar die verandering van 6/8 na 3/4 in maat 3 plaasvind, terwyl daar in maat 2 teruggekeer word na 6/8 maatslag. Notevoorbeeld 17 en ook ander voorbeelde wat meesal onder die “Juig aarde”-wysies voorkom, word in die volksliedere van die Griekwas aangetref.

Soos in Engelse volksliedere ook dikwels gebeur, kom vyfmaatslag onder die volksliedere van die Griekwas voor. “Basoetoeliedjie” (notevoorbeeld 117) is ’n voorbeeld hiervan. Ook in “Just a song in twilight” (notevoorbeeld 266) kom 5/4 maatslag voor in die mate wat die eindes van frases aandui.

Hierdie verskillende voorbeelde van vrye tydsgebruik in die volksliedere van die Griekwas dien as bewys daarvan dat hulle vertolkings nie aan ’n vaste metrum gebonde is nie.

#### 5.4.17 Daar kom betekenislose woorde in die volkslied voor

Sulke woorde word gebruik omdat die sangers van dié klanke hou, of omdat dit ritmies is, lekker sing en die melodiese lyn beklemtoon. Kyk in hierdie verband na die bespreking van die liedjie uit Krantzhoek, “When it’s time for a man” (notevoorbeeld 270) waarin die woord “perilê” telkens sowat agt keer ná mekaar herhaal word. Ook die woorde “lê-li-la” en ander kombinasies van hierdie aard wat voorkom in die !gabasas-liedere, die Griekwastapliedere uit Griekwaland-Wes en in die refreinagtige gedeelte van “Die blikkie se boom is uit” (notevoorbeeld 62) val in hierdie kategorie.

#### 5.4.18 Die volkslied het ’n beperkte omvang

Die gemiddelde menslike stem kan slegs ’n beperkte omvang met gemak hanteer. Volksliednavorsers het oor die algemeen bevind dat volksmelodieë aanpas by die menslike stem deur nie buitensporige omvang te besit nie, sodat dit maklik bereikbaar is. Volksang maak voorsiening vir die gemiddelde stem omdat dit dikwels ook samesang, wat baie verskillende stemtipes behels, insluit. Gewoonlik ontvang die gewone volksanger ook nie formele sangopleiding nie, wat moontlik in ’n mate tot ’n vergrote stemomvang sou kon lei.

Al die liedere wat in hierdie ondersoek versamel is, is wat omvang betref ondersoek. Omvang van tussen 3 en 13 tone is gevind, met ’n enkele lied wat ’n omvang van 16 tone besit. Hierdie lied, naamlik “Turn back the tide” (notevoorbeeld 67), is egter eerder ’n kunslied en is betreklik onlangs deur Peter Marais geskryf en getoonset. Deurdat ’n gedeelte van die lied deur ’n kinderkoor gesing word, besit die lied gevolglik in totaal ’n groter omvang.

In Krantzhoek is 168 wysies ondersoek, met 68 in Griekwaland-Wes en 47 in Griekwaland-Oos, wat ’n totaal van 283 liedere gee. Om die drie gebiede op ’n vergelykbare basis te plaas, is alle resultate in persentasies verwerk en daarna as grafieke op ’n gemeenskaplike X- en Y-as getrek in verskillende lyntipes (kyk figuur 12). Die volgende is gevind:

## (i) Krantzhoek:


Aantal liedere	Omvang	Persentasie
1	3	0,6
2	4	1,2
6	5	3,6
27	6	16,2
26	7	15,6
61	8	36,6
34	9	20,4
5	10	3,0
5	11	3,0
1	12	0,6

## (ii) Griekwaland-Wes:

Aantal liedere	Omvang	Persentasie
1	3	1,5
3	4	4,5
13	5	19,5
12	6	18,0
10	7	15,0
17	8	25,5
6	9	9,0
3	10	4,5
2	11	3,0
1	16	1,5

## (iii) Griekwaland-Oos:

Aantal liedere	Omvang	Persentasie
1	5	2,1
6	6	12,6
6	7	12,6
19	8	39,9
12	9	25,2
—	10	—
1	11	2,1
1	12	2,1
1	13	2,1



Figuur 12 Omvang van liedere in die drie Griekwagebiede

### 5.5 Samevatting

Daar bestaan nie 'n enkele, bevredigende en allesinsluitende definisie vir die term "volkslied" nie, maar 'n duidelike beeld van die wese van die volkslied kon uit die gesamentlike menings van 'n aantal volksliednavorsers gevorm word. Omdat enige lied bestaan uit 'n kombinasie van musiek en liriek, is dit nodig om albei aspekte in oënskou te neem by die evaluering daarvan.

Die volksliedere van die Griekwas is teen universele kriteria gemeet. Daar is gevind dat onder meer aan die volgende vereistes voldoen word:

Weens gebrek aan formele musiekopleiding word volksliedere op gehoor aangeleer en mondeling deurgegee van geslag tot geslag.

Gewyde liedere kan as religieuse volksliedere beskou word en in besondere mate vir die Griekwas, vir wie religieuse lied en volkslied volkome geïntegreerd geraak het.

Volksliedere word dikwels in die volksmond tot iets nuuts omskep aangesien omvorming en selfs verbastering 'n eienskap is wat by alle volkspoësie 'n rol speel. Verandering is hoofsaaklik aan die mondelinge oorlewering daarvan te wyte.

Volksliedere kan in die volksmond “versing” word totdat dit betekenisloos word. Slytasie-verskynsels vind plaas en die lied verbrokkel tot onbruikbaarheid.

Volksliedere openbaar soms 'n mistieke element wat moontlik die gevolg is van langdurige afgesonderdheid en 'n gevaarlike en moeilike lewe, waardeur bewuste denke naderhand verlore raak en 'n uitlaat in godsdiensbeoefening gesoek word.

Die volkslied is nie hoogdrawend nie maar eenvoudig, wat juis die rede is waarom dit bly voortbestaan. Dit is selfs vir die eenvoudige van gees verstaanbaar en is singbaar deur die leek.

Die volkslied het soms 'n sosio-politieke funksie deurdat dit verslag lewer van wat die volk as geheel sê. Folklore kan uitstekende propagandamateriaal wees, wat dikwels deur leiers gebruik word as 'n middel tot 'n doel. Die Kneg het koorsang gebruik om die volk “na mekaar toe te sing”.

Volksliedere maak soms van onkonvensionele toonlere soos die pentatoniese toonleer en dié van die ou kerkmodus gebruik, maar is oorwegend in die majeure- of ioniese modus. Dit geld ook vir die Griekwaliedere.

Daar vind 'n wisselwerking plaas tussen die volksliedere van kulture wat langsmekaar bestaan. Hierdie feit het daartoe gelei dat elemente van verskillende kulture onder die Griekwas bestaan.

Daar vind min of geen modulاسie plaas in die volkslied nie. Tussendominante kom redelik algemeen voor in die religieuse liedere van Krantzhoek en in 'n mindere mate ook dié van Kokstad.

Improvisasie speel 'n rol by die ontstaan van die volkslied en dus ook in die omvorming en “versinging” daarvan in die volksmond.

Die volkslied is in die geval van die Griekwas, wat deur koorleiers geleer is om meerstemmig in kore te sing, nie altyd suiwer melodies soos wat algemeen elders aanvaar word nie aangesien hulle sang gevolglik harmonies-georiënteerd is.

Volksliedere binne een groep vertoon baie verskille, sowel wat vorm as inhoud betref en wat ontstaan as gevolg van die doel waarvoor hulle gebruik word.

Volksmusiek en kunsmusiek beïnvloed mekaar en bestaan nie geïsoleerd in waterdigte kompartmente nie.

Soms kom daar suggestiewe of growwe taal in die volkslied voor, wat daarvan getuig dat volksang nie noodwendig verfynd is nie.

Die volkslied is nie maatstreepegebonden nie maar is dikwels volkome vry in die vertolking daarvan. Onreëlmatighede is 'n natuurlike en onafwendbare eienskap van spontane musiek.

Daar kom betekenislose woorde in die volkslied voor, wat slegs deur die sangers gebruik word omdat dit ritmies is, lekker sing en hulle van die klanke hou.

Die volkslied het 'n beperkte omvang. 'n Ondersoek na die omvang van al die versamelde Griekwaliedere lei tot die volgende slotsom:

In al die Griekwagebiede besit die grootste aantal liedere 'n omvang van 'n oktaaf. In Krantzhoek en Griekwaland-Oos word dié omvang gevolg deur 'n none en derdens 'n sekst. In Griekwaland-Wes word die oktaaf gevolg deur 'n kwint, maar dan derdens ook met 'n sekst, soos in die ander twee gebiede. Die algemene neiging is dan om binne die oktaaf te val. Dit is interessant om te sien dat Strydom (1983 : 181) onder die Rehoboth Basters ook 'n volgorde van 8, 9 en 6 vir die omvang gevind het. Opvallend is die feit dat daar liedere in Krantzhoek en Griekwaland-Wes gevind is met omvang so klein as 'n tert, terwyl die kleinste omvang in Griekwaland-Oos 'n kwint was.

In Griekwaland-Wes, waar die invloed van Swart etniese groepe die grootste is, word ook die grootste aantal liedere met heel klein omvang soos die kwint en kleiner, aangetref. Aangesien die Swart volkere lief is vir spraaksang of herhaling van dieselfde toonhoogtes, dien hierdie oefening in verband met omvang moontlik as verdere bewys dat die Griekwas se musiek deur aangrensende kulture beïnvloed word.

## HOOFSTUK 6

## 6.0 GEVOLGTREKKINGS EN NAVORSINGSAANBEVELINGS

Weens omstandighede in hulle vroeë geskiedenis bewoon die Griekwas vandag nie 'n geografiese eenheid nie maar word hoofsaaklik in tradisionele Griekwagebiede soos Griekwaland-Wes en Griekwaland-Oos, waarby gebiede soos Krantzhoek en Vredendal tans toegevoeg word, aangetref. Kleiner splintergroepe kom ook elders voor oor die hele Republiek van Suid-Afrika. Nogtans word tradisionele Griekwawolkskenmerke, -waardes en -belange in al die gebiede gehandhaaf.

Oorspronklik het die kern van die Griekwavolk, wat nie 'n homogene ras is nie, hoofsaaklik uit Hottentotte bestaan, met gewoontes soos dié van ander Hottentotstamme. Op daardie stadium was die invloed van Europese gewoontes, geloof en politieke organisasies nog nie diep gewortel nie, maar Blanke sendelinge het later doelbewus die bestaande oerkultuur as barbaars en heidens afgemaak en met die Christelike geloof vervang. Die resultaat hiervan was dat daar vandag in Griekwaland-Wes elemente van albei kulture langs mekaar bestaan, tesame met elemente uit die kultuur van die Tswanas, 'n Swart etniese groep wat in dieselfde gebied aangetref word en wat die Griekwas ook op kulturele gebied beïnvloed. Dit word ook in hulle godsdienstige liedere weerspieël.

In Griekwaland-Oos het niks van die oerkultuur oorgebly nie en word die Europese gewoontes en geloof soos deur die sendelinge aan hulle geleer, vandag deur die Griekwas uitgeleef. In veel mindere mate speel beïnvloeding deur omliggende kulture soos dié van die Sotho's en Xhosas egter ook 'n rol.

In Krantzhoek word hoofsaaklik ook die Blanke Christelike kultuur aangetref. Geen Swart etniese groepe kom in die onmiddellike omgewing voor nie, sodat daar nie 'n wisselwerking van kulture daar kon plaasvind nie. As gevolg van wat die Kneg aan hulle geleer het en die onwrikbare geloof wat hulle in hom as Hervormer gehad het en steeds het, het nuwe kultuuraspekte in eie geleedere ontstaan in die vorm van eiesoortige feesdae en tipiese, volkseie liedere wat uit die hart van die Griekwas van Krantzhoek self voortgekóm het.

Die aangeleerde Christelike kultuur het dus posgevat onder die Griekwas en gedy tot 'n eie, diepgewortelde musiekkultuur wat as gewyde musiek in al die Griekwagebiede oorheersend is. As gevolg van geografiese afsondering bestaan daar ook in elke gebied sekere kultuuraspekte wat eie aan die Griekwas in daardie gebied is, met gepaardgaande volksliedere. Egte volksmusiek is in elke Griekwagebied aangetref.



Die Griekwas leer liederere aan op gehoor en gee dit mondeling deur van geslag tot geslag. Op enkele uitsonderings na kan geen Griekwa musieknotasie lees nie. Koorsang word egter aan koorlede geleer deur koorleiers wat Tonic Solfanotasie kan lees. In hierdie ondersoek is gepoog om vas te stel hoe sodanige musiek wat oorspronklik aan ongeletterdes op gehoor geleer is, in die oorlewingsproses verander het. Die bandopnames en getranskribeerde musiek verteenwoordig slegs 'n gefikseerde oomblik in hierdie musikale veranderingsproses.

Die Griekwawolk, soos ook elke ander bevolkingsgroep, het sy eie vorm van musikale uitdrukking wat onafskeidbaar verweef is met sy voortbestaan en die Griekwas vind estetiese bevrediging uit die feit dat hulle wyse van musikale uitdrukking verskil van dié van ander volkere. Hulle voel dat hulle koorsang 'n onderskeidende element in hulle volkwees is.

Dit is die begeerte van die Griekwas om 'n bundel waarin hulle eie liederere in musieknotasie saamgevat word, te bekom. Die versamelde materiaal verteenwoordig slegs 'n steekproef maar is op sy beurt verteenwoordigend van die Griekwas se volksliedereskat as geheel en werp lig op die tradisies wat die musiek omring en die funksies en gebruik van die musiek. Aangesien van die ouer Griekwaliederere reeds saam met die sangers daarvan uitgesteef het, kan so 'n bundel daartoe bydra dat minstens hierdie aantal liederere onveranderd behoue bly vir hulle nageslag.

Die versameling wat nou van die Griekwaliederere gemaak is, is sekerlik nie heeltemal volledig nie en daar mag nog 'n hele aantal "Juig aardes" en sekulêre liedjies onopgeteken gebly het, soos ook al die musiek van die Maleiers tot nog toe nie volledig gepubliseer is nie omdat 'n gedeelte van Van Warmelo se navorsing ontoeganklik is. Die feit dat die Griekwa geneig is om te sing terwyl hy werk, laat die vermoede ontstaan dat daar nog baie sportliedjies, onweloweglike liedjies, werksliedjies en so meer versamel kan word.

Die Griekwas is 'n diep godsdienstige volk, daarom het meeste van hulle liederere 'n gewyde strekking. Dit sluit ook hulle Nasionale Volksliederere in. Hulle is in 'n groot mate beïnvloed deur die kerkmusiek waarmee hulle in aanraking gekom het en dit is duidelik dat bestaande kerkmusiek as modelle gebruik is vir die skoei van hulle eie musiek. Hulle sing egter ook sekulêre musiek.

Verskillende Griekwagroepe sing soms variante van dieselfde lied, wat die volksaard daarvan bevestig. Hulle hou ook daarvan om hulle gunstelingliedere op meer as een wysie te sing, waardeur liedfamilies gevorm word. Hoe meer wysies, hoe groter die

sosiale waarde van die lied. Die grootste en mees uitstaande hiervan is die lied “Juig aarde” (Psalm 100) wat in al die Griekwagebiede op ’n hele aantal wysies gesing word. Van dié lied, wat reeds in die negentiende eeu bekend en gewild was onder die Griekwas, is in die Krantzhoekgebied alleen minstens 63 wysies tydens veldwerk versamel.

Navorsing van die musiek van ’n volk dra daartoe by om hulle identiteit af te rond en op ’n wetenskaplike voetstuk te plaas. Daar bestaan bykans geen literatuur oor die volkskultuur van die Griekwas nie maar uit ou manuskripte, geskryf deur lede van die Griekwawolk self, koerantverslae, tydskrifartikels en persoonlike onderhoude kon ’n duidelike beeld van die geskiedenis, die volkstrots, nasieverbondenheid en geestelike instelling van die Griekwawolk gevorm word. Hoewel ’n gedeelte van hulle vroeë geskiedenis deur geskiedskrywers neergeskryf is en dit aan die meeste mense bekend is, geld dit net tot by die gebeure in Kokstad. Die verdere geskiedenisverloop en die wel en wee van die groep Griekwas wat Kokstad vroeg in die twintigste eeu verlaat het, verskyn vir die eerste keer chronologies in hierdie werkstuk.

Die Griekwawolk het verskeie genadegawes ontvang, soos hulle sê, waarvan hulle sang, hulle Lof, en ’n liefde vir Volk en Vaderland getuig. Die “geestelike sielsgevoelte” van die Griekwas, die begeerte om weer ’n verenigde nasie te wees, die “nasielike bloedsgevoelte” wat hulle dring om die “Griekwasaak” op te bou, kom duidelik na vore in hierdie navorsing. Hulle is nie ’n ligsinnige volk nie, maar is ernstig van gees en getrou aan wat aan hulle geleer is en dit waaraan hulle glo. Dit weerspieël hulle geestelike instelling en godsdienst is ’n kernelement van hulle kultuur of etnisiteit. Hulle Christenskap het dan ook vergestaltung gevind in die stigting van ’n eie kerk.

Ofskoon basiese eienskappe soos die sterk godsdienstige element en byvoorbeeld die lied “Juig aarde” in al die Griekwagebiede aangetref word en ’n saambindende element vir die volk as geheel is, bestaan daar tog verskille wat ontstaan het weens die huidige geografiese ligging van elke afsonderlike gebied. Omgewingsfaktore soos beïnvloeding deur naasbestaande kulture speel hierin ’n rol, asook verskille in oortuiging wat byvoorbeeld meegebring is deur die “wegbreek” van groepe as faksies onder verskillende leidende figure. Tans word egter na nouer kontak gestreef tussen die hoofgroepe om daardeur weer die verenigde volk van weleer te probeer vorm. Indien dit bereik sou word, kan dit dalk ook lei tot ’n kultuur wat in alle opsigte eenvormig is.

Die tipiese Griekwaliedere van Krantzhoek is deur hulself “geskrywe” en “gekomponeer”. Hoewel dié liedere nie in gedrukte vorm bestaan nie, bly dit voortleef in die hart en mond van die mense wat dit sing. Dit word nie in breë nasionale verband deur die ander be-

volkingsgroepe in Suid-Afrika gesing nie. Omdat dit gaan om die profeet- en leierskap van die Kneg, word dit ook nie in die ander Griekwagebiede gesing nie. Hierdie liedere weerspieël die geskiedenis, lewe en filosofie van die Griekwas, waardeur 'n bydrae gelewer word tot die algemene volkskultuur van Suid-Afrika. Dit bring ook groter helderheid oor die Afrikaanse Volksletterkunde as geheel. Vir die Griekwas is musiek en veral hulle sang, 'n natuurlike erfenis waardeur hulle 'n bydrae tot die kultuur van hulle land kan maak.

Sekere karakteristieke eienskappe van volksmusiek oor die algemeen word ook in die volksmusiek van die Griekwas aangetref, soos melodiese versierings, glissando en sinkopasie. Wanneer hulle volksmusiek gemeet word aan die universele eienskappe van volksmusiek, is dit duidelik dat ook daaraan voldoen word.

'n Volk se eie kultuur bloei en ontwikkel wanneer hy in afsondering bestaan en almal aktief daaraan meedoen omdat dit al is waarvan hulle kennis dra. Die hedendaagse verbeterde kommunikasiemiddele soos die radio, televisie en vinniger vervoer werk dus enersyds inhiberend in op sodanige kultuurbeoefening deurdat daar voortdurend met ander kulture in aanraking gekom word wat elk sy invloed in meerdere of mindere mate laat geld, wat 'n negatiewe aspek van verbeterde kommunikasie is.

Andersyds dra die feit dat dit vandag moontlik is om groot afstande in relatief kort tye af te lê, weer daartoe by dat die verskillende Griekwagroepe makliker by mekaar kan uitkom. Hiervan getuig die Griekwasaamtrefte wat van tyd tot tyd plaasvind. Vinniger vervoermiddele laat die lang afstande van vroeër aansienlik krimp, waardeur dit vir die Griekwas tog moontlik word om as 'n eenheid te funksioneer en 'n eie kultuur met sy tradisies te handhaaf, wat weer 'n positiewe aspek van verbeterde kommunikasie is.

Ofskoon die Griekwas deur verhoging van lewensstandaard meer en meer in kontak sal kom met die musiek van hoër kulture, sal hulle gevoel vir nasieskap 'n sterk behoudende faktor bly en namate hulle musiekopvoeding verbeter, sal die liedversameling wat in hierdie proefskrif gepubliseer word moontlik bydra tot behoud en vernuwing van die Griekwa se volksliedere.

Die ontstaan van nuwe volksliedere sou as gevolg van "pop"-musiek, die radio en TV nie heeltemal tot stilstand gebring kon word nie. Hoewel die volkslied 'n kwynende bestaan voer, hoef dit nie verwag te word dat dit sal uitsterf nie, maar dat dit in nuwe vorme sal voortbestaan. Dit is nie onwaarskynlik dat navorsers in die toekoms byvoorbeeld van Elvis Presley se melodieë as kerkliedere sal terugbring nie en dat 'n hele aantal populêre (ligte) musieknummers in die volk se kulturele skatte gebêre sal word nie.

Die musieketnologiese navorsing in Afrika is soms geneig om net die Swart volkere se kulture te bestudeer. Uit 'n wetenskaplike oogpunt is die ondersoek na "Westerse" subkulture egter van groot belang omdat dit 'n dieper insig gee in die vorming en ver-vorming van die lied in die volksmond. Dit sou daarom van musieketnologiese belang kon wees om byvoorbeeld ook die volksmusiek van die Indiërbevolking in Suid-Afrika te vergelyk met dié van Indië en Europa.

## BIBLIOGRAFIE

- APEL, W. *Harvard dictionary of music*. Londen : Heinemann, 1976.
- BARTÓK, B. *Hungarian folk music*. Vertaal deur M.D. Calvocoressi. London : Humphrey Milford, 1931.
- BURCHELL, W.J. *Travels in the interior of Southern Africa*. Herdruk vanuit die oorspronklike uitgawe van 1822-4, met bygevoegde materiaal en met inleiding deur I. Schapera Londen : Batchwork Press, 1953.
- BÖHME, F.M. *Altdeutsches Liederbuch*. Leipzig, 1877.
- BOSHOFF, S.P.E. & L.J. DU PLESSIS. *Afrikaanse minneliedjies*. Pretoria : J.H. de Bussy, 1921.
- BOSHOFF, S.P.E. & L.J. DU PLESSIS. *Afrikaanse pieniekliedjies*. Pretoria : J.H. de Bussy, 1918.
- BOUWS, J. *Die volkslied, deel van ons erfenis*. Kaapstad : Human & Rousseau, 1969.
- BOUWS, J. *Die volkslied ... weerklank van 'n volk se hartklop*. Kaapstad : HAUM, s.j.
- BOUWS, J. *Woord en wys van die Afrikaanse lied*. Kaapstad : HAUM, 1961.
- BØDKER, L. *Folk literature*. Copenhagen: Rosenkulde & Bagger, 1965.
- BOSCH, J.A. *Eeufeesgedenkboek van die N.G. Gemeente Philippolis 1862-1962*.
- CAMPBELL, J. *Travels in South Africa undertaken at the request of the London Missionary Society*. Londen : Black & Perry, 1815.
- CASALEGGIO, M. (red.) *Goue gerf*. Die eerste volksangbundel wat deur die Nasionale Raad vir volksang en volkspele uitgegee is. Germiston: Nasionale Raad vir volksang en volkspele, s.j.
- DANCKERT, W. *Das Volkslied im Abendland*. Bern : A. Francke, 1966.
- DE HAAN, T.W.R. *Volk en Dichterskap: over de verhouding tussen volkskultuur en offisiële literatuur*. Assen: Van Gorkum, 1950.
- DE VAILLANT, F. *Reisigers in Suider-Afrika, 1781-84*. Kaapse Parlementsbiblioteek.
- DOWER, W. *The early annals of Kokstad and Griqualand East*. Port Elisabeth : Jas. Kemsley, 1902.
- DUNDES, A. *Interpreting folklore*. Bloomington: Indiana University Press, 1980.
- DU PLESSIS, I.D. *Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse volkslied*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1935.
- DU TOIT, J.H.H. (red.) *'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied*. Transvaal: N.G. Kerkboekhandel, 1983.
- DU TOIT, S.J. *Suid-Afrikaanse volkspoësie*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger, 1924.
- FINNIGAN, R. *Oral poetry*. Cambridge: Cambridge University Press, 1977.
- GASKIN, L.P.J., (samesteller). *A select bibliography of music in Africa*. International African Institute, 1965.

- GEROULD, G.H. *The ballad tradition*. New York: Oxford, 1957.
- GUTSCHE, H., ERLANK, W. & EYSSSEN, S., (samestellers). *Die F.A.K.-Volksangbundel*. Pretoria, De Bussy, 1937.
- HAGER, H. *Van Karrikamma tot Griekwastad*. Paarl: Paarlse drukpers, 1981.
- HALFORD, S.J. *The Griquas of Griqualand. A historical narrative of the Griqua people. - Their rise, progress and decline*. Kaapstad: Juta, s.j.
- HARTMAN, A.C., (red.) *F.A.K.-Sangbundel*. Goodwood, Kaap: Nasionale boekdrukkery, 1979.
- HOOD, M. *The ethnomusicologist*. (Nuwe uitgawe). Kent, Ohio: The Kent State University Press, 1971.
- HOWES, F. *Folk music in Britain – and beyond*. Londen: The Camelot Press, 1969.
- HUSKISSON, Y. *Music of the Bantu*. Reeks B no. 5. Universiteitskollege van die Noorde, 1969.
- JACOBS, J.F. *Die Griekwas en hul bure*. Kennis vir almal, no. 2, (J.J. Kruger, red.). Kaapstad: Nasionale pers, 1942.
- JUNGBAUER, G. *Introduction to contemporary music*. Londen: J.M. Dent, 1908.
- KARPELES, M. *An introduction to English folk-song*. London: Oxford University Press, 1973.
- KARPELES, M. *The collecting of folk music and other ethnomusicological material*. Londen: 1958.
- KIDSON, F. & NEAL, M. *English folksong and dance*. Cambridge: Cambridge University Press, 1915.
- KIRBY, P.R. *The musical instruments of the native races of South Africa*. Londen : Oxford University Press, 1934.
- KODÁLY, Z. *Folk music of Hungary*. Londen : Barrie & Jenkins, 1971.
- KÖHLER, A.M. (samesteller). *Ons eie volkspele*. Elsiesrivier : Nasionale handelsdrukkery Beperk, 1955.
- KUNST, J. *Terschellinger Volksleven : gebruiken, feesten, liederen, dansen*. Den Haag : H.P. Leopold, 1915, 2de uitgawe 1937.
- KUNST, J. *Ethnomusicology*. Den Haag : Martinus Nijhoff, 1955.
- LEEDY, P.D. *Practical research planning and design*. New York : Macmillan, 1974.
- LICHTENSTEIN, H. *Travels in South Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*. 'n Herdruk van die vertaling uit die oorspronklike Duits deur Anne Plumptre. Kaapstad : Van Riebeeck Society, 1928–30.
- LLOYD, A.L. *Folk song in England*. Londen: Lawrence & Wishart, 1967.
- LLOYD, A.L. *The singing Englishman*. Londen: Workers' music association, s.j.
- MACHLIS, J. *Introduction to contemporary music*. Londen : J.M. Dent, 1961.
- MARAIS, J.S. *The Cape Coloured people, 1652–1937*. Johannesburg : Witwatersrand University Press, 1968.

- MEIER, J. *Volkslied und kunstlied in Deutschland*. München, 1898.
- NAUMANN, H. *Grundzüge der Deutschen Volkskunde*. Wenen, 1929.
- NETTL, B. *Theory and method in ethnomusicology*. Londen : The Free Press of Glencoe, 1964.
- NURSE, G.T. *The origins of the northern Cape Griqua*. Institute for the study of Man in Africa. Lesing no. 34, 13 Augustus 1975.
- ODENDAL, F.F. (Hoofredakteur). *Verklarende handboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg : Perskor, 1983.
- OPPENHEIM, A.N. *Questionnaire and attitude measurement*. Londen : Heinemann, 1966.
- POMMER, J. *Über das älplerische Volkslied*. Zutphen : W.J. Thieme, 1908.
- PRETORIUS, S.J. *Argekrobaat*. Kaapstad : Human & Rousseau, 1969.
- REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. *Verslag van die Grondwetkomitee van die Presidentsraad oor die behoeftes en eise van die Griekwas*. Kaapstad : Die Staatsdrukker, 1983.
- ROSS, R. *Adam Kok's Griquas*. Cambridge : Cambridge University Press, 1976.
- SACHS, C. *The rise of music in the ancient world, East and West*. New York : W.W. Norton, 1943.
- SAUNDERS, C. (red.) *Black leaders in South Africa*. Londen : Heinemann, 1979.
- SCHAPERA, I. *The Khoisan peoples of South Africa*. Londen : Routledge & Kegan Paul, 1965.
- SCHOEMAN, K. *Vrystaatse erfenis*. Kaapstad : Human & Rousseau, 1982.
- SCHRIJNEN, J. *Nederlandsche volkskunde*. Zutphen : W.J. Thiemen, 1915–16.
- SEEMANN, E. *Volkslied*. In Meier, J. (red.) *Deutsche Volkskunde*. Berlin & Leipzig, 1926.
- SHARP, C.J. *English folk song*. 4de Hersiene uitgawe. Wakefield Yorkshire : E.P. Publishing, 1972.
- SMITS VAN WAESBERGHE, J. *Melodieleer*. Amsterdam : Broekmans & van Poppel, s.j.
- STORRAR, P. *Portrait of Plettenberg Bay*. Kaapstad : Centaur Publishers, 1978.
- STOW, G.W. *The native races of South Africa*. Londen : Swan & Sonnenschein, 1905.
- THOMPSON, S. *Motif-index of folk literature*. Hersiene uitgawe. Bloomington : Indiana University Press, 1966.
- VAN DALE. *Nieuw groot woordeboek der Nederlandse taal*. Nijhoff, 1950.
- VAN GORP, H. *Lexicon van literaire termen*. Noordhof : Wolters, 1980.
- VAN WARMELO, W. *Liederwysies van vanslewe*. Amsterdam/Kaapstad : A.A. Balkema, 1958.
- VAUGHAN-WILLIAMS, R. *National music*. Londen : Oxford University Press, 1934.
- VAN ZYL, D.H. *'n Griekwa "Ietsigheid"*. Kaapstad : BFN. Port Elisabeth : Nasionale Pers Beperk, 1947.

- VON PULIKOWSKI, J. *Geschichte des Begriffes Volkslied im musikalischen Schrifttum.* Heidelberg : Carl Winters Universitätsbuchhandlung, 1933.
- WANNENBURG, A. *Forgotten frontiersmen.* Lansdowne, South Africa : Howard Timmins & Citadel Press, 1982.
- WATANABE, R.T. *Introduction to music research.* Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall, 1976.
- WIORA, W. *Das echte volkslied.* Heidelberg, 1950.

x



## VERHANDELINGS, PROEFSKRIFTE EN ANDER GESKRIFTE

- BLACKING, J. *Venda children's songs. A study in ethnomusicological analysis.* Ongepubliseerde D. Mus.-proefskrif. Johannesburg : Witwatersrand University Press, 1967.
- BROODRYK, M. *Die rebellie in Griekwaland-Wes, 1876–1879.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika, 1977.
- D'ASSONVILLE, J.M.T. *Die Protestantse kerklied in die Suid-Afrikaanse jong kerke.* Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1974.
- DE JAGER, P. *Afrikaanse volksliedjies.* Ongepubliseerde, handgeskrewe dokument. Pretoria, s.j.
- DYASON, E.R. *'n Sosiologiese ondersoek van die Kleurlingbevolking binne die munisipale gebied van Kimberley.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Bloemfontein, 1955.
- HUSKISSON, Y. *A survey of music in the native schools of the Transvaal.* Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling. Universiteit van die Witwatersrand, 1955.
- HUSKISSON, Y. *The social and ceremonial music of the Pedi.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Universiteit van die Witwatersrand, 1958.
- KNOLL, T.J.N. *The Griquas of Griqualand East until about 1878.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1935.
- LE FLEUR-VERSAMELING. Ongepubliseerde versameling van manuskripte en ander gedenkskrifte. Pretoria : UNISA se dokumentasiesentrum vir Afrikanistiek.
- LEGASSICK, M.C. *The Griqua, the Sotho-Tswana and the missionaries : the politics of a frontier zone.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Los Angeles : University of California.
- MANUSKRIP 1 (afgekort na GM 1). Ongepubliseerde manuskrip geskryf deur 'n anonieme Griekwa, s.j.
- MANUSKRIP 2 (afgekort na GM 2). Ongepubliseerde manuskrip geskryf deur 'n anonieme Griekwa, s.j.
- MAYER, E. *Liederboekie.* Ongepubliseerde manuskrip met gedigte oor die Anglo-Boereoorlog. Pretoria : UNISA se dokumentasiesentrum vir Afrikanistiek.
- PRETORIUS, R. de V. *Die geskiedenis van die "Vrystaatse" Griekwas 1825–1862.* Bloemfontein, 1963.
- STRYDOM, F.J. *Die musiek van die Rehoboth Basters van Suidwes-Afrika.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch, 1983.
- VAN NIEKERK, T. *Die invloed van die Sankey-beweging op die kerklied in Suid-Afrika.* Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch, 1970.
- WILSON, K.J. *Godfather of the Griquas.* Ongepubliseerde manuskrip. Africana-afdeling, McGregor-Museum, Kimberley, s.j.

## GESANGBOEKE

- ALEXANDER, C.M. (red.) *Alexander's Hymns*. No. 3. Londen : Marshall, Morgan & Scott, s.j.
- BRISTOL CHANT, ANTHEM & SERVICE BOOK. (Tonic Solfa). Londen : Novello, s.j.
- BRUNK, J.D. (musiekredakteur) & COFFMANN, S.F. (gesangredakteur). *Church Hymnal*.  
Scottsdale, Pennsylvania : Mennonite Publishing House, 1978.
- BURNHAM, J. (Samesteller). *Children's Hosannas*. Londen : Nicholson, s.j.
- BURNHAM, J. (Samesteller). *Choral Anthems*. Vol. 1. Londen : Nicholson, s.j.
- BURNHAM, J. (Samesteller). *Choral Anthems*. Vol. 2. Londen : Nicholson, s.j.
- BURNHAM, J. (Samesteller). *Choral Anthems*. Vol. 3. Londen : Nicholson, s.j.
- COMPANION TUNE BOOK, THE. The companion to the *Evangelisch Gezangboek*, 1908.
- EVANGELIE-LIEDERE. Elsiesrivier, K.P. : Christelike Uitgewers-Maatskappy.
- EVANGELIES GESANGBOEK. Kaapstad : Juta, 1938.
- EVANGELIES GESANGBOEK. Kaapstad : Juta, 1937.
- EVANGELISCH GEZANGBOEK. Kaapstad : Juta, 1923.
- EVANGELISCH GEZANGBOEK. Kaapstad : Juta, 1892.
- EVANGELISCH GEZANGBOEK. Kaapstad : Juta, 1889.
- EVANGELISCH GEZANGBOEK. Kaapstad : Philips, 1869.
- GEZANGEN DER WESLEYAANSCH E GEMEENTE IN ZUID-AFRIKA. Kaapstad :  
Saul Solomon, 1876.
- GEZANGEN TEN GEBRUIKE BIJ DEN OPENBARE GODSDIENST DER KERK.  
Londen : Society for promoting Christian Knowledge, 1869.
- HALLELUJA, DIE NUWE. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, 1932.
- KINDERHARP. No. 3, 1903.
- MURRAY, C. (samesteller). *Halleluja Liederen*. Kaapstad : Z.A. Bijbel Vereeniging,  
1904.
- PSALMEN EN GEZANGEN. Amsterdam : Nederlandsch Bijbelkompagnie, 1884.
- SANKEY, I.D. (samesteller). *Sacred songs and solos*. Londen : Marshall Morgan &  
Scott, herdruk 1982.
- SIONSGESANGE. Uitgegee deur die N.G. Sendingkerke in S.A., 1979.
- WITH ONE VOICE. Londen : Collins Liturgical Publications, 1979.
- ZIONS-LIEDEREN. Amsterdam-Kaapstad : Jacques Dusseau, 1899.

Liturgical

## NUUSBLAAIE, TYDSKRIFTE EN LOS PUBLIKASIES

- ALPHA, vol. 9, no. 4. "Die ontstaan van die Griekwakore," Mei 1971.
- BANIER, DIE. "Griekwa-Volksorganisasie hou konferensie op Boshof," Mei 1960.
- BANIER, DIE. "Griekwas vier jaarliks Moedersdag," Oktober 1962.
- BANIER, DIE. "Dis absoluut onbegryplik sê Le Fleur," November 1962.
- BURGER, DIE. "Die Griekwatrek op weg na Kaapstad. Hul doel en strewe."  
(’n Uittreksel), 1924.
- BURGER, DIE (BYVOEGSEL). "Volksbestuur met sjielings en sikspense," 24 Januarie 1948.
- BURGER, DIE. "Profesie is bewaarheid, sê die Griekwas," 9 April 1952.
- BURGER, DIE (BYVOEGSEL). "Trotse volkie kies ’n nuwe hoof," 18 April 1953.
- BURGER, DIE. "Griekwas bring hul strewe onder Regering se aandag," 16 Mei 1956.
- BURGER, DIE. "Griekwas nou in pekel," 29 November 1957.
- BURGER, DIE. "Griekwas vier hul 'Groot Trek' aanstaande jaar," 22 September 1962.
- BURGER, DIE. "Griekwawolk voel hom naby die Here," ’n uittreksel, s.j.
- CAPE ARGUS. "Griqua trek of 1862 to be marked by Coloured People," 25 Oktober 1962.
- CAPE ARGUS. "Griqua trekked over Drakensberg 100 years ago," 28 Desember 1962.
- CAPE ARGUS. "140 houses for Coloured People," 1 Junie 1965.
- CAPE TIMES. "Wandering tribe of Griquas," 8 Januarie 1927.
- CAPE TIMES. "Festival pageants braved the rains," 3 April 1952.
- CAPE TIMES. "Great treks of the Griquas," 25 Februarie 1960.
- CAPE TIMES. "A visit to the proud Griquas," 14 Januarie 1960.
- CAPE TIMES (WEEK-END MAGAZINE). "Diamond country belonged to Griquas,"  
23 April 1966.
- CARSTENS, P. Opting out of Colonial rule : the brown Voortrekkers of South Africa and their constitutions. *African studies* Vol. 42(2), 1983.
- DIAMOND FIELDS ADVERTISER. "Griquas need no longer be classified as Coloureds in N. Cape," 20 Januarie 1965.
- DU PREEZ, M.H.C. Opmerkings oor die leesgewoontes van die Kleurlinge. *Suid-Afrikaanse Biblioteke/South African Libraries*, April 1974.
- GRIQUA AND COLOURED PEOPLES OPINION. Vol. 6, no. 1, 10 November 1934.
- GRIQUA AND COLOURED PEOPLES OPINION. Vol. 3, no. 3, 20 Augustus 1927.
- GRIQUA AND COLOURED PEOPLES OPINION. Vol. 2, no. 48, 4 September 1925.
- GRIQUA AND COLOURED PEOPLES OPINION. Vol. 2, no. 47, 21 Augustus 1925.
- GROSSKOPF, E.B. Philippolis in die ou dae. *Die Transgariemuseumreeks* no. 9, Vrystaatse Museumdiens, 1980.

- GROBBELAAR, J., MARAIS, S. & UYS, T. 'n Sosio-demografiese ondersoek van die Kleurling/Griekwagemeenskap in Kokstad en die omliggende platteland met spesifieke klem op die moontlike bestaan van "Griekwaskap" as 'n outonome identiteit en die bydrae van die Griekwa Nasionale Independent Kerk in dié verband, 1983.
- HOERNLÉ, A.W. Certain rites of transition and the conception of !Nau among the Hottentots. *Harvard African Studies*, vol. 2, 1918, pp. 65–82.
- KIRBY, Percival, R. The Gora and its Bantu successors : a study in South African Native music. *Bantu studies*, vol. 5 (2), Junie 1931, pp. 89–109.
- LE ROUX, C.J.P. Die Griekwahuisies van Philippolis. *Restorica*, no. 10, Desember 1981.
- LE ROUX, C.J.P. *Die Transgariemuseumreeks*, no. 2, Vrystaatse Museumdiens, 1979.
- LE ROUX, C.J.P. Die maatskaplike en staatkundige omstandighede van die Griekwas in Transgariëp. *Die Transgariemuseumreeks*, no. 7, Vrystaatse Museumdiens, 1979.
- LE ROUX, C.J.P. Die Philippolis-Griekwas se trek na Niemandslan (Griekwalan-Oos). *Nuusbrief, Genootskap Vrijstatia*, November 1981.
- LEVY, P. Geschichte des Begriffes Volkslied. *Acta Germanica*, VII : 3. Berlyn, 1911.
- MUGGLESTONE, E. The Gora and the "Grand" Gom-gom. A reappraisal of Kolb's account of Khoikhoi musical bows. *African music*, vol. 6(2), 1982, pp.92–115.
- NATAL MERCURY, THE. "Natal composer has busy year," 4 Februarie 1986.
- ROSS, R. Griqua government. *African studies*, 33/1, 1974.
- S.A.U.K. BULLETIN. "Sommer 'n ietsigheid," 14 Desember 1959.
- SUID-WESTERN, HET. "Die Kanniedoods gee mandaat aan," 7 Januarie 1983.
- SUID-WESTERN, HET. "Griekwas snoer saam onder 'n sambreelligaam," 7 Januarie 1983.
- VOLKSBLAD, DIE. "Die Griekwas se goeie wense aan Premier," 26 April 1970.

## PAMFLETTE, BRIEWE EN ANDER GEDENKSKRIFTE

BARON, H.A. *Verkorte opsomming van die 5de Julie Sangfees*, 1959.

GAHL, GERT. *Die Griekwa huldedag*, 6 September 1959.

JANSEN, FREDERICK. *Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika*, 25 Februarie 1959.

LE FLEUR, A.A.S. I. *God's hidden purpose with the coloured race*, 13 Maart 1939.

LE FLEUR, A.A.S. II. *Griekwa Nasionale Konferensie van Suid-Afrika*, 24 Julie 1959.

LE FLEUR, A.J. *Die viering van die 40ste jaar van koorsang. Korte geskiedenis*, s.j.

LE FLEUR, EDWARD. *Besoek aan Beeswater*, 24 Januarie 1959.

LE FLEUR, E.M.S. *Afsluitdiens te Robberg op die Griekwa Heiligdom*, s.j.

MOODIE, HENRY. *Die Griekwas en hul Opperhoof*, Robberg, s.j.

SAAYMAN, C. *Moedersdag*, 14 Oktober 1958.

## NAAM- EN SAAKREGISTER

- A.
- Abram 8
  - A capella 113
  - Adams 109
  - administrasie 68
  - aeolies 196, 237
  - Africana-afdeling 20
  - African studies 67
  - Afrikaner
    - kultuur 238
    - s 90
  - Afrikatale 10
  - A.G.S. (Apostoliese Geloofsending) 21, 92, 93, 35, 106
    - koortjies 147
    - tipe 109, 148
  - agterstemme 98
  - akkoordverskuiwing 143
  - Alexander Hymns 101
  - Allen 20
  - alliterasie 203, 230
  - Alpha 94, 95, 98
  - Alt
    - e 98, 99, 103
    - stemme 126, 143
  - Amerika 103
  - Andersen 47, 88
  - Anglo-Boereoorlog 182, 183
  - anneksasie 68
  - Apel 1, 219, 224, 244
  - appélhof 68
  - Arabië 1
  - Argekrobaat 18
  - Argus 50
  - assonansie 203, 230
  - Austin Friars 101
  - avondmaalstel 37, 111
- B.
- Baanbrekersraad 8, 110
  - baarmoeder (Ilhas) 40, 120, 123, 186, 187
  - Backhouse 86
  - Bailey 113
  - Bantoegalery, McGregormuseum 20
  - Barbour 20
  - Barends 26, 39, 46, 50
  - Barkly 68
  - Barnard 92
  - Barokmusiek 244
  - Barolongs 53
  - Bartlett-Kerkie 108
  - Bartók 180, 191, 204, 209, 238, 240
  - Basoetoe
    - land 62, 64
    - liedjie 196, 237, 238, 242, 245
    - s 57, 195
  - Basters 46, 47, 51, 123
  - Bathlaping 173
  - Beeswater 24, 79, 80, 89, 95, 129

- Beethoven 108  
 Begeleidings  
     – akkoorde 176  
     – instrumente 174, 188, 241  
 begripsverwarring 190, 231  
 Behr 80  
 Belcher 9, 14, 21, 186  
 Bellville 44  
 Berg  
     – enaars 50, 53  
     – manshoogte 17, 109  
     Vyftig 62, 110  
 Bethelsdorp 53  
 Bethulie 55  
 Betsjoeanas 49, 53, 173  
 beurtsang 126, 148, 150  
 bevolking(s)  
     – sensus 43  
     – sensussyfers 6  
     – register 44  
     – tal 44  
 Blackridge 120  
 Blanke  
     gebruike 66  
     instellings 66  
     kultuur 86  
     sendelinge 65, 82, 84, 88  
 Blignaut 204, 205  
 blikkitaar 177  
 Bloemfontein 44, 56  
     , Universiteit van 20  
 Bloubergstrand 192  
 Blythe 70  
 Bødker 217, 219  
 boegoe 169, 170  
 Boere  
     – danse 171, 177  
     – grensmanne 44  
     – liedjie 192  
     – musiek 171  
     – volksdom 82, 90, 190, 209  
 Boesak 188  
 Boesman 23, 26, 29, 38, 39, 45, 47, 49, 52, 83, 85, 86, 88, 174  
     – meid 172, 174  
     – rite 172  
     – taal 83, 173  
     – tradisies 172  
     – viool 86, 87  
 Boetsapgronde 61  
 Böhme 218  
 Boomplaas 59  
 Booth 113  
 Booyen 96  
 Boshof 41  
 Boshoff en du Plessis 198, 199, 203, 219, 220, 230, 233, 238, 240  
 Bourke 51  
 bouterrein 19, 106, 138, 204, 240

- B. Bouws 201, 202, 209, 211, 221, 225  
 Breekwatergevangenis 35, 142  
 Bristol chant, anthem and service book, The 101  
 Britse  
     onderdane 70  
     owerheid 70  
     regering 72  
 Bultfontein 23, 112  
 Burchell 84, 85  
 Burger, Die 37, 98  
 Bruinmense 38, 96
- C. Campbell 9, 12, 20, 21, 27, 41, 49, 50, 60, 61, 80, 83, 88, 89, 105, 108, 110, 168, 171, 173, 175, 180, 190, 215  
 Eerw. W. 26, 31, 237  
 Kroek 21  
 Carse 37, 94, 95  
 Cape Argus 80  
 Cape Times 27, 31, 77, 78, 81  
 Casanova 235  
 Chariguriqua 46  
 Children's Hosannas 17, 104, 112, 144, 148, 153, 165  
 Choral Anthems 150, 153, 165  
 Chorus(es) 103, 112  
 Christelike  
     beskouings 11  
     geloof 46, 50, 90, 238, 250  
     Griekwarepubliek 51  
     kultuur 250  
     liedere 93, 94  
     tradisies 27  
     vrygewigheid 27  
 Christen  
     – dom 83, 90, 108  
     – pioniers 71  
 chromatiek 102, 108, 133, 135, 139, 143, 150  
 chromatiese  
     deurgangsnote 123, 128, 133, 144  
     hulpnote 135, 150  
 Clerk 60  
 Cloete  
     Eerw. 113  
     Kate 24, 168  
     Stephanus (Soon) 24  
 Companion  
     to the Evangelisch Gezangboek, The 101  
     tune book, The 101  
 Congregational  
     Anthems 17, 101, 104, 153, 165  
     Church 35, 92  
 Cookhouse 81  
 Crag, The 16, 19, 80, 89
- D Da Capo  
     – struktuur 153  
     – vorm 150  
 Daniëlskuil 19, 36, 142, 143



- dans  
     – begeleiding 190  
     – passies 202, 203  
 Dawn 73, 74  
     Annexe 74  
 de Bruin 22, 37, 40, 100, 110, 111, 112, 140, 168, 194  
 Deri 134  
 de Waal 95  
 de Wet 16  
 diskant 176  
 dogterskore 125  
 Dold 77  
 dories 196, 237  
 Douglas 9, 11, 20, 21, 24, 89, 105, 106  
     Edward Wingfield 78  
 Dower 33, 34, 63, 65, 70, 111  
 Downs 21  
 Drakensberge 60, 61, 62, 70, 71  
 drieklank  
     – akkoordstruktuur 135  
     – konstruksie 116, 241  
 driemaatslag 116, 150  
 dromme 23  
 Dundes 224, 235  
 du Plessis 231  
 Dutch Hymns 104, 113, 140  
 Du Toit  
     J.H.H. (red.) 92, 135, 228, 229, 243  
     S.J. 225, 229  
 D'Urban 54
- E.
- Eastland 73, 74  
 Eersterust 17  
 eeufees 111  
 eieskepping 119, 133, 142, 188, 189, 214, 215, 239  
 Elandsdrif 81  
 embleem 123  
 emosioneel-nasionale sentrum 82  
 emosionele 134, 140  
 erotiek 180  
 erotiese  
     detail 208  
     liedere 206, 244  
 etnies 106  
     – e stamdans 107  
 Eureka landgoed 76  
 Europese  
     kultuur 82  
     kunstradisie 1  
     regeringstelsel 65  
 Evangelies Gesange (Gesangboek) 22, 101, 104, 110, 113, 116  
 ewolusieproses 82
- F.
- F.A.K.  
     – Sangbundel 22, 177, 196, 204, 205, 227, 238  
     – tipe 191  
     – Volksangbundel 214

- Finnigan 222  
 fluit  
   – e 23  
   – jie 177  
 folklore 173, 228, 235  
 fontein 170, 171, 174, 175, 177  
 fort 22, 33, 64  
 Fortuin  
   Ouderling 22, 110  
   Skoolhoof 23  
 frase 125, 126, 136, 143, 176, 180, 194, 197, 201, 204, 211, 223, 230, 244, 245  
   – eindes 123  
   stereotipe 197, 208, 211
- G. !gabasas 83, 168, 169, 215, 227, 238, 242, 245  
 Gahl  
   , Els 126  
   , Gert 13, 96, 121, 122, 124, 129, 134  
   , Willem 23, 24, 31, 93, 147, 227  
 galgboom 39  
 Gammatliedjie 212  
 Gariep 12, 47  
 Garies 182  
 geleende wysie 137  
 geloofslid 19, 36, 142, 143  
 gemeenskapsentrum 24  
 Genootskap Vrijstatia Association 71  
 gesange 102, 223, 232, 243  
 gesangboeke 89, 100, 101, 105, 113, 136, 227  
 gesinkopeerd 12, 13, 130, 202  
 gewyde  
   liedere 89, 93, 98, 228, 248  
   – musiek 92, 93  
 ghitaar 84, 99, 175, 176, 177, 180, 190, 201, 215  
   – begeleiding 181  
   elektries 188  
   – spel 14, 19  
 ghommalielidjie 190  
 glissando 134, 135, 253  
 Godfather of the Griquas 20  
 gôra 84, 85  
 gospel hymns 102  
 Gous 20  
 Grahamstad 81  
 Greef  
 Grey 60, 62, 68  
 Griegrikwa 45  
 Griekwa  
   – belange 250  
   – besit 71  
   – beskawing 32, 51  
   – “Bestuur” 98  
   – bevolking 6, 36, 142  
   – diens 93  
   – digter 129  
   – dogter 12, 21, 168  
   – eenheid 50  
   – eiendom 126

- G.
- gebiede 4, 5, 6, 54, 90, 94, 249, 250, 252, 253
  - geledere 187
  - gemeenskap 13, 21, 22, 24, 26, 64, 67, 73
  - gemeentes 23
  - gesinne 76
  - geskiedenis 89
  - getuienis 74, 175
  - groeplojaliteit 37
  - heiligdom 121
  - hoof 67
  - huisies 16
  - Huldedag 96, 129
  - hutte
  - identiteit 25, 42, 43, 78
  - Independentente Kerk 8, 78, 82, 242
  - informant 122, 147
  - instrumente 23
  - isme 38
  - kaptein
  - Kapteinskappe 44
  - karakteristieke eienskappe van 67
  - kerk 16, 23, 26, 32, 64, 65, 92, 109
  - kinders 14, 92
  - koerant 79
  - konsentrasies 89
  - konstitusie van 1970 67
  - kore 10, 37, 94, 95, 97, 98, 165
  - kultuur 10, 11, 41, 100, 108
  - land 213
  - land-Oos 4, 6, 8, 29, 32, 33, 34, 44, 63, 68, 69, 70, 73, 75, 77, 89, 139, 140, 197, 245, 246, 247, 249, 250
  - land-Wes 4, 6, 8, 13, 17, 20, 29, 32, 39, 41, 44, 47, 61, 66, 67, 71, 76, 83, 89, 104, 106, 109, 136, 139, 140, 165, 176, 182, 204, 205, 215, 216, 227, 238, 245, 246, 247, 249, 250
  - leier(s) 6, 24, 44, 120
  - lied(ere) 5, 14, 182, 193, 199, 227
  - liedjies 181, 198, 199
  - manuskrip 78, 81, 96, 97, 105, 120, 121, 124, 125
  - medewerkers 228
  - mistiek 119
  - mitologie 186
  - moeders 186
  - nasie 123
  - Nasionale Independentente Kerk 8, 10, 22, 27, 32, 33, 39, 101, 110, 111, 166
  - Nasionale kerk 78
  - Nasionale Konferensie van S.A. 1, 6, 43, 78, 81, 82, 117
  - nasionale koor 10, 14, 15, 104, 113, 132, 164, 214
  - Nasionale Raad van S.A. 8, 15
  - onderwyseres 227
  - opstand 70
  - orreliste 111
  - plaaseienaars 76
  - plaaslike Museumstigting van 20
  - plase 65, 69, 72
  - rebellie 71
  - regering 54
  - reservaat 56
  - saak 38, 74, 252
  - saamtrek 9, 13, 22, 24, 41, 253

- G.
- sang 130, 135, 138, 193
  - sangaand 187, 214
  - sangspeletjie 195
  - seremonie 173
  - skap 27, 32
  - skrywer 72, 75, 78, 97, 118
  - staat 51, 52, 55, 56, 60, 70
  - stad 9, 20, 36, 39, 49, 84, 88, 89, 99, 105, 108, 187
  - stam 121
  - stap 170, 177, 215, 238
  - staplied 174, 245
  - taal 17, 29, 30, 94, 171
  - tenore 135
  - tipiese liedere 12, 14, 119, 121, 227, 228, 242, 243, 252
  - tradisies 10, 11, 41, 100, 108, 175
  - trek 62, 63
  - treksaak 77
  - uitdrukings 30
  - vergadering 197
  - vlag 40, 42, 213
  - volk 18, 37, 79, 83, 89, 97, 98, 99, 113, 120, 122, 123, 132, 214, 236, 250, 252
  - volkskenmerke 250
  - Volkskongresparty 24, 99, 187
  - Volksorganisasie 24
  - vrou 175, 233
  - vrouekoor 97
  - waardes 250
  - weergawe 112, 150, 194, 199
  - wêreld 181
  - werkers 138
  - wet 64, 68
  - woongebiede 12
- Griqua
- and Coloured People's Opinion 78
  - Lands Settlement Ltd 81
- Grobbelaar
- , J. 4, 15, 25, 27, 32, 37, 111
  - , prof. P. 18
- groep(s)
- embleem 40
  - gebiedewet 111
  - simbole 40
- grond
- briewe 66
  - gebied 25
  - wetkomitee 74
- Grootrivier 46, 124
- Grosskopf 29
- H.
- Hager 27, 84
- Halford 44, 45, 47, 50, 51, 53, 58, 61, 64, 65, 66, 67, 68, 69
- Halleluja
- lied 130, 136
  - Liederer 136
- Hangklip 64
- harmonie 103, 107, 116, 215, 241
- se patroon 189
  - se progressie 108

- H. harmonisasies 103  
 harmonium 87  
 Harrismith 62  
 Harvey 61, 64  
 Hawston 9, 11, 23, 24, 31, 93, 126, 128, 147, 227  
 Hein 175, 176  
 heksatories 189  
 hemiola 105, 193, 244  
 Hendriks 52  
 Herbert 44  
 Herder 217  
 Herlewingslied 19, 36, 142  
 Hertzog 73  
 Hervormer, Die 39, 71, 250  
 heterofonie 143  
 historiese grond 72  
 hoëkommissaris 66  
 hokmeisie 169  
 Hollandse Goewerment 46  
 Hongare 241  
 Hongarye 177  
 Horeb 120  
 Hood 2, 4, 119, 222  
 Hoof 126, 128, 129, 130, 132, 133  
 – bestuur 123  
 hoogregshof 74  
 Hornlee 13, 15, 17, 148, 214  
 Hottentotte 12, 23, 29, 31, 45, 46, 48, 70, 82, 83, 84, 86, 88, 90, 124, 168, 171,  
 173, 174, 203, 237, 238, 250  
 – erfenis 108  
 – voorvaders 242  
 Howes 176, 239, 240  
 Hugo 18  
 humoristiese liedjies 214  
 Huskisson 169, 173
- I. Identiteit 90, 189  
 Ilhas (baarmoeder) 40, 120, 123, 186, 187  
 Independent African Orthodox Church 16, 22, 32, 92, 97  
 inheemse musiek 18  
 inisiasieseremonie 173  
 Immanuel Congregational Church 17  
 improvisasie 92, 98, 221, 240, 241, 248  
 improvisatories 99, 177, 240  
 instrumentebegeleiding 177  
 Internasionale biblioteek vir Afrikamusiek 23  
 interpolasie 106  
 intervalinhoud 116  
 inwydingsliedere 223  
 Israel 125  
 – iete 125

- J. Jaar  
 – lijks 36, 111, 142, 166  
 – liks 142  
 Jacobs 25, 27, 31, 86, 87  
 Jager's Hope 73  
 jagtersvolk 4, 68  
 Jan Jonker Afrikaner 61  
 Jantzen 110  
 Jode 90  
 Johannesburg 181  
 Johnston 107  
 Jones 13, 16, 18, 81, 97, 104, 113, 121, 123, 148, 227  
 Jongspan, Die 30  
 Juig aarde 14, 19, 25, 89, 94, 104, 105, 109, 110, 112, 125, 136, 138, 165, 228,  
 242, 244, 251, 252  
 Jubelfees-Gedenkboek 88  
 Jungbauer 218  
 jurisdiksie 70
- K. Kaap  
 – kolonie 55, 56, 65, 70, 75  
 – se Hoogeregshof 72, 77  
 – se Kleurlinge 75  
 – se regering 70  
 – se skiereiland 44  
 – se Vlakte 76, 77  
 – stad 13, 54, 61, 70, 77, 95  
 Kamiesberge 46, 47, 48  
 Kanniedoodblom 123, 213  
 – embleem 40, 42  
 kantien 172, 174, 176  
 Kanyiles, mev. Katie 17, 97, 168  
 , P.D.J. (Opperhoof) 8, 13, 15, 17, 19, 24, 32, 92, 97  
 Karoo Griekwaboustyl 52  
 Katrivier (vallei) 70, 80  
 Katzenellenbogen 18  
 Keet, Elsie 24, 132, 142, 214  
 , Ernest 14, 16, 19, 94, 104, 113, 199, 244  
 Kelton 22, 111, 191, 227  
 kerkaktiwiteite 111  
 tradisionele 112, 166  
 kerk  
 – lied 135, 211  
 – liedidoom 244  
 – modusse 195, 236, 248  
 – musiek 243, 251  
 – orrel 109  
 Kersfeesliedere 112  
 Kharkams 186  
 Khoi 46  
 – instellings 51  
 – sanstamme 44  
 Kidd 74  
 Kidson 211  
 Kimberley 9, 17, 19, 20, 43, 79, 89, 108  
 Kinderharp 102, 103  
 Kirby 23, 84, 85, 86, 87  
 kitaar 19

- K. Klaarwater 27, 47  
 Klavier 22, 25, 113, 188  
 Kleurling  
 — e 76, 79  
 — leiers 78  
 Kneg, Die 14, 16, 24, 35, 37, 39, 71, 96, 98, 100, 113, 117, 119, 120, 121, 124,  
 125, 126, 127, 128, 129, 132, 134, 140, 142, 148, 186, 227, 231,  
 233, 235, 236, 248, 253  
 Knegsvlakte 120  
 Knoffelvallei 50  
 Knoll 32, 68  
 Knysna 13, 44, 81, 89, 123  
 Kodály 98, 116, 138, 141, 175, 177, 205, 241  
 Köhler 196  
 Koffiefontein 86  
 Kok  
 Adam I, 6, 26, 46, 47, 82  
 Adam II 38, 39, 48, 49, 50, 51, 53, 54, 87  
 Adam III 8, 29, 32, 37, 39, 54, 55, 56, 58, 59, 60, 61, 64, 65, 66, 67, 68,  
 70, 71, 72, 109, 110, 111  
 Adam IV 21  
 Adam "Eta" 67, 69  
 Adam "Muis" 70, 72  
 Cornelius I 29, 46, 47, 48  
 Cornelius II 50, 61  
 Rachel 36, 72, 75  
 Solomon 29  
 Kokstad 9, 10, 13, 15, 32, 33, 34, 36, 40, 41, 44, 62, 63, 66, 67, 70, 77, 80, 89,  
 92, 101, 110, 111, 112, 136, 140, 142, 144, 147, 165, 166, 168,  
 191, 194, 195, 197, 198, 215, 216, 227, 237, 248, 252  
 Advertiser 23  
 — gebied 27, 61, 110, 195  
 — Griekwas 110, 121, 139, 211  
 — museum 23  
 — weergawe 143  
 Koloniale regering 58, 60, 66  
 konsertina 87, 174, 177  
 konsertverhoog 181, 199  
 koopstelsel 15, 215  
 koor  
 — afrigting 139  
 — leier (leidster) 139, 148, 165, 251  
 — musiek 132, 139  
 — organisasie 95  
 — sang 120, 147, 165, 176  
 — tjies 14, 93, 106, 107, 147, 148  
 Koranna 23, 27, 29, 38, 48, 49, 50, 51, 53, 87  
 Kramer 4, 88  
 Kraaifontein 76  
 Kransdraai 23  
 Krantzhoek 8, 10, 11, 12, 13, 14, 17, 19, 22, 23, 24, 25, 35, 39, 81, 82, 89, 90, 92,  
 94, 95, 97, 104, 112, 113, 116, 121, 126, 128, 132, 134, 136, 139,  
 140, 142, 143, 144, 147, 164, 167, 199, 211, 215, 216, 227, 230,  
 242, 243, 244, 245, 246, 247, 250, 252  
 — Griekwas 13, 18, 144  
 — weergawe 143  
 kringgroet 15  
 kroonmoeder 15

- K. Krots 17  
 kruisbestuiwing (van kulture) 106, 165  
 kultuur 2, 5, 88, 91  
 – element 90  
 – erfenis 83  
 – gemeenskap 25  
 – goedere 82, 88  
 – kring 83  
 , nuutaangeleerde 191  
 – produkte 25  
 – sentra 113  
 – vorming 82, 90  
 kulturele  
 bedrywighede 110  
 konteks 2  
 kuns  
 – lied(ere) 224, 239, 245  
 – musiek 188, 219, 224, 225, 233, 239, 243, 244, 249  
 Kunst 2, 220  
 Kurland 14, 19, 80, 81, 113  
 Kuruman 89  
 kwartinterval 234
- L. Laager 32, 33, 64, 65  
 laslappiemantels 41  
 Le Fleur  
 A.A.S. I 6, 24, 27, 35, 39, 40, 43, 71, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 80, 81, 82,  
 95, 96, 113, 142, 166  
 A.A.S. II 6, 24, 37, 43, 97  
 Abraham 71, 73  
 Adam 36, 98  
 Eddie 122  
 Eric (E.M.S.) 8, 13, 35, 80, 92, 95, 97, 100, 116, 122, 124, 167  
 – Griekwas 35, 92, 97, 119, 121, 136, 199, 233  
 Tom 36, 134  
 Legassick 51, 237  
 leitoon 126, 128, 130, 180, 186, 187, 190, 194, 198, 204, 236, 237  
 – verlaging 143, 144, 150, 239  
 lekeprediker 108, 110  
 Leliesfonteintrek 79  
 Le Roux 28, 52, 53, 54, 56, 58, 59, 60  
 Lesotho 195, 238  
 Levy 217  
 Lichtenstein 29, 83  
 lidies  
 – e element 176  
 – e modus 195, 237  
 lied  
 – eboeke 225  
 – familie 105, 133, 136, 228  
 – jieskrywer 188  
 liefdesliedjies 199, 204  
 Links  
 , T. 174  
 , W. 124  
 loriekdisintegrasië 11, 109, 179, 215, 231  
 Livingstone 65  
 Lloyd 207, 220, 228  
 Lof 38, 95, 96, 97, 113, 116, 125, 127, 128



- L. Logan 76  
 Londense Sendinggenootskap 31, 39, 47, 51, 92, 93, 101, 108, 111  
 Louw 181, 183, 186, 197  
 Lutherse Kerk 35, 92  
 lydensgeskiedenis 89
- M. Maarman 171  
 maatslag  
   – eenheid 139  
   – verandering 244  
 maatstreepgebonde 244, 249  
 Macey 20  
 magistrat 52  
 Machlis 126, 243  
 Maclear 76, 80  
 Maitland  
   , Sir Peregrine 56, 58  
   – se stadsaal 9, 13, 36, 46, 78  
   – verdrag 56, 57, 60  
 majeur  
   – toonaard (toonsoort) 103, 237  
   – toonleer 194, 205  
 Malabar 84  
 Malan 18  
 Maleiers 190, 251  
 Mamma  
   – figuur 186  
   – liedjies 186, 199  
 Marais  
   , Andrew 23, 100, 112, 196  
   , J.S. 27, 29, 32, 47, 61, 68, 88  
   , Peter 24, 99, 187, 188, 215, 239, 245  
   , Philda 195  
 Mamelodi 164, 214  
 Mashishi 164  
 massamedia 100  
 Matatiele 23, 89  
 Matjiesfontein 76  
 Mayer 182  
 McGregormuseum 20  
 meerstemmig 98, 99, 165, 224, 227, 237, 239, 241, 242, 248, 249, 251  
 Meier 217, 218  
 Meintjies 110  
 meisieliedjies 204  
 melisma 106, 139, 140  
   – ties 140, 240, 241  
 Merensky – Biblioteek (Africanagedeelte) 104  
 Methodist Hymn Book, The 136  
 metrum 122, 132, 133, 187, 223, 224, 244, 245  
 middelaar 121, 128  
 mistiek 119, 121, 122, 128, 130, 232  
   – e betekenis 120  
   – e element 232, 233  
   – e figuur 120, 128, 130  
 Modderrivier 50, 56  
 moderne idioom 187, 189  
 modulasie 239, 248  
 modusverandering 239

- M. moeder  
 – figuur 190  
 – fiksasie 186  
 – liedjie 198  
 mondbooginstrumente 23  
 mondelinge  
 digkuns 223  
 oordrag (oorlewering) 93, 109, 112, 137, 141, 193, 195, 216, 218, 221,  
 227, 228, 229, 247  
 mondfluitjie 87, 174  
 Monumentdag 35  
 Morawiese sendeling 46  
 Moses 120  
 Mosoes 61, 109  
 Mount Currie 32, 44, 62, 64, 66, 110  
 musiek  
 – boog 84  
 – disintegrasie 179  
 – etnoloog 1  
 – etnologies 1, 217, 254  
 – instrumente 84, 90, 164, 190, 203, 220  
 – kulture, Swart, 5  
 – kultuur 250  
 – navorsers 191  
 – notasie 227, 251  
 – onderrig 241  
 – opleiding 217  
 – repertorium 215  
 – tradisie 221  
 myxolidies 237
- N. Nabootsing 99, 108, 224  
 Naidoo 21  
 Nama 10, 17, 29, 83, 84, 94, 120  
 – kwa 124  
 – kwaland 60, 124, 174, 182  
 – lied 164  
 – volk 124  
 – woorde 22, 108, 164  
 Napier 55  
 Nasionale Museum, Bloemfontein 20  
 nasietrots 189  
 nasionaliteit 69  
 Natal 6, 60, 63, 238  
 Mercury 107  
 Universiteit van 14  
 Naumann 218  
 N.G. Kerk 39, 92, 104  
 – gangers 109  
 sendingleraars 110  
 Nederlands 40, 134, 142, 229, 230  
 – e kerkliedere 82  
 – e volkskundige 202  
 Negerliedjies 103  
 Negro Spiritual 106, 148  
 Netti 1, 3, 137, 228  
 New Horizon 28  
 Ngovolulu 74

- N. Niemandslan 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 67, 68, 70, 194  
 Nienaber 20  
 nomadiese leefwyse 84  
 nonsenswoordjie 187  
 Noord  
   – Afrika 1  
   – Kaapland 6  
   – Weste 40, 95, 186  
 Norwood 76  
 note  
   – crescendo 107  
   – frekwensie 106  
     , herhaalde 103  
 Nurse 27, 83  
 nuusmedia 181, 201  
 Nuwe  
   Halleluja, Die 136  
   – jaarsfees 144
- O. Odendal 190  
 oer  
   – kultuur 83, 88, 215, 238, 242, 250  
   – moeder 181  
   – taal 108  
 Offer  
   – hand 36  
   – ingslied 19, 36, 142, 144  
   – ingsereemonie 144  
 O’Kiep 95  
 omkerings, tweede 103  
 omvang 134, 139, 187, 245, 246, 247, 249  
 omvorming 229, 240, 248  
 onderhulpnote 143  
 onvervreembare grond 56, 57, 58  
 Ongeluksnek 62, 63, 64  
 ontlenings 211  
 oordrewe gevoelsmatige 189, 198, 216  
 oorlogs  
   – agtergrond 183  
   – liedere 223  
 Oortjies, Klaas 21, 174  
 Ooste (beskawing, kulture) 1  
 Oostelike Provinsie 54  
 opmaat 123  
 Opperhoof 71, 76, 78, 81, 110, 121, 124, 129  
 Opwekkingslied(ere) 19, 36, 102, 142  
 Oranje  
   – rivier 26, 47, 53, 54  
   – rivier Soewereiniteit 59  
   – vrystaat 6, 59, 60, 61, 66, 72  
     Universiteit van 15  
 ornamentasie 176, 240  
 Orpen 68, 69  
 orrel 10, 16, 25, 98, 112, 113  
 Oumensfees 36  
 Ou Plaas 76  
 Outeniekwa 6  
 Owen 23  
 Oxford bags 186

- P.
- paleis (Adam Kok III se) 67
  - pantomimes 84
  - parallel 123, 126, 128, 130, 143, 144, 190
    - beweging 133
    - isme 99, 224, 229
  - patriotiese lied 189, 213, 216
  - Paulsen 8, 22, 62, 63, 110, 111
  - Paxinos 18
  - Pedi 169, 173
  - pentatonies 180, 186, 189, 190, 194, 196, 198, 199, 204, 234, 236, 237
    - e toonleer 236, 248
  - Petersen 17
  - Philip 31, 50, 51, 52
    - polis 17, 27, 28, 31, 32, 37, 38, 39, 44, 50, 51, 53, 56, 57, 59, 61, 63, 64, 80, 87, 109, 110, 112, 191, 193
  - pieknieklidjie 198
  - Pietermartizburg 191
  - Pietersen 171, 175
  - Piketberg 46
  - pioniers 232
  - plaasarbeider 220
    - stand 238
  - Plettenbergbaai 8, 16, 19, 80, 81, 89, 121, 138, 142, 147, 204
  - Pommer
    - J. 218
    - Smith 70
  - Pondo 27, 38, 70, 72, 74
    - land 60, 76, 120
  - populêre liedere 92
  - “Pop”
    - liedjie 181, 191, 199
    - musiek 22, 181, 199
    - “Shop” 100
  - Postmasburg 14, 22, 44, 181
  - Port Elisabeth 81
  - Presidentsraad 24, 99, 187
    - sverslag 3, 4, 6, 20, 25, 28, 34, 43, 46, 49, 53, 65, 67, 68, 70, 71, 72, 73, 74, 75, 76, 79, 81, 82, 117, 142
  - Presley 25
  - Pretoria 17
    - Universiteit van 16
  - Pretorius
    - , Andries 59
    - , R. de V. 26, 45, 47, 49, 52, 55, 56, 64
    - , dr. S.J. 14, 18, 30, 181, 183, 186, 187
  - primitiewe
    - musiek 224, 225
    - volkere 177
  - Psalm 100, 13, 19, 111, 116, 165, 228, 242, 252
  - psalms 83, 102, 223, 232, 243
  - puberteitseremonie 12, 21, 83, 90, 168, 215, 238
- R.
- radio 5, 215, 227
  - Ramah 55
  - ramkie 84
    - kie 177
  - Ratelgat 24, 39, 96, 120
  - Read 67

- R. reformatiese beweging 78  
 regsisteem 28  
 Rehoboth Basters 11, 23, 26, 83, 94, 182, 199, 249  
 Resident 70  
 resitatief 190  
 – agtig 108  
 Retreat 76  
 Reuschel 218  
 R.G.N. 18  
 Rhodes, Universiteit van 23  
 Riet  
 – rivier 56, 58  
 – dans 171  
 – fluit 172, 215  
 – vale 107  
 Ritchie 9, 17, 24, 92, 168  
 ritme 102, 103, 107, 143, 180, 190, 201  
 gelykmatige 130  
 gepunteerde 103, 144  
 gesinkopeerde 103  
 huppelende 103  
 “jazz” 213  
 marsagtige 103  
 meesleurende 107  
 musikale 118  
 swaaiende 105, 202  
 wals - 107  
 ritmiese  
 motief 224  
 vryheid 123  
 Robberg 14, 36, 39, 80, 81, 82, 121, 142  
 Roepers 96, 123  
 Romantiese eienskap 189  
 Rooi  
 – baadjies 191, 192  
 – nekke 182, 183  
 Rooms-Katolieke Kerk 32, 92, 97, 108  
 Ross 28, 46, 49, 50, 59, 61, 62, 64, 66, 67, 70, 109  
 Rossini 107  
 rym  
 – dwang 187  
 – element 187  
 Rynse Sendinggenootskap 92
- S. saamgestelde wysie 136, 137  
 Sacred songs and solos 22  
 saksofoon 188  
 sakdans 173, 176, 177, 215  
 Saldana 45  
 Sampson 14  
 Sandfontein 23  
 Sang  
 – aand 112, 167, 215  
 – herlewing 102  
 – speletjie 194  
 Sankey 22, 101, 102  
 – liedere 102, 103, 112  
 – liedereboek 147  
 – wysies 102

- S. S.A.U.K. 18, 35, 43, 188  
 Saunders 69  
 Schapera 83, 168, 169, 171, 172  
 Schonken 232  
 Schreiner 65  
 Seemann 218  
 sekondêre dominant 126, 130, 133, 135, 139, 143, 144  
 sekste 103, 116, 123, 126, 130, 133, 143, 144  
 sekulêre  
     lied(ere) 90, 92, 167, 168, 188, 199, 211, 228, 230, 241, 243  
     liefdeslied 206  
     melodie 113  
     musiek 167, 168, 191, 215, 227, 257
- Sekuty 171  
 sekwense 102, 224  
 selfregering 69  
 sendeling 65  
     — leermeesters 89  
 sending  
     — geskiedenis 108  
     — opvoeding 89  
 sentimentele liedjies 216  
 serafyn 87  
 seremonies, tradisionele 172  
 ses erven 111  
 Sharp 137, 176, 195, 221, 237  
 Simons 21  
 singbaarheid 102, 103  
 sinkopasie 253  
 skilpaddop(pie) 41, 84, 86, 169  
 skoonmaakskaap 168  
 Skotland 111  
 Skotse predikante 102  
 slytasieverskynsels 231, 248  
 Smith  
     , Sir Harry 58, 59  
     — verdrag 58, 72  
 Smousbos 77  
 sokkerliedjies 199  
 Somerset  
     Lord Charles 102  
     — Oos 81  
 sopraan 98, 99, 103, 116, 126, 135  
 sosiale waarde 252  
 sosio-politieke funksie 235, 248  
 Sotho 53, 250  
 sportliedjies 199, 211, 216, 251  
 Springbok, Andries 175, 177  
 staat  
     — kundige ontwikkeling 43  
     — skuldkommissaris 73  
 stapdans 173, 174, 176  
     — wysies 175  
 staplied 173, 174, 177, 180  
 Steinitz 219  
 Stellenbosch, Department  
     Afrikaanse Kultuurgeskiedenis 18  
     Liggaamlike Opvoeding 18

- S.
- Stigtersdag 14, 35, 143, 144, 147
  - Stockenström 54, 72
  - Stockhausen 107
  - Storrar 73, 77, 80
  - Stow 46
  - streek
    - spraak 179
    - taal 174
  - struktuur 105, 106, 123, 125, 130, 135, 150
  - Strydom
    - F. 11, 82, 88, 94, 106, 182, 199, 207, 208, 226, 230, 249
    - W.M.L. 243
  - studiegebied 4, 8
  - suggestiewe taatgebruik 193, 206
  - Suid
    - Afrikaanse Kaapse Korps 209
    - Afrika, Koloniale 69
    - Afrika, Universiteit van 16
    - Kaapland 4, 11
    - Vrystaat 6, 76
  - Swart
    - groepe 94, 173, 195, 249, 250
    - stamme 67, 144
    - volkere 90, 106, 249
  - Swazi 144
  - swerfreëls 198, 209, 230
- T.
- tamboer 86
  - tea-meetings 167
  - televisieprogram 96, 171, 194
  - tematiese ontwikkeling 225
  - tempo 106
    - rubato 189
  - tenoor 98, 116, 126, 143, 150
    - stem 133, 134
  - terts(e) 103, 116, 123, 126, 130, 132, 143, 144
    - spronge 196
  - tetrakoord 196
  - Thompson 56, 110
  - tonaliteit 236
  - Tonic Solfa 93
    - notasie 101, 113, 140, 147, 165, 251
  - tonika 126, 128, 132, 139, 140, 239
    - drieklank 130, 139, 140, 143
  - toonhoogte 107, 180, 241
  - toonleer
    - inhoud 194
    - passasies 102
  - toonsoortgevoel 180
  - tradisionele
    - hergeboorte 169
    - kleredrag 41, 194
  - Touwsrivier 13, 76, 77
  - Tracey 23
  - Trans
    - gariëp 53, 54, 55, 56, 60, 64, 70, 72
    - gariëpmuseum 16, 39
    - kei 6, 62, 111, 195, 238

- T.
- keigebied 238
  - kribeer 147, 205
  - kripsie 10
  - oranje 51
  - vaal 6, 89
  - vaalse amptenare 66
  - vaalse Vierkleur 40
- Trek
- boere 4, 52, 53, 54, 82
  - griekwas 232
  - roete 6
- Trompsburg 80
- Tswana 24, 50, 53, 94, 106, 107, 165, 250
- kultuurelemente 165
  - liedere 106
  - woorde 108
- Tutu 188
- tussendominant 176, 237, 239, 248
- Tweede Wêreldoorlog 148
- twintigste-eeuse musiek 143, 144
- U.
- Uhland 217
- Uitenhage 71
- uitverkore volk 133
- Uitvoerende raad 68
- Unisa se dokumentasiesentrum vir Afrikanistiek 182
- Unisoen 99, 116
- V.
- Vaalrivier 61
- Valletjieskappies 41, 42, 194
- Van Dale 219
- Van de Graaf 16
- Van der Ross, R.E. 27, 31
- Van der Westhuizen, Klaas 177, 179, 181, 227
- Van Eck
- , Hendrik 12, 21, 168, 171, 173, 174, 175
  - , Gio 21
- Van Gorp 219
- Van Niekerk, Theresa 101, 102
- Van Rensburg, prof. Christo 15, 20, 180
- Vanrhynsdorp 39, 79
- Van Warmelo, W. 94, 213, 230, 232, 251
- Van Wyk, John 19
- Van Zyl, D.H. 30, 44, 45, 64, 66, 84, 86, 87, 88, 89, 167, 170, 173
- variante (variasies) 105, 178, 182, 204, 211, 225, 226, 229, 251
- Vaughan-Williams, R. 108, 113, 126, 148, 188, 223, 243
- Veertig Jaars Verdraggeld 72
- veldkomitee 68
- veldondersoek 94, 100
- veldwerk 3, 4, 8, 11, 12, 140, 147, 167, 173, 181, 191, 216, 228, 252
- velkitaar 23
- velviool 23, 86
- verafrikaansing 192
- versing(ing) 230, 240, 248
- versingingsproses 231
- verkenningsekspedisie 61
- verlossingslied 142, 144
- versiering, melodiese 134, 253
- vervorming 211



- V. vervreembare grond 56, 57, 58
- Verwelsfontein 76
- verwestering 100, 175
- viermaatslag 116, 150
- viool 87, 177
  - dans 86
- Vischer, Fr. Th. 217
- Visriviervallei 80, 81
- Volans, Dr. Kevin 107
- Volk(s)aard(ige) 105, 201, 204
  - element 134
- Volk(s)
  - besit 93
  - blad, Die 41
  - bode 37
  - dansies 22
  - digkuns 217, 222
  - digter 187
  - dom 83, 90
  - eie 191
  - figure 123
  - genre 90
  - identiteit 72
  - karakter 211
  - kinders 227
  - kulture 208
  - kuns 201
  - lied 14, 36, 42, 93, 104, 130, 136, 137, 189, 199, 201, 209, 217, 218, 221, 222, 224, 226, 229, 232, 234, 243, 247, 249
  - lieddigter 207
  - liedere, religieuse 228
  - liedjie 104, 177, 181, 183, 187, 204, 207, 209, 211
  - lied, Nasionale 116, 117, 118, 166, 211, 251
  - liedversamelaars 195, 207, 208
  - liednavorser 217, 226, 245, 247
  - melodieë 245
  - moeder 13, 17, 75, 97
  - mond 105, 109, 179, 188, 190, 193, 229, 230, 238, 240, 248
  - musiek 126, 143, 195, 217, 221, 222, 226, 239, 243, 249
  - musiekwysies 215
  - omskepping 229
  - oor 199
  - poësie 248
  - produk 122
  - president 80, 116, 121, 122
  - raad 28, 52, 68
  - sang 187, 209, 217, 222, 224, 231, 245
  - sanger(es) 137, 186, 190, 204, 214, 216, 241, 244, 245
  - speleliedjie 196
  - speletjie 194
  - trots 216
  - wording 40, 127
  - wysies 243
- volume-crescendo 107
- Von Pulikowski 226, 228, 234
- voorleser 108
- voorsinger 98, 106
- Voorstellingslied 215, 216
- Voortrekker(s) 55, 71

- V.
- Bruin 41
  - drag 41
  - wysie 112, 137
- voorvaderlike taal 90, 94
- Vredendal 6, 9, 11, 24, 44, 79, 89, 90, 96, 168, 250
- Vrystaatse
- Museumdiens 20, 39
  - Regering 60
  - Republiek 60
- vyfmaatslag 245
- W.
- Walliesers 100
- Wang 235, 236
- Warden, Kaptein 56
- Water
- boer, Andries 24, 26, 36, 39, 49, 51, 54, 59, 88, 105, 187
  - boer, Niklaas 66, 99
  - s 71
  - mond 83, 171, 173, 175
  - slang 170, 171, 172, 174, 175, 242
- werksliedere 223, 251
- Wesley
- , John 113
  - aanse Kerk 110
  - aanse sendelinge 65, 92
- Wes
- kus 89
  - Kaapland 76
  - Vrystaat 6
- Wet op landelike Kleurlinggebiede 82
- wiegeliedjie 214, 223
- Wildspan 21, 168
- Wilkens 138
- Wilson
- , G.A. 17
  - , K.J. 20
- Winburg 56, 57
- Wiora 218
- With one voice 136
- Witklip 81
- Witsieshoek 62
- wonderwerke 119, 147
- Woordmusiek 188
- wysieboeke 101
- X.
- Xhosa 10, 94, 173, 194, 250
- liedjie 196, 238
  - woorde 197
- Xiri 83
- Y.
- Young 18
- Z.
- Zionsliedere 103, 136
- zither 177
- Zoeloe 106, 215